# NG KERK: REFORMEER
## OF…
# DISINTEGREER?

**DIE KRISIS IN ONS KERK IN DIE GREEP VAN DWAALLERINGE**
**(WAARVAN BYNA NIEMAND IETS WEET NIE)**

**PIETER J. PELSER**

'N BOEK VIR DIE BEKOMMERDE LIDMAAT WAT 'N PAD SOEK
UIT DIE MOERAS VAN TEENSTRYDIGHEDE EN ONSEKERHEDE

BDU
**BYBELDENKE UITGEWERS**
POSBUS 12685, STELLENBOSCH,7613

Kopiereg © Bybeldenke Uitgewers
Posbus 12685, Stellenbosch, 7613

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige ander vorm of met elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat-of bandopname, vermikrofilming, CD-skyf of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Buitebladontwerp: Paul du Toit van
*The Boy Next Door*

Buitebladfoto: Pieter J. Pelser

Geset in 10.5-punt *Arial*
Gedruk deur ABC-Pers, Kaapstad

**Eerste Druk Augustus 2005**

ISBN
0-620-34702-3

Aanhalings uit Die Ou Afrikaanse Vertaling (1933 & ’53) sowel as die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika

## INHOUDSOPGAWE


ERKENNINGS EN DANKBETUIGINGS .......... 4
VOORWOORD .......... 5
DEEL 1:
Hoofstuk 1 VANAF 55 JAAR GELEDE: 'N TERUGBLIK .......... 9
Hoofstuk 2 DIE SPOOR VAN VERVAL DEUR DIE EEUE .......... 21
Hoofstuk 3 EVOLUSIE : BRON VAN TEOLOGIESE VERVAL .......... 37
Hoofstuk 4 'WETENSKAPLIKE' AANVALLE OP DIE BYBEL .......... 52
Hoofstuk 5 HISTORIES-KRITIESE AANVALLE OP DIE BYBEL .......... 72
Hoofstuk 6 TWEE GELEERDES WAT SKRIFKRITIEK VERLAAT. 91
Hoofstuk 7 SKRIFVERTALING: VRY VAN DWALING? .......... 106
Hoofstuk 8 AANLOOP tot S.A. SKRIFKRITIESE DENKE .......... 122
Hoofstuk 9 DWALINGE 1: *DIE BYBEL IN PRAKTYK* .......... 129
Hoofstuk 10 DWALINGE 2 : *DIE BYBEL A – Z* .......... 151
Hoofstuk 11 DWALINGE 3: VAN ANDER NG TEOLOë .......... 160
Hoofstuk 12 DWALING VAN 'N HALWE EVANGELIE .......... 184
Hoofstuk 13 EKUMENIESE DWALING:DIE NGK & SARK .......... 194
Hoofstuk 14 DWALING IN DIE VSA: 'N OBJEKLES .......... 199
DEEL 2:
Hoofstuk 15 DIE BYBEL : UNIEK, OF EEN VAN VELE? .......... 207
Hoofstuk 16 DIE BYBEL SE HISTORIESE BETROUBAARHEID .. 219
Hoofstuk 17 DIE INSPIRASIE EN ONFEILBAARHEID VAN DIE BYBEL .......... 227
Hoofstuk 18 CHRISTUS: UNIEK, OF EEN VAN VELE? .......... 236
Hoofstuk 19 DIE GESAG VAN DIE SKRIF VERDEDIG .......... 243
Hoofstuk 20 PROFESIE: WAARMERK VAN BYBELSE ONFEILBAARHEID EN OUTENTIEKHEID .......... 257
Hoofstuk 21 DIE BYBEL EN DIE ARGEOLOGIE .......... 270
Hoofstuk 22 DIE VERBORGE NUMERIESE STRUKTUUR v.d. BYBEL .......... 280
DEEL 3:
Hoofstuk 23 REFORMEER OF… DISINTEGREER? .......... 291
INDEKS…… .......... 315
VERKORTE BRONNELYS .......... 316
PROFESSOR PIETER A. VERHOEF SE VOLLE RESENSIE .......... 319

## ERKENNINGS EN DANKBETUIGINGS

Die besluit om 'n boek soos hierdie te skryf is uiteraard nie 'n maklike een nie. Soos ek in die eerste hoofstuk vertel was die onderwerp van dwaling, tesame met die jarelange bestudering van die Bybel soos die evolusieleer daarop impakteer, altyd in my kop aan die maal. My betrokkenheid by ons *Studiegroep vir Bybeldenke* en ons maandelikse vergaderings oor die afgelope twaalf jaar het my noodwendig verder gestimuleer om weereens die pen op te neem en hierdie moeilike onderwerp aan te pak. Dankie dus vir die aanmoediging en morele ondersteuning, die proeflees van die manuskrip, die deurgee van ekstra uitknipsels en inligting van lede soos di. Maartin Blignaut, Paul du Toit, Danie Murray en Kobus Stapelberg; maar ook ons nie-predikantelede soos Danie en Marié Spreeth en, veral, Hentie Kruger vir sy herhaalde deurlees van diemanuskrip.

Bo en behalwe dit het Maartin Blignaut toestemming verleen om sy artikel oor 'Skrifgesag', sowel as 'Stellenbosse Skrifverklaring oor Skrifgesag' wat hy vir ons Studiegroep se publikasies sowat tien jaar gelede geskryf het, ook hier te gebruik. Beide is in hoofstuk 19 opgeneem. Dan het dr. Johann van Rooyen van Penhill-Landgoed, buite Stellenbosch en mev. J.C Erasmus van Noord-Oos Kaap goedkeuring verleen om in my sewende en negende hoofstukke sekere stof uit hul boeke aan te wend.

Besondere dank aan prof. Pieter Verhoef vir sy sorgvuldige lees van die manuskrip, tesame met sy voorstelle tot verbetering.

My dank aan Hom 'uit wie en deur wie en tot wie alle dinge is.' Die wonderbaarlike verheldering wat die Skrif verleen laat ons aardse bestaan in die beskeie plek val wat Hy daaraan toebedeel het.

Pieter J. Pelser
Stellenbosch
Junie 2005

## VOORWOORD

Die titel van hierdie boek sal sonder twyfel 'n wye verskeidenheid reaksies uitlok. In die gedagtes van die gewone lidmaat wat elke Sondag getrou in die kerkbank sit en getrou elke maand 'n bydrae gee sonder om enigiets te bevraagteken, sal dit miskien met verdwasing vul. Die lidmaat wat egter die manifestasies van die woelinge binne die kerk dmv. die pers volg sal waarskynlik sê: Ek is glad nie verbaas nie. Die ander een wat 'eenwording' en die aanvaarding van die *Belhar* belydenis tot elke prys nastreef, sal waarskynlik vinnig deur die inhoudsopgawe kyk om te sien wat nou alweer gesê word wat die delikate proses kan kelder, of help kelder. Ander weer sal moontlik dankbaar wees dat daar nou uiteindelik iemand is wat bereid is om sy eie naam nog slegter te maak ter wille van die groter saak wat daardeur gedien word.

Verder verbeel ek my dat ons kerk-leierskap self nie te verbaas sal wees nie, want vir hoe lank karring ons *Studiegroep* nie reeds aan hulle om na ons grond-belydenisse terug te keer nie? Nieteenstaande sal hulle die boek met 'n fynkam wil deurwerk om moontlike wanvoorstellings en tekortkominge uit te wys wat 'n nie-teoloog noodwendig van verdink word. Een van die maklike invalshoeke sal dan wees die een wat 'n Stellenbosse Kweekskool-professor graag gebruik, naamlik, dat ek besig is met die verabsolutering van die Bybel as sodanig en daarom maak ek my skuldig aan die oortreding van die tweede gebod.

Ek kan my verder verbeel dat die telooog-skrywers van bybelhandboeke, hierin genoem, in alle waarskynlikheid ten sterkste beswaar teen my uitlatings oor hul werk sal wil maak. Ek stel my selfs woede voor. 'n Geskarrel sal waarskynlik die gevolg wees, tesame met 'n besluit dat die beste manier om te verdedig is om aan te val. Woorde soos: "Dit is duidelik dat hierdie skrywer nie veel van 'n idee het van hoe ons in hierdie post-moderne tyd die Bybel eintlik behoort te benader nie. Het hy maar net 'n bietjie meer insig gehad sou hy geweet het dat daar geen ander pad is as die een waarop ons is nie! Hierdie wetenskap-gedrewe wêreld het ons geleer dat dit fataal is om in sy soort agtergeblewe Skrifbeskouing nog rond te ploeter. Die aarde is nie plat nie! As ons nog soos hy moet bly teruggryp na 'n verouderde teologie – waar gaan ons kerk oor tien jaar wees?"

Maar daar is 'n verdere kategorie van lidmate wat eenvoudig sal sê: "Ons vertrou slegs op die Here. Dit help nie om enigiets oor die

wending binne ons kerk te sê nie. Bly net op jou knieë. Dit is in elk geval verkeerd om die herders en leraars op hierdie wyse aan te vat. Mens mag mos nie die gesalfde van die Here aanspreek nie."

Bostaande is natuurlik alles bespiegelinge, maar tog wat ek verwag. Dit kan selfs baie erger wees, en dat ek die deur gewys kan word, want watter kerk het sulke lidmate nog nodig?

Hierteenoor wil ek duidelik my beweegredes en doelstellings bekendmaak. Soos in my heel eerste hoofstuk verduidelik word, hou ek die situasie in ons geliefde kerk vir minstens 50 jaar besonder fyn dop. My hele ervaringsveld vanaf my twintigste jaar (ten minste) was een waarin ek gedurig gekonfronteer was met die werklikheid van dwaalprofete. Nie net die kerklike samelewing alleen in ons land het dit gemanifesteer nie, maar die Bybel is daarvan vol. Ek daag die gewone lidmaat uit om in 'n jaar die hele Bybel deur te lees (soos ek vir minstens 25 jaar reeds doen), maar hierdie keer om te let op die herhaalde vermanings en waarskuwings teen dwaalleraars en vals profete. Elke Bybelse profeet het daarmee te make gehad! Die gevare wat sulke profete vir die ewige toekoms van die volk van God inhou, weerklink soos 'n refrein van die begin van die Bybel af tot by die einde – dit is één lang stryd teen die magte van die bose.

In Nehemia se tyd – toe die mure van Jerusalem op 'n hoop gelê het – is daar op planmatige wyse na die projek voorhande gekyk, is gebid en is elkeen ingespan om die stuk muur teenoor sy huis op te bou. Daar was ook hulle wat van die bouwerk vrygestel is sodat hul oë op die horison gerig kon wees om te waarsku teen enige aankomende vyand. Indien hulle sou faal, sou die bloed van almal op hul hande wees. Die Esegiël-Skrif illustreer so 'n situasie in duidelike taal t.o.v. die swaard wat teen die volk aankom, en dat een as wagter aangestel is om teen die vyand te waarsku. Indien hy met die basuin sou waarsku maar niemand hulle daaraan steur nie, is hulle bloed op hul eie hoof. Andersyds, as die wag die basuin *nie* blaas nie, dan eis God elke gevallene van die hand van die wag. Vanaf hoofstuk 33:11 lees die Ou Vertaling soos volg:

"Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom moet bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe?"

Nou goed – niemand in ons kerk het *my* as wagter aangestel nie. Ons hét wagters, maar hulle blaas nie op hierdie akker voldoende die basuin nie. Elke predikant is in sekere sin 'n wagter. Baie van hulle kan verskoon word want hulle is elke dag besig om gevalle mure van menselewens op te bou (en is daar nie in ons tyd genoeg ineenstortings as gevolg van verdwene morele standaarde nie?). Maar uit hul geledere moes iemand al opgestaan het om te sê wat hierdie boek poog om te sê.

As gewone professionele persoon (argitek) het die Wes-Kaapse Sinode sowat 25 jaar gelede my die reg gegee om in ons kerk te preek. Dit het ek in die verlede nogal baie gedoen, en het ek heelwat dienste in my eie gemeente, Wynberg, waargeneem. Ek was ook 'n gereëlde prediker in die destydse NG Sendingkerk, asook in die *Church of England in South Africa.* Daarby het ek vir 15 jaar stranddienste gehou en was ek vir jare lid van die Christen Studente-Vereniging se dagbestuur hier op Stellenbosch. Vir 15 jaar het ek ook as nie-amptelike raadslid op die interkerklike Bybelinstituut te Kalkbaai die NGK verteenwoordig. Daarna het ek saam met dr. Kosie Gericke, ds. Mike Smuts, ds. Jan Hanekom en mnr. Kerneels Human van *Federale Volksbeleggings* op die bestuur v.d. landswye Jeug tot Jeug-Aksie van ons kerk in 1974, gedien.

My bestudering van die Bybel aan die hand van Calvyn se Institusie en 'n menigte ander dogmatici se werke het gedurende die afgelope 55 jaar onverpoosd voortgegaan. My verdere en parallele studie oor 'die evolusieleer en die Bybel' maak egter dat ek een van die min lidmate is wat tog met sekere kennis toevertrou is wat, indien ek niks van my sou laat hoor nie, my ewe aandadig aan die 'bloed' van ons lidmate sou maak.

Dit is omdat my hart vir my kerk bloei dat ek in desperaatheid my 'pen' opneem om hierdie woord aan ons lidmate, leraars en kweekskole te rig. In sekere opsig is dit beter dat ek nie 'n gemeentepredikant is nie, want nou hoef geen kerkraad oor my afdanking te wroeg nie. Ek het niks te verloor wat ek nie lankal verloor het nie. Word ons nie gemaan dat ons ons lewe nie moet liefhê nie maar dat ons aan onsself moet sterf nie?

Dit is my ernstige bede dat hierdie as 'n wekroep gesien sal word om ons kerk betyds uit sy teologiese slaap te laat wakkerskrik. Te oordeel aan die huidige geskarrel om as kerk aktueel te wees, deel te hê aan die sogenaamde 'transformasie-proses', akkommoderend te wees rakende die beoefening van homoseksualisme, die

strewe na ‘eenwording’ met die Verenigde Gereformeerde Kerk (wat die NGK in ’n blik wil druk om die *Belhar* belydenis te aanvaar en onwilliges ‘begelei’ om hul sienswyses te verander), die omarming van sake-metodes van kerkbestuur van bo-af; ál hierdie *en meer* sien ek as simtome van ’n dieperliggende probleem, naamlik, ‘n teologiese verdwaaldheid en verval.

Die verval is wyer en dieper as wat die meeste ooit sal besef. Daar is nog tyd om daadwerklik op te tree, maar dit sal ’n yster wil vra en ’n gedetermineerdheid om God se onfeilbare Woord weereens sy ereplek in ons kerk en persoonlike lewens te gee. Daar is geen hoop op vernuwing op enige ander vlak as daar nie voortaan op die ware fondament gebou word nie. En hierdie fondament is nie vir ’n post-moderne tydsgewrig ánders as vir enige ander nie. Ewige waarheid bly ewige waarheid (“My woorde sal nooit verbygaan nie”), maar die áánbieding sal anders wees, want die probléme is anders.

Vele van ons teoloë het die dwase ding gaan doen om die *Woord* te gaan verander om die tydsgees te akkommodeer. Jy kap op so ’n manier jou fondament uit en vervang dit met dryfsand! Jy bou dan ’n ‘nuwe’ struktuur op dit wat gedoem is tot mislukking.

Anders gestel: Jy maak musiek op die dek terwyl die *Titanic* besig is om onder jou in die oseaan van relativisme weg te sink! Ons kerk se leierskap en teoloë hóu klaarblyklik van die musiek en kan nie gló dat die ‘tekens’ só verkeerd gelees kan word nie.

Pieter J. Pelser. Junie 2005

| **AFKORTINGS GEBRUIK** | |
|---|---|
| OAV en NAV = Ou Afrikaanse – Nuwe Afrikaanse kaanse Vertaling | M.b.t. = met betrekking tot |
| OT en NT = Ou-en Nuwe Testament | bv. = byvoorbeeld |
| BiP = Bybel in Praktyk | a.g.v. = as gevolg van |
| m.a.w. = met ander woorde | NGB = Nederlandse Geloofs Belydenis |
| v.d. = van die | HK = Heidelbergse Kategismus |

# DEEL 1

## DIE BYBEL SE GESAG 'VERLOOR'

### Hoofstuk1 VANAF 55 JAAR GELEDE: 'N TERUGBLIK

Dit is die begin van Maartmaand 1950, en as groentjie van net minder as 17 jaar daag ek op vir die begin van die eerste semester aan die Universiteit Kaapstad. My visier is op die Argitektuurskool gerig wat uit 'n uitgebreide reeks opslaangeboue bestaan wat uit die na-oorlogse tydperk dateer. Tussen die ander massiewe en statige klimop-bedekte geboue van die kampus was daar nie vir sulke onooglike strukture plek nie, en gevolglik moes die fakulteit tevrede wees met 'n plek aan die eindpunt van die rugbyvelde net onderkant die hoë keermuur wat die kampus se onderkant van die speelvelde geskei het. Ek sê 'onderkant', want soos enigiemand wat die terrein van hierdie indrukwekkende Universiteit ken sal weet, lê die kampus hoog op teen die hange van Duiwelspiek, net bokant de Waalpad wat die suidelike voorstede met Kaapstad verbind. Ek moes as dagstudent soggens vanuit Constantia ryloop om gestalte te begin gee aan my droom om 'n argitek te word. In reënweer of sonskyn moes ek, om mee te begin, vir sowat twee kilometer langs plaaspaaie tussen wingerde loop om by die teerpad uit te kom. Daardie selfde wingerde was onder my pa se sorg as bestuurder en wynmaker van 'n groot plaas langs die geskiedkundige Groot Constantia, waarheen ons veel later ook sou trek.

Komende uit 'n totaal tweetalige huis (Engelse skool en Afrikaanse kerk) was dit vir my maklik om in die nuwe en vreemde omgewing aan te pas. In daardie dae, toe die Universiteit Stellenbosch nog geen mediese- of uitgebreide ingenieursdepartement gehad het nie, was vele van my medestudente Afrikaanssprekend. Eienaardig genoeg was daar slegs een ander boerseun uit De Aar in my klas van 54 studente, en uit die aard van die argitektskursus sou ons almal vir minstens vyf ure daagliks in die ontwerpateljé saam verkeer. Hierdie situasie was juis die teëlaarde vir lang en intense gesprekke tussen myself en my klasmaats rondom die Bybel en godsdiens. Ek was die enigste uitgesproke Christen in my klas.

Die omstandighede hierbo geskets het veroorsaak dat ek baie vinnig my storie agtermekaar moes kry om antwoorde te hê op 'n magdom vrae rondom die Bybel: "Kan ons glo wat daar staan ? Hoe kon Jona in die vis oorleef?…waarom beskou jy die Bybel as gesaghebbend bo alle ander godsdienste se geskrifte?…wat laat jou dink Christus was God?…was die wonders waarvan die Bybel praat nie net aangelapte stories om ondersteuning aan die Christelike godsdiens te verleen nie?…het die wetenskap nie die Bybel se 'feite' weerlê nie?…hoe durf jy van 'n uitverkiesing praat !"

Maklik was dit nie, maar dit het my wel gedwing om, soos die apostel Petrus dit stel, "'n rede te hê vir die geloof wat in my is" (1Pet.3:15). Vanaf dag een het ek besef dat geen gemeenplase of 'net-so' stories hier geduld sou word nie. Niemand het geskroom om reguit te sê hy dink ek praat twak nie. Ook dáárop moes ek dan 'n beredeneerde antwoord gereed hê. Dit moes '*sense'* maak!

Juis hierdie aspek van die Christelike godsdiens maak my so opgewonde. Hoewel 'n mens nie die totale inhoud daarvan met jou rede alleen sou kon uitgedink het nie (want dit is uniek), is dit in wese redelik. Paulus skryf daarvan in hierdie trant wanneer hy in Romeine 12 sê dat sy leser in sy gemoed [denke] verander moet word, 'want dit is sy/haar *redelike* godsdiens." Dit druis nie teen jou rede in nie, soos wanneer jy gevra word om te glo dat daar meer as drie miljoen gode is wat almal tevrede gehou moet word soos in Hindoeïsme. Hoe kry 'n mens jou gedagtes òm so 'n vergesogte geloofs-aanname? Wat maak 'n mens met drie miljoen gode? Hoe leef hulle ooit in vrede met mekaar?

Daar was egter 'n ander speelveld wat ek in daardie dae vir die eerste keer betree het, naamlik, dié van teenoorgestelde of botsende beskouinge oor die Bybel se boodskap en leerstellings binne die Christendom. Ek verwys na twee basiese uitgangspunte of strominge wat vreemd was aan my eie begrippe. Die eerste was die destydse ontstaan van charismatiese kerke in Suid-Afrika wat heel dramaties van my eie NG Kerk se leer verskil het, en die ander was die opbloei van die liberalisme. Aan die UK het die CSV *(Christen Studente-Vereniging)* die meer konserwatiewe Bybelbeskouing gehandhaaf, en die YMCA *(Young Mens Christian Association)* het 'n liberale standpunt ingeneem. As aktiewe deelnemer aan die CSV se uitreike is ek gevolglik deur die standpunte van senior Christenstudente van my tyd geslyp en bewus gemaak van waarom ons juis in die onfeilbaarheid van die Bybel glo.

’n Verdere kompliserende situasie aan die UK was die bewuswording van die stryd tussen die jong *Church of England in South Africa* – teologies besonder konserwatief – en die *Church of the Province* (die Anglikaanse Kerk), soms die *High Church* genoem. Voorgenoemde het in latere jare gegroei om gemeentes soos die bekende St. James kerk in Kenilworth voort te bring. Die Anglikaanse Kerk was die een wat deur die jare die stryd teen *Apartheid* sou aansê, maar, vanweë sy uiters liberale teologie nie onder die deursnee Christen studente veel byval gevind het nie. Trouens, die gemiddelde Engelssprekende Christen student was van mening dat ’n mens nie die politiek met jou godsdiens moet meng nie. Die aanhang van hierdie soort peïtisme het, soos altyd, sy tol geëis betreffende ’n gebalanseerde lewens-en wêreldbeskouing.

Sy tipiese Afrikaanse eweknie se opinie hieromtrent was dat sy Christen-wees beteken dat hy die gesagsfigure in die kerk en samelewing sonder kritiek aanvaar. Per slot van rekening: hulle is die mense wat ‘weet’, en, ‘wat gee my as student die reg om hul optredes in twyfel te trek?’ Vandag klink dit na ’n ongelooflike houding, maar tye was vyf-en-vyftig jaar gelede drasties anders as nou, en om ’n strydige standpunt te verkondig sou waarskynlik beteken het dat so ’n persoon as liberalis getipeer sou word. Dit was ’n vloekwoord. Hier sou ek name van meelopers kon noem wat vandag met alle geweld hul van daardie soort denke en geloof distansiëer, maar toe was hulle te blind (of lojaal) om die Bybel vir hulself krities te ontleed.

Die Nasionale Party se beleid as sodanig, toe dit vorm begin aanneem het, het my persoonlik so ontstel dat ek dit gewaag het om in ’n April 1951 uitgawe van *Die Kerkbode* te skryf (nou nog in my besit) om beswaar te maak teen ’n parallel wat ds. Carel Boshoff as spreker by ’n 16 Desemberse Voortrekker Monument diens getrek het tussen Bybelse figure en die leiers van die Afrikaner volk. Dit was vir my as seun van 18 jaar ’n ontoelaatbare omgaan met die Bybel om regverdiging te verleen aan ’n beleid wat jou *eie* beskerm het , soms ten koste van andere; en om dan geen seggenskap aan sodaniges in die sisteem te gee nie. Hoe kon dit gesien word as ’n Christelike benadering tot regering? Sekerlik moes die verskillende bevolkingsgroepe immers saam besluit het oor watter beleid gevolg moet word! Hoe anders sou die eindproduk legitimiteit behou? Ek onthou nog dat professor B.B. Keet hier op Stellenbosch die enigste teoloog/kerkleier was wat hom teen die beleid uitgespreek het. My eie predikant, ds Piet van Zyl

van Zwaanswyk gemeente (Tokai / Retreat / Constantia) was nog een, maar daarvan het niemand geweet nie.

Hierdie vraagstuk, hoewel van die uiterste belang, is nie in hierdie skrywe die onderwerp onder bespreking nie.

Buiten vir my talle gesprekke met my klasmaats het al die ander situasies te make gehad met verskillende interpretasies van die Bybel. Die Afrikaanssprekende student sou dit nooit waag om die Bybel as sodanig aan te val of te bevraagteken nie – ten minste, nie in die openbaar nie. Sy inherente en ingeprente respek – aan moedersknie geleer – vir gesag, beide in die samelewing as die Woord, het hom daarvan weerhou. Verder, sy blootstelling aan die kragte van die ekonomie wat sy geloofsekerhede kon laat vervaag was baie minder as dié van sy Engelssprekende eweknie. Selfs sy blootstelling aan universiteitsopleiding en die gepaardgaande bevraagtekening van die Bybel was nie te vergelyk nie.

Aan die Stellenbosse Universiteit, hoewel filosofie ook daar gedoseer is, was die inslag gewoonlik Christelik van aard. Die getalle aan die US in 1950 was skaars meer as 3000 studente terwyl Ikeys (UK), as ek reg onthou, iets soos 10 000 studente gehad het. Geen wonder dus dat dit my ongelowige Engelssprekende klasmaats was wat die Bybel aangeval of bevraagteken het, want hulle kultuur was nouer met die liberale strominge vanuit Engeland en Europa verbind.

(Nota: Ek glo dat die du Plessis-saak van vroeg in die 1930's veel gedoen het om enige dwaalleringe aan die Kweekskool te Stellenbosch hok te slaan. Hy, as professor, is juis uit sy amp ontslaan as gevolg van sy liberale opinies wat nie met sukses voor die Sinode verdedig kon word nie. Daarna was daar geen poging waarvan ek bewus is om met modernistiese uitinge voor 'n dag te kom nie.)

Binne die afgelope tien jaar het sake onder Afrikaanssprekendes dramaties verander. My eie (miskien oorvereenvoudigde) interpretasie van die omkeer verwoord ek soos volg:

Die toespraak en belydenis van Professor Willie Jonker voor die interkerklike beraad te Rustenburg in 1990 waarin hy verklaar het dat Apartheid sonde is, lê vir my aan die kern van die verbrokkelling van sekerhede binne die Afrikaner-gemeenskap. Daardie konferensie is deur President F.W. de Klerk aangevra om vanaf die kant v. d. kerke in Suid-Afrika leiding te kry oor die pad vorentoe.

Wat vele van ons nie weet nie is dat die program deur die hoof van die *Wêreld Raad van Kerke* se *Programme to Combat Racism* uitgewerk is, in samewerking met die *South African Council of Churches.* Ek haal die Nuusbrief van die *Gospel Defence League* aan (Junie 2004) wat die besluite van die konferensie vir ons uitspel: "they then affirmed the demands of the ANC , such as …'affirmative acts of restitution', 'restoring land to dispossessed people', 'a just, democratic, non-racial and non-sexist South Africa,' 'a Bill of Rights', 'separation of church and state,' etc."

Dit blyk dat daar oor niks gestem is nie, en vele van die konserwatiewe Engelssprekende verteenwoordigers se besware teen sulke oorwegend humanistiese standpunte is eenvoudig geïgnoreer. Die WRK se span, gesout in die kuns van manipulasie, het presies geweet hoe hulle die belydenis van professor Jonker kon en sou gebruik, want dit sou die begin van die einde van enige kerklike gesag vanuit Gereformeerde kringe wees. In effek is die mat daarmee eens en vir altyd onder die voete van die NGK as grootste Afrikaanse kerk getrek. Ons kerk sou daarna geen legitimiteit meer hê om enige soort aanspraak of teenvoorstel op die tafel te plaas nie, want sy teologie is op 'sonde' gegrond.

Ek onthou nog goed hoedat 'n gesiene mede-lidmaat (en vooraanstaande Kaapse sakeman) uit ons eie Wynberg NG Gemeente by 'n aanddiens wat ek self waargeneem het, gevra het: hoe is dit moontlik dat die beleid van rasseskeiding wat al die jare as Bybels beskou is nou ewe skielik as sonde verklaar word? Is ons as gewone lidmate die hele tyd mislei om dit te glo, en indien wel, hoeveel *ander* dinge wat ons al die jare geglo het is miskien *ook* nie die waarheid nie?

Dit was nie lank voordat hierdie vraag in die sogenaamde Nuwe Suid-Afrika gestalte begin kry het nie. Die eerste teken van 'n maatskaplik-godsdienstige verkuiwing vind ek opgeteken in 'n koerantberig wat voor my op my lessenaar lê. Die datum ontbreek ongelukkig, maar dit moet noodwendig kort ná die konferensie hierbo genoem, verskyn het.

Dit was weereens prof. Willie Jonker wat hierdie keer voor die *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* gesê het: "Daar moet maar aanvaar word dat die staat in die toekoms nie vir 'n bepaalde godsdienstige belydenis kan kies nie…" Hy erken in sy toespraak dat die drie Afrikaanse Kerke dit graag anders sou wou hê, naamlik dat die Naam van die Drie-Enige God in die grondwet

ingeskryf moet word, maar ‘dat *dit* op *diskriminasie sou neerkom’. Hy dink nie die kerk moet daarop aandring nie.* Hy volg daarna met hierdie stelling: “Die begrip “neutrale staat” val sleg op die oor omdat mense dink dat iemand wat neutraal is reeds *teen* die Christendom gekies het… ‘Neutraal' kan op meer as een manier verstaan word”, was sy woorde.

Daarteenoor gee Christus self duidelik te kenne dat “wie nie vir My is nie is teen my.” Daaroor hoef ons nie te wonder nie. Behoudende teoloë sal almal saamstem dat daar nie soiets is soos ’n neutrale staat nie, maar juis dit het klaarblyklik die vertrekpunt geword toe ons nuwe grondwet opgestel is.

Mens wonder waarom prof. Jonker nie in daardie openbare toespraak daarvan melding gemaak het dat, volgens sensus, meer as 70% van die bevolking hulself Christene noem en dáárom volg dit dat ons God-Drie-enig *wel* in die grondwet behoort te erken. Op daardie wyse kon die Christelike kerke in ons land *gesamentlik* (nie *slegs* die Afrikaanse kerke nie) die inisiatief tot ’n groot mate behou het, en besmoontlik van vele van die teen-Christelike besluite en vergrype wat ons sedertdien moes aanvaar, bevry gewees het. Bogenoemde openbare vergadering was ’n gulde geleentheid om namens die Christelike kerke van ons land vir Christelike standaarde in die samelewing in die bresse te tree. *Die nuwe regering het prof. Jonker se uitlating waarskynlik as ’n ope uitnodiging gelees om die stem v.d. kerke buite rekening te laat.*

Maar ek kom na die idee van *neutralitei* terug, want, na my mening is dit presies hier waar die deur vir die evolusieparadigma oopgemaak is. **Prof. Phillip Johnson,** bekende regsgeleerde v.d. VSA vestig die aandag daarop dat **ateïstiese Darwinisme juis op *neutraliteit* aanspraak maak, omdat dit as ‘wetenskap’ poseer wat alleen neutraal is. In sy boek, *Darwin on Trial* reken hy dat dit een van die slimste skuiwe in die VSA was om ’n ateïstiese grondslag in die opvoedkunde , die staatsbestel en die samelewing in sy geheel in die VSA gevestig te kry. Is Suid-Afrika nie nou ’n gewaarmerkte kopie daarvan nie?**

Buiten die ontreddering wat op politieke vlak hier by ons plaasgevind het, was daar ewe skielik ook ’n magdom interpretasies rakende aspekte van die Bybel wat die gewone lidmaat se hare laat rys het. Verdwaas vra hulle wat nou aan die gang is. En die tragedie van die saak is dat dit nie joernaliste is wat hierdie aweregse

interpretasies kom voorhou nie, maar juis teoloë. Te dikwels, *ons* teoloë!

Die gevolg van wat hierbo gesê is, is dat die gewone Afrikaanse lidmaat totaal onkant betrap is, want voor sy oë verbrokkel byna al die maatskaplike sekerhede wat hy sy lewe lank vertroetel en aan vasgehou het. Maar dit eindig nie daar nie. Ook die moderne teoloog in ons kweekskole, soos ek dit vertolk, gebruik die geleentheid om uiteindelik aan die Europese Skrifkritiese vertolkings toe te gee en òòk 'uit die kas te kom' en nie meer te vrees vir kerklike vervolging nie: ("Is ons ou teologie dan nie as sondig en ongeldig verklaar nie?"). Dáárna sou dit nie vreemd wees om te hoor dat professore in die teologie sou kom vertel dat :

- die eerste vyf boeke van die Bybel, anders as wat ons al die jare geglo het, nie die werk van Moses is nie;
- die skeppingsverhaal nie waar is nie, maar dat evolusie die eer moet kry vir die ontstaan van alle lewe, en selfs die heelal;
- vele figure van die Ou Testament denkbeeldige mense was wat as stigters van die Joodse volksgedagte voorgehou is;
- Daniël nie die boek wat sy naam dra geskryf het nie;
- Christus nie maagdelik gebore was nie, en dat Hy selfs 'n buite-egtelike verhouding met Maria Magdalena gehad het;
- Die wonderwerke van beide die Ou- en Nuwe Testamente bygewerkte stories is;
- Die geskrifte van ander godsdieste *langs* die Bybel staan wat waarheid aanbetref, en dat dit in wese nie saak maak watter een jy aanhang nie. Prof. Sakkie Spangenberg lei hierdie koor.

Sulke laakbare stellings is ongelukkig nie tot Kweekskole beperk nie, want bostaande kort lys word almal in keurige publikasies as bybelse waarheid voorgehou. Boeke soos *Die Bybel in Praktyk, Die Bybel A-Z*, *Bybellennium* en *Die Drie Vertaling Studiebybel* en ander is besig om teen rasse skrede die geloofsgoedere van ons gewone lidmate te ondermyn, sonder dat hulle dit weet! (Kyk na my hoofstukke 9 en 10 wat besonderhede oor twee van hierdie boeke verskaf.) En hier is die tragedie: Ons senior lidmate hou vol om hul leermeesters en teoloë slaafs te vertrou soos hulle altyd aan gewoond was. Die meeste het geen besef dat 'n radikale paradigmaverskuiwing voor hulle oë plaasgevind het nie. Maar, soos die

profeet Hosea dit raak gestel het: ”My volk gaan ten gronde weens gebrek aan kennis” (Hos. 4:6).

In alle billikheid moet ek sê dat dit hoofsaaklik in bogenoemde boeke die Ou-Testamentiese dele is wat ons Skrifbeskouing geweld aandoen. Die Nuwe Testament blyk behoudend te wees. Maar al is dit slegs die OT, bly *dit* die begronding van die NT. Jy begin nie ’n gebou op die tiende verdieping nie. Neem die fondament weg en elke Skrifinterpretasie hang in effek in die lug. Dit is dus geen wonder dat daar sulke groot verskille is rondom die homoseksuele kwessie nie, om maar net een te noem. Die OT dra in die oë van vele teoloë nie meer die stempel van gesag nie, want dit is kwansuis tydsgebonde, onwetenskaplik en histories onakkuraat. Mens kan nou ook verstaan waarom die aanvaarding van die *Belhar* belydenis aan die orde is as die polities/ teologies-korrekte ding om te doen.

In my vorige boek van sowat vier jaar gelede, naamlik *Evolusie en Die Bybel: Kan Hulle Versoen Word?,* was dit my doel om die aanspraak van *Darwinisme* as vals bekleër van die hoë grond van wetenskaplikheid en neutraliteit in ons moderne samelewing te identifiseer as die bedrogspul wat dit in wese is. Op meesterlike wyse is die Weste, veral, ’n rat voor die oë gedraai om te glo dat evolusie in wese wetenskap is, terwyl dit niks anders as ’n ateïstiese lewens-en wêreldbeskouing is nie.

In hoofstuk drie word hierdie fondamentsteen van die moderne samelewing van nader bekyk om agter te kom waarom dit so ’n greep op die wêreld van ons dag gekry het. Hierdie greep het Suid-Afrika nie verby gegaan nie. Of ons dit wil weet of nie, ons onderwyssisteem se voorveronderstellings adem daardie benadering. Ons koerante verkondig dit, ons tydskrif- en TV-programme verkondig dit tot uitsluiting van God en die skeppingsidee. Maar nou figureer dit ook as voorveronderstelling in ons teologie, en dit is waar die benadering tot die Ou Testament na my mening radikaal verander het.

Die *bottom line* van hierdie hele relaas is dat die Bybel sonder seremonie saam met die badwater uitgegooi is. Die Bybel is nie meer die gesag nie, die wetenskap is, en daardie wetenskap is evolusie in sy menigvuldigheid van vorms en gewade. Want sien, ook alle godsdienste is volgens hierdie paradigma die produk van ’n evolusionêre proses vanuit die animisme en die veel- godedom, óp en *tot* die monoteïsme van die Christelike godsdiens. Dáárom

is daar geen absolute waarheid nie, want alles is in die proses van evolusie. Wat vandag waar is, is in alle waarskynlikheid nie môre meer waar nie. Geen leerstellings is dus hiervolgens finaal waar nie. *Selfs God is aan 'n proses van evolusie onderworpe.*

Wetenskap, en die sogenaamde wetenskaplike metode verrys soos elders in die Weste uit die hedendaagse spraakverwarring as ons verlosser. Professor David Wells, vooraanstaande gereformeerde teoloog uit die VSA verwys na hierdie situasie soos volg:

> **"It is the whole of society that is now engaged in this massive experiment to do what no other major civilization has done – to rebuild itself *deliberately* and *selfconsciously without religious* foundations. And the bottom line of this endeavour is that truth in any absolute sense is gone. Truth, like life, is fractured….it must be adapted to each context and it must remain flexible. It is simply a type of etiqeutte... It has no authority, no sense of rightness…"** (Kyk sy uitstaande boek, *No Place for Truth*, p.86.)

**Opsomming**

Die proses van die ondermyning van die gesag en betroubaarheid van die Bybel het onder Afrikaners vyf-en vyftig jaar gelede begin. Daar is toegelaat dat 'n staatsbestel, ten spyte van al sy ander goeie hoedanighede en lofwaardige waardestelsels, grootliks op 'n skewe interpretasie van die Bybel gegrond is. Toe die gewig van wêreldopinie en politieke druk veroorsaak dat dit nie langer verdedig kon word nie; en toe prof. Willie Jonker *Apartheid* as sonde verklaar het, het die bel gebars. Daarmee is alle sekerhede nie net bevraagteken nie, maar deur ons nuwe staatsbestel met die hulp van die WRK en die SARK gediskrediteer en van kant gemaak. Die staat sou nie langer die algemene godsdiens verskans nie, maar sou dit met mening tot op sy fondamente aftakel. Ek het 'n kweekskool teoloog hoor sê dat dit nogal 'n goeie ding is!

'n Bewys van my argument hierbo kom uit die *National Inter-Faith Conference on Religion-State Relations* gehou in Desember 1990. Dit is deur die *World Conference on Religion and Peace* gereël, en was Afrikaner UNISA-professore in teologiese vakke leidende figure daarin. Maar dit was Eerwaarde dr. Frank Chikane wat vir die afskaffing van die Christelike godsdiens as amptelike geloof van Suid-Afrika gepleit het toe hy sê: "The only viable option is a constitutionally secular state." En dit is, natuurlik, presies dit wat ons

gekry het. Bybelse seksuele onthouding buite die huwelik is uit, en vrye seks is in. Die produk? VIGS, onder andere. Miljoene sterf daarvan. Maar dit is niks, want (onbeteuelde) menseregte is kwansuis beter. Dis ’n ellelange lys, want moorde het hand oor hand toegeneem, pornografie is gewettig – so ook aborsie; homoseksueles geniet wets- beskerming en Darwinisme steek in bykans elke vak op skool sy kop uit. Ouers is tot ’n groot mate salig onbewus van enigiets ongerymds want hulle vertrou – oudergewoonte – nog steeds die onderwyssisteem soos voorheen (of so lyk dit).

**Wat vergeet word is om die prys van die nuwe vryheid te bereken teenoor die handhawing van wette wat op die Bybel gegrond is.** Die historiese staatsbestelle van die hele Westerse wêreld is op die Bybel gegrond, maar vandag bly daar skaars ’n teken van oor (behalwe wat in klip op gewels van staatsgeboue uitgebeitel is). Wat hier van belang is, is om te vra wat van (Afrikaner) Christene op voetsoolvlak geword het. Hoe hanteer hy die ommekeer?

Dit is tragies om te moet erken dat die gewone leraar tot ’n groot mate nie weet wat hom getref het nie. Hy is nie toegerus – hetsy deur sy eie leeswerk of andere se studie – om die aanslae op ons geloofsgoedere af te weer of te evalueer nie. Sy eie boodskappe is dikwels slegs ’n skadubeeld van ’n omvangryke Bybelse perspektief, want dis ’n verskraalde boodskap wat slegs die ‘aangename’ en ‘lekker’ Skrifgedeeltes behandel: dinge wat gaan om die ‘vind van die self’, ens. Daar is immers genoeg negatiewe dinge daarbuite wat jou aftakel. Om die volle Raad van God te verkondig sou in elk geval sy kerk laat leegloop. Hou maar by lewendige sangbediening, en “moenie branders maak nie”.

Hy wat leiding moet gee betwyfel dikwels sy eie Boodskap, of minstens dat dit miskien nie meer relevant is nie. Hy gaan maar saam met die stroom rakende die aftakeling van die gesag van die Bybel, want, weereens,dienende professore vertel hom nou dat die Woord nie geskiedkundig betroubaar is nie, en dat dit ook nie saak maak nie. Hierdie situasie is, weereens, ’n bewys van die gemak waarmee die gewone sinodeganger (hetsy predikant of ouderling) nie agterkom dat die *skopus*-idee ( soos deur die Algemene Sinode aanvaar) die kiem van die dood in hom omdra nie.

Dr. Francis Schaeffer, in lewe ’n wêrelbekende apologeet vir die Christendom wat ek die voorreg gehad het om in Switzerland te ontmoet, waarsku in een van sy boeke, *The Great Evangellcal Dis-*

*aster,* dat dit noodsaaklik is om te let waarop enige nuwe teologiese rigting afstuur. Toegepas op ons kerk se onlangse geskiedenis (15 jaar), is ons, wat Schaeffer noem, *on the slippery slope*.

Die aller-vraag is nou: Wat moet ons as Kerk, predikante en lidmate *doen* om die noodwendige disintegrasie van ons geliefde Kerk stop te sit? Die antwoord is: ons moet na die Bybel terugkeer as die volkome en onfeilbare gesag vir leer en lewe. Ook vir regering en samelewing. **Ons moet na ons Belydenisskrifte terugkeer wat elke predikant en professor onder eed verklaar het om te onderhou. Helaas, eedswerings beteken klaarblyklik nie vandag te veel nie. Elke dwaallerende teoloog in ons kweekskole en elders leef in effek 'n leuen!**

**Hierdie boek is dus 'n beskeie poging om die Boek van alle Boeke in ere te herstel; om sy geskiedkundige betroubaarheid te bevestig en om sy plek bo-aan die lys van boeke wat die respek van die soeker na die waarheid afdwing, *op te eis*.**

Voordat dit egter kan plaasvind sal dit nodig wees om die oorsake wat tot disintegrasie lei te identifiseer. Dit is en bly altyd die dwaalteologie wat tot kragteloosheid lei. En die dwaalteologie is die produk van 'n onderwaardering v.d. gesag v.d. Skrif. Verwyder die fondament van 'n onfeilbare Bybel en jy eindig saam met al die ander godsdienste op die gelykvlak van pluralisme waar geen godsdiens méér waar is as enige ander nie.

In 'n boek uit die VSA, *The **Gagging of God,*** sê die skrywer, D.A. Carson, dat modernisme steeds geglo het dat daar soiets soos objektiewe waarheid is, maar die post-modernisme se sogenaamde waarheid is subjektief, d.w.s., wat *ek* as waarheid beskou, *dit* is waarheid. Te oordeel aan wat hulle skryf en in Sinodes besluit word, is *dit* die huidige benadering onder die meeste van ons teoloë, want die Bybel is nie meer *objektief* waar nie. Slegs die subjektiewe is waar, naamlik die 'boodskap' van die betrokke Skrifgedeelte. Die res is van sy gesag en waarheid gestroop. En wat so erg is: nie één van hierdie teoloë wat dwaal dink in die minste dát hulle dwaal nie. NEE. Hulle alleen is reg en is op die hoogte van waarheids-ontdekking. Hulle het op die plato van die gelykmakende humanisme gearriveer.

Vanaf daardie 'punt van aankoms' kyk hulle af op ons bleek siele vir wie die Bybel nog steeds die absolute waarheid is, en dink terug aan die vorige plat-aarde geloof en die pilare waarop dit sou ge-

staan het. Hulle besef nie dat die vlak waarop *hulle* staan nie eens 'n fondament hét nie. Dit sweef in die ruimte van relativisme! Dit is tyd dat ons, die lidmate, van ons teoloë en kerkleierskap eis dat hulle na die waarhede van die Reformasie moet terugkeer.

**Die filosoof, C.E.M. Joad verklaar laat in sy lewe ná sy bekering:**

"The central core of the Christian Faith is either absolute truth or it is nonsense. Being absolute, the truths which it proclaims also claim to be eternal. If they were not absolute, if they were not eternal, they would not be worth believing.

Scientific knowledge, on the other hand, is relative, relative to what at any given moment happens to be found out about the natural world. A religion which is in constant process of revision to square with science's ever changing picture of the world might well be easier to believe, but it is hard to believe it would be worth believing." (*The Recovery of Belief,* p.22)

**DIE ROL WAT DIE CSV IN DIE RSA KON GESPEEL HET**

Vir baie jare was ek in die werksaamhede van die CSV betrokke, aanvanklik as gewone lid aan die UK, daarna as Streeksbestuurslid en toe Dagbestuurslid te Stellenbosch. Op 'n punt in die geskiedenis van die CSV, het besondere sterk stemme opgegaan vir die wegbreek van die Afrikaanse afdeling, juis omdat (soos ek dit sien) mense soos dr. Andries Treurnicht en dr. Koot Vorster van mening was dat laasgenoemde groep te veel deur die ander afdelings : Bruin, Swart, Indiër en Engelse, teologies-kultureel beïnvloed sou word, maar ook omdat ons NGK daarop sou aandring dat studente by die destydse Kerk Jeug-Vereniging *moet* aansluit. 'n Aparte Afrikaanse CSV sou hierdie probleem besweer. (Daar was ook die feit dat die CSV aan die baie liberale *World Student Christian Federation* ge-afillieer was.)

Ten tye van die 1966 Nasionale Konferensie te Bloemfontein sou die finale besluit rondom hierdie saak geneem word. Ruim 99% van die Afrikaanse kontingent het vir die opbreek-voorstel gestem. (As ek name hier sou noem, sal daar nou nog hier en daar'n paar rooi gesigte wees.)

Ek was al een wat 'n heel ander scenario voorgestel het, naamlik dat ons nie op rasse/taal grondslag verdeel nie maar op belydenisgrondslag. Die liberales kon dan hul eie pad loop (waarvan daar 'n aansienlike klomp in die Swart CSV was, maar ook in die Oos-Kaapse Engelse afdeling. In die Wes-Kaap was laasgenoemde egter streng behoudend.) My voorstel het enkele stemme getrek, indien nie slegs my eie nie.

Ek kon later met die teboekstelling van die geskiedenis van die CSV laat opteken dat, indien hulle destyds my voorstel aanvaar het, die CSV as model sou gedien het op die pad van vreedsame naasbestaan*, lank* voor 1994!

PJP. Mei, 2005

## Hoofstuk 2 DIE SPOOR VAN VERVAL DEUR DIE EEUE

### Inleiding

Die Bybel se ontwyfelbare vertrekpunt is dat die mens na die beeld van God geskep is en dat hy in 'n persoonlike verhouding met God staan. God het met hom gepraat, en aan hom is bekwaamhede gegee sodat hy nie alleen sy God al beter sou leer ken nie, maar dat hy sekere opdragte sou uitvoer. Hy moes die aarde vul, daaroor heers, maar ook onderwerp (kyk Gen.1:27,28). Hy moes aan al die diere wat God gemaak het name gee - geen geringe taak nie, wat van buitengewone intelligensie spreek.Taal word hier geïmpliseer, anders as die primitiewe gemompel wat die evolusiemodel voorhou. Hier het ons nie met 'n progressiewe wording "vanuit slym na Sokrates" te make nie, maar wel van 'n volmaakte skepping met die mens as kroon daarvan.

Maar die verhaal van Adam as werklike historiese persoon is bekend. Sy val in ongehoorsaamheid is bekend. Hy (hulle) gee aan die voorstel van die Verleier gehoor, en, as enigste twee mense wat ooit waarlik vry was kon, en het hulle, God se verbod verontagsaam in ruil vir die beloofde vooruitsig dat hulle ‘soos God sou word’. Hierdie daad verteenwoordig die Sondeval, en die verdere verloop en ontvouing van hierdie noodlottige pad beteken vir hulle dat die aarde om hulle ontwil vervloek sou word. Dorings en distels kortwiek hul vooruitgang en met moeite sou Eva en haar nakomelinge kinders baar. Dit is daarom dat Paulus in die Romeinebrief sê: "Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe" (Rom.8:22).

Opwaartse evolusie? Alles behalwe. Adam en Eva word uit die Tuin verban en sommer uit die staanspoor vermoor Kain vir Abel, en gee Kain en sy nageslag pad na die Ooste. Die dood en verganklikheid tree in sodat alles in die heelal daarna in die teken van onklaar-raak sou staan. Weereens, nee, hierdie is geen evolusie nie, maar 'n devolusie - nie vooruitgang nie, maar eerder agteruitgang. Hierdie waarheid word geëggo in die Tweede wet van Termodinamika (wat nog nooit vervals is nie) naamlik, dat alles in die heelal besig is om af te wentel - energie wat eenmaal verbruik is, kan nooit weer herwin word nie. Die Bybel en die (ware) wetenskap praat hier dieselfde taal.

(Die besluit van die eerste mensepaar behels ook 'n teologiese vergryp, naamlik, dat God se Woord in twyfel getrek is. Die oer-model van alle dwaling wat daarop sou volg word in Satan se woorde uitgespel, naamlik: "*het* God gesê...?". Behalwe dat die mens in die modernisme 'gevorder' het tot: "God het *nie* gesê...".)

Maar, terug na die draad van die verloop van die geskiedenis. Vinnig vervaag Kain-hulle se Godsbegrip sodat hulle hul eie gode maak en hul Skepper-God vergeet. Vinnig fabriseer hulle hul eie denkbeelde omtrent hoe die heelal en die mens ontstaan het, en skilder hulle vir hul kinders die mees bizarre ontstaansverhale soos wat ons in die Mesopotamiese Gilgamesh-dokumente (oa.) teëkom. Die son, die maan, die sterre word aanbid en rituele ontwikkel om iets te probeer terugroep van hul aartsvader, Adam, se gebruike soos God dit aan hom voorgehou het. Met 'n intellek so pas deur sondige en humanistiese (menslike, sonder God) denke verdraai en besoedel, vermeng hulle God-voorgeskrewe anbiddingspraktyke met hul eie fabrikasies tot een sinkretistiese geheel. Met ander woorde: 'n mensgemaakte godsdiens.

Die verval, helaas, is nie tot hulle beperk wat die pad weg van die vaderhuis gevat het nie. Die "seuns van God" (kyk Gen. 6:2) sou ewe veel onder die gevolge van die sonde ly. Ook *hulle* onkeerbare neiging sou wees tot die sonde en alle kwaad. Dink maar aan Äaron toe Moses te lank op die berg vertoef het (Eks.32:1). Moses was skaars weg of Äaron versamel die goud van die volk en 'tot sy verbasing' verskyn daar 'n kalf waarvan hulle gesê het: "Dit is jou gode, o Israel...môre is daar 'n fees *tot eer van die Here*" (Eks. 32:4,5). Mens het lus om die hande in ongeloof saam te slaan! Die tweeslagtigheid is verstommend! Daar en dan vind daar al klaar 'n vermenging van die waarheid met die leuen - die ware met die valse. "*Hoe blind kan 'n mens word?",* wil mens vra. Nee, dis maar net die natuurlike gevolg van 'n klompie dae sonder God se geroepe Profeet en die herinnering aan Sy Wet, en die hele volk verval tot die vlak van die wegloper Kain!!

Waarom doen ek die moeite om weer aan hierdie geskiedenis te herinner? Vir geen ander rede nie as dat die afwyk van die pad van gehoorsaamheid aan God die 'natuurlike' en ingebore pad vir die gevalle mensdom geword het. Slegs die noukeurige luister na die Woord van God en die buig onder die gesag daarvan hou die teuels styf gespan. Dit sal algaande (hopelik) duidelik word hoedat

elk van bostaande momente deel uitmaak van die kern-bestanddele van latere teologiese verval.

Met die voorafgaande in gedagte gehou kyk ons oorsigtelik na die verloop van die geskiedenis om 'n idee te kry van wat in die koppe en harte van mense gewoel het. Hoe het hulle hulself gesien? Hoe het hulle God en die skepping gesien, en beleef? Let wel: Ek wys daarop dat die lees van die balans van hierdie hoofstuk vir die essensiële doel van Deel 1 nie noodsaaklik is nie. Dit sou dus moontlik wees om hierdie deel oor te slaan en direk na die spesifieke van die teologiese agteruitgang in hoofstuk 3 oor te gaan. Tog wil ek vra (pleit ?), dat lesers sal begin weier om die maklike roete te volg, *aangesien ons NGK in ons dag op die rand van ineenstorting staan, juis as gevolg van die oningeligtheid van sy lidmate.* Ons ken nie die Bybel nie - en hier verwys ek na die leerstellings wat daarin verspreid voorkom. En omdat ons die *Woord* in sy volle omvang nie ken nie, kan ons dwaling ewe min – of alleen met moeite – identifiseer.

Die inhoud van die onderstaande is 'n beknopte samevatting van die pragwerk van professor Johan Heyns, naamlik *Sterwende Christendom?* Heyns se boek kan maar gelees word om helderheid te kry oor die denke en filosofiese kragte wat aan die woel was in die stelselmatige *verduistering van God* en sy gebod uit die samelewing en uit menselewens.

**Die Voor-Christelike Tydperk**

Hoewel die verduistering van die ware God universeel was het daar in die hart van die mensdom vir duisende jare tog 'n onkeerbare soort geloof in 'n opperwese geheers. Geen ding in hierdie wêreld was maar net 'n ding nie; geen blom, geen boom, geen huis of plek, geen dag of tyd nie - alles is meer as wat dit is. Heyns maak die volgende stelling: "Alles staan met alles in verband. En kragtens die beginsel van universele deelname is dit so dat wat met dinge op een terrein gebeur, onmiddellik gevolge het vir die dinge op 'n ander terrein. Vir die ‘primitiewe’ mens is daar 'n wêreld dieper as die sigbare... waarsonder die dinge self nie verstaan kan word nie...Vir hierdie mens was sy daagliks lewe en sy religieuse lewe nie twee geskeie groothede nie...Die orde in die natuur, die orde in die lewe van die enkeling, die orde in die stamlewe, dit alles is uitdrukking van 'n hoëre orde...Hierdie mens is nog nie met hom*self* besig nie, maar met die natuur, en sy verhouding tot die natuur word as 'n afhanklikheidsverhouding beleef. Die natuur is in

wese *meer* as net natuur. [In sy kultuur] is die integrasie van die mens in die kosmos – wat deur hom as heilig beleef word – van wesenlike belang aangesien hy sy vervulling *slegs* in betrekking tot hierdie geheel vind" (p.33-35).

By die antieke mens, sê Heyns, vind ons dieselfde deureenvlegting van godewêreld en aardse wêreld...Dit wil nie noodwendig sê dat hulle die dinge as sodanig vergoddelik het nie. Hul rig hul wel tot die natuur, maar juis om in die natuur te gryp na wat nie vir almal sigbaar is nie. Thales sou gesê het dat alle dinge vol gode is. Ja, so intiem was die verhouding tussen die gode en die wêreld, dat die verhale oor die ontstaan van die wêreld meteen ook die verhale oor die ontstaan van die gode was (kyk p.36,37).

[PJP. Vergelyk weereens die goue kalf- episode. Die ware God staan los van Sy skepping en openbaar Homself as die 'gans andere'. In ons dag, waar ons so met die sigbare en sintuiglike gebombardeer word, verg dit 'n besondere soort vasberadenheid om nie hieraan toe te gee nie. Hoe bly ons staande? sou met reg gevra kon word.]

**Vroeg-Christelike Tydperk**

Met die intrede van die Christendom, sê Heyns, is bostaande mitiese wêreldbeeld verbrokkel en is die wêreld ontgoddelik. God en wêreld word van mekaar losgemaak en die Goddelikheid van God en die wêreldlikheid van die wêreld beklemtoon. In alle opsigte is die Skepper van hemel en aarde gans anders as die mens, en kan die mens op geen manier enige mag oor God uitoefen nie. God is nie 'n onpersoonlike "dit" nie, maar 'n persoonlike "U". Ja, en Hy open die weg sodat die mens met Hom kan kommunikeer, al is Hy so hoog bo die mens verhewe. Hy bewerk 'n verstommende plan van verlossing vir die mens deur om *self* die prys vir die sonde te betaal deur Christus se soendood aan 'n kruis - *Hy* die sondelose offer vir 'n mensdom wat in Adam in die sonde geval het. Hierdie was 'n ingrype van die Transsendente in tyd en ruimte, en dit verleen aan die aarde 'n belangrikheid as middelpunt van die heelal wat die latere bloed-armoedige evolusieteorie met alle geweld sou wegwens, en probeer weg redeneer.

[PJP: Voorwaar 'n hoogtepunt, 'n keerpunt en 'n spilpunt in die geskiedenis van die wêreld en menslike bestaan. Is daar enige vergelykbare gebeurtenis in die ganse geskiedenis – God word mens? Maar dit is vanweë die uniekheid van die daad dat dit die brandpunt

is van Sataniese en anti-Goddelike aanvalle. Dit is die kleinnood waarvan ons beroof *moet* word. Op hierdie akker word die slagordes opgestel, want dit is 'n geveg ten bloede. Spreek ons elkeen se geloof hiervan, of luier ons maar voort sonder die minste besef van die Efesiers 6-stryd teen die magte van die duisternis?]

**Middeleeue**

Nadat die Bybel sy finale beslag met sy 66 boeke gekry het, was die vraag: Hoe moet die Christen reg laat geskied aan beide sy verhouding met hierdie geopenbaarde God, en Sy wêreld? Hoe moet hy sy rede gebruik? En wat sou die verband wees tussen teologie en wetenskap? Hierop was daar voorheen geen antwoorde nie. Heyns verklaar (p.46) dat die middeleeuse mens se menswees bepaal is deur 'n vertikale en nie 'n horisontale lewensbestemming nie. Die lewe van hier en nou het alleen betekenis gekry insoverre dit die begin was van sy hiernamaalse verwagting. Tog word gestalte aan hierdie toekomsverwagting gegee binne die ruimte van die kerk, wat die gelowige as die voorportaal tot die ewigheid gesien het. **Sy rede funksioneer op sy *beste* wanneer dit binne die greep van die geloof beoefen word,** maar geloof sou steeds die hoogste norm vir alle lewensvrae bly. In daardie tyd sou die teologie en die filosofie 'n bloeitydperk beleef, maar sou die natuurwetenskappe nie veel oplewer nie. Die wêreld as sodanig was van minder belang. Die oorheersing van 'n buitewêreldse geestesingesteldheid het daartoe gelei dat talle gewone natuurverskynsels as onaantasbare wonderwerke van God beskou is.

**PJP-kommentaar:**

Huidige modernistiese teoloë gebruik hierdie naïwiteit van weleer as stok om mense van ons tyd mee te slaan wat in 'n letterlike sesdag skepping glo soos wat die Woord aan ons voorhou. Ook dit word in ons dag, met al die meerdere kennis wat deur die (in hierdie geval, valse) wetenskap verwerf is, as naïewe, onwetenskaplike mites beskou met min of geen raakpunt in die werklikheid nie. Hulle versuim om te erken dat die *tipe* 'wetenskap' wat in ons dag die troon van onaantasbaarheid en gesag beklee, niks anders is nie as 'n onbewese, godlose en ateïstiese *voor*veronderstelling, sonder enige ware wetenskapike inhoud. Hier verwys ek na die **evolusieteorie** wat selfs die naam 'teorie' nie waardig is nie. Dit is hoogstens 'n swak hipotese wat tot die vlak van ontwyfelbare waarheid en onaantasbaarheid verhef is (meer hieroor later). Ek beskou hierdie as die grootste en mees omvattende misleiding van

die laaste twee eeue! **Vraag:** Is ons as lidmate bedag op die onverpoosde aanslae op die behoud van 'n gefokusde geloof sonder om aan 'n valse plaasvervanger toe te gee?]

**Renaissance:** (Ongeveer 15de tot die 16de eeu - tot die begin van die sogenaamde Aufklärung, of Verligting.)

Anders as die mens van die Middeleeue wat sy bestaan in terme van 'n begin by God en 'n voortvloeiende geloof in Hom gelees het, het die mens van die Renaissance só geantwoord: Jy begin nie by God nie, maar by die wêreld en die rede. Die oog moet allereers horisontaal op die kosmiese werklikheid gevestig word en nie vertikaal na bo nie. Die denke was baie beslis nog religieus van aard, maar dan op eie wyse. **In die horisontale word die vertikale ontdek.** Heyns sê: "Die Renaissance is nie 'n verset teen die geestelike nie, maar wou juis in die wêreld van die stoflike soek na 'n openbaring van die geestelike; in die geskape natuur wou die Renaissance die groot misterie van die Goddelike aanwesigheid terugvind" (p.44).

Heyns sien hierin iets van 'n Platoniese gedagtegang: In die geskapene word na die oervorm van die geskapene gesoek, in die natuurlike gestalte word na die **idee** gesoek, in 'n mens, *die* mens (p.44). Met ander woorde: hy is die individuele mens, nie noodwendig losgemaak van sy religieuse en sosiale verbindinge van die Middeleeue nie, maar innerlik los van alle uitwendige vorme van gesag - dus ook van kerklike gesag. **Hy het van 'n *groepswese* tot 'n *selfstandige persoonlikheid* gegroei wat sy eie wil, sy eie insigte, sy eie denke wou ontplooi en volg.** Hy wou nie net die klassieke-kultuur van die Grieks-Romeinse tyd kritiekloos laat herleef nie, maar dit op sy eie wyse verwerk in die lig van die Christelike waarhede wat hy in die Middeleeue geleer het (p.45).

Die klem was op die ideaal van outonomie van die menslike persoonlikheid. Die stoflike, die sinnelike, die liggaam moet in ere herstel word - **daarom is onder andere die Christelike leer van die <u>erfsonde</u> *afgewys*, want die mens is in sy wese goed.** In menslikheid vind hy vreugde, die aarde is wonderlik en mooi. Uit so 'n teelaarde sou daar 'n opbloei van die kuns, tegniek en veral die natuurwetenskap, ontstaan. Heyns beklemtoon dat dit hier wel gaan om die indiwidu, maar ook om die kerk, die volk, die mensheid. Die mens is die mikrokosmos waarin die groot heelal weerspieël word. So kry die mens 'n sentrale posisie in die wêreld van die tyd en die natuur. Maar hy sou, binne sy outonomie en vryheid,

hom tot die laagste kon verneder óf tot die hoogste verhef. Hy kon hom verlaag tot die dierlike of verhef tot die Goddelike - alles hang van homself af (p.46). *So word die mens maker van sy eie wese* - 'n standpunt wat op merkwaardige wyse ooreenstem met wat die Franse eksistensialis, Jean Paul Sartre, eeue later sou sê.

Heyns vra wat geword het van die twee bronne van waaruit die Renaissance gevoed is? Wel, die Christelike geloof is veral deur die *humaniste* verloën, en al meer is uit die *klassieke* bron met selfverwesenliking as rigsnoer geput. **Hy word mondig, en hierdie mondigwording sou, soos verwag kan word, op 'n emansipasie van die sedelike en uiteindelik van God self, uitloop.**

**Humanisme**

Die humanisme is tot die intellektuele bolaag van die samelewing beperk. Dit het 'n belangrike rol in die sekularisering van die Europese kultuur, wat later in die Aufklarüng nog kragtiger sou ontplooi, gespeel. Die proses wat in die Renaissance begin het, het veral in die geesteswetenskappe hier deurgewerk. Ook hul voorkeure het na die klassieke oorgehel, terwyl die Christelike invloede al hoe meer uit die prentjie verdwyn het. Hul strewe was om nog verdere gestalte aan die Renaissance se beskouing van die mens as vrye, outonome persoonlikheid te gee.

Die Christelike belydenis van die soewereine heerskappy van God word deur 'n hoogmoedige geloof in die skeppende mag van die menslike denke vervang. **Die humanis staan dus skepties teenoor wonders, want hy self moet alles met sy *rede* kan verklaar.** Die antieke beskawing word deur hom waardeer, en sy mening is dat die mens as skepping van God deur die eeue onveranderd gebly het, en dat daar dus tussen die Christelike standpunt en dié van die oudheid geen beginsel verskil is nie. Hy versoen hulle dus met mekaar, met dien verstande dat **'n geestelike hernuwing plaasvind alleen wanneer tot die *antieke* teruggekeer word.**

Die bekendste van die humaniste was Erasmus (1469-1536) wat sonder twyfel die grootste uit hul geledere was. Hy sê: Alleen hy wat hom tot Griekeland en Rome wend, kan die mens, die wêreld, die gemeenskap, ja, die kuns om te lewe, leer begryp. Dáár vind die filosofiese Christen - wat *hy* wil wees - reinheid van gees, suiwerheid van siel, skoonheid van vorm. Tog bly sy ideaal 'n gesuiwerde Christendom - maar dan gesuiwer van alle Ou-Testamentiese byvoegsels. **Ware geloof, volgens hom, vra nie na**

**dogmas nie, wil nie deurdring tot die geheimenisse van die maagdelike geboorte of die goddelike Drie-eenheid nie.** Hy soek die wyse waarop ware harmonie in die persoonlike en sosiale, in die kerklike en die politieke lewe verwerklik kan word - **dit vra na die ware menswees van die mense.** Dit wat gedurende die Renaissance- en Humanistiese tydperk reeds gestalte gekry het, sou in hierdie tydperk nog verder uitgebou word. **Voorop staan die menslike rede en die gevolglike losmaking van die gesag van die Skrif en die kerk. In wat pas gesê is, sien ons 'n merkwaardige ooreenstemming met die moderne sekularistiese teologie.**

**Aufklärung (verligting)**

Dit is die 18de eeu. Dit wat gedurende die Renaissance- en Humanistiese tydperk reeds gestalte gekry het, sou in hierdie tydperk nog verder uitgebou word. Voorop staan die menslike rede en die gevolglike losmaking van die gesag van die Skrif en die kerk.

Die ontdekking dat die son, en nie die aarde nie, die spilpunt is waarom die sonnestelsel draai, het 'n belangrike rol in die klaarspeel met die Middeleeuse gedagtewêreld gespeel waarin Josua, byvoorbeeld, in alle onskuld gepraat het van ‘die son’ wat op sy bevel sou stilstaan. Hierdie beskouing was beslis nie tot die kerk beperk nie, maar was dit die rots waarop wetenskaplikes sedert die tyd van Ptolomais en Aristoteles hul wêreldbeeld gebou het.

[**PJP:** Die nalees van die geskiedenis rakende sulke wetenskaplike verskynsels laat blyk dat die kerk, heel anders as wat deesdae beweer word, *nie* aan bogenoemde idee krampagtig vasgeklou het nie. Ons praat vandag nog van die son wat opkom, en die son wat sak, al weet ons dit werk nie so nie. In die volgende twee hoofstukke word hierdie aspekte van die wetenskap en geloof breedvoeriger aangespreek.]

Intussen is dit slegs nodig om te sê dat *bostaande gebeure byna onberekenbare skade in die kerk aangerig het. Die gevoel was dat dit bykans onmoontlik was om wetenskap volgens eie norme te beoefen terwyl daar terselfdertyd aan die kerk gehoorsaam sou wees nie*. Heyns stel dit bondig in die volgende woorde: "Die verset van die kerk het by die natuurwetenskaplikes 'n soort eksklusivisme opgeroep. **Voortaan sou die alleenreg op die waarheid aangaande die wêreld slegs aan die natuurwetenskap toekom en die teologie sou daarin geen funksie meer hê om te vervul nie"** (p.50).

Hierdie voorval sou ook vraagtekens oor die Skrif en sy gesag laat ontstaan. So ook die geldigheid van die Skrif vir 'n wêreld waarin op wetenskaplike wyse gestudeer word. Weereens stel Heyns dit raak: **"Die leuse van die Verligting was: Outonomie van die menslike rede op alle terreine van die lewe**. En dit het inhoudelik beteken dat **die rede in homself 'n eie orde en wetmatigheid besit** waardeur...dit selfstandig en volkome selfgenoegsaam funksioneer en tot waarheidsinsigte kom. Alles kan en moet dus ook deur die rede getoets en geweeg word, en wat nie in die sisteem van die rede inpas nie en daardeur geregverdig kan word nie, is 'n vooroordeel. So word 'n ideaal van 'n waarheid wat algemeen-geldig sal wees en geen uitsondering sal duld nie, gebore" (p.51). In die loop van die tyd sou die abnormale uitgesuiwer word totdat die natuurlike wêreldorde bereik word waar die mens vry en gelukkig kan lewe.

Geleidelik maar seker is alle kultuurgebiede van die Christelik-religieuse wortel losgesny en outonoom verklaar. **Alles verloop volgens die wet van oorsaak en gevolg** waarin daar geen plek vir 'n God meer is wat Hom met die wêreld bemoei nie. **Met God is afgereken,** al het Hy miskien aan die begin alles daargestel. Hy maak Homself oorbodig deurdat die wette waarvolgens alles voortbestaan, reeds in die skepping vasgelê is. Hy onttrek Hom dus as die Groot Afwesige. **Die mens sou sy eie natuurlike godsdiens skep deur om die bestanddele van al die godsdienste te neem en 'n natuurlike godsdiens daaruit voort te bring.**

Die openbaring in die Bybel [volgens hulle] kon dus nie oral die waarhedstoets deurstaan nie, want **die *maatstaf* vir die waarheid lê nou *buite* die Skrif**. Christus is nie meer God wat mens geword het nie, maar die volkome mens wat aan hierdie bedorwe mensheid die mees verhewe etiese waarheid kom leer het. Hy was die vlekkelose leraar wat die 'redelike' godsdiens kom voorhou het. Nie sy persoon was van belang nie, maar sy leer. Trouens, Voltaire sou so ver gaan as om te beweer dat Christus self nie geleef het nie.

**Jean-Jacque Rousseau** (1712-1778) het die ganse geskiedenis gerelativeer - ook die historiese feite van die Skrif. Die waarheid waaruit 'n mens lewe staan buite die geskiedenis waar die sin daarvan van die rede afhang. Die Verligting kweek fatsoenlike en deugsame mense, morele en voorbeeldige mense - *maar nie godsdienstige mense nie.* So, sê Heyns, is **die natuurlike godsdiens van die *Aufklärung* niks anders nie as 'n moralisering van die**

**Christelike geloof op grond van filosofiese invloede** (p.55). Op alle moontlike wyses is getrag om, byvoorbeeld, strawwe te verlig en die vergeldingsgedagte deur die opvoedingsgedagte vervang te kry. Wette is by die mens en sy behoefte aangepas om dit vir hom so aangenaam en maklik as moontlik te maak. [Vraag: Wat is dit hieraan wat in die RSA van 2005 so bekend klink?]

Wat die reg aanbetref, sien die enkeling deur 'n redelike wilsbesluit af van bepaalde natuurlike regte en skenk dit aan die 'maatskappy' om deur hom beskerm en bestuur te word. **Die staat sou hierdie rol vervul. Met ander woorde: die staat en die reg besit 'n eie, van God onafhanklike geldigheid, wat die waarheid en regverdiging in homself omdra** - tipies van die emansipasieproses wat op alle gebiede verder uitgewerk sou word.

Sonder om verder op al die ander gebiede van die menslike bestaan in te gaan (want Heyns vat dit alles pragtig saam), sluit ek hierdie deel af deur om na die groot gees van die Aufklärung te verwys, naamlik **Immanuel Kant** (1724-1804). Hy kom tot die konklusie dat die wetmatige ordening wat ons in die natuur waarneem nie 'n eienskap van die natuur self is nie, maar een wat die menslike rede daarop afdruk. Die mens skep nie die natuur nie, maar orden dit deur sy denke. Hy wil God nie uitskakel nie - immers, God kan deur die rede nie weerlê word nie, maar ook nie bewys word nie. **Kennis van God is dus louter spekulatief, dit wil sê: het geen objektiewe geldigheid nie.** Wie Hom egter wil glo, is vry om dit te doen - dit is 'n gebied *buite* die rede van die mens, wat nie geken kan word nie (p.58). **Kant sê dat kennis beperk is tot wat die mens kan waarneem, weeg en meet en in natuurlike wette kan uitdruk.**

Die *Aufklärung* - negatief gesien - het die geldigheid en die geloofwaardigheid van die Christendom as onontbeerlike element van die menslike lewe bevraagteken; en vir die feit dat die godsdiens gaandeweg uit sy sentrale posisie teruggedring is tot 'n randverskynsel wat nouliks enige werklike funksie het, is die Verligting medeverantwoordelik. God en wêreld is radikaal van mekaar geskei en die wêreld is tot selfstandige grootheid verklaar. Maar positief, volgens Heyns, beteken dit nie dat die Aufklärung anti-godsdienstig is nie, maar dat dit 'n natuurlike godsdiens verkondig. Sodanige godsdiens was 'n redelike godsdiens wat in 'n redelik-sedelike lewe uitmond.

**Die wysgerige ontdekkingstog na sekerheid van kennis wat in die tyd van die Verligting met soveel entoesiasme onderneem is sou in die Weste tot 'n krisis van sekerhede, met byna noodlottige gevolge, lei.** Maar voordat ons daarby uitkom moet ons eers die spoor deur die loop van die Negentiende eeu bekyk.

## Negentiende eeu

Die proses van emansipasie weg van alle gesag wat in die naam van die rede in die agtiende eeu soveel momentum gekry het, sit hom in die negentiende eeu nog ernstiger voort. Die algemene kenmerk was een van groei in die natuurwetenskappe, gepaard met toenemende uitvindinge wat tot al hoe meer optimisme gelei het. Die industriële revolusie aan die einde van die 18de en begin van die 19de eeu verleen aan die Weste 'n ongekende trots wat tot vandag voortduur.

Uit Immanuel Kant se denkstroom groei die sogenaamde positivisme sowel as 'n positivistiese mentaliteit wat tot 'n sisteem omgewerk is. Die Fransman, **August Compte** (1798-1857) en ander word as die vaders hiervan gesien. **Die term 'positief' beteken in hierdie konteks die radikale afwysing van 'n wêreld anderkant die gegewens** - dus van die metafisiese, omdat alleen dit wat waargeneem kan word, bestaan. Wie na die wese, oorsaak of doel vra, is nie met die wetenskap besig nie.

Compte beweer dat die mens 'n aangebore vermoë besit om sedelik te lewe, terwyl sy sedelike maatstawwe die produk van maatskaplike ontwikkeling is. Waar die mens en die mensdom gedien word, daar is "godsdiens". Bestryding van geloof in God het hy nie nodig geag nie, want die vrug van positivisme sou dit vanself laat verdwyn. Inderdaad, Comte het die teologie in die sosiologie verander, en die aanbidding van God in verering van die mensheid. Hierdie **materialisme - waar daar niks anders as materie bestaan nie - *is al wat daar is*.** Die mens word tot 'n suiwer biologiese wese gereduseer.

Dit behoort teen hierdie tyd duidelik te wees dat ons **in hierdie materialistiese 'sisteem' lank nie meer met suiwer wetenskap te make het nie, maar wel 'n *'geloofsverklaring'.*** En vanuit hierdie raamwerk begin die name van leidende figure, elk met hul eie kleim afgesteek, op die voorgrond tree. Eers het ons **Karl Marx** (1818-1883) wat sê: verander die maatskappy, en godsdiens verdwyn. Alle waarheid anderkant die sigbare moet vernietig word. So

het hy stelselmatig en konsekwent die godsdiens en die Godsidee op die wreedste wyse denkbaar, en met alle mag, uitgeroei. (Lees maar *The Black Book of Communism* om die skokkende omvang van hierdie menseslagting te begryp.)

Die tweede naam wat die aandag trek is **Charles Darwin** (1808-1882). In sy strewe om **God finaal uit die prentjie van oorspronge te verwyder,** saal hy die evolusie-perd op en herlei die mens se oorsprong terug na dieresoorte en die oerslym êrens in 'n poeletjie sowat 4,6 miljard jare gelede. Ook die godsdiens is niks anders nie as 'n stelselmatige ontwikkeling via fetisjisme na politeïsme, en uiteindelik monoteïsme. (Die leser moet hierdie stelling nie vergeet nie, want die wortel van ons huidige teologiese dwalinge is hierin gesetel.) **Darwin se evolusionisme, konsekwent deurgetrek, lei noodwendig tot 'n volslae <u>ateïsme.</u>**

Heyns noem **Feuerbach** volgende (p.67) en verwys na sy stelling dat, as daar geen *mens* was nie, daar ook geen God sou wees nie, **want die mens skep God deur sy denke**. In dieselfde eeu maak die sielkundige **Sigmund Freud** (1856-1939) sy opwagting, en hy sit die projeksiegedagte van Feuerbach voort. Volgens hom is geloof 'n wensdroom, 'n illusie, die selfgemaakte vervulling van psigiese verlangens - sonder basis of werklikheid, en sonder verhouding met die feite. Op 'n gegewe punt verdwyn die bonatuurlike eenvoudig. Hy kom in verset teen Christelike moraliteit wat 'skadelik is vir die gesonde mens'. Vir hom word dinge soos gewete, skuldbesef, berou, ens., as abnormaliteite wegverklaar.

Volgende aan die beurt is die filosoof, **Nietzsche** (1844-1900), en vir hom is dit 'n uitgemaakte saak: *Daar mag geen God bestaan nie, want as Hy bestaan, kan die mens nie word waartoe hy geroep is nie.* Die bestemming van die mens is om heer en meester van die wêreld te word, en alles wat in die weg staan moet tot op die grond afgebreek word. **Camus** en **Sartre** sou saam met Nietzsche hier sê, dat, *as God wel sou bestaan, hulle van Hom ontslae sou moes raak.* **Nietzsche was van mening dat geloof in God verlammend op die skeppingsdrif van die mens sou inwerk. Die Christendom is een groot 'nee' tot die wêreld, 'n vlug uit die werklikheid, 'n skuil in die skyn-skaduwee van die hiernamaals.**

Die toekoms wat Nietzsche profeties as 'n tyd sonder God aangekondig het, vertoon hom in honderde tekens reeds in die hede. Die woord wat die komende Europese mens in terme van

Nietzsche se wil om God te onttroon die beste beskryf, is nihilisme. Die nihilis is die mens wat tot die ontdekking kom dat die wêreld, soos dit bestaan, nie *moet* bestaan nie, en dat die wêreld soos dit moes gewees het, ook nie bestaan nie - vir die mens wat dáár gekom het, is die werklikheid wat hy ervaar, sinloos**. Uit hierdie soort denke van Nietzsche sou die sekularisme 'n onberekenbare groot stimulus tot in ons tyd kry.**

**Twintigste eeu**

[PJP. Ek gaan met opset verby die gedeelte in Heyns se boek wat handel oor die uitwerking van die voorafgaande filosofiese denkrigtings op die kerk, juis omdat ek later daardie aspekte in die besonder wil aanspreek. Verder, die rede waarom ek die voorafgaande deel van hierdie hoofstuk aangesny het is juis sodat ons as gelowiges insae kan hê in die denke van ongelowiges deur die eeue. Waarom? *Omdat die slaggate en slagysters op die pad van die gelowige met lokstemme wat hom van sy geloof wil beroof, gesaai is. Of anders gestel: hy word langs hierdie filosofiese weg net effens van die ware waarheid gedeflekteer, en kort voor lank is sy teologie niks anders nie as 'n afdruk van die wêreld se sekularistiese denke. Veel meer hieroor later, want dit is waarom dit in hierdie boek gaan.* Ek keer terug na Heyns se bespreking van die 20ste eeu (p.74)].

**Die twintigste eeu sou as tweede Aufklärung beskryf kon word** soos dit van positiewe inhoud voorsien word. Wat toe voorspel is, is nou bewaarheid; wat toe vermoed is, word nou werklikheid – maar dit alles op so 'n oorweldigende wyse dat dit by die mens 'n radikale nuwe lewensinstelling vereis. Ons het die eeu van die tegniek betree. Die filosofie ontwerp die wêreld, die wetenskap ontdek die wêreld, en die tegniek verower die wêreld. Die wêreld waarom dit uiteindelik gaan is 'n geslote werklikheid van oorsaak en gevolg wat deur die menslike intellek nagespeur word. Daar hoef nie met buite-wêreldse magte rekening gehou te word nie, en daarom kom God nie eens ter sprake nie. Hy bly – indien Hy sou bestaan – buite die gesigsveld van die wetenskaplike navorser. R.W.Jenson, in *A Religion Against Itself* verwoord hierdie beskouing met die uitlating: "*science and religion as ways of living are irreconcilable"* (p.19). 'n God-lose wêreld vereis 'n God-lose wetenskap. Die stryd tussen godsdiens en die wetenskap is deur die godsdiens verloor.

Die wetenskap, sou mens kon beweer, het binne 'n anti-godsdienstige gees plaasgevind, maar, omdat die wetenskap die mens en wêreld op selfverklarende wyse beskryf en besien, *is die weten-*

*skap in wese godsdienstig van aard.* C. F. Weizsacker, 'n vooraanstaande Duitse atoomfisikus verklaar dan ook: **"Faith in science plays the role of the dominant religion of our time"** (kyk Versveld:*Oor Gode en Magte,* p. 85). Op sy eie bladsy 77 haal Heyns vir F.L. Polak aan waar hy sê: "Het werkelijke dilemma is hierin gelegen, dat de mens zich uiteindelijk Godgelijke vermogens heeft veroverd tot zelfstandige schepping van zijn samenleving." Dit doen hy deur die tegniek, wat insluit die boukundige en tegnologiese wonders van ons dag.

Een oorwinning na die ander word oor die natuur behaal, terwyl die natuur geen weerstand bied nie. Hy gee soveel van sy wetmatigheid en orde aan die mens as wat hy wil neem. En soos die mens al hoe meer die diepste geheime van die natuur ontrafel, so groei sy krag en mag oor die natuur en dwing hy hom tot ondergeskiktheid. Dit word 'n "selfbedieningswêreld."

Die skepper van die tegniese wêreld word uiteindelik ook die doelwit van die tegniese wêreld: verlenging van sy lewe, vergemakliking van sy taak, verhoging van sy prestasies, verryking van sy kennis, word alles gedoen. Daar is geen ander en hoër doel nie as die maksimum ontwikkeling van die latente kragte van die indiwidu of van die menslike geslag as geheel.

*In elk geval gaan dit om die mens: uit hom en deur hom en tot hom is alle dinge. Deur sy tegnologie het die mens die wêreld uit Gods hand weggeneem en in sy eie hand geplaas.*

Heyns, ten regte, en ten slotte wys daarop dat dit nie die wetenskap en tegniek as sodanig is wat tot die ontgoddeliking van die wêreld lei nie, maar wel die mens se *hantering* daarvan. Die siening van en houding teenoor die wêreld waarin die hoogste waardes waardeloos geword het, die laaste doel verdwyn het, die diepste sin vernietig is – dit is die sekularisme van die 20ste eeu in sy rykste ontplooiing (p.95). Hierdie benaming beliggaam die proses van ont-Goddeliking wat ons wêreld tans steeds ondergaan.

**Eksistensiefilosofie**

Hierdie filosofiese denkrigting is deur baie as die filosofie van ons tyd bestempel. Die kultuuroptimisme v.d. positivisme het in die laaste deel v.d. 20ste eeu radikaal omgeslaan. Die “verligte” kultuur het op wêreldkrisisse uitgeloop. Onbetwisbare waarhede is oorboordgegooi en was sonder enige verdere invloed. Sedeloosheid en selfvernietigingsdrange het die mens bedreig en hieruit groei die

vraag na die sin van die bestaan van die mens. Hieruit groei die begeerte om uitdrukking aan die moderne lewensgevoel te gee. Sy uitgange was steeds anti-metafisies en wil nie van 'n wêreld agter, of dieper of hoër as die wêreld van verskynsels weet nie. *Die diepste en laaste oorsprong v.d. bestaan is nie een voor God nie, maar vanuit die self.*

**Heidegger, Jaspers, Sartre** en ander glo almal in die volkome outonomie v.d. mens. Die voorstelling van God as die *Gans Andere* word in 'n filosofies-psigologiese voorstelling omvorm. Die mens is sy eie skepper (Sartre). Die bestaan óm hom en die bestaan ín hom is sonder sin. Die mens moet self sin daaraan toeken en waarde skep. Daar is nie buite-waardes óf objektiewe maatstawwe en waarborge vir goed en kwaad nie – hy is sy *eie* maatstaf. *Die mens is self vir die wêreld verantwoordelik want "ons het God oorlewe."* Die maatstaf vir die lewe is of jy handel, iets onderneem. **Jy moet handel.** Dáárin lê jou 'heil'.

Die kunste en literatuur word die spieëlbeeld van die tye waarin ons leef. Heyns sê: "Nog nooit is die wêreld so onbarmhartig uitgeklee en in sy naakte verlorenheid ten toon gestel as in wat ons vandag moet lees en sien en hoor nie" (p.88). Die teater van die absurde vier hoogty in 'n wêreld waar "the decline of religious belief has deprived man of certainties" (M.Esslin; *The Religious function of the Theatre of the Absurd",* p.168). Ons kultuurlewe het grotendeels sy geestelike grondslag verloor – alles het hul geheiligde karakter verloor – alles, ook God, is gehumaniseer. Ook ateïsme word spontaan beleef, want ons leef in 'n eeu van Godsverduistering. Al wat oorgebly het is die mens.

Bostaande is in wese wat filosowe die nihilisme noem – die verabsolutering van die niks. *Daar is niks buite die fisiese, chemiese, biologiese en dergelike feitelikhede nie*. En waar vind ons dit alles? Net buite die kerk? Nee, sê Heyns, ons vind dit ook binne die kerk – daar waar die Skrif nie meer suiwer verkondig word nie. Dit is binne die kerk wanneer "skepping" maar net 'n wordingsproses is, "vrese van God" 'n knaende skuldgevoel en "Liefde" 'n gevoelsbeweging. "

**Hierdie siening van en houding teenoor die wêreld waarin die hoogste waardes waardeloos geword het, die laaste doel verdwyn het, die diepste sin vernietig is – dit is die sekularisme van die 20- en 21ste eeu in sy rykste ontplooiing"** (p.95).

## Jean-Paul Sartre, Eksistensualis/Humanis

Teen die einde van sy lewe, en ná alles wat hy hierbo kwytgeraak het, erken soos volg in weerwil van sy vorige leefwyse : "Ek voel nie dat ek die produk van toeval is nie – 'n stofdeeltjie in die heelal nie – maar iemand wat verwag, voorberei en voorbeskik is. In kort,'n wese wat 'n Skepper alleen hier kon plaas; en hierdie idee van 'n skeppende hand verwys na God." Soos deur T. Molnar aangehaal in *National Review,* 11 Junie, 1982, p.667. So, waar is sy filosofiese 'sekerhede'nou?

**VOORAF-AANHALINGS OOR EVOLUSIE VIR HOOFSTUK 3**

**Denyse O'Leary,** Kanadese Wetenskapsjoernalis skryf: "I have never heard such hardline , aggressive promotion of atheism under the guise of science as I have heard from the Darwinists. It is, at best, amusing to hear them charge that the creationists have an underlying religious agenda, when the Darwinists' own anti-religious agenda is pretty obvious." "Their constant use of legal and political muscle makes me think that Darwinism's problems are insurmountable." (Boek, *Design or by Chance,* 2004, p.239.)

**Dr G.F.Rayner Ellis** wat dikwels mede-skrywer van artikels is saam met Stephen Hawking sê: "I can construct you a spherically symmetrical universe with earth at its centre, and you cannot disprove it based on observations. You can only exclude it on philisophical grounds…What I want to bring into the open is the fact that we are using philosophical criteria in choosing our models. A lot of cosmology tries to hide that." (Scientific American artikel van Wayt Gibbs, Profile: F.R. Ellis; *Thinking Globally, Acting Universally,* p. 28,29 van uitgawe nr. 273, 1995.

**Prof Richard Lewinton** van Harvard in die VSA skryf: "Dit is nie dat die metodes of instellings van die wetenskap ons op een of ander wyse verplig om 'n materialistiese verklaring vir wêreld fenomene te aanvaar nie; inteendeel, ons word as gevolg van die aanhang van materiële oorsake daartoe gedwing…ongeag hoe teen-intuïtief, ongeag hoe verbysterend vir die oningeligte. Wat meer si, materialisme is 'n absolute, want ons mag nie 'n goddelike voet in die deur toelaat nie…"Bron: Die *New York Review* van Januarie 1997.

**Paul Tournier sê:** "Everybody today is searching for the answer to those problems to which science pays no attention, the problems of their destiny, the mystery of evil, the question of death." Uit: *The Whole Person in the Broken World,* p.149.

# Hoofstuk 3 EVOLUSIE : BRON VAN TEOLOGIESE VERVAL

Is bostaande titel darem nie te dik vir 'n daalder nie?, sou iemand kon vra. En in elk geval: hoekom moet enige leser glo dat *ek* 'n betroubare arbiter is wanneer dit by sulke sake kom? Ek is mos nie 'n wetenskaplike nie!

Dit is tog interessant om waar te neem hoe hierdie hele storie eintlik werk. Almal onthou die opskudding wat die verskyning van Gideon Joubert se boek, *Die Groot Gedagte* veroorsaak het toe dit verskyn! Aan my is deur my goeie vriend en destydse besturende direkteur van *Nasboeke*, Helgaard Raubenheimer gesê dit is 'n *moet-lees* boek. Ek het toe.

Gideon Joubert se boek is aanvaar, ten spyte daarvan dat hy nie 'n gekwalifiseerde wetenskaplike/sterrekundige is nie. Hy is 'n joernalis en sterrekunde is sy stokperdjie. Hy is ook nie 'n teoloog nie. Die vraag is nou: hoekom is sy boek nieteenstaande met akklamasie aanvaar? Waarom het duisende mense dit gekoop en waarom het honderde gemeentes hom genooi om te kom 'vertel'?

Die rede, soos ek dit sien, is omdat sy uitgangspunt, of voorveronderstelling, die heersende wêreldparadigma v.d. evolusie in samehang met geloof in God (hoewel slegs as oer-oorsaak vir die oerknal) aanbied. **Hy *sintetiseer* twee *teenoorgestelde* wêreldbeskouings in een en hou dit as wetenskaplik én Bybels voor.** Met ander woorde, hy sluit aan by die sogenaamde *teïstiese evolusie* wat die Bybel aan die *assured results of science* ondergeskik stel. Waarom? Want die wetenskap hét mos bewys dat evolusie plaasgevind het. Niemand ontken dit meer nie. Oral kraai dit koning! (Probeer vergeet van die talle wetenskaplikes wat dit hoegenaamd nie aanvaar nie.)

Die situasie, wat die media betref, is dat niemand gepubliseer word wat evolusie *nie* ondersteun nie. Die hele Westerse wêreld verkeer in die greep van die **evolusie** paradigma, want **dit is ontwerp om met God as skepper klaar te speel** sodat die mens v.d. 21ste eeu "vry" kan wees van morele beperkings. Ek kan dit nie beter stel as wat prof. Phillip Johnson, pas afgetredene (regsfakulteit) van die Universiteit van Californië dit in sy boek *Defeating Darwinism by Opening Minds*, dit stel nie:

> "The real objection scientific materialists have to design is that the *Designer* would be something outside of science and hence not subject to human control. The attraction of a materialistic universe is that it feeds the **imperialism of science** by seeming to promise that **everything can in principle be understood (and controlled) by science."**

Die punt hier is: Die meningsvormers van ons dag eis totale outonomie en seggenskap op. **Alléén wat deur die wetenskap self bevestig kan word is waarheid. Daar kán dus geen waarheid buite die wetenskap wees nie.**

Hierdie selfversekerde boodskap wat "wetenskap" (*science)* die wêreld daagliks instuur gaan ongelukkig die teoloë van ons kweekskole nie verby nie. Per slot van rekening: wie kan dan teen onbetwisbare wetenskaplike feite stry? (Die les van Galilei bly nog in die geheue vassteek! Praat van rooi gesigte? "Ons laat ons nie weer uitvang nie!" )

Die tafel is gedek en almal eet lustig saam aan die opgediste evolusie bekooksel. Solank niemand agterkom dat die gif in die pot is nie. Solank niemand ontdek dat 'evolusie' nie wetenskap is nie, maar dat die wetenskap-sousie die verrotte beendere daarvan verdoesel. Die teoloog, van sy kant, reken daar is geen sin in om teen die onafwendbare te baklei nie. Daarom, gáán vir die beste *deal* wat jy kan beding siende dat die teologie nie die aller-verklaarder van die heelal en mens meer is nie. Gee boedel oor aan die 'wetenskaplike-verklaring-van-alles' en lééf jou godsdiens in die dampkring van *buite*-wêreldse "waarheid" alleen uit.

Op hierdie punt skakel prof. Willie Jonker  en Flip Theron se '*skopus'*-verklaring van die Bybel van 1986 by die sisteem in sodat die oorskakeling van 'n voorheen *God*-gedrewe skeppingsverklaring na 'n *materialistiese* verklaring geruisloos plaasvind. Op 'n skinkbord, so sien ek dit, word die 'gesag' oorhandig en almal juig saam en is tevrede. Die kerk sal nou net vir hom besig hou met 'n '*pie in the sky when you die-* tipe boodskap' vir die volgende lewe (as daar dalk een is!), maar in die hier-en-nou sal hy 'saam met alle ander godsdienste' as 'n eenheid die noodwendige maatskaplike wrakstukke van 'n God- en moraliteitlose samelewing bedien. [Ons as NGK is 'gelukkig' genoeg om besonder ná aan die vuur te wees, want ons beskik immers reeds oor 'n *Parlementêre Lessenaar* beman deur iemand wat so ver gegaan het as om in 'n boek sy materialistiese en humanistiese vertrekpunt bekend te maak.]

Maar ek dwaal van my punt af – ek dwing in die rigting van die *gevolge* van die evolusie-geloofssisteem terwyl die beginsel nog nie klaar vasgelê is nie.

Hoe verder daar met die lees van hierdie boek gevorder word, hoe meer sal die leser bewus word van die kwalik-versteekte feit dat die evolusie-geloof/paradigma/teorie/godsdiens die sentrale plek in die denke van mense ingeneem het. Waarom ek in hierdie konteks daaroor skryf is omdat dit ook in die teologie van ons dag plaasvind – die één plek wat veronderstel is om nooit daaraan toe te gee nie, want die Bybel se uitgangspunt is nié evolusie nie, maar skepping. Die aller-vraag is dus:

**Hoe het die Evolusiegeloof die 'alleenverklaarder-van-alles' geword?**

Die antwoord is dat die evolusie-drywers deur 'n proses van kaping die wetenskap oorgeneem het, en poseer nou as die enigste arbiter en voorsiener van antwoorde op vrae rondom die volle spektrum van die sigbare werklikheid. Hoe lui die argument? Dit sê dat wetenskap alleen vertrou kan word om alles te verklaar, omdat:

- Dit neutraal is (verwys hoofstuk 1)
- Dit as waarheid bewys is (dis op 'toetsbare en waarneembare getuienis' gegrond)
- Dit wetenskaplik is
- Dit 'n 'rede'-like alles-insluitende verklaring bied vir die ontstaan van alles
- Dat dit jou vrywaar van godsdienstige verklarings wat beide nie bewysbaar of wetenskaplik is nie
- Dat die hele wêreld dit vandag aanvaar, want daar is nie 'n ander verklaring nie.

Wat nog hier bygesê moet word is van kardinale belang. Die volbloed evolusionis verseker ons dat, nie alleen het hulle die antwoorde op alle vrae rakende die sigbare werklikheid nie, maar dat die sigbare werklikheid *al is wat daar is!* Hierdie stelling kom vir vele as 'n skok, want dan kan gevra word: Hoe kan 'n teoloog nog 'n wêreldbeskouing soos die evolusie aanhang, tensy hy nie wéét dat hy 'n totale teenstrydigheid in terme aangeneem het nie?

Verreweg die meeste van ons kweekskool professore en dosente, soos ek dit beskou, glo vandag die meerderheid van die ses punte wat hierbo staan. Ek wil graag verkeerd bewys word. Hulle sê: ‘Kom tog net by en raak gewoond aan die onvermydelike, en los die stories van ’n plat aarde-tipe geloof en vertrekpunt. Die Bybel is, per slot van rekening, as wetenskaplik- en histories onbetroubaar bewys’.

Bybelwetenskaplikes het dus kwansuis deur die afgelope jare al ‘bewys’ dat *ook* die godsdiens as sodanig die produk van ’n evolusieproses is, en daarom word so ‘n beskouing van die Ou Testament vandag gehuldig.

**Die vraag is: Is dit ontwyfelbare Waarheid?**

Niemand wil in oudwyfse fabels glo nie want dan is geloof niks anders as ’n *trip* nie. Dit sluit aan by die antwoord wat ’n seuntjie in ’n Sondagskoolklas gegee het op die vraag: “wat is geloof?” Sy antwoord was: “Geloof is om in iets te glo wat jy weet nie waar is nie.” Die breë samelewing, so lyk dit, glo dit vandag van die Bybel.

Is bostaande ses punte waar? Want indien hulle wel waar is, bly daar niks anders oor nie as om ons Bybels weg te pak en te eet, te drink en vrolik te wees, want môre sterf ons! Kom ons kyk.

Soos gewoonlik is sake nie so eenvoudig as wat voorgegee word nie. Ons, as amperse toeskouers, word verseker dat hierdie evolusieleer wetenskap is. Dus, voordat die ses punte behandel kán word, moet ons eers dáárdie vraag aanspreek:

## Is evolusie wetenskap?

**Definisies van evolusie.** Prof. Gaylord Simpson van Harvard in die VSA help ons hier. Sy wêreldbekende definisie van evolusie is:

> “Die evolusie-proses is nie rigting-gedrewe nie, dit vind plaas sonder dat daaroor gedink of beplan word (*it is mindless*), en die uitkoms onvoorspelbaar. Die mens is die produk van doellose en natuurlike prosesse wat hom nie in gedagte gehad het nie” (kyk sy boek, *The Meaning of Evolution*, p.190.)
>
> Anders gestel: evolusie postuleer dat lewe as sodanig vanself uit lewelose nie-organiese konglomerate ontstaan het; dat dit op toevallige wyse in ’n ‘oersop’ ontwikkel het tot ’n een-sellige amoeba, en vandaaruit oor miljarde jare

vanself en rigtingloos ontwikkel het in all lewenssoorte – die een uit die ander – totdat, ook per toeval, ons by die mens en alle ander lewensvorme uitkom. Elke nuwe vorm van lewe ontwikkel as gevolg van bloot *toevallige* mutasies (voordelige veranderinge), gepaard met die beginsel van die oorlewing van die sterkste.

Met bostaande twee paragrawe in gedagte lees ons wat **Einstein** as definisie van wetenskap voorhou. **Hy sê: "As dit nie gemeet kan word nie, is dit nie wetenskap nie, maar *spekulasie.*"**

Vraag: Is daar enigiets in die twee vorige paragrawe wat gemeet of herhaal kan word? Die kort antwoord is: nee. 'n Mens kan onmoontlik nie *oor begin* nie, want alles is reeds hier. Geen mens het sedertdien lewe uit lewelose materie laat ontstaan nie. (Die sogenaamde Miller-Urey eksperiment kwalifiseer nie, want hul eksperiment het onder die mees eksakte beheer plaasgevind, en dan nog was die ensieme wat uitgekom het nutteloos vir verder eksperimentering omdat dit nie "linkshandige" ensieme was soos in *alle* lewensvorme teenwoordig is nie.) **Dus, evolusie kan nie 'gemeet of herhaal' word nie.**

'n Sekere kanniedood evolusionis hier in Stellenbosch beweer dat hy evolusie uit fossiele kan bewys – vanuit die Karoo. Hy sê dat hy opeenvolgende fossiele kan uitwys soos hulle van een soort dier 'getransmuteer' het in 'n ander. Nouja: as hy sê hy het sulke bewyse, dan moet hy hulle wyd publiseer sodat die res van die wêreld dit ook kan weet. Hierin is groot geld! Indien daardie diersoorte nie meer vandag bestaan nie, hoe gaan hy bewys dat hulle nie vanuit die skepping aparte diersoorte was nie? Dit is onmoontlik en sal niks anders wees nie as… spekulasie.

Vandag kry niemand in die wêreld dit reg om een diersoort in 'n ander te laat verander nie – alle toetse ten spyt. Wat wel gedoen word is dat binne 'n spesie tot honderde verwante mutasies geskep kan word – soos met honde (meer as 200 variasies), maar almal bly honde. Hierdie verskynsel word deur evolusioniste as 'evolusie' *voor*gehou, want hulle het niks anders nie. Hulle noem dit 'mikro evolusie', ten spyte daarvan dat dit hoegenaamd nie evolusie is nie. Met ander woorde: Hulle mislei die oningeligtes, sommige teoloë inkluis. Dit is in wese niks anders nie as *variasies binne 'n spesie.* Punt. *Dit is nie evolusie nie*, ten spyte van die slim voetwerk wat gebruik word om die liggelowige mee te oortuig.

Klink my verklaring na 'n storie? Lees wat sê **dr. Niles Etheridge,** wêreldbekende paleontoloog van die Britse Museum in London:

> **"Nine tenths of the talk of the evolusionists is sheer nonsense, not founded on observational data and wholly unsupported by facts. This museum is full of the proofs of the utter falsity of their views."**

'n Tweede aanhaling is van **Prof. Albert Fleishman** van die Universiteit Erlangen, en hy verklaar:

> **"I reject evolution** because I deem it obsolete, because the knowledge hard won since 1830…cannot be made to accord with it's basic idea. **The foundationless, fantastic edifice of the evolution doctrine would long ago have met with its long deserved fate were it not for the love of fairytales so deeprooted in the hearts of men."** Hy noem evolusie dus 'n feëverhaal! (Kyk *Darwins Leap of Faith*: Ankerberg & Weldon, p.148.)

Evolusie (Darwinisme) is duidelik nie wetenskap nie, maar die breë publiek word 'n rat voor die oë gedraai om te glo dit is. Dit 'slaap' in dieselfde bed saam met ware wetenskap maar hulle verskil soos dag en nag. Een dag sal die bel bars, maar dan sal die skade binne die kerk en samelewing klaar gedoen wees. Teoloë sal, soos met apartheid, moet *please explain!* Dus – vir 'n tweede keer ís hulle, en hét hulle, mislei!

**Die ses punte**

Bostaande aanloop maak die res maklik. *Ware* wetenskap is neutraal, maar evolusie is nie. Maar daardie neutraliteit hou op wanneer, sê, die feitelike kwantifisering van 'n plant se onderdele wat op die laboratoriumtafel lê *geïnterpreteer word* as sou dit die produk wees van evolusie uit 'n heel *ander* soort plant. Met ander woorde, om 'n ander tipe voorbeeld te gebruik: wanneer ons vertel word dat 'n sekere opgegraafde skedel bewys dat die mens die produk is van 'n gestadigde en toevallige verandering oor miljarde jare, dan het wetenskap lank al opgehou en is tot spekulasie oorgegaan. Daardie spekulasie is die 'grondstof' van die evolusiegeloof se verklaarde doel om God uit die vraag na die bestaan van alles te verban. **Dit is in wese 'n alternatiewe godsdiens,** soos reeds deur Amerikaanse howe aanvaar. My antwoorde op voorgnoemde 6 punte, waarin *evolusie* as wetenskap voorgehou word lyk gevolglik so:

**Neutraal?** Beslis nie, want dit is ‘n *interpretasie, ’n gevolgtrekking* wat verkneg is aan ‘n ateïstiese geloof wat geloof in die Bybel met hand en tand beveg.

**As waar bewys?** Alles behalwe. Evolusie is onbewysbaar – nou, en vir altyd.

**Evolusie is wetenskap?** Nee. Dit ry wel op die rug van die wetenskap en poseer in geleende klere.

**Is dit ’n redelike verklaring van alles?** Dit klink alles so voor die hand liggend. Die ooreenkomste wat tussen mens en dier bestaan word beter verklaar as die produk van ’n Meester ontwerper wat, soos argitekte ook maak, dieselfde vorms hergebruik waar die funksie dieselfde is. Dit is tog logies.

**Vrywaar van godsdienstige verklarings?** Ja, beslis. So ’n vrywaring maak dit egter nie waarheid nie. Daar is, per slot van rekening slegs twee moontlikhede: skepping of evolusie; God of toeval.

**Evolusie word deur die hele wêreld aanvaar?** In die Weste, ja, maar aanvaarding maak dit nie waar nie. Derhalwe, daar is duisende wetenskaplikes wat dit *nie* aanvaar nie. Van hulle hoor jy niks. Die media is te slim daarvoor. **Evolusioniste haat opposisie.** Hulle doen alles wat hulle kan om enige stem teen hulle stil te maak. Ons Kaapse koerant, *Die Burger,* is ’n goeie voorbeeld.

Dit is vir verskeie briefskrywers (soos ek) onmoontlik om ’n brief in *Die Burger* geplaas te kry wat evolusie aanval. In desperaatheid het ek op ’n keer ’n brief aan die ombudsman gerig om asseblief hierdie saak aan te spreek, maar toe blyk dit dat hy *self* die skrywer van al die evolusionistiese indoktrinasie-artikels was. Vir dieselfde rede sal daar nooit ’n artikel *teen* evolusie in *DB* verskyn nie. Die idee van ’n onbevooroorde pers is eintlik ’n dagdroom!

Bogenoemde situasie laat die breë publiek onder die indruk verkeer dat daar niemand is wat die teendeel van al die evolusie-artikels waarmee ons gebombardeer word, kan bewys nie. Die ongetwyfelde teiken van die aanslag is wat hul noem Kreasioniste. Hoe belagliker sodaniges in die oë v.d. publiek gemaak word, hoe moeliker is dit vir enige self-respekterende teoloog om hom by ‘ons’ te skaar. Dit het die punt bereik waar ’n plaaslike kweekskool professor (ongevraagd) die moeite gedoen het om na my huis te kom, net om te sê dat hy nie met ’n woord van my vorige boek, *Evolusie en die*

*Bybel* akkoord gaan nie. Dáárin het ek gepoog om die *betroubaarheid van die Bybel* teenoor evolusie te ondersteun.

Nou sê iemand: die amper filosofiese aanloop hierbo openbaar wel 'n ontstellende situasie, maar daar is vir my te min inligting om my as Bybelgelowige te ondersteun. Om so 'n situasie by te lê voeg ek hieronder dele van 'n algemene argumentvoering soos een Sondagoggend in die NGK van Prins Albert deur my gelewer. Hier is kernpunte wat daar genoem is wat nie hierbo gesê is nie:

"Die evolusiegeloof – betreffende die ontstaansgeskiedenis van die heelal – het die Bybel totaal en al gediskrediteer. Geloof in die skeppingsverhaal soos dit in die Bybel opgeteken staan word as feëverhale, mites of *voor*wetenskaplike versinsels beskou. Daar word gesê: "*Ons* lewe in 'n ander tyd! Nou *weet* ons wat die ware toedrag van sake is. Per slot van rekening: Die wetenskap het mos bewys dat die heelal 15 000 miljoen jaar gelede uit 'n oerknal gebore is, en dat lewe op aarde al 4 600 miljoen jaar gelede spontaan uit slym geëvolueer het tot al die vorms van lewe wat ons vandag sien, dan nie?"

"Die vraag is: is die oerknal as interpretasie van die ontstaan van die heelal so ontwyfelbaar? Kan jy dit 'lees' wanneer jy na die sterrehemel opkyk?

Na alles wat ek in hierdie verband al gelees het is daar niemand wat enigiets met enige mate van sekerheid oor die heelal kan sê nie. Elke waarneming is op *voor*veronderstellings gegrond. Jou waarneming word op jou model gegrond – jou vertrekpunt. As jou vertrekpunt 'n oerknal is, dan is dit wat jy sal kry. Jy kry wat jy soek. En in geval iemand sou sê dat ek nie weet waarvan ek praat nie, haal ek drie wêreldbekende gesaghebbendes aan (wat nie Bybelgelowiges is nie):

1. Wetenskaps-filosoof, **Karl Popper** het gesê: " **Scientific certainty does not exist…the origin of life will forever remain untestable.**"

2. Sir Bernard Lovell v.d. *Joderell Bank* sterrewag in Engeland het gesê: "If you ask me how far those stars are, and therefore how old, then the answer is the extraordinary one that you cannot calculate the distance unless you know what cosmological model applies to the universe." Met ander woorde: die teorie bepaal die antwoord!

3. Nobelpryswenner, **Hannes Alfven** wat op die idee van 'n **oerknal** kommentaar gelewer het sê in die Los Angeles Times: **"Ongelooflik, waansinnig en fanaties."** Klink dit na wetenskaplike sekerheid? (*Los Angeles Times,* Jan., 1979.)

Dit is belangrik om te onthou dat daar geen wetenskaplike teenwoordig was toe die skepping plaasgevind het nie. Die enigste *ooggetuie* was God wat deur sy Woord gespreek het, en dit was so. Alles wat evolusie dus oor die ontstaan v.d. heelal en die mens predik is dus spekulasie en totaal onbewysbaar. Deur die eeue heen was daar nog altyd mense wat evolusie gesien het as 'n verklaring vir die ontstaan van die heelal en die lewe, maar dit was die verskyning van Charles Darwin se boek, *On The Origin of Species* in 1859 wat in die kortste tyd denkbaar deur mense opgeslurp is. WAAROM? Hierdie is vir my 'n kardinale vraag!

Die antwoord is dat die intelligensia van die Victoriaanse tydperk juis toe op soek was na 'n alternatiewe verklaring vir die skepping. En waarom? Omdat hulle die juk van geloof in God wou afgooi wat, indien Hy die Skepper van alles *sou* wees, morele verantwoording van elke mens sou kon opeis. En dit wou hulle met alle mag ontwyk! Darwin se 'van-aap-na-mens'-teorie het hierdie verlange soos 'n handskoen gepas, want, as die mens die natuurlike produk van evolusie sou wees dan is daar geen rede om God enigsins in berekening te bring nie, want dan kan Hy as die denkbeeld van primitiewe voor-wetenskaplike mense afgemaak word.

Daar was tye toe alles wat die wetenskap nie kon verklaar nie aan die werking van God toegedig is. In ons tyd, so word gesê, bly daar niks oor wat die wetenskap nie al verklaar het nie, en daarmee val God (met respek) uit die bus.

Van buite af gesien, egter, lyk dit asof die God van ons Christelike geloof as aller-skepper se tyd uitgedien is. Die hoëpriesters van die evolusiegeloof spot met mense wat nog in onkunde die gesag v.d. wetenskap probeer doodwens terwyl hulle aan hul naels oor die afgrond van die hedendaagse werklikheid hang. *Ander sê weer (en dis nie 'n storie nie) dat Christene vankant gemaak moet word, want so 'n geloof is 'n remskoen vir die evolusie van die samelewing.*

Op hierdie stadium van die gesprek kom die Bybelgelowige wetenskaplike terug met 'n baie geldige vraag: Kon die brein, wat uit eenhonderd duisend miljoen senuweeselle (genoem neurone), deur

middel van evolusie ontstaan? Geen twee sodanige neurone is dieselfde nie. Hulle is aan ewe veel ander selle met 5 000 miljoen miljoen miljoen senu-verbindinge gekoppel. Almal het 'n aparte funksie. As die verbintenisse van slegs *een* van die neurone op papier geskryf moet word, sal dit 10 000 miljoen boeke vul, elk met 400 bladsye. Geen wonder dat Isaac Asamov, wetenskapsfiksie skrywer gesê het dat die menslike brein die mees komplekse konstruksie op die hele aarde is nie.

Jy het seker nou al geraai waarom die evolusieteorie in terme van duisende miljoene jare praat. Want hulle hoop dat die duisende miljoene jare die publiek sal oortuig dat dit tog in soveel tyd sou kon gebeur het. Eerlike wetenskaplikes weet dat dit totaal onmoontlik is, selfs evolusioniste weet dit. Ek hou aan u voor 'n aanhaling van 'n wêreldbekende kundige in die wetenskappe wat beslis nie 'n Bybelgelowige is nie:

> **Professor George Wald v.d. Universiteit Harvard sê: "There are only two possible answers to the origin of life: spontaneous generation or special creation. One hundred years ago spontaneous generation was disproved, leaving us with special creation. I cannot accept special creation, and therefore I *believe* in spontaneous generation."** (*Creation Research Society* Quarterly, Mch. 1973,p.208.)

Is dit nodig om nog iets te sê? U sien, hy wéét dis 'n leuen, maar hy weier om die enigste alternatief te aanvaar. Maar sien ook daardie woord '*believe'* raak. **Dit is in wese dus 'n geloofs-kwessie!** Darwin se geloof in 'n evolusieproses is net so vergesog as dat 'n mens sou kon glo dat 'n trapfiets, al bewegende verander in 'n bromponie, die bromponie in 'n motorfiets, 'n motorfiets in 'n viersilinder motor en 'n viersilinder in 'n ses-en dan daarna in 'n agtsilinder sonder dat dit vir een oomblik stilhou en ophou loop. Hierdie voorbeeld is 'n speletjie in vergelyking met die spontane ontwikkelling van die menslike brein waarna ek verwys het.

*Ons word vandag onverpoosd gebreinspoel om die leuen van evolusie aan te hang.* Selfs 'n beduidende aantal van ons teoloë aanvaar dat God evolusie '*gebruik'* het. Hoe kon God iets gebruik wat daarop uit is om Sy bestaan uit die gedagtes van mense te verban? Hieroor het prof. Phillip Johnson in sy boek, *Darwin on Trial* gesê: **"Die afwesigheid in die kosmos van 'n skepper is daarom die ononderhandelbare *vertrekpunt* van Darwinisme"** (p.116).

As Darwinisme waar moet wees, dan was daar miljoene jare van die oorlewing van die sterkste – dus *dood* van miljoene tussen-vorms van lewe op die aarde *voor* Adam. Die Bybel sê *uitdruklik* dat die dood vir die eerste keer ingetree het met Adam en Eva se sonde. Die Bybel gee te kenne dat daar geen stadige proses was wat opgebou het tot die ontstaan v.d. mens nie.

Lees Mark.10:6: "Van die *begin*, van die skepping, het Hy hulle gemaak *man en vrou."* Daarná kom die sondeval, soos Genesis 3 dit stel, en het die dood vir die eerste maal ingetree. Hierdie is die woorde van Christus self, en volgens Joh.1:1 het Hy die wêreld en alle lewensvorme geskep. Lieg die Here dan op die heel eerste bladsy van die Bybel?

U sien – ons kan nie in die Bybel *en* evolusie glo nie – hulle is beide eksklusief, nie inklusief nie. Prof. Louw Alberts, in sy boeke, probeer om gelyktydig op albei stoele te sit deur te sê dat God op 'n gegewe punt lewe in 'n voor-menslike dier geblaas het, en toe word hy 'n mens. Oor die radio het ek een keer in Flip Loots se *Oop Gesprek* vir hom gesê dat hy Markus 10:6 dan tot leuen verklaar.

Maar, sê iemand: "Wil jy werklik hê dat ons die letterlike woorde in die Bybel oor die skepping moet glo? Het die wetenskap nie al jare gelede bewys dat die hele proses duisende miljoene jare geneem het nie? **En, is die dae van Gen. 1 dan nie tydperke nie?"**

Die ongelowige deskundige op die gebied van historiese Hebreeus, **prof. Robert Barr** van Oxford, erken dat Genesis 1 se oorspronklike betekenis niks anders is as presies wat daar staan nie, naamlik, dat God in ses 24-uur dae die heelal geskep het. Word dit dan nie in die **Tien Gebooie** bevestig nie waar dit sê: "Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak"? Lees verder Eks. 31:17 waar dit vertel dat God met Sy vinger in klip daardie gebooie geskryf het – die enigste en mees direkte oordra van God se woorde in die hele Bybel! **Nee, die dae van Genesis is nie tydperke nie, want dan *verdraai* ons die woorde van God.** Of weet die wetenskap van beter? Teoloë wat die hoofstuk as "kunstige gedig" verklaar is besig om die direkte en voor die handliggende betekenis te systap, *want hulle wil dit nie glo nie.*

U moet verstaan: Dis presies hier waar ons te doen het met die hele **kwessie van gesag**. *Of* ons aanvaar die gesagswoorde van die Bybel, of ons aanvaar die gesagswoorde van die sogenaamde

wetenskap. Onthou: evolusie is onbewysbare spekulasie. 'n Vraag wat wel hier gevra kan word is: **Strook die fisiese feite van die skepping nie dalk met die evolusie *eerder* as die Bybel nie?**

"Vir party is die verbasende antwoord, NEE. Tyd ontbreek om in detail in te gaan, maar ek noem slegs drie onomstootlike gegewens wat dui op 'n aarde wat beslis minder as 10 000 jaar oud is:

- Die krag van die magnetiese veld van die aarde halveer elke 1 400 jaar. Terugwerkend beteken dit dat tien duisend jaar *gelede* die magnetisme *so* sterk was dat lewe op aarde onmoontlik sou gewees het.
- Die son word daagliks met 35 meter kleiner. Terugwerkend beteken dit dat selfs 20 000 jaar gelede die son sò na aan die aarde sou gewees het dat dit alle lewe sou verskroei het. En ná 1m. jaar? Totale uitbranding.
- Meteoriete word slegs op die oppervlak v.d. aarde en heel onder op die pre-Kambriese rotslaag gevind. Die sedimentlae wat kwansuis die miljoene jare van evolusie verteenwoordig het geen meteoriete in nie. Daar moes miljoene gewees het! Die een-jaar vloed verklaar waarom hulle *nie* daar is nie.

Ek noem in my vorige boek 10 verdere fisiese bewyse wat daarop dui dat ons met 'n jong aarde te doen het, jonger as 7 000- 10 000 jaar. Die geslagsregisters van Genesis 5 gee aan ons 'n saamgestelde ouderdom van die aarde van sowat ses duisend jaar. 'n Boek op my rak deur 50 hedendaagse wetenskaplikes geskryf en in ses tale vertaal, onderskryf almal 'n ses-dag skepping tussen 6 000-en 10 000 jaar gelede. Ek ken twee van hulle persoonlik.

Die **miljarde fossiele** oor die hele aardbol wat ten tye van die Vloed van Noag in rotse weggelê is, is 'n onomstootlike bewys van die oordeel van God oor die sondigheid van die mens sowat 4 500 jaar gelede. Dit is egter die laaste ding op aarde wat die evolusionis sal erken, want dan moet hy erken dat beide die Bybel se woorde waar is, dat God werklik bestaan en dat Hy die sonde straf. Daarom beveg hulle die Vloed met al die mag tot hul beskikking. (Kyk na hoofstuk 4 vir meer besonderhede hiervan.)

**Is daar iets waaraan ons die Bybel kan *meet*…dat dit waar is?** As dit byvoorbeeld bewys kan word dat dinge wat die Bybel voorheen voorspel het waar geword het, dan kan enige redelike mens

tot die gevolgtrekking kom dat wat dit elders sê, ook waar is, of waar sal word (soos onvervulde profesieë).

Dit sou moontlik wees om 'n paar dosyn voorbeelde te noem wat 'n bedrewe wetenskaplike, **dr. Peter Stoner,** in sy boek aanhaal onder die titel: ***Science Speaks.*** [Ek slaan die profetiese bewyse oor, want dit word in hoofstuk 20 behandel.] Wanneer ek dus enigiets in die Bybel lees, en veral wetend dat dit omtrent 2 500 maal sê: "En *God* het gesê…" dan aanvaar ek dit as absoluut en betroubaar – selfs wanneer dit ons vertel hoedat God die hemele en die aarde in ses gewone dae gemaak het.

As 'n laaste kersie op die evolusie-koek hou ek daarvan om dr. **John Eddie** aan te haal wat een v.d. wêreld se voorste astro-ficici is. Hy sê:

> **"I suspect the universe to be 4 500 mil. years old, but, however, given some new and unexpected results to the contrary, and some time for frantic readjustment, I sus--pect we could live with Bishop Ussher's value for the age of the earth and sun. I don't think we have any observat-ional evidence to conflict with that."** (Sept.'99:*Creation* Tydskrif, Austr.) Ussher sê dat skepping in 4004 v.C. plaasgevind het.

Ek nooi u dus om elke woord wat in die Bybel staan met die diepste erns te bejeen. En wanneer dit sê dat "nie elkeen wat vir My sê Here, Here, sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar *hy wat die wil van die Vader doen",* dan glo ek dis die volle waarheid" (Matt.7:21).

**Slot.** Ek beklemtoon weer die onberekenbare omvang van die evolusie-godsdiens. Niks bly oor wat nie daardeur besoedel is nie – ook die teologie. Indien ons as gelowiges nie nou opstaan vir wat reg en waarheid is nie, sal ons kerk om ons voete aan skerwe lê. Elke dwaling wat hierop volg, glo ek, is op een of ander wyse die produk van die evolusiegeloof.

Die volgende hoofstuk neem'n aantal spesifieke beskuldigings wat teen 'n reguit geloof in die Bybelteks gemaak word in behandeling. Vele hiervan kom uit die monde van teoloë wat lank nie meer die Bybel as betroubare dokument beskou rakende byna enigiets wat met wetenskap óf geskiedenis te make het nie. Hierdie situasie is iets wat ek nie lekker verstaan nie, want op 'n dag, ewe skielik, was die Bybel nie meer wetenskaplik óf geskiedkundig betroubaar nie. Wat ek wil weet is, WIE Sê?

Wanneer ek enige deel van die Bybel lees dan val die ongeëwenaarde sorg vir detail dadelik op. Om die waarheid te sê: ek daag enige moderne teoloog uit om aan my 'n 'gewone' geskiedenisboek te wys wat in meer besonderhede ingaan as wat die Bybel doen. Elke naam van elke koning, sy vrou, sy hele lot kinders, hul ouderdomme, alles is daar. Maar ook van onnoemenswaardige mense betrokke. Daar is lyste en lyste van name wat die gewone geskiedkundige eerder nie sou plaas nie, want elke bykomende naam is 'n bykomende strik. Maar nee – *so* is die Bybel nie. God se inspirerende Gees aarsel nie om passasies met 'n menigte van besonderhede te vul nie. Teoloë: gaan slaan die Ou Testament by énige plek oop en probeer verby die vooroordeel kom van onbetroubaarheid, en lees net onbevange wat daar staan. Kan Herodotus of Josephus daarmee vergelyk word? Sê my, asseblief.

My sterk vermoede is dat die stelling dat die "Bybel nie wetenskaplik en geskiedkundig betroubaar is nie" in wese twee dinge verteenwoordig. Die eerste is die *vals* geloof dat die Bybel nie ten volle geïnspireerd is nie en daarom 'vol foute', en tweedens; dat dit die buig van die knie is voor die sogenaamde 'ontwyfelbare sekerhede v.d. moderne wetenskap en geskiedenis'. As Bybelgelowige verwerp ek albei, want nie een van hulle is óf onbevooroordeeld of die alleen verkondiger van die Waarheid nie.

Dit is voorwaar 'n tragedie dat ons in die NG Kerk *ooit* hierdie posisie bereik het. Waar is die dae toe alles en enigiets wat in die Bybel gestaan het as ontwyfelbare waarheid geglo is?

Ek noem as voorbeel die volgende: Op 1 Augustus (2005) woon dr. Hennie Mouton van Denel, 'n NGK lidmaat, 'n lesing van prof. Wentzel van Huyssteen van Princeton by aan die Dept. Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria - Prof. Julian Müller se departement. Hy skryf daarna aan prof. Müller soos volg: "…wat vir my eenvoudig ontstellend is, is dat Evolusie die absolute basis van die Praktiese Teologie Departement van UP se lering is, <u>en dat ons voornemende predikante met daardie basis opgelei word</u>…" Hierdie skandalige situasie pla ons NGK leierskap klaarblyklik nie.

**Die verskyning van die 'bybelwetenskaplike' aan ons kweekskole speel in die ondergrawing van ons geloofsgoedere 'n groot rol. Die noodsaaklikheid om op akademiese vlak te presteer en met nuwe gesigspunte vorendag te kom speel sekerlik 'n rol wat nie onderskat moet word nie. In die volgende hoofstuk kyk ons na oorsake van ons huidige inploffing.**

## OOR DIE WETENSKAP, EVOLUSIE EN DIE BYBEL

**Dr. Clark Pinnock** in sy boek, *Set Forth Your Case,* sê:"Evolution is believed and taught, not so much because of the truth thereof, but because of the need thereof." (Moody Press, Chicago, 1967. P.38)

**Sir Frederick Hoyle**, Sterrekundige en wiskundige: "Twee duisend komplekse ensieme word benodig vir 'n enkele lewende organisme, maar nie 'n enkele kon in 20 miljard jaar vanself gevorm het nie." (deur PJP vertaal uit sy boek *Evolution in Space.)*

Ná hy sy boek voltooi het, sê **Darwin**: "Daar is soveel geldige en gewigtige argumente teen my idees, dat jy, of enigiemand anders, indien julle aan die ander kant sou wees, julle julself met gemak kan oortuig dat ek my totaal misgis, en ongetwyfeld is ek gedeeltelik verkeerd, moontlik in geheel, maar ek is vir my eie weë blind." ( uit sy Briewe, deur PJP vertaal.)

**Die teoloog R.C.Sproul,** in sy boek, *Not a Chance: The Myth of Chance in Modern Science and Cosmology,* sê die volgende: "If chance exists in any size, shape, or form, God cannot exist. The two are mutually exclusive. If chance existed, it would destroy God's sovereignety. If God is not sovereign, he is not God. If he is not God, he simply *is* not. If chance is, God is not. If God is, chance is not."

**Teoloog Hank Hanegraaff** haal die ateïs, G. Richard Bozarth aan in sy boek, *The Face that Demonstrates the Farce of Evolution*, waar hy sê: "Christianity is – must be – totally committed to special creation as described in *Genesis*…Without original sin, who needs to be redeemed? Without Adam's fall into a life of constant sin terminated by death, what purpose is there to Christianity? None…What all this means is Christianity cannot lose the *Genesis* account of creation like it could lose the doctrine of geocentricism and get along" (p.19). [PJP: Geosentrisme is nie 'n Bybelse dogma nie.]

**Ankerberg en Weldon,** in hul boek, *Darwin's Leap of Faith* sê: "The evolutionist establishment demands freedom of expression for itself but refuses to allow its opposition this freedom. As dr. Thomas Dwight of Harvard observed: 'The tyranny in the matter of evolution is overwhelming to a degree of which the outsider has no idea. In our colleges and universities today, the Christian faith can be ridiculed, Marxism can be espoused, the Constitution can be critized, morality demeaned, occultism promoted, homosexuality practiced – but the theory of evolution is somehow sacrosanct'. Chicago University's prof Paul Shoray observed: 'There is no cause so completely immune from criticism as evolution.' " (p.110).

**Prof. Phillip Johnson**, Regsprofessor van Univ. Californië, Berkley Kampus, sê: "There can be no science of value, beauty, or goodness." Uit sy boek: *Defeating Darwinism by Opening Minds*, p.96.

# Hoofstuk 4 ‘WETENSKAPLIKE’ AANVALLE OP DIE BYBEL

Soos voorheen genoem beskik ek oor honderde uitknipsels uit die *Kerkbode*, koerante en tydskrifte oor die politiek, die teologie en algemene Christelike leer. In my poging om die materiaal te orden kom ek tot die gevolgtrekking dat daar in die breë twee soorte vraagstukke is, naamlik die Skrifkritiese vraagstukke en die wetenskaplik-historiese vraagstukke. My indelings is nie waterdig nie want laasgenoemde vorm in wese ook deel van die Skrifkritiek, maar dit is vir my makliker om die wetenskaplik-historiese apart te behandel. Laasgenoemde is in elk geval die aspek waarby die gewone lidmaat betrokke is, maar ook die een wat ons dagblaaie meermale haal. Ek behandel dit dus eerste.

Onderstaande voorbeelde is seker die mees algemene wat uit die mond van geleerdes, van watter soort ookal, gehoor word.

**Die Bybel is nie ’n Wetenskapshandboek nie:**

**1. Galilei** en die ‘son wat *nie* om die aarde roteer nie’

Uit die staanspoor noem ek die refrein wat ons vir jare reeds uit die monde van teoloë hoor wat glo dat die Bybel aan die wetenskap ondergeskik is, naamlik "dat die Bybel nie 'n wetenskaps- of geskiedenis handboek is nie." Hierdie stelling is eintlik by voorbaat 'n soort verdedigingsmeganisme wat ontwerp is om sogenaamde outydse beskouings rondom die Bybel dadelik te smoor. Dit word gewoonlik opgevolg met twee verdere stellings, tewete dat, 1) "die wetenskap die kerk verkeerd bewys het in sy geloof dat die son om die aarde roteer totdat Galelei, die wetenskaplike, dit as vals bewys het, en 2) dat die aarde nie plat is soos wat mense destyds geglo het die Skrif te kenne gee nie."

Anders as wat beweer word, was dit nie die kerk wat in die eerste plek daarop aangedring het dat die son om die aarde wentel nie maar wel die *establishment* wetenskaplikes van Galilei se tyd. Dit is *hulle* wat by Pous Urban V111 aangedring het dat hy hul sienswyse moet ondersteun, en nie andersom nie. Galilei was nie juis hul gunsteling kollega nie, want hy het die lastige gewoonte gehad om hulle heel dikwels teen te gaan. Geen wonder dus dat hulle gepoog het om die gesag van die Pous te gebruik om gesag aan hul eie standpunt te verleen nie. Dit is tog eg menslik, hoewel verkeerd en laakbaar!

In sy artikel, *The Galileo Affair: History or Heroic Hageography,* sê dr. Thomas Schirrmacher die volgende (p.91-100 v.d. *Technical Journal* 14(1), 2000 van *Answers in Genesis*):

> "Contrary to legend, Galileo and the Copernican system were well regarded by church officials. Galileo was the victim of his own arrogance, the envy of his colleagues, and the politics of Pope Urban V111. He was not accused of criticizing the Bible, but disobeying a papal decree."

Ter verdere bevestiging van my stelling in die voorlaaste paragraaf verwys ek na 'n uitstaande boek, *Refuting Compromise* deur dr.Jonathan Sarfati, waarin hy die volgende meedeel (p.53):

> "The main propagandists for this cause [van Galilei] were the notorious 19th Century bigots John William Draper and Dickson White. Draper wrote the *History of the Conflict between Religion and Science* (1874) as a poorly informed polemic against the Church. White was the founder of *Cornell University* as the first explicitly secular university in the United States, and published the two-volumed work *History of the Warfare of Science with theology in Christendom* (1896)".

**Draper en White** was beide daarop uit om die Kerk op soveel gebiede as moontlik in diskrediet te bring, en die valse voorstelling rondom Galileo Galilei was maar net een van hulle. Maar hulle het dit mis. Die werklike houding van die Kerk teenoor die beoefening van die sterrekunde (sê John Heilbron in sy boek *The Sun in the Church* (p.202-203) was om katedrale tot beskikking van sterrekundiges te stel sodat hul deur middel van 'n gaatjie in die dak 'n beeld van die son op die vloer kon bestudeer. Skaars 50 jaar ná Galilei het sterrekundiges uit die voorste intellektuele Jesuïte Orde geokinetika selfs in China al gedoseer. Die Kerk se beskouings in hierdie verband was dus alles behalwe onwetenskaplik of agter die klip, soos dikwels uitgemaak word.

Graag verwys ek verder na die boek ***The Myths of Science,*** onder die redaksie van Kirsten Birkett waarin bogenoemde mite in detail bespreek word. Vier sinne daaruit verdien melding: **"At no point did Galileo's story involve Christianity opposing anything; it was the Catholic Church, egged on by Aristotelian scholars...There was no widespread horror or outcry against Copernicanism in Protestant countries. It was accepted for what it was: an astronomical theory, of little interest to**

**theologians...**There is doubt about whether Calvin ever heard of the theory" (p.39). (Birkett is 'n wetenskaps-historikus en redaktriese van *Kategoria: a critical review.)*

Mag die gedurige verwysing na bogenoemde valse teenstelling onder teoloë met bostaande paragrawe ter ruste gelê word.

**2. Die Plat Aarde Mite**

Op bladsy 332 van my boek *Evolusie en Die Bybel,* verwys ek na Jeffrey Burton Russell se boek *The Myth of a Flat Earth,* waarin hy sê dat daar reeds in die derde eeu voor Christus geen opgevoede mens was wat in 'n Plat Aarde geglo het nie. Hy meld dat daar in die vroeë Christelike era reeds duisende teoloë, kunstenaars, digters en wetenskaplikes was wat in 'n sferiese aarde geglo het. Dit was weereens voorgenoemde Draper en White wat uitmuntend daarin geslaag het om die Kerk as verspot en onwetenskaplik te tipeer, want hierdie twee skrywers het die Plat-aarde beskouing bly gebruik om punte teen die kerk aan te teken. Dit is tragies dat verreweg die meerderheid teologiese professore waarvan ek weet nog steeds hierdie twee laakbare voorbeelde gebruik om Kreasioniste by te kom (wat met rede oa. in 'n letterlike ses-dag skepping glo). *Dit is onwetenskaplik, onChristelik, misleidend en onderduims om hierdie gerieflike leuens sonder bevraagtekening te bly gebruik sonder om die oorsprong daarvan op wetenskaplike wyse na te gaan.*

[Vir die inligting van die ongeïnisieerde leser meld ek dat dit byna onmoontlik is om feite soos hierbo uitgespel in dagblaaie en tydskrifte gepubliseer te kry. Enigiets wat die huidige populêre beskouing teengaan - oor *enigiets* - kry die wind van voor. Moet daarom nie vra hoekom niks (of min) in selfs kerklike koerante en tydskrifte hieroor verskyn nie. Dit sal die kaarte van die *establishment* teologie en wetenskap te erg deurmekaarkrap. Die wetenskap sowel as die Skrifkritiese teologie handhaaf dieselfde evolusie-vertrekpunt.]

**3.** Verwant aan bogenoemde simplistiese en misleidende skema is die **Drie-Verdieping wêreldbeeld** waarteen die teoloog, Rudolf Bultmann én andere, verkleinerend te velde trek. Bybelskrywers praat van God daar bo in die hemel, die mens op die aarde, en die demone onder die aarde (ons doen dit nou nog!). Bultmann beskou hierdie uitdrukkings as bewys van 'n mitiese denkwyse wat op sy beurt dui op die tydsgebondenheid van die Bybel en die on-wetenskaplikheid daarvan. Pleks dat hy ruimte vir die wêreldbeeld van

die mense van bybelse tye laat (soos ons bybelwetenskaplikes vir ons bly sê *ons* moet doen), verwerp hy dit as kosmologies onhaalbaar. Dáárom moet ons die mite interpreteer, dit wil sê: nie vra wat die mite is nie, maar wat dit *bedoel* om te sê. Hierdie proses noem hy dan die ont-mitologisering van die Bybel.

Die gewone NG-lidmaat moet beslis nie dink dat hierdie hantering van die Skrif iets is wat daar vêr in Europa alleen plaasvind nie. Dit word ook hier in ons land beoefen. Die gewone aanhef verklaar dan dat: 'die bedoeling van skrifgedeelte is'…" sodat die *geskiedenis* van Noag bv. gereduseer word tot 'n niksseggende 'troosboodskap' of iets dergeliks!

**4. Jona en die vis.** As Jona maar self geweet het wat die omvang van sy ongehoorsaamheid aan God se bevel om na Ninevè te gaan in die moderne wereld sou ontketen, dan het hy sekerlik 'n tweede keer daaroor gedink. Die hoeveelheid uitknipsels in my besit oor arme Jona - of dit uit *Die Burger* of die *Kerkbode, de Kat* of *Insig* - almal het hul deel tot een van die bekendste vraagstukke rakende die Bybel en die moderne mens bygedra.

Hier volg 'n klompie opskrifte: "Jona en die vis: is die oordeelsdag ook 'n mite?"(prof. Jaap Kies),"Kom ons dank Jesus vir uitsprake oor Jona" (ds Mike Smuts), "Jona sal beslis in sy graf omdraai" (H.A.C. v.d. Berg), "Jona-kwessie: teoloë kan lidmate uitdryf na ander kerke" (dr T.L. Conradie), "Jona in die vis se maag? Aikona..." (Huisgenoot),"Sinode verwys 'Jona' na Kommissie"(KB) en "Sinode laat kyk of Jona wel drie dae in walvis was" (dr. J. Retief, DB).

En sowaar, die Wes-Kaapse Sinode publiseer wel 'n pamflet om die saak rondom Jona 'op te klaar'. Die gepubliseerde stuk werp uiteindelik nog *minder* lig op die onderwerp en skep slegs verdere verwarring. Beter as wat my vriend, ds. Maartin Blignaut die saak gestel het, sou ek nie kon nie, en daarom plaas ek 'n opsomming van sy antwoord aan die kommissie hieronder:

- "Die kommissie probeer om almal te akkommodeer. Hy vra/sê: was Jona in die vis of nie? 'n Reguit antwoord is nodig.
- Om te sê dat Jona 'n baie ou boek is, is 'n ander manier om te sê dit is onbetroubaar. Waarom doen u dit terwyl die historiese data in die Bybel staan?

- Daar word na Calvyn verwys met die sinspeling dat hy moontlik nie in ’n ware Jona geglo het nie, maar hy word tog nie aangehaal nie. Hoekom sulke verdagmakery?
- Daar word na ‘die antieke teks’ verwys met die voorstel dat dit ’n ‘gelykenis’ is of kan wees. Weet die kommissie nie wat die verskil is tussen ’n gelykenis en ’n ware verhaal nie?

Ek moet eerlik en reguit sê: Die studiestuk *Jona en die Vis* is vir my eerder ’n ondermyning v.d. Skrifgesag as ’n handhawing daarvan”.

Dit amuseer my dikwels hoedat sekere teoloë hoog opgee omtrent 'literêre genres' en 'literatuurtipes', en wanneer hulle voor Jona se *geskiedenis* staan dan kry hulle dit reg om verby hul *eie* wetenskaplike metodes te kyk. Ek glo dat die werklike rede waarom die boek Jona as ware geskiedenis gediskrediteer word, slegs is omdat die vis hom tydelik geherberg het. Sy verblyf van drie dae lyk vir teoloë van ons dag darem te dik vir 'n daalder en te veel na 'n wonderwerk, en daarom moet hulle *ander* redes vind wat geloofwaardigheid aan hul teorië skenk; soos dat die stad hoegenaamd nie so groot kon wees nie, en daarom fiktief. Jy redeneer dus óm die vis sonder om direk te sê dat juis dít die kern is waarom Jona as mite geklassifiseer word.

Ek sou oneerlik wees as ek nie sou erken dat die vis-storie ook vir my in my jong dae effens gekwel het nie, maar my uitgangspunt selfs toé was dat wat God se Woord sê is die waarheid, en klaar. My eerste hoofstuk vertel van my ondervinding in my klas aan die Universiteit van Kaapstad, en hoedat juis hierdie vraagstuk ook aan die orde was. Op die rak v.d. CSV biblioteek was ’n boek met die titel *The Harmony of Science and Scripture.* Skrywer dr. Harry Rimmer het beide in die teologie sowel as die wetenskap 'n doktorsgraad gehad het.

Rimmer vertel die verhaal van 'n Brit wat ter see oorboord geval en deur 'n walvis-haai ingesluk is. Hy is sonder seremonie 'n paar dae later op die strand uitgespoeg en het daarna met sy geel-bevlekte vel in die Britse Museum gesit om teen betaling aanskou te word. Sy van, soos ek dit onthou, was Baxter. Daar is ook ander soortgelyke *ware* verhale.

Hierdie stukkie geskiedenis het heelwat gedoen om my vertroue in die waaragtigheid van die Bybel te bevestig. Dit is altyd goed om sulke wetenskap-ondersteunde feite te kry. Die leser moet egter nie dink dat die kennis van hierdie mededeling enige indruk op

Skrifkritiese teoloë maak nie. Wanneer moderne toeloë eenmaal besluit 'n Skrifgedeelte is mite, kry geen wetenskaplike bewyse hul daarvan af nie. Waarom? Omdat dit dit in stryd sou wees met hul vooropgestelde idees rondom Skrifgesag - die Bybel is eenvoudig nie geskiedkundig en wetenskaplik waar nie, bewyse ten spyt!

**5. Wonderwerke in die Bybel**

Gewone lidmate moet besef dat wonderwerke as sodanig vir die Skrifkritikus totaal onaanvaarbaar is. Sy voorveronderstelling laat dit hom nie toe nie, want hy glo in wese nie dat daar 'n God is wat hulle sou kon verrig nie. Hy glo slegs aan 'n naturalistiese antwoord op enige wonderwerk in die hele Bybel. Wat hy nie op hierdie manier kan verklaar nie, word as 'n latere invoeging beskou om meer geloofwaardigheid aan die Bybel te gee.

Die vraag móét hier gevra word: waarom duld ons hierdie Godloënende en destruktiewe mense binne óns Kerk? Wat is die winste teenoor die verliese? Ons verlóór die gesag en betroubaarheid van die Bybel, nie omdat dit onbetroubaar *is* nie, maar omdat hul voorveronderstellings hulle nie toelaat om dit te erken nie! Dit is kwansuis geleerd om op 'wetenskaplike' wyse met die Skrif om te gaan en met allerhande wyshede vorendag te kom wat op niks anders uitloop nie as die *ondermyning* van die geloof van die lidmaat! Hierdie skrywe is 'n ernstige pleidooi om lidmate tot gesamentlike aksie teen wat binne ons eie kweekskole en sinodes aan die werk is, op te roep. Genoeg is sekerlik genoeg!!

**6. Die Genesis Skeppingsverhaal**

Naas Jona staan hierdie gebeure uit as die een waaroor die meeste geredeneer word. Maar dit strek ook verder. *Die Huisgenoot* van 12 Oktober 1995 dra 'n artikel waarin die menings van verskeie teoloë verskyn. Dr. Louis Jonker van Stellenbosch huldig die mening daarin dat die hele Skrifgedeelte van Genesis 1-11 mitiese stof is. My poging om hom deur die Wes-Kaapse Sinode as gevolg hiervan onder tug geplaas te kry, glo dit as jy wil, misluk. Hy is wel berispe, maar hoe is dit moontlik dat enige teoloog so ver van ons gereformeerde standpunt kan (af)dwaal sonder om sy pos te verloor? En om te sê dat hy die woord 'mite' op die Duitse manier gebruik het is om die taktiek van misleiding te gebruik. Niemand wat die *Huisgenoot* lees verstaan immers die woord so nie.

Vir byna 2000 jaar glo die kerk van Christus dat Genesis 1 ware geskiedenis (en dus per implikasie ware wetenskap) is. Nie alleen

het die kerk dit geglo nie, maar ook 95% van alle wetenskaplikes het daardie betekenis onderskryf.

Iets moes gebeur het wat hierdie fatale ommeswaai veroorsaak het. Daardie 'iets' was die verskyning van **Darwin** se boek ***The Origin of Species*** (aanvanklik uitgegee met die bykomende veelseggende titel: ***On the superiority of the Caucasian Race****.* Blankes is dus deur Darwin as hoër op die leer van evolusie bo swartes beskou. Dit het in Afrika gelei tot die slagting van miljoene boorlinge in die Congo deur blankes uit Europa. Die boek wat die verhaal vertel, *Darwin, Marx and Wagener* se 30 bladsye wat dit beskryf is uit die kopie wat in die J.S. Gericke biblioteek aan die US is weggelaat.)

Darwin se boek verskyn op 'n tydstip toe intellektueles naarstig gesoek het na 'n alternatiewe verklarig van 'alles'. Darwin se oplossing tref die mark op die kruin van hierdie soeke na 'n Godlose ontstaansgeskiedenis en word deur die breë samelewing byna kritiekloos opgeslurp. Ek sê 'byna' want talle wetenskaplikes van sy tyd spreek hul verbasing uit oor sy ongefundeerde wensdenkery.

Skrifkritiese voorveronderstellings staan op die 'fondament' van bostaande Darwinistiese geloof. Ek verkies egter om op geloof te aanvaar dat God die hemel en die aarde uit niks geskep het. My geloof dáárin is gegrond op die Woorde van die enigste ooggetuie, en Hy verseker my dat Sy woorde die onfeilbare en Heilige Geesgeïnspireerde woorde van die Skepper is.

Die klaarblyklike vanselfsprekendheid van wat as neutrale wetenskap aangebied word veroorsaak dat selfs gereformeerde teoloë oorgehaal word om saam met die Skrifkritici aan die druk van die sê-so van die 'wetenskap' toe te gee. Selfs professor Willie Jonker val in hierdie strik wanneer hy in drie *Kerkbode* artikels oor (let wel) ‘Skrifgesag' meld dat "ons in die lig van wetenskaplike bevindinge meer genuanseerd na die Skrif moet kyk." Dit wil nou eintlik sê (soos ek hom verstaan) dat die wetenskap die *interpreteerder* van die Skepping se bestaan *is,* en dat die Bybel moet plek maak vir die nuwe gesagswoord. Sy artikel beweer dat ‘*die Bybelskrywers* [arme drommels!] *aan die naïwiteit onderworpe was'* en ‘*nie kon geweet het wat die wetenskap in ons dag aan ons sou deurgee nie'*. Verbeel jou!!

Dit is 'n ander manier om te sê dat die Heilige Gees as inspireerder van Genesis 1 nie so *up to the minute* was as die hedendaagse

'wetenskap' nie. Hy (Jonker) besef klaarblyklik nie dat dit nie wetenskap is wat oor die ontstaansgeskiedenis praat nie, maar die evolusiegeloof *binne* wetenskaplike uitsprake. Hierdie is 'n onvergeeflike denkfout - komende van 'n senior gereformeerde teoloog.

**Die Bybel** is vol van die onbeskryflike versekeringe dat God, en God alleen die hemele en die aarde geskep het. Genesis 1:1 sê ''In die begin het God die hemel en die aarde geskape''. Ps.90:2 sê: "Voordat die berge gebore was en U die aarde en die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God." Ps.95:5 verklaar: "...Aan wie die see behoort wat Hy self gemaak het, en die droë land wat sy hande geformeer het." Jes.40:28: "'n Ewige God is die Here, Skepper van die eindes van die aarde..." Joh.1:3: "Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie." Rom.11:36: "Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge.." Kol. 1:16: "want in hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is...alle dinge is *deur* Hom en tot Hom geskape."

Ek vra: wat meer as hierdie versekeringe wil 'n mens hê?

Ek hoor hoe die skeptikus sê dat alles wat ek sê van nul en gener waarde is nie, want ek gebruik die Bybel self om sy eie waaragtigheid te demonstreer (soos dr. Ben du Toit sê). Dit is om in sirkels te redeneer. Ek weet ek doen dit, maar nie sonder rede nie. Sê nou maar dat die Bybel tog die ware woorde van die Skepper-God is, sou dit nie dwaas wees om nie die nodige ondersoek in te stel na die betroubaarheid van die Dokument as sulks nie?

In deel 2 van hierdie boek doen ons presies dit. Ons takseer die Bybel se uitsprake aan die hand van normale wetenskaplike maatstawwe wat op enige werk toegepas kan word. Slaag die Bybel die toets, dan berus daar op elke leser die verantwoordelikheid om van die boodskap daarin kennis te neem, maar ook die eise wat dit aan ons stel.

**7. Ses gewone dae?** Hierdie onderafdeling van die groot vraag rondom die skepping is vir niemand vreemd nie, net soos die hoeveelheid antwoorde. Bybelwetenskaplikes uit ons kweekskole herinner gedurig daaraan dat ons in die lees en interpreteer van die Bybel kennis moet neem van die literatuursoort, die genre en die verstaans-agtergrond van die hoorders van daardie tyd. Ons word ook gevra om noukeurig te let op die juiste betekenis van die Hebreeuse woorde wat gebruik word. Al hierdie is waar en onder-

skryf ek heelhartig, maar ek kry 'n nare gevoel dat genoemde aanhef slegs 'n manier geword het om enige persoon te laat verstaan dat hul eie (dws dié v.d. bybelwetenskaplike) moderne interpretasie van die teks in hierdie geval juis die ware een is - en dáárdie interpretasie sê die skeppingsverhaal is óf 'n gedig, mite, onberekenbare tydperke of eenvoudig 'n bekookte weergawe van vroeëre beskawings se skeppingsverhale.

Wie het dit reg?

Dit gaan nie hier oor wat God *kon* gedoen het nie, maar oor wat Hy wel gedoen het. Dit help nie om te argumenteer dat God eintlik tydperke bedoel het nie, want wie is ons om dit te sê terwyl die woorde wat daar staan van ses gewone dae getuig? Ek vra: as God ses gewone dae werklik bedoel het, kon Hy dit duideliker gestel het? Ek vra: Kon Hy?? En as Hy eintlik tydperke bedoel het, waarom het Hy dit nie op bladsy een van die Bybel gesê nie? Wat sou makliker gewees het as dit? In die ou dae het teoloë gesê: die reguit verstaan van die teks is die regte verstaan daarvan. En nou?

Verder, hoe kon Hy Moses in die Tien Gebooie laat opteken "want in ses dae het God die hemel en die aarde geskape, die see en alles wat daarin is..." as dit tydperke is? Moet die mens dan ook vir tydperke van miljoene jare werk, en dan uitendelik vir miljoene jare rus? (Ek kry aan die begin die werker jammer, en aan die einde die werkgewer). En onthou - ons het hier te make met die enigste en mees direkte kommunikasie van inligting tussen God en mens wat daar nog *ooit* was: Hy skryf "met Sy vinger in *klip*" (soos Eks. 31:17 dit benadruk).

Moet ons aanvaar, met respek, dat God hier lieg, of is Hy dalk besig om een van die duidelikste histories- wetenskaplike waarhede aan ons in eenvoudige taal deur te gee?

Na my mening los professor **James Barr van Oxford** die probleem op die mees direkte manier op. As professor in Hebreeus en as ongelowige 'buitestaander' sê hy:

> "Probably, as far as I know, there is no professor of Hebrew or Old Testament at any world-class university who does not believe that the writer(s) of Genesis 1-11 intended to convey to their readers the idea that (a) creation took place in a series of six days which were the same as the days of 24 hours we now experience, (b) the figures contained in the genealogies provided by simple addition a

> chronology from the beginning of the world up to later stages in the biblical story, (c) Naoh's flood was understood to be world-wide and extinguished all human and animal life except for those in the ark. Or, to put it negatively, the apologetic argument which suppose the 'days' of creation to be long eras of time, the figures of years not to be chronological, and the flood to be a merely local Mesopotamian flood, are not taken seriously by any such professor, as far as I know" *(23 April 1984 verklaring in 'n brief aan Rev.David Watson van Engeland).*

Vir omtrent vyftig jaar is ek aan en af besig met die vraagstuk: *Evolusie en Bybel,* en sonder uitsondering wyk teoloë volgens my waarneming van bogenoemde standpunt af wanneer hul in hul agterkop ruimte begin laat vir die gedagte: "sê nou maar die 'wetenskaplike' *is* reg, en hy beskou my as 'n fundamentalis, of 'n akademikus uit die donker verlede van onkunde." Dan argumenteer hy soos volg: "Ek gaan my posisie verskans deur te sê: 'die Bybel is nie 'n wetenskapshandboek nie, en daarom is die tyd-kwessie irrelevant.' My akademiese respektabelheid word op hierdie manier verseker."

Maartin Blignaut skryf in die *Kerkbode* van minstens tien jaar gelede in *Standpunte* onder die hoof, *Word die Bybel van gelowiges vervreem?* die volgende:

> "Laat die skelwoord "fundamentalistiese" wat so maklik om die nek van behoudende konserwatiewe Skrifgelowiges gehang word, maar buite rekening. Dan wil ek egter pertinent die vraag stel: Op grond waarvan kan enige teoloog sê dat ons Genesis nie letterlik-histories hoef op te neem nie? Daarvoor kan hulle tog net twee soorte gronde of motiewe hê, naamlik Bybelse gronde of buite-Bybelse gronde. Het hulle miskien in die Bybel self ontdek dat...die moderne uitlegger...hom nie aan die historisiteit van Genesis gebonde hoef te ag nie? Dit is ondenkbaar. Niemand het dan nog ooit probeer om met 'n Skrifwoord te bewys dat ons Genesis nie letterlik-histories hoef op te neem nie."

Hy gaan voort om te verwys na die nuwe 'gesag', naamlik die geologie, die argeologie en die biologie. Hierdie dissiplines word *bo* die Bybel verkies en aangehang. En as Genesis nie 'n historiese dokument is nie, en dit vol foute is, hoe kan dit die basis vorm van ons Christelike geloof? Verwerp die historisiteit en jy verwerp die

gesag van ons Christelike geloof. En, *waarom sou God wat alwetend is, van onwaarhede en leuens gebruik maak as Hy aan ons die ewige waarhede wou meedeel en verduidelik?* Die wonder van die geïnspireerde Woord lê juis daarin dat dit nog nooit nodig was om een woord van die Bybel te verander as gevolg van moderne wetenskaplike ontdekkings of insigte nie (my klem).

Tot sover ds Maartin Blignaut wat in ons kerk gesien moet word as een van die vaandeldraers van die histories-en wetenskaplike be-troubaarheid van die Bybel. Dank God vir so 'n man wat nog nooit geskroom het om helder en duidelik die Woord te verdedig "soos eenmaal aan die heiliges gelewer."

Wat meer moet nog gesê word? Lees die wye verskeidenheid boeke deur wetenskapikes geskryf wat 'n ses-dag skepping onder-skryf. Lees die boek *In Six Days* deur 50 wetenskaplikes geskryf wat almal in ses 24-uur dae glo.

**8. Die wêreldvloed.** Aan min enkele fisiese gebeure in die Skrif word soveel spasie afgestaan as die vloed van Noag. Vier hoof-stukke. Die detail waarin dit beskryf word en die ongekunsteldheid van die skryfstyl sowel as die datail van die beskrywing verbaas steeds. Die belangrikheid van die vloed word onderstreep wanneer ons besef dat daar omtrent 150 vloedverhale van oor die wêreld in volksbesit, opgeteken staan. Maar het dit werklik gebeur? Of was dit slegs 'n plaaslike vloed in Mesopotamië? Dalk 'n mite? Weet dit: vele van ons eie moderne NG-teoloë beskou dit as mite!!

Weereens: die Bybel hou die vloed aan ons voor as ontwyfelbare geskiedenis wat vir die wetenskap verreikende gevolge het. Maar bied die wetenskap dit as wêreldwye gebeurtenis aan? Hoege-naamd nie. Trouens, die vloed is die één Bybelse waarheid wat met alle mag en tot elke prys ontken word. Waarom? Omdat die erkenning daarvan sou beteken dat God wel bestaan en dat sy Woord ook waar moet wees wanneer dit ons van die gebeurtenis vertel. Dan is die oordeel van God óók 'n gegewe, want die vloed is die gevolg van die sondigheid van die mens.

Hier moet onderskei word - weer 'n keer - tussen wetenskap en die evolusiegeloof. Dit is die evoluisegeloof wat ware wetenskap al in so 'n mate gekaap het, dat elke aparte wetenskaplike dissipline van die veronderstelling uitgaan dat alle *ander* dissiplines wel evolusie ondersteun, al vind hy geen getuienis daarvan in sy *eie* vak--gebied nie. Die geologie is een v. d. dissiplines wat by uitstek onder die

evolusieparadigma gebuk gaan, want dit is daar waar die tekens van die vloed die meeste sigbaar is. Mens sou amper kon sê: *Geologie is Die Vloed.* Dáárom móét 'n ander interpretasie aan die sigbare gesteentes geheg word sodat niemand snuf in die neus kry dat mense eintlik besig is om die grootste katastrofe wat die wêreld nog getref het, se gevolge te aanskou.

Die 'grootste' naam in die geskiedenis van geologie is die advokaat, Charles Lyell. Hy skryf die bekende *Principles of Geology* se drie bande wat kwansuis die hele verhaal sou vertel van die aardkors segeskiedenis. Selfs evolusioniste soos Gould erken dat Lyell (advokaat) darem te ver gegaan het in sy anti-Bybelse interpretasie van die gegewens (kyk Sarfati se *Refuting Compromise,* p.246). (Leser, let wel: weereens 'n interpretasie van gegewens op 'n voorveronderstelling gegrond.)

Wat was Lyell se groot 'bydrae'? Hy het, juis omdat hy die vloed uit die geheue van die mensdom wou uitskryf, 'n alles-verklarende teorie geskep wat twee dinge in die denke van mense moes vaslê.

Die eerste was dat hy die idee van katastrofes moes weerlê, en die tweede dat alle waarneembare geologiese manifestasies die produk was van 'n uniforme proses oor duisende miljoene jare. Die proses se naam is "*uniformitarianism",* of in Afrikaans die woord Uniformitarianisme. En wat beteken dit? Dat alle geologiese formasies op 'n pynlik stadige en uniforme wyse neergelê is oor duisende miljoene jare. Hierdeur wou Lyell die woorde van 2 Petr.3:3-7 ongeldig verklaar wat sê: "spotters sal kom...wat sê: "waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af". Want moedswillig vergeet hulle ...dat die toenmalige wêreld met water oorstroom is en vergaan het..."

Hierdie teorie van hom sou effe later een van die twee bene uitmaak van Darwin se algehele evolusieteorie. Onthou net: evolusie sonder tyd is 'n *non-starter*. Darwin argumenteer dat as berge oor miljarde jare gevorm sou kon word, dan kon spesies ook in daardie soort tyd ontwikkel. Darwin aanvaar dus Lyell se teorie as feit, en omdat *dit* 'n feit is, verleen dit ewe veel die stempel van gesag aan sy eie bespiegelinge. Dit is sirkel-redenering!

Almal wat hierdie woorde lees is bewus van die illustrasies wat in byna elke museum ter wêreld uitgestal word, naamlik, die sogenaamde *'Geologiese Kolom van die Geskiedenis van die Aarde'*.

Hierdie kolom ken aan die sowat tien uitkenbare geologiese lae ontsagwekkende tydperke toe. Dit sê ook hoe diep elke laag is. Dikwels toon die illustrasie ook die soorte fossiele wat glo in elke laag aangetref word, en, soos reeds gesê hierbo, openbaar dit kwansuis 'n proses van evolusie tot by die mens. Omdat papier geduldig is bly hierdie vader van misleidende illustrasies eeu na eeu uitgestal totat almal eenvoudig dit as 'n gegewe aanvaar.

Toe ek my boek, *Evolusie en die Bybel: Kan hulle Versoen word?* geskryf het, kry ek die idee om die dieptes soos aangegee bymekaar te tel om te kyk waarop dit uitkom. Die totale diepte blyk toe 157 kilometer te wees. Toe gaan soek ek die meting van die diepste van alle lae wêreldwyd, en ek ontdek dit is slegs 25 kilometer. (Onthou net: in die hele verloop rakende Lyell se toerie kon niemand op aarde as wetenskaplike enige van sy stellings meet nie. Alles is bespiegeling. Hier, vir die *eerste* keer kán iets gemeet word (meet = wetenskap), en dit demonstreer *skaamtelose misleiding. Onthou:* Dr. Ben du Toit se boek staan op hierdie fondament.

Nou moet ek bysê: 25 km is die *diepste* sedimentneerlegging, en hierdie syfer *daal* tot so min as 12km met 'n gemiddelde van 16km. En omdat *diepte ook tyd* is, verdwyn 'n minimum van 2 637 duisend miljoen jaar ewe skielik uit sy berekening ( indien 25km as maksimum sou geld), of 2817 miljard jaar uit die aanvanklike 3 137 totaal indien die 16km gemiddelde sou geld. Die oorblywende miljarde jare wat sy 4 600 miljard volmaak verteenwoordig die gewaande tydspan waarin lewe moes evolueer.

Vir meer as 150 jaar word die wêreld totaal met leuens mislei omtrent die geologie, en dus die ouderdom van die aarde.

Maar behalwe bogenoemde: Dr. Steven A. Austin van die VSA, 'n kenner op hierdie gebied (kyk my boek p.58) sê dat die Geologiese Kolom soos aangegee slegs op 0.40% van die aardbol bestaan. *70% van die lae is op 77% van die aardkors afwesig,* en oor 90% van die oppervlak is 3 van die lae afwesig. Op vele plekke is die volgorde ook omgekeer! Ek haal my eie boek aan:

> "Dit is dus nie net die volledige kolom wat vir 99.6% van die aarde se oppervlak **afwesig** is nie, maar ook 84% van die totale diepte in meters, saam met die tyd wat dit verteenwoordig! Met ander woorde, **die diagramme in museums oor die wêreld en in alle handboeke is slegs die**

> **produk van die verbeelding.** Hierdie feit openbaar die omvang van evolusionistiese misleiding" (p.59).

(Terloops, genoemde *Geologiese Kolom* is deur ses mense opgestel. Hulle was Charles Lyell (advokaat : sê dit nie iets nie?), William Smith (landmeter/ingenieur), James Hutton (landboukundige), John Playfair (wiskundige), George Cuvier ( vergelykende anatoom) en Charles Darwin ( droster-teoloog en self-geleerde naturalis). Maak u eie gevolgtrekking, maar ek merk nie een geoloog onder hierdie mense op nie.)

Ek voel verplig om 'n verdere aanhaling uit wetenskaplike bronne voor te hou wat eintlik sy eie verhaal vertel. Geoloog J.S. Shelton verwys na die dilemma van die moderne geoloog wanneer hy sê:

> "*Marine* sedimentary rocks are far more common and widespread *on land* today than all other kinds of sedimenary rocks combined" *(uit Geology Illustrated,* 1966, p.28).

Wat anders as die Noagvloed sou so 'n onwaarskynlike situasie veroorsaak het? Maar die *establishment*-wetenskaplike swyg maar hieroor. Hulle swyg ook oor gevalle soos die ondersee modderstorting deur 'n 1929 aardbewing veroorsaak (genoem die *Grand Banks* aardbewing) wat aan die Ooskus van Kanada onverdun vir 700km oor die seebodem teen 'n spoed van 650km per uur beweeg het.

Die hele oppervlak van die aarde is die produk van 'n onmeetlike groot katastrofe wat slegs deur die vloed van die Bybel verklaar kan word. Waar, o waar is die tekens van 'n uniforme neerlegging van sediment deur erosie veroorsaak wat miljarde jare geneem het om neergelê te word?? Al die tekens is daar van 'n ontsagwekkende katastrofe, maar tot elke prys mag dit nie raakgesien word nie. Dáárom mòet gesê word: "die Bybel is nie 'n wetenskapshandboek nie..", aldus ons moderne teoloë in navolging van 'wetenskaplikes'!

Dán sê hulle: maar nee, ons hét 'n ander bewys vir evolusie - die fossiele wat ons in hierdie gesteentes vind! Maar kyk wat sê **Stephen Jay Gould,** voorste evolusionis, in sy bekende boek, T*he Return of Hopeful Monsters*, p.24, (soos deur my vertaal):

> **"Die fossielrekord met sy plotselinge oorgange verleen *geen* ondersteuning aan gestadigde verandering nie…Alle paleontoloë weet dat die fossielrekord bitter**

**min in die vorm van tussenvorme aanbied; oorgange tussen hoofgroepe is kenmerkend skielik."**

Op 'n ander plek sê hy, **"the extreme rarity of transitional forms in the fossil record...is the trade secret of paleontology."**

**9. Fossiel-nalatingskap.** Museums en handboeke rangskik fossiele op so 'n wyse dat gevorderde spesies bo lê. Spasie ontbreek om hierdie misleiding in detail te bespreek. Dr. Austin onthul in sy werke dat elke sogenaamde gevorderde soort lewe óók in die heel onderste Kambriese laag aangetref word. Verder; geen vóórvorms (wat die progressie van evolusie sou aandui) is êrens te bespeur nie. Met ander woorde: al die soorte en vorms van lewe wat ons vandag ken is almal op die heel onderste rotslaag teenwoordig. Dít beteken dus dat GEEN evolusie *ooit* plaasgevind het nie! Elke krieseltjie 'bewyse' vír evolusie bestaan slegs in museums en handboek diagramme alleen!

Ek voel genoop om nog een aspek van die onderwerp onder die aandag van lesers te bring: Volgens Lyell se eie sê-so is die tempo van sediment-neerlegging van die Geologiese Kolom 0.2mm per jaar. Teen hierdie jaarlikes tempo het diere so groot soos dinosaurusse in versteende modder gefossileer. So 'n fossiel lê gewoonlik op sy sy. Die hoogte betrokke is dan, sê maar 3,00 meter. Teen 'n tempo van 0.2mm per jaar sal dit 15 000 jaar neem om die 'dino' volkome te bedek. My vraag is: is daar enige rasionele mens op aarde wat sal beweer dat die hele karkas nie honderdmaal oor daardie periode sou gevrot het nie? Selfs 'n paddavis van 10mm sou nie vir die nodige 50 jaar ongeskonde daar bly lê het nie.

**Prof. McMurtry,** ook van die VSA, spesialiseer in die onderwerp van fossielering. Hy sê dat vyf dinge gelyktydig teenwoordig *moet* wees om 'n fossiel enigsins te kan waarborg.

- Eerstens, moet die dier lewendig deur die modder verswelg word.
- Tweedens, die dood moes dadelik intree.
- Derdens, vinnige en algehele begrawing moet plaasvind anders het dele gevrot en vergaan.
- Vierdens, alle toegang tot suurstof moes eensklaps afgesny gewees het, en

- Vyfdens, die karkas moes onverstoord bly lê totdat die proses voltrek is. Onder hierdie omstandighede is dit tog vir 'n laerskoolkind duidelik dat sedimentneerlegging van 'n vyfde van 'n millimeter per jaar nooit, maa*r nooit* selfs één fossiel tot gevolg sou gehad het nie. *En daar bestaan miljoene van hulle!*

**10. Die Ruimte se miljarde kilometers/jare**.

Hierdie onderwerp is eintlik een van die heilige koeie van die evolusieparadigma, want wie kan nou stry teen sulke onomstootlike bewyse vir die enorme afstande in die ruimte en die daarmee gepaardgaande tyd wat die lig van sterre geneem het om by die aarde uit te kom? Hulle praat in terme van miljarde jare, dan nie? Sou daar dan enige antwoord hierop wees wat steeds die Bybelse sê-so van omtrent 6 000 jaar se skeppings-ouderdom handhaaf?

Om mee te begin, gee ek in kort die uitgangspunt van die Christen wetenskaplike wat in 'n ses-dag skepping glo.

Ómdat die Bybel in sy geheel en in al sy dele daarop aanspraak maak dat dit God se onfeilbare Woord is, aanvaar hy ook sonder twyfel wat die Bybel te sê het omtrent die ontstaan van die heelal. Dit sê dat God op die vierde dag die son, maan en sterre gemaak het. Hy glo ook dat, toe God op die derde dag al die bome en plante van die veld gemaak het, Hy hulle in hul volwasse vorm geskep het. Die bome het dus vrugte gedra en saad versprei. Net so is die mens ook as volwassene geskep, al was sy voorkoms soos van 'n, sê, 25-jarige. Die sterre sou dus ook klaar op die aarde skyn onmiddellik na die skeppingswoord gespreek is. Vir 'n almagtige God sou dit kinderspeletjies wees. Hy glo dus, saam met die bybelse kronologie, dat die aarde eerste gemaak is en daarná die hemelliggame.

Daar is ook ander teorieë soos wat die gelowige dr. Russel Humphreys in sy boek *Starlight and Time,* voorhou. (Kyk ook na my boek se opsomming daarvan op bladsye 83 en 84.) Humphreys handhaaf deurgaans die ses-dag skepping terwyl hy 'n kosmologiese model voorhou wat ook wetenskaplik verdedigbaar is. Hy noem, terloops, dat die sogenaamde oerknal in stryd is met Einstein se relatiwiteitsteorie.

Die idee dat die wetenskap onteenseglik eksak is, is een van ons grootste struikelblokke. Ons, gewone siele, het min van 'n idee omtrent die hoeveelheid dinge, veral wat die ruimte aan betref, wat op spekulasie berus. Die gewaande oerknal is dalk 'n goeie voorbeeld

daarvan. Wanneer die wêreldbekende **Stephen Hawking** van Cambridge sê dat:

> **"the odds against a universe like ours emerging out of something like the big bang are enormous...If the rate of expansion *one second* after the big bang had been smaller by even one part in a hundred thousand million million, the universe would have recollapsed before it ever reached its present size"** (*A Brief History of Time* p.121,122).

Klink dit na 'n toevallige ontploffing? In elk geval: ontploffings is *altyd* destruktief en nie konstruktief nie. Toe ek 'n afgetrede ingenieurs-professor wat in die oerknal glo (want dit is 'n geloofssaak) hiermee konfronteer was sy antwoord: Nee, dit pla my nie.

Ruimte ontbreek om op die merkwaardige (en vir party, ontstellende) gewaarwording dat die aarde in wese in die sentrum van die heelal blyk te wees, in te gaan. Ek wonder hoekom? Ian Barbour, kosmoloog erken selfs dat die heelal op 'n mespunt balanseer, so presies is die totale samestelling.

Fisici se vertrekpunte rakende die heelal is 99.9% evolusionisties van aard, en die konstruksie wat hul daarop bou is dus 'n veronderstelling wat op 'n *nog* groter veronderstelling berus. Min wetenskaplikes sal bereid wees om hul voorveronderstellings vir 'n oomblik (van waarheid) opsy te skuif om te sê wat die koue syfers vir hom sê nie. Hoe, sou iemand kon vra, kan die publiek dan by enige andere gevolgtrekking uitkom indien *slegs* evolusie van meet af erken en gepropageer word?

**Samevatting.**

Teen hierdie tyd moet dit vir almal duidelik wees dat die koning geen klere aan het nie. Lyell (en dus ook Darwin) se vergesogte 'geologiese geskiedenis van die aarde', is niks anders nie as die grootste bedrogpleging wat verbeel kan word, en hulle het die vermetelheid om dit *'die geskiedenis van die aarde'* te noem. Geskiedenis is dit nie!! Maar gaan terug na die Bybel se opgetekende vloedgeskiedenis, en die geologiese rotsformasies sowel as die fossiele wat plotseling in modder verswelg geraak het en dit pas soos 'n handskoen. Die verskillende aangetrefde lae is veroorsaak deur die ontsagwekkendste katastrofe wat die aardbol nog ooit getref het. Praat van die 26 Desember, 2004 tsunamie? Dis 'n Sondagskool piekniek in vergelyking. Modderwaters van verskil-

lende soorte en kleure het eers vanaf hierdie kant, dan daardie, heen en weer gespoel en is oor mekaar neergelê. En soos natuurlike 'damme' wat vanweë die vloedwaters gevorm is oopgebreek het, is alles voor die voet meegesleur en verswelg. Daar was pandemonium! Daar was totale uitwissing van alle lewe op aarde – behalwe…….behalwe vir wat in die ark van Noag deur God se voorsienigheid daaruit gered is!

Die teoloë van ons dag het die geskiedenis soos in die laaste paragraaf gepenskets verruil vir die leuen van die voorafgaande paragrawe. Enige onbevooroordeelde wetenskaplike (en daar is duisende van hulle) sal beaam dat die bybelse vloedgeskiedenis verreweg die beste en betroubaarste wetenskaplike vertolking is van die sigbare werklikheid daarbuite.

Die skrywer, R. Russel Bixler se boek, *Earth, Fire and Sea* neem met goeie gevolg die eerste drie hoofstukke van Genesis in behandeling. Hy verwerp die 'gaping-teorie' wat beweer dat daar tussen Gen.1:1 en 2, miljard jare skuil. Dit is absolute onsin. Hy sê dat korrekte eksegese nie omgebuig kan word om so 'n periode te akkommodeer nie. Hy volg dit op met die verwerping v.d. "literary framework"-teorie wat sou bewys dat Gen.1 'n digterlike voorstelling is. Op bl. 72 sê hy dat hierdie verklaring op die onkritiese aanvaarding v.d. uniformitarianistiese (evolusie) idee van miljarde jare berus. Om bloot die parallele tussen die eerste drie dae en die tweede drie dae as *bewys* voor te hou is eenvoudig swak eksegese. Bixler haal Gerhard F. Hasel, in *Origins* aan waar hy sê:

> **"Compared to the hymns in the Bible, the creation account is not a hymn; compared to the parables in the Bible, the creation account is not a parable; compared to the poetry in the Bible, the creation account is not a poem; compared to cultic liturgy, the creation account is not cultic liturgy. Compared to various kinds of literary forms, the creation account is not a metaphor, a story, a parable, poetry, or the like" (p.72).**

Hy sê verder dat die Hollandse teoloog,G. Ch. Aalders onteenseglik beaam dat die Hebreeuse woord *yom* in die konteks op niks anders *kan* dui as gewone 24-uur dae nie, en Bixler voeg by dat *dit 'n rare professor is wat enigiets anders daar vind as 'n normale dag. Hy haal weer vir Hasel aan waar hy kategories bevestig dat "none of the lexicographers have departed from the meaning of the word 'day' as a literal day of 24 hours for Genesis 1"* (p. 74).

Hierdie is 'n teologiese gesprek wat slegs wil wys dat die slaafse aanhang van wat as wetenskap voorgehou word en wat die basis v.d. Skrifkritiek verteenwoordig, bedrog is. Ek sê dit sonder die minste huiwering, en ek daag enige teoloog of wetenskaplike uit om 'n beter model voor te hou as die Bybelse vertelling van werklike wetenskap-gefundeerde geskiedenis. Let wel: geskiedenis!

**Slotgedagte**

Wanneer mense in terme van tydperke in plaas van dae vir die skepping praat, is daar sekere feite wat vir vele twyfelaars die skaal in die guns van dae laat swaai. Hulle is:

1. Al hoe meer wetenskaplikes ontdek dat daar 'n interafhanklikheid tussen lewensvorme op aarde bestaan, genoem simbiose. Plante, bome, struike en alle gewasse is op insekte en diere aangewys om te kan voortbestaan. Ons weet almal van bestuiwing wat deur bye en ander insekte bewerk word. Gevolglik sou 'n tydperk van selfs een jaar vir baie plante noodlottig wees. Presies op die regte tyd in die loop van maande, of selfs dae, *moet* sekere rolspelers hul werk kom verrig. Bemesting deur diere speel hier 'n dubbele rol, want sade word ook op hierdie manier versprei. Dier en plant kan in werklikheid nie sonder mekaar bestaan nie. Miljoene jare is *wetenskaplik* onwerkbaar!

2. **Daar is *niks* in die Skrif wat enige aanduiding gee dat Genesis 1 se dae tydperke is nie. Dit kom uit buite-Bybelse bronne.** Om na 2 Petr. 3:8 te verwys as sou "een dag soos 'n duisend jaar" wees, sê die balans van die teks, as teen-verklaring dat "'n duisend jaar soos *een* dag is." Daardie teks gaan oor die wederkoms en die mens wat dink dat God daarmee talm.

Uit die evolusionistiese denksisteem wat in die voorafgaande twee hoofstukke voorgehou is, is die 'wetenskap' van die Skrifkritiek gebore. **Verwyder die evolusie-idee, en die hele sisteem van die sogenaamde onbetroubaarheid van die Bybel se wetenskaplike en verwysings stort soos 'n kaartehuis ineen.** Maar, daar is nog meer te sê. Ons kyk vervolgens na die historiese aspekte van die argument.

## DIE BYBEL EN DIE WETENSKAP: AANHALINGS

**Dr. G.F. Rayner Ellis** wat dikwels mede-skrywer van artikels saam met Prof. Stephen Hawking van Cambridge, sê: "I can construct you a spherically symmetrical universe with earth as it's centre, and you cannot disprove it based on observations. You can only exclude it on philosophical grounds…What I want to bring into the open is the fact that we are using philosophical criteria in choosing our models. A lot of cosmology tries to hide that." (Scientific American Artikel van Wayt Gibbs, *Profile: F.R. Ellis; Thinking globally, Acting Univerally*, p. 28,29 van uitgawe nr. 273, 1995.

**Denyse O'Leary, Kanadese Wetenskapsjoernalis skryf:**

I have never heard such hardline, aggressive promotion of atheism under the guise of science as I have heard from the Darwinists. It is, at best, amusing to hear them charge that the creationists have an underlying religious agenda, when the Darwinists' own anti-religious agenda is pretty obvious…." Their constant use of legal and political muscle makes me think that Darwinism's problems are insurmountable." (Uit haar boek, *Design or by Chance?,* 2004, p.239.

**Prof. Richard Lewinton van Harvard in die VSA** skryf: "Dit is nie dat die metodes of instellings van die wetenskap ons op een of ander wyse verplig om materialistiese verklarings vir wêreld fenomene te aanvaar nie; inteendeel, ons word as gevolg van die aanhang van materiële oorsake daartoe gedwing…ongeag hoe teen-intuïtief, ongeag hoe verbysterend dit vir die oningeligte klink. Wat meer is, materialisme is 'n absolute, want ons mag nie 'n goddelike voet in die deur toelaat nie…" (Soos deur my vertaal uit die *New york Review* van Jan. 1997.)

**Prof. Phillip Johnson van UC Berkley-kampus v.d. VSA:** "There can be no science of value, or of beauty, or of goodness." (Aanhaling uit sy boek, *Defeating Darwinism by Opening Minds,* p.96.)

**Dr. G. Fana bely soos volg:** " Laat ons dit sonder verdere inleiding erken: die sukses deur die evolusie-teorie behaal is primêr, nie as gevolg van die eienskappe wat dit besit nie, want die mees algemene feite kan nie daarmee versoen word nie, maar eerder die simpatie van die wetenskaps-wêreld vir die dogma van 'wetenskaplike materialisme." ( Soos deur my vertaal uit Clark & Bales se boek, *Why Scientists accept Evolution*, p. 94.)

# Hoofstuk 5 HISTORIES-KRITIESE AANVALLE OP DIE BYBEL

Persone wat met die beoefening van teologie besig is, is nie veronderstel om met die *verandering* van die Woord besig te wees nie, maar wel met die ontvang daarván en die nadenke daaróór. Prof. Johan Heyns (weereens), in sy *Inleiding tot die Dogmatiek* sê: **"Die teologie wat nie by die Woord staan en val nie, is nie meer teologie nie."** Maar hier staan ons voor 'n probleem. Die oorspronklike manuskripte van die Bybel (genoem die *outografa*) is nie meer beskikbaar nie, en daarom is een van die teoloog se basiese take om juis te probeer om die outentieke teks vas te stel. In hierdie taak is hy betrokke by die wetenskap van die *tekskritiek.* Dit is beslis nie dieselfde as *Skrifkritiek* nie, want laasgenoemde gaan van die veronderstelling uit dat die Bybel se inhoud *self* nie betroubaar is nie. Maar hy, die Skrifkritikus *vermom* homself in ons dag hier te lande omdat hy onder dieselfde titel van Bybelwetenskaplike opereer as die Tekskritikus. Die lidmaat  verkeer gevolglik in die duister, want hy meen dat die professor of dosent wat homself as bybelwetenskaplike aanbied slegs met tekskritiek besig is, terwyl die vernietigende Skrifkritiek ook dikwels deur hom beoefen word.

Tot so kort as vyftien jaar gelede, (soos ek dit immers sien) was daar geen sprake (in die openbaar, ten minste) van so 'n vermenging nie. Artikels het wel daaroor verskyn, maar dit het hoofsaaklik uit die buiteland gekom, of hoogstens uit die pen van liberales uit die Anglikaanse Kerk of buite-kerklikes in die RSA.

**Wat is die oorsprong van die Hoërkritiek, of, soos hierna genoem: Skrifkritiek?**

Die vorige hoofstuk se oorsigtelike blik oor die ontwikkeling van die denke en wetenskaplike 'vooruitgang' sedert die Renaissance moet ons sekerlik 'n leidraad gee rakende die teelaarde van Skrifkritiek. Onderaan die paragraaf oor Darwinisme het ek 'n nota tussen hakies geplaas waarin ek te kenne gee dat die konsep van die totale evolusie van *'slym-na-Sokrates'* ook ingesluit het die geloof dat godsdiens ook die produk is van 'n evolusionêre proses van ontwikkeling. Die mens, anders as wat die Bybelse geskiedenis aan ons as waarheid voorhou, het vanuit die fetisjisme na die veelgodedom na die finale konsep van een God geëvolueer (die monoteïsme). Daar kon dus nie, volgens hul model, 'n skepping

deur 'n persoonlike en almagtige God wees nie, want die bestaan van so iemand was die produk van menslike denke alleen. Materie, volgens hierdie evolusionisties-Marxistiese denkpatroon is al wat daar is. Die Bybel se uiteensetting van die oergeskiedenis is in hulle oë 'n mitiese versinsel. Latere meer ontwikkelde mense was die *werklike* outeurs van die Skrif, sê hulle. Moses het nie die eerste vyf boeke van die Bybel geskryf nie, want die skryfkuns is kwansuis eers later ontdek! Wonderwerke kon daar nie wees nie, want daar was niemand wat oor daardie magte beskik het nie - dus ook mitiese versinsels.

Maar ook eie aan die gees van die tyd het die leiers op die gebied van Skrifkritiek meer waarde aan hul eie subjektiewe gevolgtrekkings geheg as aan die Bybel se sê-so. Buiten vir wat reeds as uitgangspunte genoem is het hul die skryfstyl van die Ou Testament, veral, in so 'n mate ontleed dat party 'geleerdes' tot twintig verskillende skrywers in die *Pentateug* ( boeke van Moses) ontdek. In hierdie soort kritiek en subjektiewe bespiegeling staan die Duitse geleerde los voor. Geen wonder dus dat hul universiteite 'n magdom 'kenners' opgelewer het nie. Gesonde verstand blyk 'n agtergeblewe eienskap onder vele Duitsers te gewees het. Professor Sayce, geleerde Assirioloog van Oxford is van mening dat die navorsing van literêre oorspronge in die geskiedenis 'n kenmerkende tydsverdryf van Duitsers was. Hulle omgang met die skrywers en mense van die antieke Ooste was asof hulle eintlik moderne Duitse professore was, en die poging om die Israeliete in agterlike Duitse samestellers te omskep openbaar 'n ooglopende gebrek aan kennis van Naby-Oosterse denkpatrone (Kyk: Sayce,*Early History of the Hebrews*, p.108-112).

Vêr daarvan dat die meeste van hierdie Skrifkritici gelowige mense was, is dit asof hul daarin behae geskep het om met nuwe hipoteses en voorveronderstellings voorendag te kom, om langs daardie weg tradisionele interpretasies te repudiëer. Die doel van die delwing agter oorspronge en uiteenlopende skryfstyle en vorms aan was klaarblyklik nie om die teks se outentiekheid, geloofwaardigheid en betroubaarheid te bevestig nie, maar om teenstrydighede te ontdek wat twyfel oor die gesag van die Skrif sou saai.

**Die oorsprong van die Beweging**

Wie was die mense wat aan die Skrifkritiese skool vorm gegee het? Breedweg beskou was daar volgens skrywers drie stadiums waardeur die beweging gegroei het naamlik, die Frans-Hollandse, die

Duitse en die Brits-Amerikaanse. Die aanvaarde beskouing onder laasgenoemde groepe is dat die eerste skyn daarvan by Carlstadt (1521) te bespeur was (in sy werk oor die Kanon van die Skrif), by Andreas Masius - 'n Belgiese geleerde (verw. sy kommentaar oor Josua, 1574) en 'n Roomse priester, Pererius in sy *Sistematiese Teologie* (1660). Maar Spinoza, die Hollandse rasionalis-filosoof het op uitdagende wyse gekonstateer dat Moses nie die outeur van die Pentateug is nie (kyk sy *Tractatus Theologico-Politicus* van 1670). Sy naam geniet hier voorrang.

Hobbes het in Engeland die draad van Spinoza se argumentvoering opgetel terwyl 'n priester, Richard Simon van Dieppe uit Frankryk in sy *Historical Criticism* neerhalend na die verskeidenheid style in die Ou Testament verwys het. Hy is deur die Hollander, Le Clerk (1685) gevolg wat beweer het dat die Pentateug deur 'n priester uit die Babiloniese ballingskap (687 v.C., kyk 2 Konings 17) saamgestel is.

In 1753 maak 'n Franse medikus en vrydenker, Astruc, sy opwagting en hy hou die opponerende Jehowisties / Elohistiese hipotese in verband met outeurskap(pe) in Genesis voor. (Hierdie woorde verwys na die gebruik in Genesis van die twee benaminge van God, naamlik *Jehowa* en *Elohim* soos die Hebreeuse taal dit uitdruk.)

Astruc het klaarblyklik nooit daaraan gedink dat die Heilige Gees by magte is om dán hierdie benaming en dan daardie in een 'Boek' te gebruik nie - amper asof gewone mense nie ook soms so te werk gaan nie! Astruc, met dit alles, kan as vader van die sogenaamde *Dokumentêre Hipotese beskou* word. Hy dring daarop aan dat daar nie minder nie as tot twaalf outeurs in Genesis te bespeur is. Hy ontken ook die Goddelike outeurskap daarvan en beskou die boek as vermink as gevolg van onnodige herhalings, wanorde en weersprekings. Vir vyftig jaar lê sy werk (gelukkig) egter onopgemerk op die rak totdat die tyd vir die latere Duitse aanslag op die Bybel se betroubaarheid en gesag ryp sou word.

In die jaar 1780 publiseer Eichhorn, professor van Gottingen, sy eie weergawe van die *Dokumentêre Hipotese* en geniet wye erkenning. Hy word gevolg deur De Wette (1806) van Heidelberg en ná hom vele ander wat almal op een of ander wyse die Skrif ondermyn, hoofsaaklik die eerste vyf boeke van die Ou Testament. Twee name wat egter genoem behoort te word, is **Graf en Wellhausen** wat seker aan die meeste mense bekend is. Laasgenoemde, as

teologiese professor in Duitsland, publiseer in 1878 sy geskiedenis van Israel en wen daardeur wye erkenning.

Op die detail van die Brits-Amerikaanse kritici gaan ek nie in nie behalwe om dr. Samuel Davidson, en later dr. S.R. Driver van Oxford te noem wat redelik bekend is vir hul 'bydraes' op hierdie gebied. Die een belangrike verskil destyds tussen hulle en hul Europese eweknieë was dat hulle nie totaal van die inspirasie van die Skrif wou afsien nie - aldus Dyson Hague in sy artikel, *History of the Higher Criticism,* Vol.1, p.19 in *The Fundamentals* reeks van boeke.) Die werke van dr C.A. Briggs (oor die *Hexateuch*) en prof. Bissell oor die Pentatueg (*Scribner's,1892*) verstrek 'n uitgebreide opsomming van die literatuur oor Skrifkritiek vir wie daarin sou belangstel.

**Die kritici se standpunt gestel**

Ten opsigte van die Europese kritici se uitlatings kan met redelike veiligheid die volgend drie sake, eie aan die meeste, gemeld word:

1. Hulle was mense wat die geldigheid van wonderwerke en verhale daar rondom verwerp het, en dit wat Christene as sodanig beskou het, het hulle as legendaries of mities bestempel – oordrywings van dinge wat op natuurlike wyse verklaar kan word.

2. **Hulle het die geldigheid van profesieë ontken,** sowel as enige Bybelse verklarings in verband daarmee.

3. **Hulle was mense wat die werklikheid van Skrif-openbaring verwerp het.** Hulle het hoegenaamd nie in die bonatuurlike geglo nie. Hul hipoteses is op die 'valsheid' van die Skrif gegrond. Van die inspirasie van die Skrif en die Bybel as heilige Woord van God van Genesis tot Openbaring was daar geen sprake nie.

In een woord: die vormgewende kragte wat in Skrifkritiese werk hul neerslag gevind het was een en almal rasionalisties van aard. Sodanige outeurs het, bloot op grond van taalkundige en filosofiese oorwegings 'n verstommende gesagsposisie opgebou, ten spyte van hul verwerping van enige geloof in God en Jesus Christus wat Hy gestuur het. Die Bybel was, volgens hulle, bloot 'n menslike boek (kyk Spangenberg in hoofst.9). Dit was 'n fase in die evolusionêre ontwikkeling van mense. Terwyl die Skrif in 2 Petrus verklaar dat "deur die Heilige Gees gedryf, het mense van God gespreek" (2 Pet.1:21), en die skrywer van Hebreërs sê dat "God in

die ou tyd op verskillende maniere gespreek het deur die profete"(Heb.1:1), sê hierdie mense: Dit was alles hul eie uitlatings.

Inhoud van Skrifkritiese aanval op die Bybel

Voordat oorgegaan word om die inhoud soos hierbo verwoord uiteen te sit, is dit noodsaaklik om ons Gereformeerde standpunt rakende die gesag en betroubaarheid van die Skrif onomwonde te stel. Verre daarvan dat ons die Skrifkritiek as iets uit die verre verlede kan beskou, het hierdie kwaadwillige benadering tot die Bybel nou in alle erns onaangekondig ons NG Kerk binnegedring. Die gewone lidmaat sit op Sondae ewe gemaklik in sy kerkbank en, sonder om die geringste besef te hê van die dieptegang van die verleiding wat reeds daarbuite posgevat het, luister hy ouder-gewoonte na die preek. Dat sodanige preek dalk 'n onbybelse uitlating *mag* insluit gaan by die meeste eenvoudig verby, want, "My volk gaan ten gronde weens gebrek aan kennis", soos die profeet Hosea dit stel. Hy *vertrou* nog sy predikant, want dit is soos dit nog altyd was.

**Geagte lidmaat:**

**Daar is 'n geveg aan die gang wat ten bloede is.** Ek wil by jou pleit om tot die besef te kom dat die aanval op die **fondament** van jou en my geloof in ons dag onverpoosd voortgaan. Hierdie aanval - en ek sê dit met die grootste leedwese - kom nie van buite nie, maar van *binne*. Daarom, kyk na wat hieronder geskrywe staan, en hou daaraan vas. Dit is jou enigste finale hoop in 'n wêreld van toenemende geestelike verval en verwêreldliking.

Die ergste van alles is, so glo ek, dat die mense wat vir die teologiese verval in *ons* Kerk verantwoordelik is dit ten sterkste sal ontken. Hulle is een en almal oortuig van die regmatigheid van hul standpunt en sien met verlange uit na die dag wanneer die gewone lidmaat ook tog die lig sal sien! Dit herinner sterk aan die Fariseërs en Skrifgeleerdes van die Here se tyd op aarde: *dit was Hy wat die spoor byster was, nie hulle self nie! Só oortuig was hulle daarvan dat hulle Hom sonder seremonie aan die kruis vasspyker as Sy verdiende loon vir Sy dwaling!*

**Ons Gereformeerde Standpunt**

Volgens die geloof van Christelik- Gereformeerde Kerke wêreldwyd glo ons dat die Pentateug (Moses se vyf boeke vanaf Genesis) een samehangende, konsekwente, outentieke en geloofwaardige kom-

posisie is, soos deur God se Heilige Gees geïnspireer. Volgens die getuienis van die Jode is die uitlatings van die boeke self, die verwysings daarna in die res van die Ou Testament en die spesifieke uitlatings daaromtrent deur ons Here Jesus Christus (Luk.24:44, Joh. 5: 46-47), wel deur Moses geskryf (met die uitsluiting van Deut. 34 wat, soos ek dit beskou, deur sy skriba, Josua, ná sy dood aanvullend geskryf is), omtrent 1 400 jaar voor Christus, en sowat 800 jaar voor Jeremia. Dit verteenwoordig 'n uiters belangrike deel van die Bybel aangesien dit die sub-stratum van die hele Bybel is waarin al die belangrike leerstellings van ons Gereformeerde leer in beginsel gevind word.

Sonder Genesis 1-11, veral, sou ons geen konsep gehad het van enige detail rakende die skeppingsproses of die roeping van die mens nie, en nog minder van sy val in die sonde en die uitwerking daarvan op die ganse skepping. Ons sou geen ontstaansmoment van die verbond tussen God die Skepper en sy uitverkore volk gehad het nie. Ons sou nie geweet het dat God self die belofte gegee het om die mens se redding uit die sonde te bewerk nie. Juis omdat lidmate dikwels nie eens weet wat in ons drie belydenisskrifte staan nie word ek genoop om *Artikel 7 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis* hier aan te haal. 'n Beter en suiwerder verwoording van ons Skrifbeskouing kan ek my kwalik voorstel:

### Die volkomenheid van die Heilige Skrif

> Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe is, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die heilige Skrif geleer word nie – ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal.1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut.12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of groot getalle of oudheid of die opvolging van tye of van persone, of kerkvergaderings of verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want dié waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps.62:10). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: Ondersoek elkeen of sy gees van God afkomstig is

(1 Joh.4:1). En: As daar iemand na julle toe kom wat 'n ander leer bring, moet julle hom nie in julle huise ontvang nie (2 Joh.1:10).

**Die Skrifkritiese Standpunt**

Teenoor bostaande 'kort begrip' beweer die Hoër Kritiek soos volg:

1. Die Pentateug is 'n samevoeging van vier totaal verskillende dokumente waaruit die huidige *Hexateug* gegroei het. (Daardie groot woord beteken net dat Josua as sesde boek (hexa..) by die vyf vorige boeke (penta..) gevoeg is. Na hierdie dokumente word verwys as die *Jahwistiese* (J), die *Elohistiese* (E), die *Deuteronomistiese* (D) en die *Priesterlike Kode* (P). Vandaar die verwysing daarna in teologiese werke as J.E.D.P.

2. Hierdie vier dokumente is gedurende verskillende tydperke saamgestel en nie in die 15de eeu v.C. (Moses se tydvak) nie, maar in die negende, sewende, sesde en vyfde eeu. Volgens Graf se teorie (deur Keunen aanvaar) is die *Elohist*-dokument eers ná die Ballingskap sowat vyf eeue voor Christus geskryf. Genesis, deel van Eksodus, Levitikus en Numeri sorteer ook volgens hulle uit die na-ballingskapstydperk.

3. Die verskillende dokumente verteenwoordig die verskillende tradisies (soos die tyd verloop het) in die nasionale lewe van die Hebreers, en verskil daarom van mekaar.

4. Die vier dokumente as sodanig is dus nie deur Moses geskryf nie maar het waarskynlik op die volgende manier tot stand gekom: Vir een of ander rede, op 'n onbekende tyd het iemand - niemand weet wie, of waar, of hoekom nie - is J geskryf. Toe skryf iemand anders nog 'n dokument - niemand weet wie, of waar, of hoekom nie - en die E dokument verskyn. Daarna verskyn Redakteur No.1 op die toneel en voeg J en E saam, terwyl hy sommer nog iets van sy eie byvoeg. Nadat die D dokument vir dieselfde (of ander) sinistêre redes ook nog geskryf is, kom 'n anonieme persoon as Redakteur 2 en lewer self 'n verdere skriftelike bydrae en voeg hulle almal daarna saam sodat enige teenstrydighede weggelaat kon word. Ná hom, rondom 525 v.C., kom P, en weereens verskyn 'n nuwe Redakteur 3 wat sy (P se) werk saam met die voriges voeg.

Indien iemand sou dink dat hierdie uiteensetting niks anders as kwaadwillige bespiegeling is nie, moet gesê word dat Europese Skrifkritici bostaande uiteensetting beskou as *"established by proofs, valid and cumulative... representing the most sober scholarship"* (kyk, Green se *Higher Critics of the Pentateuch,* p.88).

5. Voorgenoemde vier dokumente word dan nog as intern teenstrydig en ongetwyfeld onvoltooid bestempel. Hoeveel nog ontbreek, en waar, of wat weet niemand nie - of dele gesteel of mee gepeuter is is duister en word nie verklaar nie.

6. In die gewaande redaktiewe proses is geen perke aan die redakteurs opgelê nie. Met 'n ongekende vryheid het hulle glo hul eie idees bygevoeg, en ander dele weer weggelaat, sodat misleidende gedeeltes nie sou bots nie.

7. Skrifkritici is dit eens dat die vier dokumente uit drie soorte materiaal bestaan, naamlik: Dit wat waarskynlik die waarheid is, dit wat twyfelagtig is en dit wat beslis nagemaak is. Dr. Samuel Davidson (voorheen genoem) in sy *Introduction to the Old Testament* sê:

"The narratives of the *Pentateuch* are usually trustworthy, though partly mythical and legendary. The miracles recorded were the exageration of a later age" ( p.131). George Adam Smith ( in *Modern Criticism and the Preaching of the Old Testament,* p. 90-206) sê op sy beurt dat die inhoud van die eerste elf hoofstukke van Genesis "is woven from the raw material of myth and legend."

Hy ontken die historiese karakter daarvan en sê hy kan geen argeologiese bewyse vir die persoonlike bestaan van die aartsvaders self vind nie. (Hy het later hierdie bewering teruggetrek.)

Sedert die skryf van die boeke waarna ek verwys het verdere 'studie' sekerlik veel meer bygevoeg. Party geleerdes beweer dat daar tot twintig skrywers van die Pentateug was. Een ding is seker: hierdie beskouinge in ons dag *are all alive and well*!

In 'n volgende hoofstuk verwys ek na ons eie teoloë wat hierdie soort dwaling ondersteun en napraat. Mens verstom jou dat so ver gegaan word om die Bybel se betroubaarheid te diskrediteer. Word dit besef? Nie een van die beweerde JEDP-dokumente bestaan vandag (of ooit) nie. Niemand kon nog ooit se: "Kyk hier: dit is die grond-dokument vir J of E of D of P nie." Rasionele, geleerde mense word in die naam van *scholarship* gevra om al hierdie gebrabbel te glo. Hoekom? Omdat enigiets maar geglo kan en moet word *eerder* as God se onfeilbare woorde in die Ou Testament. Mens moet voorwaar jou gesonde verstand in jou lessenaarlaai agterlaat om so 'n alternatief te glo teenoor wat Christus in Sy omgang op aarde as die waarheid bevestig.

Bostaande uiteensetting verteenwoordig die hoofinhoud van die Skrifkritiese Skool, maar, soos verwag kan word eindig die verhaal van die Skrifkritici nie daar nie. Binne die Pentateug het ons herhaaldemale verwysings na dinge soos die Tabernakel sowel as die gepaardgaande wette wat daarmee verband hou. Ons kyk kortliks daarna.

**Die Tabernakel**

Skrifkritici beweer dat daar nooit 'n Tabernakel bestaan het nie. Die feit dat die Tabernakel vir sowat 500 jaar in die Israelitiese volksgeskiedenis 'n sentrale rol gespeel het, maak vir die kritikus geen hond haar af nie. Dertien hoofstukke van die boek Eksodus word gewy aan 'n noukeurige beskrywing van die plan en konstruksie daarvan. Ek, as argitek, het dit nog altyd met groot belangstelling gelees, want, sover ek kan agterkom was dit die heel eerste voorafvervaardigde (en daarmee saam, vervoerbare) gebou in die geskiedenis. Die hele beskrywing getuig van 'n intieme kennis van die manier waarop die verskillende komponente by mekaar aansluit. Die onderdele moet hanteerbaar wees, opvoubaar en met 'n minimum van tegniese komplikasies aanmekaargesit kan word. Die Bybelse beskrywing van die Tabernakel het op meesterlike wyse hieraan beantwoord.

Maar daar is meer. Die hele boek Levitikus en tien hoofstukke uit Numeri word gewy aan die wyding en vervoer daarvan, tesame met die werk van die priesters en Leviete daar rondom. Behalwe dit vind ons nog verwysings daarna deur die Ou Testament gesaai. Partymaal word dit in die verbygaan genoem, maar ander bevestig weer die geskiedkundige bestaan daarvan. Miskien meer belangrik is die tipologiese en religieuse betekenisse agter die manifestasie van die Tabernakel as sodanig wat ons in 'n noemenswaardige deel v.d. Hebreërbrief in die Nuwe Testament vind.

Met soveel bewyse en detail omtrent die Tabernakel beskikbaar sou mens dink dat dit voorwaar 'n brawe man is wat durf sê dat hierdie hele konstruksie 'n versinsel is. Skrifkritici beskou dit nieteenstaande as 'n literêre vervalsing deur die priesters in Esra se tyd toe hulle uit Babilon teruggekeer het. Die doel dáárvan? Om steun vir die daarstelling van 'n nuwe tempel-ritueel te Jerusalem op te tower, of dalk om luister aan die geskiedenis van hul voorsate te verleen. Wie weet?

Nou, om geloofwaardigheid aan hul eie teorie te verleen moet Skrif-kritici noodwendig alle verwysings na die Tabernakel op 'n ander manier verklaar. Behalwe die lywige gedeeltes reeds na verwys hierbo, moet hulle 'n ander betekenis heg aan die woorde in 1 Kron. 21:29 wat sê: "want die Tabernakel van die Here wat Moses in die woestyn gemaak het, en die brandofferaltaar, was in dié tyd op die hoogte Gibeon." Dawid was hier betrokke. Ook 2 Kron.1:3 verwys na dieselfde vestiging van die Tabernakel, maar in hierdie geval was Salomo betrokke.

Al sodanige verwysings kry nou 'n splinternuwe interpretasie en verklaring! Die vraag is: hoe kry hulle dit reg? Wat bied hulle as verklaring aan vir dit waarna die Skrif seker 'n duisend-maal verwys as outentieke geskiedenis? Die antwoord is: jy konstateer dat, soos in hierdie geval, die Kroniekboeke *self* histories onbetroubaar is. Jy openbaar verder die ongeëwenaarde durf om te sê dat Christus se *eie* verwysings na die Tabernakel (kyk Matt. 12:3,4) foutief was. Op die detail van die argument wil ek egter nie hier ingaan nie want andere het meer as 100 jaar gelede hul teorieë weerlê, en in die meeste van sulke gevalle het die argeologie 'n kardinale rol gespeel. Mens het nie 'n profeet nodig om agter te kom dat die verskuilde doel van al hierdie ongefundeerde bespiegelinge die stelselmatige afbreek van die gesag en betroubaarheid van die Bybel as oogmerk het nie.

Maar ons gaan verder en rapporteer dat ‘Dawid se psalms glo ook nie deur hom geskryf is nie’, maar deur een of ander anonieme na-ballingskapse persoon. Ester is ook nie histories akkuraat nie, want dit voeg niks tot die openbaring by nie. Jesaja is natuurlik nie deur een persoon geskryf nie maar eerder deur 'n aantal skrywers. Die gedeelte ná die 40ste hoofstuk (daarin kom Jesaja se naam nêrens voor nie) word Deutero-Jesaja genoem. Dit maak geen verskil dat Christus in sy omswerwinge op aarde na gedeeltes in die *tweede* deel van Jesaja verwys as deur hom geskryf nie. Jy ignoreer een-voudig sulke 'glipse', want dit is kwansuis 'n demonstrasie van die mate waarin Hy Homself met die idees van sy tyd geïdentifiseer het. Só menslik was Hy dat Hy ook die leuens van Sy tyd verkondig het! (Terloops, hierdie soort bontspringery is die gevolg van, onder andere, woorde wat deur Dawid en andere gebruik is wat kwansuis nie in die gebruikstaal van daardie tyd pas nie.)

Ons hedendaagse 'kenners' sal natuurlik beter weet, want hul insae in die antieke Ooste se leefwêreld 2 500 jaar gelede is mos vol-

kome. Ons wat die swaar hardeband, mensvriendelike boeke oor die Bybel deesdae optel word nou sonder omhaal van woorde en op eenvoudige direkte wyse gese: "Moses/ Dawid/ Jesaja/ Daniël het toe nie die boeke geskryf wat hul naam dra nie". Geen verklaring volg oor *hoekom* so gesê word nie, want, *"eintlik, ouens, ons weet gelukkig van beter. Ons is ingelig, ons het die werklike feite beet, want ons is in aanraking met die gewig van bybelwetenskaplike bevindinge  wat oor 150 jaar strek."* En daarmee is dit uit en gedaan!

**Skrifinspirasie**

Met alles in gedagte gehou wat tot op hierdie punt gesê is, besef die gewone Christen seker dat hy 'n heel ander idee van Skrifinspirasie handhaaf as Skrifkritici. Soos reeds gesê: vele van die Europese geleerdes het eenvoudig aanvaar dat die Bybel bloot 'n menslike boek is - soos prof. Sakkie Spangenberg en ander hier by ons. Die Engelse en Amerikaners was egter meer genaakbaar. Hulle het wel 'n tipe inspirasieleer gehandhaaf. Professor Sanday van Oxford het in 1903 met so 'n gewysigde teorie vorendag gekom wat, vertaal, genoem kan word die *Induksie-teorie.* Hy lig mense nie in oor watter boeke van die Bybel hieraan onderworpe is nie, maar hy verseker ons dat daar in hulle wel 'n *divine element* teenwoordig is. In sekere boeke staan hierdie Goddelike element op 'n maksimum, en ander weer skaars noembaar. Hy is seker daar is niks in Ester of Daniël nie. Indien dit in die historiese boeke teenwoordig is, is dit daar om 'n geestelike boodskap oor te dra sonder dat dit op geskiedkundige waarheid aanspraak maak.

Hierdie lukraak 'hier- vat- en- daar- los' idee herinner my aan 'n gesprek wat ek en my vriend, ds. Maartin Blignaut op 'n dag met prof. Flip Theron van ons Kweekskool in sy kantoor gehad het. *Hy het verskillende grade van geïnspireerdheid aan verskillende dele van die Skrif toegeken.* Mens kan self dink watse voorbeelde hy genoem het. Maar bo en behalwe dit het die hele *Skopus*-idee daar uitgedop. Ek het reeds voorheen daarna verwys. In kort: Dit maak nie saak dat die Bybel nie histories of wetenskaplik waar of korrek is nie. Dit maak ook nie saak dat daar 'n klomp 'foute' in die Bybel is nie – hy noem sowat twintig. Dit maak ook nie saak of (dat) Abraham nie 'n geskiedkundige persoon was nie, of Noag, want dit gaan in die finale ontleding oor die *boodskap* in die onderhawige gedeelte, en nie oor geskiedenis-detail nie. (Ek ontken *nie* die 'skopus' van die Skrif nie, maar wanneer dit aangewend word om

*historiese waarhede* te ondermyn, dan word dit sekerlik op 'n verkeerde manier gebruik.)

Mens hoef nie 'n profeet te wees om te sien dat hierdie benadering in die afgrond eindig nie. As sinode gee jy toe op verskeie klein, klaarblyklik onnoemenswaardige detail, en voordat jy jou oë ordentlik kan uitvee het jy niks van 'n geïnspireerde Bybel meer oor nie. In die NG Kerk is ons nou op daardie pad - ek sê dit ondubbelsinnig!

Pasgenoemde, sowel as voorgenoemde omgaan met Bybelse inspirasie is in wese revolusionêr. Om dit te handhaaf moet die kerk sy idee omtrent eerbaarheid en eerlikheid, van valsheid en wanvoorstelling en van inspirasie totaal hersien. Die teoloog, Pusey, in sy groot werk oor Daniël (*Lectures on Daniel,* p.1), sê die volgende: "To write a book under the name of another and to give it out to be his own is in any case a forgery, dishonest in itself and destructive of all trustworthiness." Maar volgens die posisie van die Skrifkritiek is allerhande sodanige misleidende name se gebruik heeltemal toelaatbaar – selfs Christus (volgens die Skrifkritici) maak hom kwansuis daaraan skuldig!

Mense was voorheen van mening dat onakkuraathede betroubaarheid sou beinvloed, maar nou blyk dit dat daar nie alleen foute was wat deur kopiëerders gemaak is nie, maar dat bedrog, opsetlike weglatings en wan-interpretasies van die kant van outeurs die Bybelleser se geloof tog nie vernietig nie, maar eerder op 'n fermer fondament plaas! Wat het van ons teoloë se redenasievermoë en objektiwiteit geword? Of word daar nie aan die konsekwensies van sulke sieninge gedink nie?

**Indien nie Moses nie, wie dan?**

Indien daar tot soveel as twintig outeurs van die Pentateug was, wie was hulle? Indien daar in die dokumente van daardie tyd soveel veranderings, manipulasies, weglatings en onbepaalbare hoeveelheid redakteurs was (en tot hoe ver is hulle toegelaat om te verstel?), wie weet of hy / hulle ook geïnspireer was? Was hul inspirasie gedeeltelik, totaal, induktief of onbepaalbaar? Watter mate van versekering rakende inspirasie was daar, en wie is die een wat dit gewaarborg het? Ons weet van Moses, ons weet van Samuel, ons weet van Daniël, maar wie is die naamlose redakteurs waarvan ons vertel word? Moet ons tevrede wees met sulke ongelooflik vergesogte bespiegelinge en dit as gesaghebbend aanvaar? Ek vra maar net, want vele van ons teoloë aanvaar dit!

### Die Bewyslas van Outeurskap

Vir langer as 3 000 jaar is Moses as skrywer van die Pentateug aanvaar, aanvanklik deur die Jode alleen, gevolg deur Christene. Die bewyse daartéén is totaal en al van *omstandighede*, literêre analises en 'n gediskrediteerde evolusie teorie afgelei. Hierteenoor is tekskritici vir eeue besig om 'n studie van die Ou-Testamentiese dokumente te maak om vas te stel watter manuskrip die naaste aan die oorspronklike verlore *autografa* is. Hierdie moeite het die Skrifkritici nie gedoen nie. Skinner van Cambridge, self een uit hul geledere, erken dat hy nie van enige werk bewus is waarin Skrifkritici hul met die oorspronklike teks bemoei het nie. Die Griekse vertaling van die Ou Testament - die *Septuaginta* - dateer uit die tydperk tussen drie en tweehonderd jaar *voor* Christus, en dit is uit hierdie vertaling dat die meerderheid aanhalings in die Nuwe Testament geneem is. Hulle sou ook die *Masoretiese* vertaling van die Ou Testament kon bestudeer wat 600 n.C. die lig gesien het. Daar was ook ander vertalings, soos die Samaritaanse weergawe, die een deur Aquila en die Latynse *Vulgaat.*

Die mees prominente leidraad wat tot die verdeling van die Pentateug gelei het was die beweerde gebruik van twee woorde, naamlik, *Jehowa* en *Elohim* om die Godheid aan te dui. Die breuk in die Pentateug is gemaak op die voorveronderstelling dat daar twee skole van skrywers was waarvan die eerste, in Juda, die woord *Jehowah* vir die Godheid gebruik het, en die ander uit die Noordelike Koninkryk wat *Elohim* gebruik het. Langs hierdie weg is die betrokke skrifgedeeltes aan óf die J-dokument toegewys, of die E-dokument. Die twee dokumente sou daarna, stukkie vir stukkie, aanmekaar gevoeg word om 'n deurlopende verhaal te vertel.

Waar die verkeerde benaming in 'n gedeelte gebruik is wat eie aan die ander was, is aanvaar dat 'n fout gemaak is, en, sonder seremonie, en sonder verwysing na die oorspronklike teks, is die gewraakte gedeelte verwyder. Wanneer die vroeë teks egter in detail bestudeer word, blyk dit dat die twee benaminge só na aan sinoniem was, dat daar weinige uniformiteit in die gebruik daarvan was nie. 'n Hedendaagse parallel sou wees die Britse gebruik van 'Koning' en die Amerikaanse van 'President'. In Hebreeus was *Jehowa* die naam, en *Elohim* die titel, en die kombinasie van die twee, *Jehowa- Elohim* sou dan beteken Here God, en niks meer nie.

Bostaande feite, reeds honderd jaar gelede volkome geverifieer, vernietig die waarde van die 'leidrade' wat Skrifkritici se verdeling

en versnippering van die teks 'genoodsaak' het. Die enigste antwoord wat hul daarop gehad het was dat hul analise korrek is ten spyte van die feit dat dit op 'n valse veronderstelling berus. Skinner se eie woorde was: "even if it were proved to be altogether fallacious, it would not be the first time that a wrong clue led to true results." Bid jou aan!

My doel met die verwysing na die begronding van die Skrifkritici se *Dokumentere Hipotese* is om die gewone lidmaat 'n klein kykie te gee in die ratwerk van hul werksmetodes. Aan die einde v.d. dag lewer dit niks op nie, maar nie voordat die skade in tienduisende mense se lewens berokken en die Bybel byna totaal gediskrediteer is nie. Honderd jaar gelede reeds het 'n professor C.M. Mead, een van die invloedrykste Amerikaanse hersieners van hul weergawe van die Ou Testament, die absurditeit van kritici se metodes blootgestel. Hy het die Romeinebrief van Paulus geneem en dit arbitrêr volgens die gebruik van die name "Christus Jesus", "Jesus" of "God" in drie verdeel. Sy analise 'bewys' toe dat die samevoeging in die Romeinebrief selfs *meer* treffend is as dié van die kritici in die Pentateug. Jy bewys wat jy soek- ongeag die werklike feite.

**Positiewe Bewyse v. d. betroubaarheid van die Pentateug**

1. Die Mosaïese era was 'n literêre epog in die wêreld se geskiedenis waarin sodanige wette en kodes 'n algemene verskynsel was. Die *Tel el-Amarna* tablette en dié van *Hammurabi* getuig hiervan.

2. Die *Pentateug* weerspieël so volmaak die toestande in Egipte in die tydperk daaraan toegewys dat dit moeilik is om te verbeel dat dit die produk van 'n latere tydperk is.

3. Die seremoniële wette dra die kenmerke wat hoort by die volk se stadium van nasionale ontwikkeling.

4. Die weglating uit die lyste van rein en onrein voëls van 'die hen' is verbasend indien die wette wel in 'n latere tydperk opgestel en uit Indie ingevoer is soos beweer word.

5. Dit is merkwaardig dat daar in die Pentateug geen verwysing is na Jerusalem se bestaan, of die gebruik van musiek, as dit nie *voor* die tyd van Dawid opgestel is nie.

6. Die ondergeskiktheid van wonderwerke in die *Pentateug* ten tye van kritiese momente in die volk se ontwikkeling spreek van werklike geskiedenis soos geen ander nie.

Daar is meer, maar bostaande behoort voldoende te wees om die outentieke karakter v.d. boeke van Moses te bevestig. Ek rond hierdie gedeelte af deur die drogredenasies van Kritici uiteen te sit:

**Drogredenasies in Skrifkritici se Standpunte**

**1.** Ons kan nie anders nie as om waar te neem dat al die dokumente en **skrywers** waarna hulle met soveel sekerheid verwys een en almal **die vrug van die verbeelding** is. Daar is ook geen bewys van redakteurs nie. Wanneer geleerdes met sulke radikale en ingrypende aantygings vorendag kom, sou mens verwag dat daar oorweldigende bewyse voor moet wees. Maar helaas, hulle sit niks op die tafel nie! NIKS!...behalwe hul slim redenasies en troefkaart: *the assured results of scholarship.*

Wanneer die besef jou tref dat hulle besig is om die EEN dokument op die hele aarde waarvan die interne getuienis sê dat dit die Skepper-God se geïnspireerde woorde is, en hulle kom diskrediteer dit tot op sy fondament, **dan groei die verantwoordelikheid duisendvoudig om met ontwyfelbare bewyse te kom.** Sekerlik moet die oordeel van God oor sulke verwaandheid en waaghalsigheid onmeetbaar groot wees!

**2. Verknegtheid aan die evolusieteorie**

Dit word onbeskaamd deur hulle erken. Soos een skrywer dit gestel het: "If there were no hypothesis of evolution, there would be no higher criticism" (Franklin Johnson, D.D., L.L.D., in *The Fundamentals,* vol.1,p. 61). Die ganse konstruksie wat teen die Pentateug opgerig is, word op die voorveronderstelling gegrond dat ook die godsdiens van Israel, soos alle ander, 'n natuurlike proses van evolusie ondergaan het. Let daarop: die woord 'hipotese' beteken nie bewese waarheid nie!

In ‘n vorige hoofstuk word die evolusieteorie wat as wetenskap poseer, bespreek. Genoeg om in hierdie stadium te sê dat daar aan die begin van die 21ste eeu nog steeds gewag word op die eerste egte wetenskaplike bewys daarvoor. Die oëverblindery op hierdie gebied is eenvoudig verstommend. Ek verwys lesers na my eie boek oor die onderwerp, naamlik: *Evolusie en die Bybel: Kan hulle Versoen Word?* (pp. 340). In hierdie geval dus: verwyder die valse evolusie-fondament en die konstruksie van die kritici stort vanselfsprekend in duie. Interessant is dit om te bespeur dat dit die grondmotief van beide die moderne wetenskap sowel as die Skrifkritiek is om God nietig en irrelevant te verklaar.

### 3. Die Bybel is 'n Natuurlike Boek

Indien die evolusie-hipotese die grondslag van alle religieuse denke *sou* wees, is genoemde gevolgtrekking die onafwendbare eindproduk. Die misleiding hierin voorgehou is vir elke gelowige mens glashelder. Die krag en werking van God se Gees spreek duidelik tot elke Christenmens wat dit lees en getuig van die waarheid van die Woord. Wie kan, in alle erns, die Pentateug lees en nie bewus wees van God wat spreek nie. Trouens, iets soos honderd-en veertig maal staan daar in die vyf boeke geskrywe: "En die Here/God het met Moses gespreek en gesê..." Ek verstout my om te sê dat, indien elk van pasgenoemde aanspreke van Moses deur die Here almal 'n leuen moet wees, ons net sowel die hele Bybel kan toemaak, verbrand en nooit weer daaraan dink nie. En om te dink: hierdie 'geleerdes' word deur iemand betaal!

### 4. Wonderwerke word ontken

Elke wonderwerk word óf in terme van die natuurlike verklaar, as 'n legende beskryf of as mite afgemaak. Seker die vernaamste wonderwerk wat vernietig moet word is die maagdelike geboorte van Christus. Die gewone prak-tyk onder Skrifkritici is om na parallele in heidense mitologieë te soek. En natuurlik te vind! Daar is verskeie sulke heidense verhale van geboortes uit 'n menslike vrou met 'n 'goddelike wese' as vader. Kritici is vinnig om te beweer dat Bybelse verwysings na die Here se maagdelike geboorte deur hierdie heidense verhale beïnvloed is om te verseker dat Hy gereken sal word as een wat 'n hemelse vader gehad het. Dit blyk egter dat genoemde heidense verhale nie op 'n maagdelke geboorte aanspraak maak nie. Kritici maak dikwels gebruik van sulke valse en vergesogte verhale om selfs net 'n klein saad van twyfel in die harte van gelowige mense te saai (kyk Ben du Toit se boek, later).

Wanneer 'n bekende teoloog of kerklike (uit ons eie kerk) in 'n nuwe opspraakwekkend- kontensieuse boek ook hierdie brokkie as moontlike waarheid aanbied, dan is daar mense wie se geloof net daar vou. Die laaste strooi het dan sy werk gedoen. Dit is waarom hierdie gewetenlose en laakbare werksmetodes van Skrifkritici met alle mag bestry moet word.

### 5. Argeologiese getuienis word ontken

Te danke aan hierdie dissipline is ontelbare probleme rondom die uitlatings van die Ou Testament reeds uit die weg geruim. Oënskynlike histories / geografiese / taalkundige of 'tegniese' teenstry-

dighede in die Skrif word dikwels met die verwydering van die laaste graaf vol grond opgeklaar. Dit is 'n fassinerende wetenskap wat vir 'n menigte rooi gesigte reeds gesorg het. Ek verwys na 'n aantal gevallestudies waar kritici se bewerings verkeerd bewys is:

Daar is gesê dat die *Hexateug* (Genesis tot Josua) mondelingse oorleweringe was omdat die Hebreers kwansuis nie die skryfkuns geken het nie. Talle opgrawings in die Nabye Ooste weerlê hierdie beswaar. In die besonder kan verwys word na die ontdekking van die *Tel el-Amarna* kleitablette wat met wigskrifkarakters 'gedruk' is, of na die gebruik van die Assiries-Babiloniese taal wat oral in die Midde-Ooste geken en gebesig is, lank voor die Eksodus-uittog. Ten spyte van hierdie ontdekking reeds in die jaar 1887, en ten spyte van 'n menigte artikels en boeke wat dit bevestig, maak Skrifkritici asof hierdie bewyse nie bestaan nie. Klaarblyklik maak hulle staat op die voortgesette onkunde en onbelesenheid van die breë publiek, gepaard met die valse aura van onaantasbaarheid (en daarom gesag) van kritici.

Toe die vroeë dokumente uit Babilonië effe meer as 100 jaar gelede nog redelik onbekend was kon kritici mense maklik oortuig dat die verhale van die aartsvaders in Genesis die produk van 'n latere Hebreeuse skrywer is. Abraham is tot mitiese figuur gerelegeer en as mitiese 'vader' van die Hebreeuse volk voorgehou. Die opgegrawe kleitablette het hierdie beskouing alles verander en weerlê. Professor Clay v.d. Univ. van Pennsylvania (ook Kurator v.d. Babiloniese Afdeling) verklaar hieroor soos volg: "we find that the very foundations upon which their [critical] theories rest...totally disappear" (kyk sy boek *Light on the Old Testament,* 1907).

Die boeke van Josua en Rigters is deur die kritici as on-histories bestempel omdat die beeld van die politieke, godsdienstige en sosiale toestande in die Palestina van die 13de eeu v.C. klaarblyklik ongeloofwaardig is. Soos in die vorige geval, en ook meer as 100 jaar gelede, is dit argeologies bevestig dat die detail in genoemde boeke 'n verbysterend akkurate portret van die tye is waaroor destyds geskryf is (kyk Macalister in *Bible Side-Lights from the Mound of Gezer*).

### 6. Moses 'hét nie die hele Pentateug geskryf nie'

Daar is 'n verskil tussen 'geskryf'' en 'neergepen'. Dit is baie duidelik dat Moses nie die grootste deel van die Pentateug neergepen het nie, want daar staan honderde keer geskryf: "En die Here het

aan Moses gesê..." Wanneer Moses self iets neerskryf, dan word in die eerste persoon geskryf. Deut.1:1-5 is (volgens my oordeel) deur Josua, Moses se skriba, neergeskryf. Vanaf vers ses is alles in die eerste persoon deur Moses self geskryf - tot hoofstuk 5:40. Vanaf vers 41 is dit weereens Josua wat tot vers 49 skryf. Dan tel Moses die pen weer op. In hoofstuk 10 se eerste vers staan daar: "In dié tyd het die Here vir *my* gesê..." Later is dit weereens die skriba wat *namens* Moses neerskryf, sodat wanneer Moses uiteindelik sterwe, gaan hy, Josua, eenvoudig voort en voeg die 34ste hoofstuk by, maar hierdie keer as slot tot *Moses* se werk. Dit maak die boek Deuteronomium as gevolg nie minder deur die Gees geïnspireer nie, want selfs Josua se hoofstuk, saam met sy *eie* boek (wat volgende in die Bybel is), is *ewe* geïnspireer.

Die gewone lidmaat moet verstaan dat hierdie verskynsel as een van die troefkaarte voorgehou word om te bewys dat Moses nie die outeur was nie, want hoe kan iemand sy eie dood beskryf? My antwoord hierop is dat niks in die lewe in waterdigte kompartemente is nie. Josua was oral saam met Moses - selfs toe hy die berg uitgeklim het om die Tien Gebooie te ontvang, want in Eks.32:17 staan daar: "toe Josua die stem van die volk hoor hoe hulle juig, sê hy aan Moses..." Hy was daar teenwoordig. In Eks.33:7 word ons vertel dat Moses 'n tent buitekant die laer gehad het waar die Here met hom kom praat het. Vers 11 sê "dan spreek die Here met Moses van aangesig tot aangesig..." Daarna, wanneer Moses na die laer teruggaan om met die volk te spreek, dan gaan Josua nie saam nie, want die Woord beaam "maar sy dienaar Josua, die jongman, die seun van Nun, het hom nie uit die tent verwyder nie." Wat het hy die hele tyd daar gedoen, kan mens vra? Ek het min twyfel dat hy juis dan besig was om alles neer te skryf volgens wat Moses vooraf vir hom gesê het om te skryf. Met sy terugkeer sou hy dit nagaan en enige veranderings aanbring.

Bostaande twee paragrawe is op my eie waarneming gegrond. Die gebruik van 'n bietjie gesonde verstand, glo ek, klaar die meeste van die sogenaamde 'foute' in die Bybel op, maar onder Skrifkritici móét die Bybel so verdag gemaak word as moontlik, daarom word elke molshoop 'n berg waaroor God se Gees nie sy geïnspireerdheid kwansuis kon laat geld nie. Ek herhaal: jy vind wat jy soek! Vele ander voorbeelde sou hier genoem kon word, maar ek volstaan hiermee en verwys na my latere hoofstuk wat in meer besonderhede op argeologiese opgrawings ingaan.

## BESPREKING: BYBELSE ONFEILBAARHEID

In effek gaan hierdie hele boek oor die Bybel. As die Bybel nie bestaan het nie het ons nie 'n kerk gehad nie. Ons sou verlore en sonder God in die wêreld wees. Verder; ons kerk bestaan omdat, en *slegs* omdat ons glo dat die Bybel in absolute terme onfeilbaar is. Die Bybel se onfeilbaarheid word vanaf *alle* kante aangeval. Die skrifkritici van die vorige hoofstuk val die integriteit van die Skrif aan, en daar kom nog baie daarvan – nie net van *buite* ons kerk, maar deesdae van *binne*. *Dit* is die tragedie! Maar òòk die rede vir die dramatiese agteruitgang in ons kweekskole en sinodes se leering en uitsprake.

Omdat die Bybel se juiste woord nie meer as histories betroubaar gesien word nie, maar slegs die *boodskap* daar*in,* dryf ons vandag op die see van relativisme. Dáárom het ons 'n prof. Sakkie Spangenberg. Dáárom het ons die 'Nuwe Hervormers'. Dáárom kan ons sinode nie besluit of homoseksualisme nog sonde is nie! Die dieptegang van ons gesagsnood kan kwalik beskryf word!

Vanaf die eerste bladsy onderskryf hierdie boek die totale gesag en onfeilbaarheid van die Bybel van die eerste bladsy tot die laaste in Openbaring – *in die oorspronklike tale!* Die laaste vier woorde is van kardinale belang, want ons het nie meer die oorspronklike manuskripte nie. Dié wat ons wel het is afskrifte daarvan, en *afskrifte kan foute bevat.* Die 'foute' wat teoloë deesdae in die Bybel vind, skryf behoudende kenners aan een van twee dinge toe: 1. Dat dit die gevolg is van onvoldoende kennis omtrent die besondere uitspraak *in* die Bybel (op hierdie manier is vele sodanige foute reeds opgelos), of 2. Dat die betrokke 'fout' wel 'n *oorskryffout* is uit die vorige dokumente.

Behoudende Skrifverklaarders onderskryf hierdie siening, juis omdat – soos die Skrif ook sê, "dit onmoontlik is dat God sou lieg." Hy is die waarheid self, en Hy is volmaak en daarom sal al sy Woorde ook volmaak wees. Die teoloog wat meen dat sy eie woorde *eerder* waar is, plaas sy eie intellek en opinie *hoër* as die Bybel! Ons as gereformeerdes neem nie so 'n standpunt in nie.

In 'n latere hoofstuk word die redes hiervoor gegee, want dit is en bly die onteenseglike fondament vir die voortbestaan van ons kerk. As leser *moet* jy weet dat ons jongste sinodes alreeds verklaar het dat die Bybel foute bevat (2002 Sinode se Agendaverslag op blsy 202, en vorige verslae wat sê: "die Bybel bied *nie* 'n *eksakte weergawe van die geskiedenis nie*"). Is dit so? Indien wel, dan het ons as kerk geen bestaansreg nie. Onderneem saam met my hierdie tog tussen die vestings van ings van onverpoosde aanslae op jou en my enigste hoop vir hierdie lewe en die lewe hierná! PJP, 25.6.2005

# Hoofstuk 6 TWEE GELEERDES WAT SKRIFKRITIEK VERLAAT

Daar is min dinge wat die boodskap van 'n onbekende en half-teoretiese onderwerp so vinnig tuisbring as 'n praktiese voorbeeld wat van eerstehandse ervaring spreek. Onder bostaande opskrif kyk ons na 'n voorbeeld uit Amerika vroeg in die 20ste eeu, gevolg deur een uit Duitsland aan die einde van dieselfde eeu.

**1. Professor J.J. Reeve, *South Western Baptist Theological Seminary,* Fort Worth, Texas, VSA.**

Professor Reeve vertel hoedat hy vir sy voorgraadse studies aan een van die mees vooraanstaande van Amerikaanse universiteite studeer het, en hoedat hy deur party van die land se voorste intellektueles oortuig geraak het van die noodwendigheid van die aannames van Skrifkritiese denke en modelle. Toe hy egter die model van naderby bekyk kom hy tot die besef dat sy professore se gevoltrekkings die resultaat was van die aanhang van die evolusie hipotese. Die krag en fassinerende samehang van die evolusie wêreldbeeld het veroorsaak dat hy geen rede kon vind waarom hy nie homself daarmee kon identifiseer nie. Hy deel mee dat die visioen van 'n kosmos wat algaande vanuit die laagste tipes lewe tot die hoogste vorms van lewe en die mens geëvolueer het, amper oorweldigend was.

Die parallel wat hy in die Bybel waarneem van 'n mensdom wat op pad was vanuit sy sondige bestaan tot die beloofde goddelike bestemming, het al meer soos 'n handskoen binne die raamwerk van die hipotese gepas. Hy sê: "This world-view had to me at first a charm and witchery that was almost intoxicating. It created more of a *revolution* than an *evolution* in my thinking." Dat die evolusie-paradigma die inspirasie en fondament van die Hoër Kritiek verteenwoordig, sê hy, hoef nie eens oor geredeneer te word nie. Nadere inspeksie van die leiers van die Kritiese Skool bring hom tot die oortuiging dat hul besondere soort evolusie onder die naturalistiese en deïstiese sambreel sorteer: "All natural and mental phenomena are in a closed system of cause and effect, and the hypothesis applies universally, to religion as well as to mechanisms." Wat hy hier sê wanneer hy na 'n "*closed system"* verwys, **is dat daar geen sprake is van 'n God wat *buite* die sisteem kan wees nie. Die sigbare, tasbare is alleen die werklike!**

Hoewel die pasgenoemde benadering nie van alle kritici van sy tyd waar is nie, het die leiers soos Reuss, Graf, Vatke, Keunen en Wellhausen dit beslis onderskryf. Vir hulle was die natuur en die ganse geskiedenis die produk van inherente kragte in die proses van ontwikkeling. Daar was en kon geen aksie op die mens van God se kant wees nie, aangesien daar geen breuk in die ketting van oorsaak en gevolg kon wees nie. Gevolglik kon daar geen wonderwerke wees nie en geen buitewêreldse inwerking in die mens se bestaan:

> “there could be no "interference" in any way with the natural course of events...no injection of any power into the cosmic process...he is thus little more than a prisoner in his own cosmos. **Thus I discovered that the Critical Movement was essentially and fundamentally anti-supernatural and anti- miraculous. According to it all religious movements are human developments along natural and materialistic lines"** (my klem).

Die godsdiens van Israel (volgens Skrifkritici, natuurlik) was geen uitsondering tot die reël nie. Dit was in wese 'n reguitlynige meganiese ontwikkeling wat stap vir stap gevolg kon word soos wat 'n stel trappe met 'n maatlyn gemeet kan word. Met sodanige uitgemaakte gevolgtrekkings in hul denke vasgelê is alle vrae in effek vooraf beantwoord. En omdat dit glashelder is dat die Bybel nie binne hierdie denkraamwerk pas nie, moes dit geherrangskik word om wel daarby in te pas. Om dit te bewerkstellig moes hulle die aansprake van Bybelskrywers op ondubbelsinnige wyse negeer. Reeve sê dan:

> "Now, if the Bible claims to be anything, it claims to be a revelation from God, a miraculous or supernatural book, recording the numerous direct acts of God in nature and history, and His interference with the natural course of events. Are the writers of the Bible correct, or are the critics? It is impossible that both should be right."

Wat Reeve hierbo sê het hom tot die besef gebring dat die voorveronderstellings en geloof van die bybelskrywers en dié van die die kritici diametries teenoorgesteld is. Om dus te beweer dat die moderne beskouing 'n voortbou van die Bybel se standpunt verteenwoordig is totaal absurd. **Geen voorveronderstelling kan dié van 'n ander uitbou terwyl dit in wese besig is om dit nietig te verklaar nie.** Keunen het hierdie teenstrydigheid raakgesien en

gekies om tog wel die Bybelse opsy te sit. Vele van die dissipels van die beweging sien egter nie die probleem raak nie en leef in die waan dat die twee wel gekombineer kan word.

Reeve vertel dat hyself aanvanklik geglo het hy kan die Skrifkritiese standpunt handhaaf terwyl hy die voorveronderstellings daarvan verwerp. Hy verwoord dit in die volgende uitlating:

> **"If the *assured results* of which the critics are so fond of boasting are true,** then the naturalistic evolution hypothesis which produced these results is correct. **Then it is impossible to accept the miraculous or supernatural...** I can see no way of escaping these conclusions. **There is no middle ground as I once so fondly imagined there was."**

Reeve verleen erkenning aan die waarde van die Wetenskaplik-Historiese ondersoeke insoverre dit die historiese omgewing van Bybelskrywers blootlê, want dan alleen kan die teks se volle implikasie begryp word. Dit is egter die *voor*veronderstelling waarmee na die gegewens gekyk word, die bril waardeur gekyk word, wat bepalend is. En dan nog om te sê, soos hulle wel doen, dat slegs die Skrifkritiese bril ware wetenskap verteenwoordig en geen ander nie, is arrogant om die minste daarvan te sê. Hul hipotese oorheers elke poging om die Rekord te verstaan, gee vorm aan elke gevolgtrekking, rangskik en herrangskik feite volgens hul eie orde en verwerp alles wat nie inpas nie. Die gebruik van die sogenaamde "Redakteur" is hiervan 'n sprekende voorbeeld. Hierdie denkbeeldige persoon (of persone) is beide onhistories en onwetenskaplik en word met elke probleem bygesleep. Dit word erken dat "hy" (hulle) by tye op totaal onverklaarbare wyse optree.

Om aan te neem dat sodanige persone name van God ingevoeg of verander het om by hul eie doelstellings te pas doen die wetenskap tot in sy grond geweld aan, nieteenstaande hul spogtery oor hul wetenskaplikheid. Geen redenasie is meer bestand teen feite as juis die een wat met 'n teorie op so 'n wyse ge-preokkupeer is nie. Hul verleen meer erkenning aan die *raaiskoot* van 'n sogenaamde geleerde, 'n klei tablet, 'n heiden-koning se spogtaal en 'n rowwe tekening op 'n klipfragment as aan die Skrif self.

Op hierdie wyse, aangesien hul teorie nie mee gepeuter mag word nie (omdat dit kwansuis ware waarheid is), moet die Bybel in die naam van die waarheid opsy staan. So ontken hulle die hele geskiedenis wat in Genesis 1-11 opgeteken staan, die verhaal van die

Skepping, die Sondeval, die Vloed, ens. Geen naturalistiese evolusieteorie mag ooit enige van hierdie gebeure as feit erken nie. Eweneens is daar slegs 'n vae skyn van waarheid in die verhale omtrent Abraham, Isak, Jakob, Josef en Moses. Byna alle wette word na tye daarna gerelegeer omdat dit te vinnig 'n ontvouing in die lewens van mense van daardie tyd sou impliseer - en dit mag nie! Maar is dit so? vra Reeve. Alles behalwe, want eeue voor Moses se tyd is bewyse van wette, van regerings, van kulture, van kuns, van opvoedkundige en godsdienstige gebruike opgegrawe. En verder: om te beweer dat die nie-toepassing van wette *ipso fakto* beteken dat die wette nie bestaan het nie is sekerlik die grootste onsin, sê Reeve. Ons verbreek elke dag die tien Gebooie, maar sal dit beteken dat hulle daarom nie bestaan nie?

Die arbitrêre omgaan met die waaragtigheid en betroubaarheid van die Skrif word op min plekke beter blootgestel as met die ontdekking van die *Boek van die Wet* in 2 Konings 22:8-20. Hulle ontken enige ontdekking van die Wetboek, want dit sou hul geliefde teorie deurmekaarkrap. Skrifkritici beweer dat Esra veel later (in die ballingskapstydperk) die wette opgestel en as die werk van Moses voorgehou het. In enige taal is dit bedrog van die ergste graad. Hy het sonde gedoen dat die goeie daaruit moet voortkom.

[Verbeel jou: Esra skryf die Tien Gebooie wat sê "jy mag geen valse getuienis lewer nie", maar met elke woord wat hy skryf is hy besig om valse getuienis te lewer. Wat meer is, teen hul beste belange glo hulle hom dan nog, al is die gebooie veeleisend. Daarna skryf hy self 'n boek onder sy eie naam, en geen Skrifkritikus verwerp dit as komende van 'n baas-bedrieër nie. Hoe kon hulle bereid wees om sy boek in die Kanon te laat bly? Kan iemand hom indink dat hierdie valse, naïewe en vergesogte beskouing ooit, maar ooit waar kan wees? Maar dit is die gehalte van die misleiding van die Skrifkritici wat die *Dokumentêre Hipotese* aan die wêreld as waarheid voorhou. Dit word slegs geëwenaar deur die 'aanbidding' van die evolusieteorie in ons dag asof daar ooit 'n rigtinglose en toevallige evolusie van '*slym-tot-by-Sokrates'* kón wees]

Reeve erken dat die idees van die kritici vir 'n tydlank ruimte in sy denkraamwerk gevind het, maar hoe meer hy hul tesis ondersoek hoe meer besef hy dat die kritici die ware vervalsers is. Hulle is die mense wat hul aan verbeeldingsvlugte skuldig maak om daardeur hul teorie te akkomodeer. Jy verander die Bybel om 'n vervalsing voor te hou wat die karakter van God geweld aandoen.

Daar was nog 'n rede waarom Reeve die Skrifkritiese standpunt verwerp het. Hy verwys na die wetenskaplike denkers wat hul met ontledings besig hou. Wat het geblyk hul gesag te wees: hul filosofiese teorie en werkshipotese of hul godsdienstige geloof? Met ander woorde, was dit hul godsdiens of hul filosofie wat die denke beheer het? Was dit rede of geloof wat primêr was? Die vraag was nie of geloof sonder die rede moes fungeer nie, maar wel watter van die twee die laaste sê sou hê. Indien die *teorie* voorrang sou geniet dan het die menslike rede, en nie geloof nie, die ereplek ingeneem. Hy moes homself aan die fundamentele waarhede van ons Christelike geloof toets soos wat die Bybel dit uitspel, en dit sou insluit Goddelike openbaring, die maagdelike geboorte, die lewe en opstanding van Christus as God-mens, en so meer.

Die kritici se standpunt kon nie konsekwent hiervoor ruimte maak nie. **Gevolglik is die saak vir hom tot een van gesag gereduseer :** sal dit die wetenskaplike hipotese wees wat sy denke beheer, of sy geloofstandpunt? **Daar was by hom geen twyfel nie dat die kritikus deur sy filosofiese benadering gedryf is.** Hy verwys terug na vorige eeue waar die Griekse filosofiese denke veroorsaak het dat seker Christelike waarhede prysgegee moes word. Ook in die Middeleeue is die Christelike godsdiens deur Aristoteliaanse logika en Neo- Platoniese filosofie beoordeel. Dit het hom al hoe meer begin tref dat die gees van die tyd tot elke afwyking in die verlede gelei het. Dit was per slot van rekening die intellek wat oor die geloof sou seëvier, en hulle het op almal neergesien wat nie met hul filosofie saamgestem het nie.

'n Ander aspek van die argumentvoering van kritici was hul gespog met die bewering dat alle geleerdes hul standpunt deel. Reeve besef dat dit beslis nie die geval is nie. Daar was 'n groeiende getal geleerdes wat nie hul standpunt onderskryf het nie. Hoe het hulle daarmee rekening gehou? Dit was eenvoudig: diesulkes is eenvoudig geïgnoreer [soos vandag ook maar]. Jy maak asof niemand anders met 'n gesonde intellek hulle teenstaan nie.

Wat, vra Reeve, is die resultaat van die aanhang van die Hoër Kritiese Metode? Niks anders nie as dat die Bybel, Christus en die godsdienstige belewenisse van mense almal aan hul wetenskaplike analises onderworpe is. Hy vervolg met:

> **"Carry this out to its logical conclusion and what would be the result? There would be *all science* and *no religion.* In the aray of scientific facts all religion would be**

> **evaporated. God, Christ, the Bible, and all else would be reduced to a mathematical or chemical formula. This is the ideal and goal of the evolutionary hypothesis. The rationalist would rejoice at it, but the Christian mind shrinks with horror from it... as one of its deadliest foes."**

Die verdere gevolg hiervan is dat die mens sy eie god word omdat sy eie rede sy finale gesag word. Maar nou: omdat die evolusie alles sien asof in 'n voortgaande proses van verandering en wording, is die idee van God ook besig om te verander en te ontwikkel. So word die Bybel ontgroei, en word die Christelike Godsdiens ook agtergelaat. *Die uiteindelike gevolg is dan dat daar geen absolute waarheid is en niks op die gebied van die moreel-godsdienstige wat vas of seker is nie*. Jesus Christus is op vriendelik maar ferme wyse bedank vir sy dienste in die verlede, en word vergesel na die beperkinge van sy *eie* wêreld. Sy teenwoordigheid sou 'n probleem vir party mense vorentoe kon wees. Kortom, al hierdie dinge verteenwoordig eenvoudig 'n terugkeer na die heidendom sonder God of sy gebod.

In die slotgedeelte van Reeve se artikel **vra hy of 'n God wat absoluut regverdig en heilig is ooit waarhede omtrent Homself aan die mens deur middel van valshede sou kon deurgee?** Sou Hy bereid wees om in die Ou -Testamentiese bedeling gebruik te maak van mites, legendes, sages en vervalste geskiedenis om waarhede omtrent Homself oor te dra? Sou Hy in die lywige Pentateug, en Moses as profeet, van 'n totaal vervalste voorstelling gebruik gemaak het terwyl Hy weet Esra die eintlike skrywer daarvan is? **Sou *so* 'n God, soos wat Hy homself aan ons in die Bybel voorhou, van sulke laakbare metodes gebruikmaak om mense regverdig te maak?**

Anders daarna gekyk: Is dit moontlik dat soveel onware geskiedenis en soveel misleidende fabrikasies deur die geskiedenis met soveel sukses bekroon kon gewees het? Kon Hy, byvoorbeeld, die eerste ses of sewe wonderlike hoofstukke van Daniel (wat klaarblyklik volgens hulle skaars enige waarheidsinhoud bevat) gebruik om soveel geestelike lesse van moed en durf in aansyn van magtige heidense konings om van mense edeler mense te maak? Die hele idee daarvan, sê Reeve is – in sy woorde –“*preposterous”.*

Waar Reeve erken dat hy voorheen voorgenoemde kritiese beskouings geglo het sien hy dit nou alles as pogings om die Open-

baring van God in wese te ondermyn. Hy sluit af met die volgende veelseggende woorde: "The movement has quickened study of the Old Testament, has given a valuable method, a great many facts, a fresh point of view; but its extravagancies, its vagaries, its false assumptions and immoralities will in time be sloughed by the Christian consciousness as in the past it has sloughed off Gnosticism, Pantheism, Scholasticism and a host of other philosophical or scien--tific fads and fancies."

Professor Reeve se gevallestudie het hom reeds omtrent honderd jaar gelede afgespeel. Mens sou dink dat die histories-kritiese metode al lankal die stof sou gebyt het, maar die leuen gaan nie sonder 'n geveg tot die einde-toe, lê nie. Om dit te bevestig kyk ons kortliks na die tweede gevallestudie wat hom in Duitsland afspeel. Omtrent 15 jaar gelede het ek haar (Prof. Linneman) by Kwasizabantu se jaarlikse nasionale kongres hoor praat nadat sy die wêreld van die histories- kritiese skip verlaat het.

**2. Professor Eta Linneman (Nuwe Testament), voorheen van Phillips-Universität te Märburg, Duitsland**

(Ek neem my gegewens uit die Hollandse vertaling van haar boek, *Wetenschap of Vooroordeel?* : *Het fiasco van de histories-kritische bijbelwetenschap,* 1987, soos deur Kok-Kampen uitgegee.)

In hierdie boek vertel prof. Linneman hoe sy as Skrifkritikus van voorneme was om 'n diens aan God en die kerk te lewer, totdat haar oë oopgegaan en sy ontdek het dat haar wetenskaplike resultate in vele gevalle geen reg aan die Skrif laat geskied nie, en dat dit eerder op willekeurige voorveronderstellings berus. Sy ontdek ook die lewende realiteit van die Bybel in haar lewe van opregte geloof [wat sy voorheen as professor nie beleef het nie]. So kom sy met dieselfde probleem as Wellhausen in aanraking: *"de histories-kritische methode...maakt studenten ongeschikt om later predikant te worden. Wellhausen hield vast aan zijn wetenschap; mevrouw Linneman koos voor het geloof*" (kyk na  Woord vooraf: Nederlandse Vertaling, p.9).

Die skrywer van die 'Woord Vooraf', ene drs. M.J.Paul, meld hoedat die wetenskap op 'n hoë voetstuk geplaas is sodat vele van mening was dat hulle, in hul soeke na iets om aan vas te hou, dit in die wetenskap kon vind. Hier lees ons hoedat iemand wat vir jare die wetenskap met oortuiging as hoogleraar dien die beperktheid van

die wetenskap ontdek. Sy lê steeds groot klem [sê hy van haar] op die geloof in Jesus Christus as die enigste wat in so 'n soektog nodig is. Ons moet eers na die stem van die Goeie Herder luister. Deur om eers na die Goeie Herder te luister is die wetenskap moontlik. Om egter met wetenskap te *begin* kom daar geen uitbou van geloof nie.

In haar inleiding vra sy die kernvraag waarom sy die histories-kritiese teologie gelos het. Sy stel dit so:"Waarom zegt u nee tegen de historisch-kritische theologie?" Die vraag werd mij voorgelegd en op die vraag zou ik daarom graag vooraf een antwoord geven.

**My *nee* tegen de historis-kritische theologie** ontspringt aan het ja tegen mijn geweldige Heer en Heiland Jezus Christus en tegen de heerlijke verlossing, die Hij op Golgota ook voor mij heeft volbracht" (p.11). Maar aan die einde van haar Inleiding wys sy daarop dat sy haar eie twee boeke sowel as tydskrifbydraes, versamelstudies en jubeleumuitgawes persoonlik in die vullisblik gegooi het. Sy vra dat enigiemand wat sodanige geskrifte nog op hul boekrakke het dit ook sal doen. Die vraag ontstaan nou: waarom so 'n radikale handeling?

Soos hierbo reeds genoem, verwys sy na die 'Histories-Kritiese *Teologie*', en nie die 'Histories-Kritiese *Metode'* nie. Rede hiervoor is dat dit lank nie meer slegs 'metode' is nie, maar wel tog 'n 'Teologie' wat die grondbeginsel van alle teologiese besinning aan universiteite geword het. Die eiesoortige aard van hierdie teologie is egter dat God by voorbaat teoreties uitgeskakel word, al gee die ondersoeker te kenne dat Hy Hom in sy Woord nie onbetuig laat nie. Maar die maatstaf waarmee gemeet word is nie die Woord van God nie, maar wel die prinsipe van wetenskaplikheid. Alle verwysings in die Skrif na gebeurtenisse en persone word aanvaar slegs insoverre hul die voorveronderstellings van die wetenskap dien. Wat daarna oorbly word as "onwetenskaplik" afgewys. **Die wetenskap het, in haar woorde, "een afgod geworden."**

Een voorwaarde van die wetenskaplike teorie is dat die Bybel en die Christelike geloof met ander godsdienste se geskrifte vergelyk moet word. Die gereformeerde benadering van 'Skrif met Skrif' te vergelyk is nie hier van toepassing nie, maar wel van 'Skrif met *ander ge*skrifte'. Daar is dan ook geen onderskeid te make tussen die bestudering van die Bybel en die Odyssee nie. Op hierdie wyse, sê sy, word die Woord van God tot "een dodelike letter" gereduseer en is dit nie meer die lewende Woord van God nie. In

die prediking van hierdie dooie letter word probeer om lewe met behulp van psigologié, sosiologié, sosialisme en dergelike ander –ismes daarin te blaas.

Onder die hoof wat handel oor die gebrek aan respek vir die Woord van God vestig sy die aandag op vyf aspekte:

- Eerstens word veronderstel dat **die Bybelwoord en Godswoord nie identies is nie. Die** woorde wat daar staan is dus *nie* die Woorde van God nie - dit *word* alleen Gods Woord genoem wanneer dit by geleentheid gelees of deur die prediking gehoor word [klink na Barth!].
- Tweedens **word die Ou- en die Nuwe Testamente teen mekaar afgespeel.** Die Ou -Testamentiese God is nie dieselfde as die Nuwe-Testamentiese God nie, want Jesus het 'n nuwe godsbegrip bekendgestel. Paulus word teen Jakobus afgespeel en die Paulus van Handelinge is nie die Paulus van die briewe aan die Romeine, Korintiers, Galasiers, ens nie. Aan Handelinge word slegs 'n literêre waarde toegedig en word Lukas nie as verslaggewer ernstig opgeneem nie. So ook word verskille tussen afsonderlike Bybelboeke sodanig opgeblaas dat hulle as onverenigbaar bestempel word.
- Derdens, omdat daar **nie aan die inspirasie van die Skrif geglo word nie**, word die aanvullende karakter van Bybelboeke onderling ontken. Die Bybel, volgens hierdie kritici, is 'n handjievol onsamehangende literêre voortbrengsels. Daarby, vanweë die gaping van tussen twee-en drie duisend jaar tussen die destydse lesers van die Skrif en ons eie tydsgewrig, word die boodskap as alles behalwe aktueel verklaar.
- Vierdens, omdat daar vir die kritikus geen binding is om die hele Bybel te aanvaar nie, word die "kanon binne die kanon" gesoek. Vir sommige bly daar weinig meer oor as Romeine 7, die barmhartige Samaritaan, Lukas 10, en die "gelykenis van die wêreldoordeel."
- Vyfdens, vir die histories-kritiese teoloog is Johannes 3:16 nie die bindende heilsbelofte van God nie, maar wel die mening van 'n oerchristelike "vrijblijvende" teoloog aan die einde van die eerste eeu.

Haar volgende waarneming rakende die histories-kritiese teologie is dat deur hulle beweer word dat die "teks" van die Bybel uitleg

nodig het. Dat elke leser wel die reg het om direk toegang tot die teks te hê, word nie betwyfel nie want dit verteenwoordig dan slegs 'n subjektiewe en eksistensieële interpretasie. Verantwoorde uitleg, soos in prediking of onderwys, is slegs moontlik wanneer "metodies" en volgens neergelegde reëls gewerk word. Natuurlik beskik die kritici oor genoemde metodes, al sou hul onder mekaar heel dikwels radikaal van mekaar verskil!

Professor Linneman behandel verskillende aspekte van die wetenskap wat in ons dag dikwels oor die hoof gesien word, soos bv. die 'taalversperring'. Kritici se vermoë om menings van mense buite hul taalvermoë te lees of ondersoek veroorsaak dat hulle hul dikwels tot die groot name se werke beperk. 'n Ander manier om die noodwendige lees-las te verminder is om mense wat ander werksme-todes gebruik buite rekening te laat. Dan is daar ook die tegniek om met gebruik van een neerhalende en afwysende opmerking 'n werk wat indringende vrae stel, in sy totaliteit te diskrediteer. Op hierdie manier vermy kritici gepubliseerde werke wat eie publikasies met jare sou vertraag indien aandag aan gegee sou word. Die nota wat sulke lastige werke dikwels vergesel lui soos volg: "U uiteensetting vind ek heel interessant, maar ek kan my nie daarby aansluit nie." Daarmee is die saak afgehandel en geen verdere verduideliking word gegee nie.

[Hiervan het skrywer ervaring, want toe my boek, *Evolusie en Die Bybel: Kan Hulle Versoen Word?* deur *Die Burger* 'geresenseer' is, was daar nie 'n enkele verwysing na iets wat verkeerdelik die evolusieleer as onwerkbaar voorgehou het nie. Klaarblyklik was die idee van karaktermoord 'n aanvaarbaarder manier om mense daarvan te weerhou om die boek te lees.]

Polities-korrekte en sosialistiese infiltrasie bly nie buite nie. In plaas van die verkondiging van die Heilsplan van Jesus Christus en die ewige verlossing, word wêreldverbetering beklemtoon. Die gelaaide benaming van die sogenaamde "historiese Jesus" stuur die gedagtes in die rigting van Christus as sosiale hervormer of as revolusionêr. Voorkeur-tekste word aangebied om gewetens omtrent onregverdige maatskaplike strukture aan te spreek. Sy verwys na die teorie van die "bovenbou" waarvolgens die OT byna in sy geheel buite rekening gelaat word. Die Tien Gebooie geld nie meer nie, want Jesus se gebod van die liefde het dit opgehef. Hierdie 'liefde' is egter nie wat aan God's Woord ontleen word nie.

**Die Praktyk van die Histories-Kritiese Teologie**

Soos met enige ander wetenskap word die teologie op hipoteses aangewys, sê professor Linneman. So 'n hipotese is 'n veronderstelling dat iets so is. Sy noem twee voorbeelde in haar redevoering waarvan ek slegs een gaan noem: As veronderstel word dat die gelykenis van die Tien Maagde nie deur Jesus self uitgespreek is nie, maar wel in die eerste gemeente ontstaan het, dan plaas dit die gelykenis in 'n ander verband. Daar is dan geen informasie omtrent Jesus nie, maar wel oor die eerste gemeente. Om die gelykenis beter te verstaan (so word ons verseker) word nie kennis omtrent Jesus bygebring nie, maar wel wat mense van die eerste gemeente kon geweet het.

'n Tweede funksie van die hipotesevorming gaan oor die vraag of die betrokke teks die produk van mondelinge oorlewering is, of skriftelike? Vorm dit een literêre geheel of nie? Word bepaalde bronne of tradisies gebruik? Is daar sprake van literêre afhanklikheid...en so meer. Elk van die antwoorde op genoemde vrae behels weereens 'n veronderstelling, en daar is geen manier hoe enige van hierdie aannames gekontroleer kan word nie. Die antwoord wat gekies word is die een wat die beste by die hipotese inpas. Met ander woorde: die hipotesevorming in die Ou-en Nuwe-Testamentiese wetenskap is 'n sisteem wat homself bevestig. Sy noem dit *'n doellose speel met Gods Woord.*

Die wetenskaplike bestee ontsaglik baie tyd aan sy werk – 'n 60-uur werksweek is doodnormaal – en vanweë sy toespitsing op ‘’n geliefde teorie word hy vele dinge ontsê. Wil hy nie hê dat sy werk op niks uitloop nie, moet sy hipotese erkenning geniet. Hy moet strewe om van mense erkenning te kry, en sodanige erkenning skenk aan hom die skyn van egtheid en waarheid.

**Die student,** in sy eie onsekerheid en by gebrek aan insig – in plaas daarvan dat hy die Heilige Gees om leiding vra (en verwag), gryp na die beste "kommentaar" - 'n werk wat die bybelboek op histories-kritiese wyse vers vir vers "verklaar" - en raak so gewoond om die "probleme" in die teks te ontdek, dat hy nie sonder die kommentaar die teks meer kan begryp nie. Hoe meer moeite hy doen om tot sy gevolgtrekking te kom, hoe kosbaarder is die kennis wat hy verwerf, en hoe gouer as "vakkundige" erken te word. Die eenvoudige omgaan met Gods Woord wat ten doel het om 'n dader van die Woord te word, verskaf nie die eer wat "vakkennis" hom gee nie, en *daardeur verloor die gemeentelid wat na hom luister*

*die vertroue dat hy self die Skrif ooit sal verstaan, asook die vreugde wat vloei uit die omgang met Gods Woord.*

Steeds op die onderwerp van studente meld professor Linneman dat daar nêrens soveel "geloof" aan die dag gelê word nie as onder studente. Sy verseker dat selfs die mees kritiese student tussen 80 - 90% van die voorgehoue hipoteses opneem sonder om in staat te wees om die argument daarin vervat na waarde te skat. In die lesingsaal word die betrokke hipotese as feit voorgehou as gevolg van wat sy noem, die *consensus communis* in die instituut of skool. Die objektiwiteit van wetenskaplike werk is grotendeels skyn, sê sy, want die "naam" van die skrywer dra besondere gewig, veral as hy ook van 'n teologiese tydskrif die redakteur is. Sonder dat hy dit besef is die inligting wat oorgedra word, *voor*gefiltreer. Hierdie filter neem die vorm aan van : 1) die "keuse" van instituut (wat elk 'n bepaalde uitgangspunt handhaaf), 2) die boeke beskikbaar, of wat aanbeveel word ( sekere uitgewers se werke kom eenvoudig nie in aanmerking nie), 3) die student werk mee aan 'n projek van die dosent (dws., hy doen die sleurwerk wat op 'n bepaalde eindresultaat afstuur, 4) om aanvaar te word moet hy die reëls en uitgangspunte wat daar geld sy eie maak, en 5) hy word aan 'n nimmereindigende stroom informasie onderwerp wat sy eie geloofstandpunt diskwalifiseer met woorde soos "jy sal nog wel leer dat...", of "stel jou dan minstens tog vir die teoretiese standpunt oop ", of "Is jou geloof dan so swak en vertrou jy so min op God dat jy nie hierdie gedagtes wil oorweeg nie?"

**Die groepsdruk** waaraan studente onderwerp word is ook onberekenbaar groot. Indien hy sou weier om die standpunt van die Skrifkritici te aanvaar, word hy óf uitgelag óf minstens teen gediskrimineer. Hoe langer hy onder die invloed van sodaniges verkeer raak hy ook van sy vorige geloofsgenote vervreem.

Die lys is eindeloos, en ongelukkig een waaroor 'n gewone kerklidmaat nooit eens wonder nie. Dit stem ongelukkig ooreen met wat hier in Suid-Afrika aan die gebeur is, en ook hier weet 95% van lidmate *niks* van die titaniese stryd wat oral in ons kerk se kweekskole aan die gang is nie. **Die Vrystaatse moderator, dr. Lourens Erasmus** het in 'n toestand van radeloosheid lidmate van oor die land genooi om te kom besin oor waarom, en hoe, die NGK in hierdie krisis beland het. 'n Teologiestudent vra in radeloosheid wat hom en drie medestudente daar teenwoordig, te doen staan, want indien hulle langer in die kweekskool sou bly, sou hulle hul geloof

totaal verloor. Wat dus hierbo uit prof. Linneman se boek aangehaal word is nie meer iets wat daar ver aan die gebeur is nie - dit is hier by ons, in ons kerklike midde. Ons kerkleierskap is klaarblyklik van mening dat ons bekommerdes maar slegs die fundamentaliste is wat "hopelik op 'n dag die lig sal sien, want daar is geen krisis nie."

**Pseudomorfose.** Enkele bykomende aspekte van die situasie rondom die histories-kritiese teologie verdien aandag. Professor Linneman skryf oor, wat sy noem, die verskynsel van die "pseudomorfose." Hierdie woord beskryf die toestand waarin die oorspronklike betekenis van woorde en begrippe van 'n nuwe inhoud voorsien word. Die gewone lidmaat hoor nog steeds die bekende woorde, en hul leef in die waan dat alles nog op koers is, maar o wee! *Begrippe soos regverdiging deur die geloof, Jesus se plaasvervangende lyding, genade, verlossing, bevryding, erfsonde, gebed, Seun van God word weliswaar nog gebruik, maar só dat die begrip 'n ander betekenis kry. Jesus Seun van God is bv. nie meer "God uit God" nie, maar enkel 'n verwysing na die "historiese Jesus" waardeur Hy van ander grotes in die geskiedenis onderskei word* (p.95).

Elke tydperk is volledig op homself aangewys om 'n eie christologie op te stel, want die Bybelse gebruik van die uitdrukking hoort aan 'n verbygegane tydperk. Die ou begrippe is kwansuis vir die moderne mens ontoeganklik, en daarom moet hy die inhoud by vandag se omstandighede aanpas. Vergete is die woorde van 2 Tim. 3:16,17 wat sê: "Die hele Skrif is deur God ingegee, en is nuttig tot lering, weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die regverdigheid, sodat die gelowige volmaak kan wees en tot elke goeie werk toegerus" ( OAV).

Linneman beklemtoon dat God se Woord geen mengsel is van geldende Godswoorde en tydgebonde woorde wat deur mense uitgesorteer moet word nie.

Bostaande twee gevallestudies verteenwoordig, soos ek dit beskou, die kern van die disintegrasie van die geloofsgoedere van die NG Kerk. In die volgende hoofstuk kom ons wel daarby uit om na uitlatings van ons eie teoloë te kyk en te vra of daar *enige* wesenlike verskil is tussen die inhoud van die twee gevallestudies en ons eie kerk. Weereens; lidmate in die algemeen is salig onbewus van die dieptegang van die stryd wat aan die oplaai is. Die onbevraagtekende vertroue in uitsprake van vooraanstaande teo-

loë is verstommend. Wanneer die pers 'n opinie vanuit die geledere van die NG Kerk soek word klokslag dieselfde “kenners” weereens gevra. Dit veroorsaak dat niemand weet dat daar hon-derde predikante is wat hoegenaamd nie sodanige opinies steun nie. Klaarblyklik is dit 'n vergete eienskap om te verwag dat teoloë vanuit eerste beginsels (soos in ons Belydenisskrifte verwoord) sal argumenteer. Skrif word nie meer met Skrif vergelyk nie, maar met – in baie gevalle – wetenskap of die evolusieleer. Die ironie, *en* tragedie, is dat die Bybel altyd tweede kom omdat die gesagsposisie aan die ‘wetenskap’ oorhandig is.

**OOR DIE GEBRUIK VAN TAAL IN DIE OU TESTAMENT**

Mens kry die idee dat Skrifkritici daarop aandring dat elke Bybelboek se taalgebruik presies uniform moet wees, anders is dit ’n vervalsing of ’n ander skrywer. *Hulle* bepaal dus die grense van outentiekheid en laat geen ruimte vir die werking van die Heilige Gees nie. Ene dr Thomas Armitage sê hieroor dat: “Dit is ’n vergissing om te beweer dat die skryfstyl presies uniform moet wees. Hy is die skepper van alle tale en style en Hy mag hulle gebruik soos Hy wil. Hy skenk immers al die indiwidualiteit aan skrywers en gee dan verder die krag om neer te skryf presies wat Hy wil. Trouens, die verskeidenheid is juis *bewys* van die vryheid van menslike skrywers, en dit is hierdie feit wat ons oortuig dat, hoe ookal deur die Heilige Gees beheer, hulle nie tot masjiene gereduseer is toe hulle geskryf het nie .”(Soos aangehaal deur dr M.Gray, D.D., in *The Fundamentals*, vol.2, p.37.)

**Prof. Robert Dick Wilson van Princeton, VSA,** en briljante kenner van 26 tale en hoogleraar in Semitiese tale skryf in sy boek, *A Scientific Investigation of the Old Testament,* p.163 die volgende**: “**…die aanvalle op die integriteit van die betroubaarheid v.d. Ou Testament op die gebied van taal het totaal misluk. Die kritici het nie op een plek daarin geslaag om die diksie en styl van enige deel van die Ou Testament as uit pas te bewys met die idees en doelwitte van die skrywers van daardie tyd of omgewing, toe die gebeurtenisse plaasgevind het wat in hul dokumente [v.d. Bybel] beskryf word, nie. In elke geval is dit glashelder dat die taal presies ooreenstem met dié van die tydperk waarin dit geskryf is. Ons daag die Goliats van ex-*Cathedra* uitsprake om af te daal na die veld van gewone konkor-

**BEWYSE VAN DIE SKRYFKUNS IN DIE O. T.**

Prof. Robert Dick Wilson bevestig dat die Ou Testament dikwels na skrywery verwys. Hy voorsien onderstaande aantal in sy boek, *A Scientific Investigation of The Old Testament:*

Op bladsy 90 sê hy: "Die Ou Testamentiese dokumente verklaar dat rekords deur Moses, Josua, Deborah, 'n jong man van Sukkot, Samuel, Dawid en óf al die konings van Israel en Juda self, of aangestelde skrywers, van Salomo se tyd tot by Sedekia. Vir duisende jare voor Moses het die Babiloniërs togte uitgevoer waartydens hulle hul kultuur tot aan die kus van die Middellandse see uitgedra het. Vir honderde jare vóór sy tyd het konings van Egipte rooftogte na Palestina uitgevoer terwyl hul handelaars en reisigers nie alleen hul hawens en binnelandse stede dikwels besoek het nie, maar ook rekords nagelaat het waarin hul transaksies en outo-biografiese details opgeteken staan. Die *Tel-el-Amarna* briewe aan die adres van die konings van Egipte vanuit elke deel van Palestina en Sirië gerig, openbaar dat die spykerskrif (of wigskrif) metode van skryf oral in hierdie lande 200 jaar voor Moses se tyd in gebruik was.

Dat Hebreeus, wat aan bogenoemde teks verwant is so vroeg as tydens die uittog in gebruik was, word bevestig deur 1) die Hebreeuse woorde in die *Tel-el-Amarna* briewe, 2) die korrekte noemname in die Egiptiese lyste van plekke deur hulle in Palestina verower, en 3) die korrekte noemname uit die Hammurabi tydperk. Hierdie bewyse openbaar ook dat die vorm van die naamwoorde en werkwoorde soos in Bybelse Hebreeus aangetref, toe reeds in gebruik was.

Die biblioteek van Assurbanipal te Ninevé het duisende gekopieërde dokumente gehuisves wat afskrifte van ander dokumente was waarvan die oorspronklike honderde, en selfs duisende jare voor sy tyd, geskryf is." (Deur PJP vertaal.)

## Hoofstuk 7 SKRIFVERTALING: VRY VAN DWALING?

Uiteraard is daar boekdele oor hierdie onderwerp te skryf, maar soos met die meeste sake van kardinale belang word 95% van wat gesê moet word, nooit gesê nie. Hierdie is nie my vakgebied nie, maar dit staan my en ons elkeen vry om onsself van die feite van enige saak te vergewis, en dáárom lees ons.

By watter gewone lidmaat kom die idee ooit op of die boek wat hy/sy in die hand het waarvan die titel DIE BYBEL is, wel die onvervalste Bybel is? Die lidmaat wat die *Kerkbode* lees, of soms briewe in koerante wat na spesifieke vertalings of afleidings van vertalings (soos bv. die *Nuwe Liedboek*) verwys, sou miskien al begin wonder of alles nog pluis is. Is die 1983 *Nuwe Afrikaanse Vertaling* nog die Woord van God? Ek herinner my nie aan enige tyd vóór 1983 dat enige sulke debatte gevoer is nie, want mense was met die 1933 vertaling betreklik tevrede, hoewel die taal as effe verouderd getipeer kon word . Presies wat het gebeur dat daar onder Afrikaanssprekende bybellesers wat met die Bybel erns maak, al meer die 1983 vertaling al minder gelees word?

Die onderstaande agtergrond inligting (soos deur my verwerk) kom uit die pas-verskene boek van J.C Erasmus, *Skrifgesag: Manuskripte en Bybelvertaling.* Nie almal sal met haar bevindinge saamstem nie, maar sy bied 'n goed-gedokumenteerde studie van die onderwerp aan, en ek glo dat haar werk in ag geneem moet word.Toe ek self die geheel-prentjie kry het ek agtergekom wat dit aan die *Nuwe Afrikaanse Vertaling* (NAV) is wat gemaak het dat ek vir die afgelope byna twintig jaar slegs op 'n Sondag in die kerk die NAV lees. Ja, dit lees makliker, maar is 'makliker' al wat saak maak, of gaan iets in die proses verlore? Oordeel self!

### Nuwe Testament

Die teks van die Hervorming verskil van die grondteks wat in modernistiese vertalings gebruik word. Eersgenoemde se teks gebruik die sogenaamde *Meerderheidsteks* (MT), of *Bisantynse* teks as grondteks. Daar is omtrent 5 200 ou manuskripte wat met mekaar ooreenstem. Dit verteenwoordig nagenoeg 99% van beskikbare manuskripte. (Daar is andere kenners wat sê dis slegs 80%.)

'n Tweede groep mss. (manuskripte), omtrent 50 (of 1%), verskil van mekaar, maar ook merkbaar van die 99%.

Vir 15 eeue oorheers die MT (*Meerderheidsteks*) die ander. Tekskritici (let wel!) beskou dit vandag as 'n swak teks, en veroorsaak 'n verskuiwing van die *Bisantynse* teks (wat uit 'n wye gebied in Europa voortspruit), na die nié *Bisantynse* (1%) wat hoofsaaklik uit Egipte kom (wat 'n minder goeie rekord tov. akkuraatheid en vooroordele het).

Twee geleerdes, Westcott en Hort, blyk die mense te wees wat die MT gediskrediteer het (op 'wetenskaplike' gronde), en veroorsaak 'n verskuiwing weg van die Reformatoriese in die rigting van Rome wat ook uit die 1% tekste put. Laasgenoemde is kwansuis ouer, maar die bestaan van ouer MT mss word verswyg en geïgnoreer.

Die tekskritici se spesiale gunsteling is die *Kodeks Vaticanus* (ook bekend as B) en *Sinaïticus* (ook bekend as Alef). Selfs hierdie twee se Evangelies verskil oor die 3 000 keer van mekaar (soveel vir akkuraatheid!), en dit is die mss. Wat vir moderne vertalings gebruik word, en nie die meer betroubare MT nie.

**Ou Testament**

Noodwendig is die OT, tot die verskyning van die drukpers met die hand oorgeskryf en was dit sonder klinkers. Die Masorete het die klinkers bygesit om uitdrukking te gee aan hoe die teks deur die eeue gelees is.

Daniël Bomberg druk die eerste *Rabbynse Bybel* in 1516 te Venesië. In dieselfde jaar gee Desiderius Erasmus sy GNT (Griekse Nuwe Testament) uit.

In 1525 word laasgenoemde vervang met die 2de Bombergbybel, soos deur Jacob ben Chajjim van Tunisië geredigeer. Hy sluit dele van laat mss in, wat die Ou Testament-teks van die Hervorming geword het, asook die standaard in die Weste, tot en met 1937. Dit staan later bekend as die *Textus Receptus.*

Deur die Rennaissance en tot 1800 is 'n aansienlike hoeveelheid ou mss versamel, en daarna is oor die 2 000 deur Abraham Firkovich in die Leningradse biblioteek geplaas.

Paul Kahle doen in die eerste helfte van die 20ste eeu navorsing oor mss. in Kairo Geniza gevind. Hierdie "nuwe" inligting word 'n rede vir die verandering van die teks in die modernistiese vertalings.Tussen 1908 en 1926 produseer Christiaan D. Ginsberg 'n Hebreeuse Bybel met baie voetnote en volg hoofsaaklik Chijjim se *Textus Receptus.* Rudolf Kittel se Biblia Hebraica, 1906 en 1912,

gebruik ook Chijjim se teks. Later volg 'n *Biblia Hebraica* 3 waarin die Leningrad-manuskrip B-19A gebruik is, en dit verskyn in 1937. Daar word beweer dis 'n getrouer kopie, soos deur Aaron ben Moshe ben Asher in 1008 nC. voorberei. Die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* (BHS)(1976-77) bevat ook hierdie teks onder die voorwendsel dat dit die oudste volledige Hebreeuse manuskrip is. Ons Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983 maak hiervan gebruik.

Die Masoretiese tekste van die Hervorming verskil van die teks wat die modernistiese vertalings gebruik. Ben Asher se teks geniet voorkeur. Dit word dikwels in vertalings aangevul uit die Dooie-See manuskripte wat, vanweë die Esseense afkoms, in die oë van sekere geleerdes verdag is. Verder hang daar 'n geheimsinnigheid oor die rolle. *Die Rockefellermuseum* in Jerusalem beheer die rolle en stel vier Roomse, een Dominikaanse en drie Jesuïte priesters aan om die rolle te ontsyfer. Vir baie jare is hulle reeds aan die werk, maar die resultate is yl gesaai. Daar is ook twyfel of wat daar uitkom die ware inhoud v.d. rolle is, juis vanweë die agtergrond van die Rockefellers as medestigters van die VVO en die *Trilateral Commission*. Vele sien hulle as voorste promotors van die Nuwe Wêreld-Orde, of een wêreld regering wat noodwendig nie sonder sy eie 'teologie' sal wees nie.

**Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV).** Voor in die 1983 Afrikaanse Vertaling staan die volgende:

> "As grondteks vir die Ou Testament is die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* (1977) gebruik. Hierdie uitgawe van die Hebreeuse, en gedeeltelik Aramese, grondteks is gebasseer op die oudste volledige behoue manuskrip, die *Codex Leningradensis* (1008 nC). Gegewens uit ouer manuskripte is in die teksuitgawe bygewerk.

Vir die Nuwe Testament is gebruik gemaak van die Griekse grondteks soos gepubliseer deur die *Wêreldbond van Bybelgenootskappe* onder die titel: *The Greek New Testament,* derde uitgawe (1975)."

Genoemde Griekse Nuwe Testament (GNT) is so te sê identies aan die 26ste uitgawe van die sogenaamde *Nestle-Aland GNT*. Dit blyk dat hierdie grondteks vir vele ouer geslag teoloë en bybelstudente nie aanvaarbaar is nie. Hulle hang die *Meerderheidsteks* aan wat nie net vir die 1933 vertaling gebruik is nie, maar ook die *King James Version* en die *Statevertaling.* Sekerlik is laasge-

noemde vertalings 'n sterk aanduiding van die betroubaarheid van die gebruikte grondteks, of moet ons in ons dag ou sekerhede almal oorboordgooi? In hierdie geval word vertel dat die 1983 vertaling se grondteks *ouer* is as die *Meerderheidsteks;* maar is ouer altyd 'beter'? In Deel 2 van hierdie boek verwys ek na die vroeër gebruik waarvolgens die ouer mss. dadelik ná die oorskryf daarvan, vernietig is. Ouer is beter?? Dit kan hoegenaamd nie gesê word nie. Kom ons kyk na twee manuskripte wat in ons tyd hoë aansien geniet:

Die twee manuskripte wat in ons tyd bo al die *Meerderheids- Manuskripte* (in totaal sowat 5 500 mss.) opgehemel en in moderne vertalings gebruik word is mss. wat as ***Alef en B*** bekend staan (kyk vorige verw.). **Oor Alef berig Burgon:** dat dikwels 10, 20, 30, 40 woorde deur agtelosigheid weggelaat word. Dat letters en woorde, selfs hele sinne dikwels twee keer herhaal, of begin en weer dadelik gekanselleer word, terwyl 'n sinsnede uitgelaat word in gevalle waar dit met dieselfde woord eindig as die sinsnede wat dit voorafgaan, nie minder as 115 keer in die NT voorkom nie. *Dit bevat ook 1460 lesings wat nog nooit in enige ander manuskrip gevind is nie* en behels 2 640 woorde. Daar is ook 3 455 woorde uitgesny. Hier is enkele voorbeelde: 1.) Uit Joh. 19: 20, 21 ontbreek 39 woorde; by 20:5,6 ontbreek 20 woorde; by Mark. 1: 30-34 ontbreek 19; by 15:47 ontbreek 14. 2) Volledige verse weggelaat: Gen. 23: 19-24,46; Num. 5:27-8:20; 1Kron. 9: 27-19:27; Matt. 16:2,3; Mark. 16: 9-20; Hand. 8:37; Rom. 16: 24; I Joh. 5:7. 3) Uit Luk. 8 is 19 uit 34 woorde verander; in Matt.1 is 60 woorde verander.

Dit voeg al die OT Apokriewe boeke by asof dit deel van die kanon uitmaak, maar nogtans noem Geisler en Nix in hulle *General Introduction to the Bible,* ***Alef*** as die belangrikste getuie vir die teks vanweë sy ouderdom, noukeurigheid en gebrek aan weglatings. Ongelooflik! (Geisler is v.d. teologiese skool van Dallas, maar hy verwerf sy Ph.D aan die Univ. van Loyola, een van die grootste Jesuïete skole in Amerika.)

Uit die ***kodeks B*** ontbreek die eerste 46 hoofstukke van Genesis sowel as 30 psalms en Hebreers 9 vanaf v.14, asook 1 en 2 Tim., Titus, Filémon en Openbaring. Scrivener sê dat, teenoor die *Textus Receptus,* ontbreek 2 877 woorde in die Evangelies alleen, en daar is verder baie slordige herhalings en weglatings. Weglatings in Matt. is 365, Markus 439, Lukas 357, Johannes 384 en Handelinge

681. Uit die oorblywende briewe is 2 556 woorde weggelaat. “B” verskil v.d. Meerderheid Griekse teks op sowat 8 000 plekke, gemiddeld een per vers. Sleutelwoorde word uit die Evangelies weggelaat (2 877), amper 1 000 volledige sinne en 500 sinsnedes. Dit voeg 536 woorde by, vervang byna 935 en skommel die woord-orde op 2 098 plekke, verag of wysig 1 132 woorde met 'n totaal van 7 578 woorde. (Op p.26-30 van haar boek gee Erasmus veel meer besonderhede maar ek volstaan met die feit dat *genoemde twee hoog-aangeskrewe manuskripte op meer as 13 000 plekke van die Meerderheids Manuskripte verskil. Nieteenstaande hierdie verdoemende feit word hulle in vertalings van ons tyd verkies bo die MM'e, pas genoem.)*

Om terug te keer na die vraag waarom daar so 'n verskil is tussen die 1933 vertaling en die 1983 NAV. Prontuit gesê, en verbasend genoeg, soos dit vir my lyk, gaan dit alles oor die kwessie van verdraaings en weglatings. Ons moet onthou dat Christus en elk van die apostels dikwels en sterk waarsku teen valse profete. Nooit sou mens kon dink dat daar op die gebied van bybelvertaling óók dwaallering kan wees nie, maar, wanneer mens slegs vir 'n kort rukkie jou gedagtes in hierdie rigting stuur, kom mens tot die besef dat die akker van bybelvertaling juis die dwaallering by die bron ingewerk *kan* kry!

Bygesê - 'n indiwiduele vertaler hoef nie noodwendig daarop uit te wees om 'n dwaalleer te verkondig nie. Hy hoef slegs deel van 'n span mense te wees wat 'n verkeerde besluit neem betreffende die keuse van 'n grondteks. En selfs dít sou nie noodwendig sý keuse wees nie, maar 'n hoëre interkerklike liggaam wat almal (Roomses inkluis), in hierdie dae van ekumeniese samewerking in die teken van verdraagsaamheid moet tevrede stel, maar ook insluit. En skielik: daar het jy dit! Die tydsgees en die druk van polities-korrektheid laat soms die mees onwaarskynlike mense in situasies beland waar hulle allermins wil wees.

Voeg dan hierby die bewering wat voorgenoemde skrywer J.C Erasmus in *Skrifgesag: Manuskripte en Bybelvertaling* maak, naamlik, dat daar 'n wêreldwye beweging aan die gang is om saam met die Een-Wêreldorde (*New Age*) ook Een-Wêreldgodsdiens en een-bybel tot stand te bring, dan besef 'n mens dat jy op besondere wyse bedag moet wees op tendense en tekens binne die kerk en (selfs) bybelgenootskappe wat moontlik daarop sou kon afstuur (kyk p.xxiii). Per slot van rekening: die Antichris kom uit die Kerk!!

**'n Terugblik.** Vroeg in die geskiedenis van die kerk ontstaan daar verskillende en afwykende beskouings rondom die Bybel. Die Alexandrynseskool het heelwat gedoen om deur mense soos Clemens, Origenes en sy latere aanhangers, 'n soort Platoniese Christelikheid te propageer. Latere geleerdes, soos Westcott en Hort, sou daardie selfde vertrekpunt in hul eie Griekse vertaling gebruik.

Toe hierdie twee here aan die Engelse *Revised Version* gewerk en sterk onder die invloed van Darwin se evolusieteorie was, skryf Westcott aan die aartsbiskop van Kantelberg waarin hy sê:

> "No one now, I suppose, holds that the first three chapters of Genesis, for example, give a literal history - I could never understand how anyone reading them with open eyes could think they did" (D.O.Fuller se *Which Bible*, p.280, 281).

Mens kan hier vra: Is dit denkbaar dat hulle hul Griekse vertaling v.d. Ou Testament, bv., nie deur sodanige Darwinistiese beïnvloeding sou laat nie? Op talle plekke bepaal jou lewens-en wêreldbeskouing jou woordkeuse in 'n vertaling.

Hort, op sy beurt skryf aan Westcott dat:

> "Protestantism is only parenthetical and temporary," en later weer:" 'Mary-worship' and 'Jesus-worship' have very much in common..." ( Which Bible, p.283).

Hul Roomse neigings sou noodwendig in hul vertalings tot uiting kom. Buiten dit, vanweë hul invloed as Cambridge professore (en die aura van wetenskaplikheid wat hulle omgeef) het hulle in die lig van hul eie voorkeure 'n ingewikkelde teorie uitgewerk wat die destyds gerespekteerde *Textus Receptus* (TR) diskrediteer en die *Vaticanus- en Aleph (Codex Sinaiticus*) tekste se gebruik regverdig. Onafhanklike kenners, soos Burgon, bevestig dat dit hoegenaamd nie die geval is nie. Die *Vaticanus-en Aleph* tekste wemel klaarblyklik van die foute. Verwysend na hulle sê hy: "The impurity of the texts exhibited by *Codices B (Vaticanus)* and *Aleph* is not a matter of opinion, but a matter of fact" (*True or False,*p.207).

**Vervolging**

Verder, hoeveel mense is bewus van die sistematiese uitwissing deur die Roomse Kerk van die Latynse manuskripte van die Waldense (wat 'n baie getroue vertaling gehad het) in 600 n.C., en ander, sodat slegs die Roomse Latynse vertaling sou bly voort-

bestaan? Hoeveel mense weet van die lot van mense soos William Tyndale wat brandstapel-toe gestuur is slegs omdat hy die Bybel in Engels vertaal het omdat sy mense nie Latyn kon lees nie? En waarom? Omdat die Roomse kerk nie wou hê dat mense self moes kon lees wat in die Bybel staan nie - die Kerk se priesters sou dit vir hulle 'interpreteer'.

[Hierdie situasie herinner my al meer aan wat tans in ons eie NGK aan die gebeur is : die Sinode, so lyk dit, sal besluit wat die Bybel leer. Die sinode sal aan ons verklaar wat 'n aanvaarbare beskouing van skrifinterpretasie is, sonder om ons Belydenisskrifte daarin te erken (behalwe, om een of ander rede) die Belharbelydenis.]

Bostaande vier paragrawe laat deurskemer dat daar wel heelwat ruimte vir vooroordeel in bybelvertaling bestaan. Eerstens moet gekies word watter grondteks gebruik gaan word, en daarna moet besluit word watter soort vertaling dit gaan wees. Wat bedoel ek met laasgenoemde?

**Die 1983 NAV se Vertrekpunt**

Ons hoef nie hier by die keuse van die grondteks stil te staan nie, want dit is reeds gesê dat die NAV (volgens Erasmus) die ‘onbetroubare’ grondteks gebruik het wat deur die meeste modernistiese vertalings gebruik word, naamlik uit die sogenaamde 1%-tipe manuskripte. Hulle sou kwansuis ouer, en dus beter wees. Die sóórt vertaling is egter hier van belang.

Tydens die sitting van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke, 1973 verklaar ds. J.T.M. de Jongh van Arkel (Sek. v.d. S.A. Bybelgenootskap) namens die Bybelgenootskap: "...dat hulle verlang 'n dinamiese, hedendaagse Afrikaanse [vertaling], ooreenkomstig die besluit wat op 5 Julie 1968 tydens 'n vertalersseminaar geneem is. Daar moet gestreef word na 'n verstaanbare vertaling met vermyding van teologies-tegniese, tradisioneel-kerklike begrippe, hoogdrawendheid en letterlikheid. Begrippe soos geregtigheid, goedertierenheid, geregverdig deur die geloof, is in dié verband vermeld" (Handleiding v.d. Nasionale Sinode v.d. Geref. Kerke, p. 541, 1973).

Die 1982 -NSGK-sitting (kyk vorige sin) waarsku teen "die gevaar dat die *dinamies-ekwivalente* (D-E) vertaling kan oorgaan tot parafrasering of self (goeie) teksuitleg....Dat ook in hierdie vertaling is nie aan die gevaar ontsnap nie, blyk uit ‘n vergelyking van verskeie gedeeltes met die grondteks" (1982 notule, ditto,p. 643).

(Die gevaarligte rakende die 1983 D-E tipe vertaling hét dus hier geflikker, maar waarskynlik te laat.) Hoe lyk 'n D-E vertaling?

**Uitgangspunt van die D-E vertaalmetode** (soos deur J.C Erasmus voorgehou (p.359-370).

Dit is **nie 'n woord-vir-woord** of volgorde-op-volgorde wat die sintaks van die oorspronklike weergee nie. In die plek daarvan is dit 'n **idee-vir-idee** vertaling. Kommentaar: Uit die voorbeelde wat hierop volg moet die leser self besluit of hieraan voldoen is, want sekere geleerdes is van mening dat dit onmoontlik is om gelyktydig aan die Woord van God en aan die D-E metode getrou te wees. **Verder:** die simboliek bly noodwendig in die slag want daar word aanvaar dat die leser simboliek nie verstaan nie. Die krag van die beeld gaan dan verlore. Daar is 'n hemelsbreë verskil tussen, bv.: "Dit gaan goed met die mens wat hulle krag in u vind en graag na u tempel toe gaan" (NAV), en "Welgeluksalig is die mens wie se sterkte in U is, in wie se hart die gebaande weë is..."(OAV), Ps.84:6. [Let daarop dat die 'U' nou 'u' is.]

**Die taal moet eenvoudig wees** en so maklik verstaanbaar soos die oggendkoerant.

**Kommentaar:** Eenvoud is goed, maar is getrouheid aan God se heilige, ewige Woord nie belangriker nie? Amerikaanse vertalers van die *Bible for Today's Family* het vir ure voor die TV gesit sodat die Bart Simpson- geslag hul vertaling sou kon lees. Kenners meen dit is nie moontlik om so 'n lae taalvlak te gebruik sonder om onaanvaarbare veranderings in God se woord te maak nie. Die kind moet *op*-gevoed word, nie verder *af*-gehelp word nie!

**Dit moet vir nie-Christene verstaanbaar wees.**

**Kommentaar:** Hoe slaag 'n mens hierin in die lig van 'n teks soos: "Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en **hy kan dit nie verstaan nie**, omdat dit geestelik beoordeel word" (1 Kor. 2:14)? Dit blyk dat nie die *teks* (soos in D-E) tot 'n vlak van onherkenbaarheid verander moet word nie, maar dat die verklaarder eerder die Woord moet *oop*breek sodat die juwele binne ontsluit word.

[**PJP**: Ek moet ronduit erken: daar is dele van die NAV wat ek hoegenaamd nie meer herken nie, en ek is van mening dat in vele gevalle die onvervalste Woord dikwels skade ly. Die slaankrag van die *Ou Afrikaanse Vertaling* (OAV) gaan verlore. Ek vra dus: kom

dit nie neer op die dwarsboming van die aanvanklike geïnspireerde woordkeuses wat Gód daargestel het nie?]

**Vermy Verbonds- en Kerklike terme.**

**Kommentaar:** Die kern van ons Gereformeerde leer is dat God juis 'n Verbondsgod *is*, en wanneer Gen. 17:7 sê "Ek sal My verbond oprig..." verander na "Ek bring 'n verbond tot stand..." dan raak die eienaarskap van God verduister en verflou. Meer as 6 000 keer in die Ou Testament word HERE (*JHWH*) verontgoddelik om Here (*Adonai)*, eienaar, te word. Watter reg het énige vertaler om dit te doen? En waarom moet die woord "heiligmaking" in 2 Kor. 7:1 verander na "gehoorsaamheid"? Ook die "vrees van die HERE" verskraal in baie verse na "dien, eerbied, bang, of toewy', of word heeltemal weggelaat.

**Kontekstualisering: Vertaling pas bewoording by ontvanger se kultuur aan.**

**Kommentaar:** 'n Noordoos- Indiese vertaling waar slegs hoenders geoffer word, lui: "Behold the Cock of God, which taketh away the sin of the world." Hopelik is daar nie ander sodanige vertalings wat *meer* absurd as hierdie een is nie, maar dit bring die besef tuis dat dit nie die Bybel is wat agteroor moet buig om verstaanbaar te wees nie, maar dat volkere die Bybelse terminologie moet aanleer sodat die trefkrag van die Woord nie verlore gaan nie. Per slot van rekening: dit is Gód wat alle volke in aansyn geroep het. Hoe sou Hy dan nie verder gaan om deur sy Gees hul verstand te verhelder - juis d.m.v. Geesvervulde woorde wat eie is aan Sý Woord nie?

**Veronderstel** [as vertaler] **dat die oorspronklike maklik verstaanbaar was** : dus moet die vertaling dit ook wees.

**Kommentaar:** Hierdie aanname sluit die oë vir wat Petrus van Paulus se briewe sê, naamlik dat "sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf "(2 Petr.3:16). Sekerlik, weereens, moet die leraar die een wees wat moeilik-verstaanbare gedeeltes verstaanbaar *maak* sonder om van Skrif-eie woorde afstand te doen!

As nie-predikant is dit vir my duidelik dat die *Dinamies- Ekwivalente* soort vertaling *noodwendig* aan die Bybelteks afbreuk móét doen. Die vertaler het geen keuse as om spesifieke woorde weg te vertaal ter wille van vereenvoudiging óf van omskrywing. Hoe rym

dit met die vermaning dat ons by die Skrif niks mag byvoeg of weglaat nie,soos Deut. 4:2 en 12:32 dit stel? Kom 'n vertaling van hierdie aard nie gevaarlik na aan die Skrifkritiese benadering nie?

Maar daar is meer. Die Algemene Sinode het die *Skopus*-gedagte in 1986 aanvaar waarvolgens die historiese gegewens in die Bybel nie net as feilbaar beskou word nie, maar ook as onbelangrik, want die boodskap alleen is wat van belang is. Dit open die deur vir die D-E vertaler om in effek enigiets uit te haal wat nie in die smaak van Skrifkritici val nie (én dit gebeur!). Niemand gaan hierdie mense teë nie. Trouens, hul ontvang nogal *Andrew Murraypryse vir* hul Skrif-onterende werk, soos Ben du Toit se boek *God? Geloof in 'n Potsmoderne Tyd,* en *Die Bybel A-Z.* Dit is 'n skande!

Ná wat hierbo geskryf is, is daar seker meer as een leser wat lus het om te sê: "man, gee my net voorbeelde van die tekortkominge in die Nuwe Vertaling sodat ek self kan besluit of dit 'n gebrekkige vertaling is of nie." Dus..........

**Inleiding.** Hoewel die ouderdom van 'n teks 'n groot rol speel, of kan speel, is dít nie die finale kriterium nie. Ooreenstemming is van groter belang. Omdat God vir die bewaring van sy Woord vertrou word, sou sodanige ooreenstemming van manuskripte 'n bewys dáárvan wees. Die feit van die saak is: die manuskripte wat onder die naam *Textus Receptus* sorteer (sowat 5 200 van hulle) is ooglopend ooreenstemmig. Verskille is tot onbenullige oor-kopiëringsfoute beperk. Westcott en Hort (albei Darwiniste, Roomsgesind en geneig tot die okkulte) kry dit reg dat die 50 oorblýwende manuskripte (wat almal uit Egipte kom, met sterk gnostiese en humanistiese ondertone) die gesagsposisie as Skrif-vertalingsgrondslag in die naam van 'wetenskaplikheid' oorneem. Byna álle nuwe vertalings word hierop gegrond, maar die teenstrydighede onderling in hierdie mss is só menigvuldig, dat dit die waarborg word van 'n 'Bybel' wat mank gaan aan betroubaarheid, ons NAV inkluis. Graag sal ek verkeerd bewys wil word, want die waarheid moet sekerlik nagestrewe word!

Weereens kraai die 'wetenskap' koning, want dit is die sogenaamde wetenskáplike ondersoeke van Westcott en Hort wat die tekskritikus om die bos lei - nét soos Darwinisme die ware wetenskap gekaap het om enige idee van skepping binne die denkraamwerk van mense te vernietig. Béide is valse wetenskap, maar die (godsdienstige) passie waarmee dit verkondig word verraai die Sataniese oorsprong daarvan. Niks anders még in die samelewing geglo

word nie, want die Woord van God is in beide gevalle ondergeskik gestel aan die ontwyfelbare gesag van wat WETENSKAP genoem word - die onaantasbare norm!

**1. Die Messias is die Seun van God: Ps. 2:7**

| **1933: Opskrif bo-aan:**<br><br>Stryd en oorwinning van die Messias. | **1983 – Opskrif:**<br><br>Julle moet die Here met ontsag dien. |
|---|---|
| "Ek wil vertel van die besluit: Die HERE (JHWH) het vir My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer." | "Ek wil vertel wat die Here (Meneer) aangekondig het…. Jy is my seun, vandag het Ek jou Vader geword." |

**Kommentaar:** Die uitgangspunt v.d. vertalings verskil. In die nuwe word die Seun met klein letters geskryf en sien Psalm 2 nie meer op die komende Messias nie, al is dit uit die NT duidelik dat Hy dit wel is. Die Here [klein letters], versterk die mensgerigte aard van die vertaling. Die woord "besluit" verander in "aangekondig", en daarmee word die Raadsplan van God uitgewis. Wáárom?

**1.1. Vervulling van Ps. 2 in NT.:**

**Hand. 13: 32-34**

| **1933** | **1983** |
|---|---|
| "....die belofte wat aan die vaders gedoen is, dat God dit aan ons, hulle kinders, vervul het deur Jesus op te wek…" | "...Dat God die belofte aan die voorvaders vir ons, hulle nageslag vervul het deur Jesus uit die dode te laat opstaan." |

**Kommentaar:** Dat die teks na Christus se opstanding verwys kan seker nie duideliker wees nie. Die Seun is van ewigheid af die Seun, en so ook die Vader. Daar is geen sprake van "vandag het Ek jou die lewe gegee" nie, ook nie "geword" nie. Wat het van die 1933 vertaling se gegenereer geword? Indien die woord vir die huidige leser onbekend is, voorsien 'n voetnota eerder as om die woord weg te vertaal.

**2. Christus as Seun van God: Hand. 8:37**

| 1933 | 1983 |
|---|---|
| "Toe sê Filippus: As U glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is." | Daar is geen vers 37 nie. Daar is ’n voetnota wat sê dat in die gebruikte teks daar geen v.37 is nie. Waarom? |

**Kommentaar:** Scrivener noem 17 bekende Griekse mms. wat die woorde bevat, asook ou Latynse- en Vulgaatvertalings. Een vertaling merk die teks met 'n + teken, omdat dit voorheen per abuis weggelaat is. J.A. Alexander (1857) meen dit word aspris weggelaat omdat die idee van vertraagde doop daarmee 'n knou kry, want "hy het hom dadelik laat doop".

**3. Johannes 6:69**

| 1933 | 1983 |
|---|---|
| "...dat U die Christus is, die Seun van die lewende God." | "ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is." |

**Kommentaar:** Die Godheid Vader-Seunskap is weggelaat in ooreenstemming met *Alef en B-manuskripte.* Waarom die krag van die teks so verskraal dat daar geen sprake is van die Godheid van Christus nie? Waarom weg-vertaal i.p.v. *korrek* vertaal?

**4. Christus se Koningskap: Ps. 45:7**

| 1933 – Opskrif: Bruilofslied vir die Messias | 1983 – Opskrif: Gedig vir 'n koning |
|---|---|
| "U troon, o God, (Elohim) is vir ewig en altyd;..." | " U troon, (Elohim) verhewe wese, staan vir altyd vas.” |

**Kommentaar:** Die opskrifte alleen spreek boekdele. Dit wil lyk asof daar vooraf besluit is om alle verwysings na die Messias se koms uit die vertaling van 1983 te verwyder, anders, waarom hierdie volgehoue en konsekwente verswyging? Was hierdie vertaling 'n voorloper van ons huidige teoloë se opinie dat Christus nie God is nie? Wat van die volgende teks in die NT: "Daarna het Hy by

Moses en al die profete begin en al die skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê." Hierdie aanhaling uit Lukas 24:27 is nogal uit die 1983 vertaling. Met respek: ek wonder hoekom die vertalers nie die teks uit die NT gelaat het nie, want daar bly by-kans geen tekste in die Skrif meer oor wat wel op Hom betrekking het nie!

**Verdere voorbeelde: sonder evaluasie:**

- **Jes. 53:10.**

  **1933:** As sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die HERE sal deur sy hand voorspoedig wees.

  **1983:** As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy 'n nageslag hê en nog lank lewe, deur hom sal die wil v.d.Here sy doel bereik.

- **1 Tim. 3:16.**
  **1933:** God is geopenbaar in die vlees.
  1983: As mens het Jesus in die wêreld gekom.

- **Luk.2:33.**
  **1933**: En Josef en sy moeder het hul verwonder...
  **1983:** Sy vader en moeder was verwonderd...

- **Jes. 7:14.**
  **1933:** ...die maagd sal swanger word...
  **1983:** 'n jong vrou sal swanger word...

- **Matt. 5:6.**
  **1933:** Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid
  **1983:** Geseënd is díe wat honger en dors na wat reg is...

- **Matt. 24:8.**

  **1933:** Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte
  **1983**:Al hierdie dinge is geboortepyne, die begin van die nuwe tyd. [“New Age”?]

- **Luk. 11:2.**

  **1933:** Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom…”
  **1983:** (?) Vader (?), laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom (?).

**Algemene Kommentaar (PJP)**

Daar is 'n magdom ander verse wat met mekaar vergelyk kan word. Die patroon wat hieruit kom, soos met alle vertalings in ander tale wat die *Dinamiese-Ekwivalente* metode gebruik, is dat die produk lank nie meer 'n vertaling is nie. Mens kan ook nie help as om agter te kom dat die eindproduk nie net een van vertaling is nie, maar van die toepassing – soos dit vir my lyk – van die grondbeginsels van Skrifkritiese denke. Juis die karaktereieskappe van die Bybel wat daardie teoloë probeer vernietig, is dieselfde as wat die D -E metode nastreef – wetend of onwetend.

Prof. C.S. Lewis het op 'n keer gesê: "These men ask me to believe they can read between the lines of the old texts; the evidence is their obvious inability to read (in any sense worth discussing) the lines themselves. They claim to see fern-seed [wat mikroskopies klein is] and can't see an elephant ten yards away in broad day-light" (deur Gary North aangehaal in *The Hoax of Higher Criticism,* p.36).

Maar, watter impak het die Nuwe Vertaling op ons kerk se Belydenis-skrifte? Dr. E.P.Groenewald (1984), voorsitter van die vertalings-kommissie het dit reg deur om na die Belydenisskrifte te verwys en te vra of sodanige dokument nie in die lig van die vele weglatings en wysigings aan die teks amper oorgeskryf moet word nie. Ek wonder net wanneer dit op die tafel gaan verskyn? (Einde van J.C Erasmus-boek se bespreking.)

**Ds L.S. Kruger** het in 'n lesing die saak na my mening reg opgesom toe hy gesê het: "Die NAV is in wese 'n humanisties-geörienteerde parafrase van die oorspronklike en geen suiwer vertaling v.d. waar-heid van die Woord van God soos dit grafies deur die Heilige Gees geïnspireer is nie..." (Lesing voor die susters van Eikenhof, 1985).

**Ds P.A.Pienaar, Portugal.** In sy brief aan die Kerkbode van 19 Nov. 1993 skryf hy soos volg oor die Nuwe Bybelteks:-

> “Prof. van Bruggen van Kampen sê wanneer iemand die “Nagwag” van Rembrandt met ‘n enkele dolksteek verniel, kom die hele wêreld in opstand. Maar wanneer yslike winkelhake uit die grondteks van die Bybel gekap word, gebeur dit…geruisloos. Presies dit het met die nuwe Bybelvertalings in Holland, Engeland, Suid-Afrika gebeur – wêreldwyd, gelyktydig…en geruisloos….’n Mens

protesteer teen die geruisloosheid van so ‘n ingrypende gebeurtenis.

> **“Wat veral verswyg word is dat die 1983-vertaling baie meer as net ‘n nuwe vertaling is. Dis as’t ware ‘n ander Bybel met ‘n ander grondteks.** Dit het ek eers hier in Portugal ontdek toe ek herhaaldelik probeer het om my Portugeuse Bybel met my NAV te vergelyk…en nie daarin kon slaag nie. Hoe kan dit dan ook? Die perd het nie net ‘n nuwe saal gekry nie. Die perde self is omgeruil. Die ergste is, ons weet niks v.d. die nuwe perd nie. Tog word ons verplig om hom te ry…
>
> “Hier voor my lê ‘n lys van ten minste 215 yslike winkelhake wat uit die bekende grondteks gekap is; in verreweg die meeste selfs sonder voetnote of verduidelikings sodat die leser dit nie eers sal agterkom nie. Maar wat ‘n mens koue, koue rillings gee, is dat in elkeen van hierdie 215 weglatings, ons Nuwe Vertaling nou woordeliks in lyn gebring is met die Bybel van die Jehowa-Getuies. Ek het dit self nagegaan. A.A. Hoeksma sê: “It is a biased translation in which many of the peculiar teachings of the *Watchtower Society* are smuggled into the text itself.”

Hierdie is voorwaar ‘n skokkende kommentaar op iets wat die Christelike publiek geen sout of water van weet nie. Hoeveel ánder dinge vind miskien nie in ons kerk plaas waarvan die breë kerklike publiek niks weet nie?

**Laaste woord.** Bybelgenootskappe dwarsoor die wêreld is by die *United Bible Society* geaffilieer, so ook díé van Suid Afrika. Hulle het geen geloofsbelydenis nie. Die *UBS* het geen begrip vir die Verbondsnaam van God nie, daarom word díe Naam konsekwent uit *UBS*-gedrewe vertalings gelaat. Dit beteken dat *Jahwe* (HERE in die 1933 vertaling) in die *NAV* weggelaat word. Die *UBS* verwag ook dat die verskillende lande se genootskappe ook die dinamies-ekwivalente soort vertaling moet gebruik. Dít het ons in die 1983 vertaling gekry, en daar is duisende lidmate wat, sonder om die kennis daar-omtrent te hê, aan hul lyf voel dat daar iets verkeerd is met die 1983 vertaling. Geen wonder dus dat daar 'n groep predikante uit ons en ander kerke die Bybelgenootskap van Suid Afrika versoek het om 'n nuwe Afrikaanse vertaling die lig te laat sien wat tot die tradisionele

manuskripte sal terugkeer, asook dat die karakter daarvan konserwatief sal wees. Hierdie sal 'n groot bydrae tot 'n herlewing in die waaragtige woorde van God in ons taal aanleiding kan gee.

Ek sluit hierdie hoofstuk af met ’n aanhaling uit ’n boek met die titel: *Which Bible?* deur David Dewey (IVP, 2004) waarin die voorwoord deur David Coffey geskryf is. Hy sê:

> **“We desperately need a church that will spend less time on making the Gospel relevant to the world, and focus on being a church that is relevant to the Gospel”** (p.xiii).

**SKRIFVERMANING OOR DWAALLERING VIR ONS DAG**

“Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar ’n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer, word die bedekking weggeneem. Die Here is die Gees, en waar die Gees van Here is, daar is vryheid. En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in ’n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is… ons…vervals nie die woord van God nie; maar deur die waarheid aan die lig te bring, beveel ons ons by elke menslike gewete voor God aan. Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus , wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie.

2 Korintiërs 3: 15-18 en 4: 2b-4, Ou Vertaling.

## Hoofstuk 8 AANLOOP tot S.A. SKRIFKRITIESE DENKE

Ek tel nou die drade van my verwysings na ons eie plaaslike weergawes van Skrifkritiese denke op waarna ek in my eerste hoofstuk verwys. Die doel hiervan is nie om die betrokke persone in liefdeloosheid persoonlik by te kom nie (want sodanige verwyt is die eerste waarna gegryp word in die geval van blootstelling), maar dat die saak van die onfeilbaarheid van die Bybel daardeur gedien kan word. Hierdie is 'n moeilike en onbenydenswaardige pad, maar een wat tog geloop moet word. Hoe sal enige van ons wat hierdie wanvoorstellings opmerk, ontvlug, as ons die basuin nie duidelik laat hoor nie?

Esegiel 33 staan nie verniet in ons Bybels nie, tensy ook *dit* 'n versinsel is van een of ander ‘redakteur’ wat in die oorskryf van die teks homself so 'n invoeging veroorloof het. Maar verder, die onderstaande verwysings is nie hulle wat in brandkluise toegesluit lê nie. Nee. *Dit is almal aanhalings wat uit glansboeke kom, of ten minste uit kerklike tydskrifte ,die pers of sekulêre tydskrifte. Dis nie geheime dié nie - dit is wat aan ons opgedis word onder die vaandel van geleerdheid en Skrifgetrouheid. Dit kom uit ons Kweekskole* en ons hoor dieselfde mense oor die radio in programme soos *"Wat sê die Bybel?",* of in Flip Loots se program *Oop Gesprek*, op 'n Sondagaand om half-nege.

In hoofstuk 1 het ek reeds na die oorsprong van die teologiese verval in die NGK verwys, en ek het dit na die ontstaan van die sogenaamde *Apartheid Teologie* herlei. Nie almal sal hieroor saamstem nie, want vir die eerste, sê dertig jaar van *Nasionale Party* bewind, het die teologie in breë sin nie te veel skade gely nie. Ons kerk was op besondere wyse op die korrekte vertolking van die Skrif bedag, en daar was weinig of geen dwaling wat openlik gepropageer is. Die gesag van die Skrif het nog steeds wye ondersteuning geniet en daar was min of geen bevraagtekening daarvan te bespeur nie.

### DIE GESKREWE WOORD

Vir meer as vyf-en dertig jaar reeds versamel ek uitknipsels uit koerante, *Die Kerkbode*, plaaslike en buitelandse tydskrifte, en sal ek in die hieropvolgende bladsye vanuit hierdie perspektief die aanloop tot teologiese verval aanspreek. 'n Belangrike bydrae tot

bewuswording van 'kerklike' kommer omtrent die situasie in Suid-Afrika was Willie Esterhuyse, Prof. Willie se boek *Afskeid van Apartheid* wat in 1979 verskyn. Hoewel hy destyds professor in die Filosofie aan die US was, het hy as afgestudeerde teoloog nagraads na filosofie oorgegaan. (Dit loon die moeite om sy boek weer in ons tyd te lees.) Sy groot klem aan die einde van die boek was op die verpligting van Christene om die geregtigheidsbeginsel in ons samelewing uit te lewe.

Minder as 'n jaar daarna, en ten tye van die 31 Oktober 1980 Hervormingsfees (ek meen te Stellenbosch)546 het agt geleerdes 'n Getuienis die lig laat sien wat in *Die Burger* van 6 November verskyn. In 'n artikel in 'n ander koerant, *Rapport,* het dr. o'Brien Geldenhuys die Getuienis van die Agt bestempel as "die belangrikste gebeurtenis in die NGK sedert die destydse veelbesproke *Cottesloe Beraad* van 1960." Drie van die ondertekenaars was proff. Hennie Roussouw, Willie Jonker en Willie Esterhuyse Willie na wie se boek so pas verwys is.

"Die Getuienis as sodanig besit ek nie, maar in *Die Burger* van 24 November het ek in 'n brief wat deesdae as te lank bestempel sou word, positief daarop gereageer. Die opskrif (in groot letters) in die koerant was: "NG Kerk die sleutel tot 'n vreedsame toekoms."

Die kern van my brief was om te beaam dat die NGK (soos die agt teoloë waarskynlik ook) die stappe tot hervorming in die samelewing nie langer kon uitstel nie, veral omdat die Nasionale Party (NP) reeds heelwat verder as die NGK op daardie pad gevorder het. Die *bottom line* van my pleidooi was die eenvoudige versoek dat ons wat onsself Christene noem die gebod van naasteliefde teenoor ander rasse met betrekking tot 'n toekomstige staatsbestel, moet uitleef.

Bostaande boek en drie koerantberigte was die enigste wat my oog as Christen-leser in daardie jare gevang het, maar byna ses jaar het verbygegaan waarin niks besonders uit kerklike kring gesê is nie. Presies wanneer die boek, *Die NG Kerk en Apartheid* in 1986 verskyn het onthou ek nie, maar die inhoud daarvan het my diep aangegryp. Gevolglik, toe die vergadering van die Algemene Sinode op 14 Oktober te Kaapstad 'n aanvang neem verskyn 'n brief van my in *Die Burger* aan die adres van die Sinode gerig. Die opskrif was: *NG Kerk moet afstand doen van apartheidsteologie.*

Die volle inhoud van die brief verskyn in die eerste bylae agter in hierdie boek, maar die kern van waarom dit hier gaan is die volgende uittreksel: "Dit is merkwaardig dat 'n Kerk, wat op elke ander gebied van die teologie (of hermeneutiek dan) met soveel suiwerheid die Skrif interpreteer, op hierdie één gebied so jammerlik faal". Effe later doen ek 'n beroep op ons Kerk om erns met die vraag te maak "wat sê die Skrif" in plaas van "wat sê die volk?"

Min het ek besef dat by daardie selfde sinodesitting daar 'n opsomming ter tafel gelê sou word van 'n studiestuk oor Skrifgesag wat, behalwe vir die paragraaf oor "Die aard van Skrifgesag" in alle ander opsigte verblydend was. Die na my mening gewraakte deel begin met die woorde "Die Bybel is geen handboek vir wetenskap of geskiedenis nie...Dit het 'n bepaalde skopus of doel...[en] vra van ons om alles wat in die Skrif verkondig word, in verband te bring met die doel waarvoor die Skrif aan ons gegee is."

In my eerste hoofstuk het ek sydelings reeds hierna verwys, en ook hier gaan ek dit (nog) nie bespreek nie, maar in die verloop van sake is dit die plek waar dit in ons opmars na die latere wydlopende dwalinge soos ons dit vandag beleef, voorgekom het.

Dit is nie my doel om in hierdie hoofstuk stuk vir stuk die ganse verloop van ons onlangse geskiedenis te herhaal nie. Ek laat val egter die klem op die feit dat daar nêrens op die kerklike horison iets verskyn het anders as die groot apartheids-vraagstuk en hoe dit die teologie raak. Dit was die uiteindelike verdoeming van die apartheidsteologie wat die sneller was, soos ek dit sien, van alle ander bevraagtekening van dinge wat in die Bybel staan. Hoe nader ons aan 1994 gekom het, hoe meer was daar stemme wat opgegaan het rakende Skrifgesag.

Die Maart 1993 artikel in *de Kat* het mense behoorlik regop laat sit, want daarin, vir die gewone lidmaat, was die skokkende onthulling van wat in die koppe van sekere teoloë in ons kerk aan die gang was. Maar daar was meer, en soos ek dit sien het twee dinge hand aan hand geloop om ons mense vir die onafwendbare voor te berei.

Waarvan praat ek?

'n Week of tien dae voor die verskyning van die *de Kat* artikel, publiseer *Die Burger* 'n brief van my onder die titel*: Pragmatisme is in SA aan die orde van die dag* (*DB*, 23 Feb. 1993). Dit bring aan die lig die verskuiwing wat in daardie tyd ook in die breë samelewing

aan die gang was, en daarom haal ek die brief byna in sy geheel aan. Dit lees soos volg:

**"Leopold Scholtz** se *Forum* artikel van Donderdag, 4 Februarie in *DB* is ter sake. Daarin konstateer hy dat die wortels van die erkenning van fundamentele regte hoofsaaklik te vinde is in die wette en tradisies van die Middeleeuse samelewing, aangevul deur bepaalde elemente uit die Romeinse en die Germaanse reg, met 'n verdere sprinkeling van die antieke Griekse demokratiese idee.

"Prof. Harold Berman van die Harvardse-Universiteit bewys egter in sy boek *Law & Revolution: The Formation of the Western Legal Tradition* dat bogenoemde stelling nie juis is nie. Hy sê dat, sonder vrees vir teëspraak, menseregte hul oorsprong het in die Christelike Kerk, wat op die Ou en Nuwe Testament van die Bybel gebasseer is (my huidige klem).

Gawe van God

‘’Trouens, hy maak die stelling dat dit tot 60 of 70 jaar gelede in Amerika algemeen aanvaar is dat die hele regsstelsel in die Hebreeus-Christelike godsdiens en etiese beskouing gewortel is.

"Selfs Thomas Jefferson het geglo dat die enigste blywende basis vir vryheid en regte "die oortuiging in die hart en denke van mense is dat hul vryheid 'n gawe van God is." Sedertdien het die "sekulêre idee" van menseregte sy aaklige kop uitgesteek. Die Christelike beskouing van menseregte is oorboordgegooi met die noodwendige rampspoedige gevolge. Prof. Berman verwys na die fragmentering en disintegrasie van die wet wat uitloop op, wat hy noem, "primitive pragmatism" (weer my huidige klem).

"In Suid-Afrika is hierdie soort pragmatisme ook aan die orde, met die soort gevolge wat deur ons almal gesien word. Absolute standaarde is nie meer van toepassing op die gebied van die politiek nie. Ons het "volwasse" geword (huidige klem).

In hande van ANC

“Alexander Solzhenitsyn, in 'n onderhoud met *Time* in 1989 lewer kommentaar op, wat hy noem, "the sweeping away of duties and the expansion of rights under our present Western-pagan system which used to be Western-Christian". Hy sê verder: "But we have two lungs. You can't breathe with just one lung and not the other. We must avail ourselves with rights and duties in equal meas-

ure...The only thing we have been developing is rights, rights, at the expense of duty."...

"Ek verstout my om te sê dat in drie jaar Suid-Afrika met groter spoed van Christelike standaarde wegbeweeg het as enige ander land in die geskiedenis van die aardbol. Christelike norme is byna daagliks in die stilligheid opsy geskuif ten gunste van pragmatiese, sosialistiese en humanistiese praktyke waar die meerderheid se gewaande wense wet word, en daarom "reg" is. So word verkeerd reg, wat eintlik beteken dat die reg in 'n nuwe god gesetel is - die mens. Maar wat vergeet word, is dat wanneer God en sy ewige en onveranderbare Wet nie meer die onderbou van 'n samelewing se wette is nie, dan is 'n volk op pad na die afgrond.

In duie stort

“Môre, sonder die Waarheid in die Nuwe Suid-Afrika en met die pragmatisme voorop, is ons besig om van binne te verrot. Daar kan geen vernuwing of rekonstruksie wees buite om Hom wat ‘die Weg, die Waarheid en die Lewe is nie’ (Joh.14:6). Soos dinge nou vir my lyk gaan ons 'n toekomslose toekoms tegemoet indien ons voortgaan op die pad waar God en sy Gebod nie die basis van maatskaplike norme vorm nie. En as mense deur die laaste paar jaar gevoel het dat alles in duie stort, dan glo ek dit is die rede: ‘Ons het God verruil vir dit wat geen gode is nie.’ Mag ons onderhandelaars betyds tot besinning kom." (Einde van brief.)

Toe *Die Burger* my brief publiseer is ’n veelseggende onderskrif van Leopold Scholtz onderaan gevoeg wat van kardinale betekenis is. Hy sê: *"Prof. Berman se mening is taamlik geïsoleerd, en word nie deur ander historici en regsgeleerdes gedeel nie."*

Hierdie stelling van Scholtz behoort vir ons almal 'n wakker-word alarm te wees, want wat hy d.m.v. sy opmerking doen is presies wat die wêreld daarbuite (en *DB*!) doen met mense wat van hulle verskil - diskrediteer hulle as van minder belang (of geen).

Die rede waarom ek hierdie brief laat herleef is omdat die pragmatisme (waar die praktyk bepaal wat reg is) waarna ek verwys in ons samelewing die plek van sekerhede en standaarde buite die mens en wêreld kom inneem het. Die aanhef tot ons Grondwet sou nie langer wees: "In nederige afhanklikheid van die Almagtige God" nie, maar in afhanklikheid van die grille en giere van die nuwe mensgemaakte finale gesag. Hierdie sluit presies aan by die uit-

lating van prof. Willie Jonker  in hoofstuk een genoem toe hy die “neutrale standpunt” bepleit het.

Dus wat op die gebied van die teologie begin posvat het, was in wese 'n spieëlbeeld van wat in die staatkunde en regering besig was om met rasse skrede te gebeur. Ek herinner weer aan Frank Chikane se woorde reeds in hoofstuk 1 aangehaal, naamlik, dat ons voortaan 'n sekulêre staat gaan hê, sonder enige Christelike voorveronderstellings.

Professor Berman had dit reg: die Westerse samelewing se regsstelsels *is* in die Hebreeus- Christelike godsdiens gewortel en gegrond. Soos ek dit verstaan, beteken dit dat regering as sodanig eintlik 'n *godsdienstige* handeling is. Romeine 13:1 beaam dit. Die nuwe bedeling in Suid-Afrika verwerp hierdie fondament en vervang dit met 'n humanisties/wetenskaplike fondament - *alles uit die mens, vir die mens en tot die mens.* Die Bybelse onderbou word dus verwerp. *So ook die gesagswoorde van die Bybel, en so ook die beloftes van seën wat met onderhouding daarvan gepaard gaan.*

Ons land en sy mense staan as gevolg van ons Godlose regering naak, en daarom ontsaglik kwesbaar, voor die verdiende toorn van God. Persoonlik verbaas dit my dus nie dat die VIGS pandemie 'n spoor van dood en vernietiging laat nie, want daagliks - nee, oomblik na oomblik - word God se heilige gebod van seks binne die huwelik alleen, met minagting verwerp. Die tragiese voortgesette behandeling van die *gevolge* in plaas van die *oorsake* is kenmerkend van 'n regering en samelewing wat sy morele bewussyn vir die varke gegooi het. In plaas van 'n vernedering en verootmoediging word daar 'n epiese 46664-konsert by *Fancourt* in George gehou om R12-miljoen in te samel, sodat niemand sy lewensstyl hoef te verander nie, maar dat daar *iemand* sal wees om daarvoor te betaal. Maar ek dwaal van my hoofdoel af.

**My tesis is dat in die huidige teologiese klimaat die onverruilbare leerstellige waarhede van die Bybel ewe veel saam met die badwater van die apartheidsteologie uitgegooi is, sodat die nuwe beskouinge rondom die Skrif eerder uitdrukking gee aan dieselfde humanisties/wetenskaplike fondament soos wat ons in die samelewing aantref. Die lyn is eenvoudig deurgetrek. Die vraag is: Gaan ons kerkleierskap die tekens korrek lees en na die ou paaie terugkeer?**

**AANHALINGS : 1. PROFESSOR DAVID WELLS v.d. VSA**

“The Bible is not a remarkable illustration of what we have already heard within ourselves; it is a remarkable discovery of what we have not and cannot hear within ourselves.” (p.279.)

“Evangelicals now stand among those who are on easiest terms with the modern world, for they have lost their capacity for dissent. The recovery of dissent is what is most needed, and the path to its recovery is the reformation of the church.” (p.288.)

“The pluralism and the paganism of Our Time were the common experience of the prophets and apostels. In Mesopotamia there were thousands of gods,…many of which were known to the Israelites – indeed, sometimes known too well. In Christ’s time there were hundreds of sects of one kind or another…In order to think Biblically about our world, we have to put ourselves in the mind of Jeremiah, Isaiah, Paul and Peter…Truth to them was not privatized [or] synonymous with private intuition…but in history – the history that God wrote and interpreted – and it was therefore objective, public and authoritative. Here lay the great divide between the pagans and the prophets…*The same divide today separates moderns, for whom truth is a matter of private insight, from Biblical Christianity, for which it cannot be”* (p.263,264). Alle aanhalings uit sy boek, *No Place for Truth,* IVP.

**BENJAMIN B. WARFIELD: *SELECTED WRITINGS***

“The chief dangers of Christianity do not come from the anti-Christian systems. Mohammedanism has never made inroads upon Christianity save by the sword. **Nobody fears that Christianity will be swallowed up by Buddhism. It is corrupt forms of Christianity itself which menace…the life of Christianity.** Why make much of minor points of difference between those who serve the one Christ? Because **a pure gospel is worth preserving;** and is not only worth preserving, but is logically (and logic will always work itself out into history) **the only saving gospel**.”

Soos deur Iain Murray in sy voorwoord aangehaal (p.x) van sy boek, *Evangelicalism Divided,* Banner of Truth, Uitgewers.

## Hoofstuk 9 DWALINGE 1: *DIE BYBEL IN PRAKTYK*

"Error, indeed, is never set forth in its naked deformity, lest, being thus exposed, it should at once be detected. But it is craftily decked out in an attractive dress, so as, by its outward form, to make it appear more true than truth itself." Irrenaeus, *Against Heresies:* 1:2

Dit was 'n lang aanloop om by hierdie punt uit te kom. Ek het dit nodig geag om die algemene verskynsel van dwaalleringe eers aan te spreek sodat dit nie later nodig sou wees om elke afwyking in detail te omskryf nie. Verder wil ek my tot die jongste, sê 20 jaar, beperk want dit is juis in hierdie tyd dat modernistiese, Skrifkritiese dwalinge voorkom. 'n Dwaling as sodanig verteenwoordig 'n afwyking v.d. Gereformeerde interpretasie v.d. Bybel, en is in stryd met ons Drie groot Belydenisskrifte, naamlik die *Nederlandse Geloofsbelydenis,* Die *Heidelbergse Kategismus* en die *Dordtse Leerreëls.*

Deel van die tragedie van ons dag is dat die gewone lidmaat niks van die inhoud van hierdie drie Belydenisskrifte weet nie. Toe hulle opgestel is was daar, soos nou, magte aan die werk om die gesag van die Skrif te ondergrawe. Dit was dáárdie noodsituasie wat tot die 'geboorte' v.d. Belydenisskrifte gelei het, en in ons dag is daar nie die vaagste besef dat ons ons in 'n situasie bevind wat véél ernstiger is as destyds nie. Ons gánse samelewing is van sy wortels beroof - of dit regering, die sakewêreld, moreel-etiese standaarde, die onderwys, wetenskap, kuns, musiek of die godsdiens self - en gevolglik dryf ons hulpeloos in die stroomversnellings net bokant die val. Alles is gerelativeer, en dít is wat die nuwe pous voor sy aanstelling in 'n artikel laat skryf het: "We are moving towards a *dictatorship of relativism.*"

Het jy al opgemerk - mens mag deesdae niks sê wat die 'norme' van enigiets of enigiemand aanspreek nie, want wie is jý om te sê dat jý reg is? Verby is die dae van onafhanklike, buite-menslike, ewige, en dus Goddelike norme en standaarde. Hiérdie tendens het, soos in hoofstuk 2 uitgewys, by die filosowe begin, maar vandag deursuur dit elke lewensterrein - tot binne die Christelike godsdiens. Die sirkel is voltooi, en **dis teoloë wat hul eie Handboek, Die Bybel, vir ons deesdae gerelativeer het.**

Elkeen van die betrokke toeloë na wie pas verwys is, het op 'n dag plegtig voor 'n gemeente beloof om stiptelik by bogenoemde liggaam van gesaghebbende waarheid te bly staan, en het selfs 'n Legitimasie-eed dienooreenkomstig afgelê. Hierdie eed is teenoor die Een, Enige God afgelê en is met 'n handtekening bevestig. Hy het ook beloof om, indien hy op 'n punt nie meer met die voorafgaande belydenis sou saamstem nie, hy 'n *grafamen* sal voorberei om sy saak voor die Sinode te verdedig. Indien hy die sinode oortuig, dan word sy standpunt die standpunt van die Kerk. Indien hy sou weier om gehoor te gee aan vermaning word hy onder tug geplaas totdat hy sy sonde bely en daarvan afstand doen.

Dit staan enige lidmaat vry om in die geval van dwaallering teen enige predikant of teoloog 'n klag te lê, om hom sodoende voor die kerkraad, dan die Ring en daarna die Sinode te daag.

Gebeur dit vandag? NEE. **Elkeen van die dosente aan kweekskole of bybelkunde departemente wat die evolusie- en Skrifkritiese standpunt handhaaf, het op 'n dag hierdie eed gesweer, maar vandag, met leedwese, moet erken word dat dit blyk dat dit nie die papier werd is waarop dit geskryf is nie. Hoe leef 'n kerk voort te midde van sulke blatante oneerlikheid en inkonsekwentheid?**

In 'n studie soos hierdie, wat aan die adres van die gewone lidmaat gerig is, moet dit gesê word dat dit nie hier gaan oor wat enige individuele *lidmaat* omtrent die Bybel, die Godheid of enige ander teologiese onderwerp te sê mag hê nie, want byna niemand sal weet dát hy of sy dit gesê het nie. Dit begin wel saak maak wanneer 'n gewone lidmaat vanweë sy profiel in die breë samelewing iets publiseer waarin laakbare en onbybelse stellings kwytgeraak word. Ek dink hier aan Japie Coetzee van Stellenbosch wat, nadat hy vir jare sy teorieë binne 'n klein groep alleen bekendgemaak het, hy wel hierdie publikasie-roete betree het. Natuurlik met groot fanfare, want die dwaling haal mos altyd die pers!

Die groep mense wat verreweg die grootste invloed binne en buite die kerk het is ons teoloë, waaronder die gewone predikant tel, maar veral ons kweekskool dosente. Húl invloed en reikwydte is bykans onmeetbaar, want hulle leer die predikant van môre wat hy in die jare daarná op die kansel gaan verkondig. Ek gaan my dus tot hierdie groep beperk, en dan ook tot gepubliseerde werke sodat nie een van hulle kan sê dat ek die inligting uit eng-akademiese tydskrifte gaan opdiep het nie. Sonder twyfel sal die meeste lidmate

met die boeke wat ek hier gaan noem vertroud wees, en gaan hulle waarskynlik met verslaentheid na die titels wat hier genoem word, kyk.

### Publikasies wat Dwaallering verkondig

Ek begin met 'n boek wat ongetwyfelde status het, en vir jare reeds wye erkenning geniet. Persoonlik het ek nog nooit vanaf enige kansel of in enige brief of artikel in die *Kerkbode* gesien dat iemand iets negatiefs omtrent dié boek sê nie. Hierdie feit alleen maak my diep onrustig, want dit beteken in alle waarskynlikheid dat die boek gesien word as een wat presies sê wat die titel sê, en dáárom mag enige lidmaat dit met die grootste vrymoedigheid koop en bestudeer. Die waarheid, egter, is voorwaar 'n perd van 'n ander kleur. Ek verstout my om te sê dat, meer as enige ander, onderstaande boek die deur tot die huidige omvang van dwaling binne die NGK (en ander) geopen het. Toe daar egter geen negatiewe ophef daaroor gemaak is nie is die sluise eenvoudig geopen sodat 'n stroom boeke daarop gevolg het. Nie één van hulle is op noemenswaardige wyse nadelig gekritiseer nie, inteendeel, selfs die *Andrew Murrayprys* is aan 'n opvolgboek van dieselfde aard toegeken.

Ek gaan aanvaar dat menige leser sal vra watter reg ék het om die boeke se inhoud enigsins te bevraagteken. Ek gaan tog vertrou dat, indien jy as leser my tot hiertoe gevolg het jy sal merk dat die afdraande pad tot verval en dwaling wat in die voorafgaande hoofstukke geïllustreer is, presies dieselfde is as wat ons in hierdie boeke aantref. Daar is in wese geen verskil nie. Buiten dit:, ek gaan die hulp van 'n ou kennis van my inroep wat op 'n stadium ons *Studiegroep vir Bybeldenke* hier te Stellenbosch bygewoon het. Hy is dr. Johann van Rooyen wat reeds drie boeke geskryf het waaronder een met die Titel, *Kritiek op Die Bybel in Praktyk* wat 10 jaar gelede neergepen is. Ek doen dit met sy goedkeuring.

**DIE BYBEL IN PRAKTYK (1993): ‘N ONDERSOEK** ( verkort: tot BiP) : (Ontvanger van ’n *Christen Boeke Suid-Afrika-* Sertifikaat.)

In sy inleidende hoofstuk skryf hy soos volg oor sy oogmerk met die boek: "In hierdie studiestuk toon ons aan dat die humanistiese teologiese beskouing wat hierbo in breë trekke geskets is, inslag vind in die *Nuwe Afrikaanse Vertaling* (NAV) en veral in die studiebybel, *Die Bybel in Praktyk*. Hierdie bevinding hou besonder ernstige implikasies in – die Bybelvertaling en studiebybel wat 'n Christen gebruik, is van kardinale belang vir sy geestelike groei, sy ken-

nis, sy weerbaarheid teen misleiding, sy standvastigheid, en die hele gehalte van sy geestelike lewe. Indien hierdie sleutel publikasies dus die afdruk van teologiese verval dra, kan dit 'n negatiewe invloed op honderdduisende Christene in ons land hê" (p.4).

Effe later in sy inleidende opmerkings wys hy daarop dat die modernistiese en Skrifkritiese teoloog, Rudolf Bultmann van mening is dat die Nuwe Testament se teks mities is, en dat "geloof"' as verskynsel nie aan die historiese Jesus van Nasaret gekoppel hoef te word nie, maar aan die sogenaamde *transendente Jesus.* Van Sy opstanding sê hy "Christ was resurrected into the church," en is dus nie 'n historiese figuur nie. Hy noem hierdie benadering tot die Skrif gevolglik die *demitologisering* van die Bybel. Dít beteken dat hy die Bybel as 'n gewone boek sien, vol mites omtrent 'n volk wat besig was om uit die veel-godedom te evolueer. Geloof as sodanig word dan eintlik 'n irrasionele, nie-logiese sprong in die duisternis, en is dus in géén opsig verskillend van enige ander godsdiens nie. Daar moet op gelet word: die demitologiseringsteologie ontken nie ons sentrale heilsbegrippe nie, *maar ontkoppel die betekenis wat ons daaraan heg van die historisiteit daarvan.*

[So belangrik beskou ek hierdie stelling dat ek dit in gewone Afrikaans gaan oor-sê**: Ons begrippe rondom wie beide God en die mens is, sowel as die leerstellings wat daaruit groei, is kwansuis nie op ware en geskiedkundige feite en gebeurtenisse gegrond nie. Dit is slegs 'n geloofskwessie. Jy gló - nie ómdat dit op werklike gebeure gegrond is nie, want geloof is eintlik irrasioneel. Jy grond dit nie op redelike voorveronderstellings nie, maar op mooi, maar mitiese, stories.** Die kernaard van hierdie diepgaande dwaling kan nie genoeg beklemtoon word nie. Dit maak van ons hele Christelike godsdiens 'n bespotting. En dit is waar ons nou in die NGK beland het! ]

Nou sê Van Rooyen dat "heelwat Afrikaanse teoloë, en selfs predikante, onder die invloed van Bultmann is...Wanneer hulle preek of populêre werke skryf sal hulle nooit die term *mite, mitologies* en *demitologiseer* openlik gebruik nie, aangesien dit die Skrifgelowige lidmaat sal skok en vervreem. 'n Mens moet eerder bedag wees op die subtiele vingerafdrukke van die demitologiserings-teologiese Skrifbeskouing" (p.31).

Wat Van Rooyen hier sê moet die leser sekerlik laat terugdink aan die uitsprake van menige teoloë in ons kerk, dat "die Skrif nie 'n

historiese of wetenskaplike handboek is nie." Die sinodale besluit van 1986 dat slegs die *skopus* (die boodskap) van die Skrif waarheid is, en nie die historiese gegewens van ons godsdiens nie, verraai die Skrifkritiese onderbou van die ontstellende tendense in die NGK van ons dag. Na my mening is die verskil tussen die twee uitgangspunte slegs 'n haarbreedte! Is dit dan 'n wonder dat die Skrifkritiese beskouing die oorsaak is van 'n al diepergaande afval van die ware leer, en dat ons kerke gevolglik leegloop?

**Prof. Peter Beyerhaus** van Duitsland, op besoek aan Suid-Afrika en verwysend daarna, sê: "My dear friends, IF THIS TREND IS NOT STOPPED AND REVERSED IT WILL LEAD CHRISTIANITY INTO DESTRUCTION. In fact, many of our churches are already in ruins, rather than temples of the Lord" (Kwasizabantu-konferensie, 1992).

In kort kom Van Rooyen se tesis hierop neer: Primêr kom die Histories-kritiese eksegese (dws verklarings) neer op die aantasting van die Pentateug (die 5 boeke van Moses) en die profetiese gedeeltes van die Ou Testament, en Openbaring in die Nuwe Testament. Die bonatuurlike en God-geïnspireerde aard van die OT word ontken, en word gesien as 'n versameling geredigeerde geskrifte wat vertel van die mens se ontwikkelende godsbegrip [dus evolusie]. Gevolglik word die OT en die NT, as aparte, byna onverwante geskrifte geteken, en word die eenheid daarvan genegeer. *Presies dít is die uitgangspunt van Die Bybel in Praktyk.*

## Kritiese beskouing van *Die Bybel in Praktyk*

Voordat daar beweer word dat beide ek en dr. Van Rooyen áltyd-oor-alles-negatief is', sê ons albei dat BiP se kommentaar aangaande die geskiedskrywing van die OT betreklik aanvaarbaar en leersaam is, behalwe vir die verwysing na die dag-lengte (duisend of selfs miljoene jare ?), terwyl die Hebreeuse woord *yom* vir 'dag', beslis 24-uur dae bedoel (kyk na aanhaling van prof. James Barr in hoofstuk 4). Die kern-datums in BiP rondom die Uittog uit Egipte, sowel as byna alle datums wat dááruit voortvloei, is volgens die Bybel self, sowel as die jongste navorsing ,nie korrek nie. (Ek weet dat die datums soos aangegee volgens die aanvaarde argeologiese tydskaal bereken is, maar presies *daar* is waar die fout lê.) Met die uitsondering van die boek *Openbaring,* is ook die toeligting van die NT oor die algemeen besonder bruikbaar. Daar-by is die tematiese konkordansie agter in BiP besonder nuttig. Dít is egter nie waar die ingrypende probleme met die boek skuil nie. Dit gaan

oor die profetiese gedeeltes van beide die Ou- en die Nuwe Testament. Hieroor sê Van Rooyen:

"Dit is tragies dat die eerste Afrikaanse studiebybel die smet van vervalle Protestantisme dra. Net soos bepaalde gedeeltes van die NAV die teken van die histories-kritiese benadering tot die Skrif dra, en die Woord van JHWH verdraai word om by die vertalers se profesie-ontkennende vervangingsteologiese, histories-kritiese Skrifbeskouing aan te pas, is BiP 'n onbetroubare, demitologiserings-teologiese, hoërkritiese, inspirasie-miskennende, anti-supernaturalistiese studiebybel. **BiP se eksegese van boeke soos Genesis, Jesaja, Daniël, Sefanja, Sagaria en Joël, asook Psalms 2, 22, 45 en 110 moet vanweë die afvallige histories-kritiese inslag liefs in geheel vermy word."**

"Net soos wat die NAV (in my opinie) teologies meer afvallig is as feitlik enige populêre Engelstalige Protestantse Bybelvertaling, is BiP teologies veel meer dekadent as enige Engelse kommentaar."

Dr. van Rooyen se kritiek op BiP beslaan meer as 200 A-4 bladsye, maar dit is nie my doel om elk van sy voorbeelde van ongereformeerde, onbybelse dwaling uit te wys nie. Ek gaan my tot sy boek se algemene Skrifbeskouing, en daarna tot ses kern Skrifgedeeltes, beperk. Die boek in sy geheel kan enigiemand direk van hom bestel by: Tel 082 8298734.

Ek gaan wel verdere bewysplase aanstip sodat elke leser wat BiP gebruik mag weet waar die slaggate en wan-interpretasies gevind kan word. Die volgorde wat hier gebruik word verskil van díe van BiP, juis omdat beide ek en Van Rooyen eerder wil begin waar BiP eers later by uitkom, naamlik, die Eenheid v.d. Skrif, dus:

**Voorbeeld 1 uit BiP:** Standpunt t.o.v. *"die Eenheid van die Skrif"*, p. 1363. (**prof. Wil Vosloo** v.d. UP Teologie Fakulteit).

BiP verbreek die eenheid tussen die OT en die NT en beskou hulle as byna onverwante geskrifte. Die Skrif word ook nie as 'n bonatuurlik-geïnspireerde eenheid beskou nie, maar eerder as 'n versameling geredigeerde geskrifte wat vertel van die mens se ontwikkelende godsbegrip. BiP se eksegese (uitlegmetode) verraai hierdie standpunt:

> **"Dit word duidelik dat die manier waarop die Nuwe Testamentiese skrywers van die Ou Testament gebruik gemaak het, nie 'n voorbeeld is waarvolgens *ons* ook die OT (deur**

**my verkort) mag gebruik nie.** Die NT is nie 'n kommentaar op die OT nie. Die NT is 'n nuwe teksskepping. Dit verklaar nie die OT'se aanhalings nie, maar gebruik dit in nuwe aanwendings in die skepping van 'n nuwe teks. Ons probeer om die OT te verklaar; die NT...gebruik dit egter om 'n nuwe woord van God aan ons te bring. **Die betekenis van die OT'se teks kan dus nie sommer met die NT'se gebruik daarvan vereenselwig word nie.** Elkeen moet binne sy eie teksverband verstaan en uitgelê word..." (JvR se klem). BiP gaan voort met:

"Daar is reeds na die aanwending v.d. OT'se teksdele verwys wat aan die aanspraak dat Jesus die langverwagte Messias is, gesag verleen. Nog so 'n rede is omdat 'n NT'se skrywer sy eie woorde met gesag wou beklee... Anders gestel: die OT'se teks het 'n eie besonderse betekenis omdat dit in 'n eie tyd en sinsverband gebruik word. Die NT gee nou weer 'n nuwe betekenis daaraan deur dit in 'n ander teksverband te gebruik...Die nuwe betekenis aanwending deur die NT hef nie die eiesoortige boodskap v.d. OT'se teks op nie..." (almal JvR se beklemtoning).

JvR. (p.69): "Die NT se gebruik van die OT word dus as gesagloos geag. Indien die NT, maw., sê dat 'n bepaalde OT'se profesie die koms van die Messias aankondig, beskou die histories-kritiese (hierna H-K) metode dit as 'n blote latere interpretasie van 'n teks wat oorspronklik glad nie 'n profesie aangaande die Messias was nie, maar 'n gans andere boodskap wat aan die onmiddellike toehoorders gebring is..." **Bykans *elke sin* in bostaande kommentaar van BiP adem teologiese dekadensie.** Ons het hier te make met 'n humanistiese, histories-kritiese Skrifsiening. Uit hierdie hoek beskou, ***is die Bybel nie meer die Woord van God nie,* maar blote vrome menslike kommunikasie** deur NT'se skrywers wat die OT konteksloos hergebruik om hulle latere Godsbegrip en aanwysing van 'n bepaalde persoon as die Messias, met gesag te beklee. Die eenheid, inspirasie en waargenome gesag v.d. Woord word ernstig aangetas ( PJP se klem).

**PJP**: As ons bostaande aanhalings uit die hoek van die gewone lidmate probeer beskou kan ek my voorstel dat vele só verward sal wees dat hulle die betrokke gedeelte maar sal oorslaan omdat hulle dit nie verstaan nie. Hulle sal nie weet dat hierdie uitleg op gruwelike wyse van die tradisioneel- gereformeerde vertolking afwyk nie.

Dit is nie net (soos Paulus dit stel) " **'n ander evangelie nie" - dis *geen* evangelie.** Die woorde wat Christus die Emmausgangers toegevoeg het bring ons terug na die kern, naamlik: *"En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het"* (Luk. 24:27). Wat kan duideliker wees as dit? Dit koppel op onmiskenbare wyse die OT met die NT. Hy verleen aan albei gesag, want Hy self is die Woord van God!

**Voorbeeld 2 uit BiP: "Die Koningspsalms," p. 854. (werk van prof. Jasper Burden,** UNISA) op JvR se bladsy 70:

> "Die skrywers van die NT se aanhalings v.d. koningspsalms word soos volg afgemaak as 'n ietwat wilde, feilbare, bloot menslike vertolking van geskrifte wat oorspronklik volslae a-profeties was, en glad nie bonatuurlike openbarings aangaande die komende Messias gegee het nie.
>
> **"Ons kan egter nie uit die Psalms direkte voorspellings oor Christus aflees nie. Ons moet die Psalm-bundel as 'n voor-Christelike boek lees...vermeende verwysings na Christus in die Psalm-boek...*was 'n interpretasie van die eerste Christene ná die dood van Christus.*"** [BiP kursif.].

**JvR.** (p.70): "Ons lees ook die volgende eufemistiese inkleding v. d. hoërkritiek se siening, **dat die OT geen egte Messiaanse profesieë bevat nie,** en dat die NT'se skrywers hulle skuldig maak aan die **kontekslose plundering** van die OT ten einde aan te toon dat 'n bepaalde persoon, Jesus, die Messias is" (p.854):

> "Sommige psalms is in **die verlede** as Messiaanse psalms beskou omdat uitleggers daarin die voorspelling van die geboorte of die lyding van Jesus Christus gesien het...Die skrywers van die NT het in Christus die direkte vervulling van hierdie psalms verstaan...***Ons*** **kan egter nie te gou die OT vanuit die Nuwe verklaar nie,** maar moet dit in sy eie reg lees. Die koningspsalms handel immers in die eerste plek oor Israelitiese konings en Psalm 22 beskryf die lyding van 'n bekende enkeling...Die "gesalfde"...koning verwys net in Daniël 9:25 na 'n toekomstige koning. ***Die idee van 'n messias was dus 'n nuwe gedagte in die tyd van die NT*****...Ons moet daarom nie in hierdie psalms dadelik 'n**

> **voorspelling van Christus sien nie, maar weer dat *dit 'n latere interpretasie is van die eerste Christene"*** [d.i. die skrywers van die NT - JvR].

**JvR.** (p.71): "In die NT word die koningspsalms telkens op Jesus die Messias van toepassing gemaak. Die NT is die geïnspireerde Woord van God, en die gebruik van OT'se tekste in die NT is gevolglik normatief vir ons begrip van die OT. Elke koning, hoëpriester en profeet is 'n "gesalfde", dit is *mashiach* (messias) genoem. Hierdie historiese "messiasse" is voorafskaduende *tipes* van die Messias. Elke kroning ...was 'n...tipologiese handelingsprofesie aangaande die kroning van die Koning van alle Konings in *Yom JAHWEH*, die dag van *JHWH*.."

Verwysend na 1 Petr. 1:10-11 sê JvR verder: *"Die Skrif sê hier duidelik dat die Ou Testamentiese profete vele profetiese openbarings aangaande die Messias gelewer het,* dat die lyding en heerlikheid van die Messias profeties aangekondig is, en dat al hierdie profesieë bonatuurlik deur die Heilige Gees geopenbaar is. BiP se anti-supernaturalistiese, humanistiese standpunt is in lynregte botsing met die Skrif se eie uitsprake" (p.72).

**" Die beginsel 'Skrif verklaar Skrif' was 'n fundamentele eksegetiese vertrekpunt van die kerkvaders,** kerkhervormers soos Luther en Calvyn, asook die vorige geslagte geestelike herders van ons kerke. In ooreenstemming met die HK (*Heidelbergse Kategismus*) Skrifbeskouing, ontkoppel BiP die Ou- en Nuwe Testamente teologies, en verwerp dus hierdie eksegetiese riglyn wat deur die eeue die grondslag van die getroue Kerk se Skrifbeskouing was...Prof. Hans Larondelle (1983:19-20)...stel dit treffend:

> "The Christian interpreter of the OT is once and for all obliged to read the Hebrew Scriptures in the light of the NT as a whole, because the OT is interpreted authoritatively, under divine inspiration, in the NT as God's continuous history of salvation. Historic Christianity has always confessed that the NT is the goal and filfullment of the Old. George Eldon Ladd represents the position of the church of the ages when he states: "Our point of departure must be the way the NT interprets the OT." F.F.Bruce declares more specifically: "Our Lord's use of the OT may well serve as our standard and pattern in Biblical interpretation..."(Larondelle, *The Israel of God in Prophecy,* p.19,20).

**Voorbeeld 3: BiP en Genesis,** p2. (**prof. Wil Vosloo** v.d. UP.)

**JvR: "BiP beweer dat die skrywer(s) van Genesis "waarskynlik 'n groot aantal [mense] oor baie eeue is"** (p.2), ...terwyl die getuienis v.d. res van die Skrif, die teenwoordigheid van die numeriese "seëls van God" [kyk my latere hoofstuk 22 hieroor], asook die uiters ingewikkelde kodestrukture in die Pentateug, bo alle twyfel aantoon dat die teks v.d. Pentateug deur God die Heilige Gees ingegee is. Nie bloot die algemene gedagtegang nie, maar die presiese woorde, letters en skriftekens is deur die *Ruach ha Kódesh*, die Heilige Gees, ingegee. Indien een letter in die Hebreeuse grondteks verwyder word, val die hele numeriese struktuur plat. Die uitspraak van Jesus in Matt. 5:18 aangaande die *Torah,* nl. (*New International Version*): "I tell you the truth, until heaven and earth disappear not the smallest letter, not the least stroke of a pen, will by any means disappear from the *Torah* until everything is accomplished." Op bladsy 6 van BiP lees ons:

> "Die Bybel gee ons geen aanduiding oor hoe ons Genesis 1 moet verstaan nie. In 'n samelewing waar tye en seisoene aan die werking van natuurgode toegeskryf word, is dit waarskynlik 'n wyse om te sê dat God reeds heel in die begin ook tyd ingestel het en daarvolgens sy skeppingsarbeid verrig het."

**JvR.** "(p.78): **"Vanuit die godsdiens-evolusionistiese vertrekpunt van sekulêre humanisme word [as uitgangspunt] aanvaar dat die teksmateriaal primitief en mitologies is, dat dit 'n menslike produk is wat voortgebring is in 'n primitiewe kultuur...** Hierdie kommentaar gaan duidelik uit van die histories-kritiese Skrifbeskouing, en spesifiek van die Graf-Wellhausen- hipotese, - maar sê dit nie eerlik en prontuit nie...Indien [hierdie] hipotese duidelik aan die begin van die BiP uiteengesit sou word, en dit duidelik gestel is dat die [uitleg] van die OT uit hierdie oogpunt aangebied sou word, sou die meeste gelowige lesers BiP summier verwerp het. Deur hierdie Skrifbeskouing egter onaangekondig en ongemerk in te smokkel, en stellings vanuit hierdie oogpunt gemaak is, telkens op te volg met vrome sedelessies, word die leser om die bos gelei om die [eksegese] en die gekamoefleerde ...hipotese te aanvaar...Dit is duidelik dat sowel BiP as die *Verklarende Bybel* uitgaan van die JEDP-dokument-ontwikkellingshipotese..."

**PJP.** Van Rooyen haal veel meer uit Genesis aan as waarvoor ek plek in hierdie studie het. Die skandelike interpretasie van die sond-

vloed, die verspreiding van die volke, die toring van Babel en ander behoort elke gelowige wat die gasag en historiese betroubaarheid van die *hele* Bybel noukeurig aanvaar, bes moontlik 'n boek soos hierdie in die asblik wil laat gooi. Die nadeel dáárvan is egter dat iemand anders dit daar kan uithaal en óók besoedel raak. Aangesien ek reeds in 'n ander hoofstuk na die geskiedkundige aard van Genesis verwys, en dat dit ongetwyfeld die bedoeling van God is dat Genesis letterlik vestaan moet word, laat ek verdere bespreking daar.

**Voorbeeld 4: BiP en Eksodus,** p. 94 (**Prof. Jasper Burden,** UNISA Teologie Fakult.)

> “Die boek is die eindproduk van verskillende verhale wat deur 'n eindredakteur versorg is...**dit het waarskynlik sy finale beslag tydens die Babiloniese ballingskap gekry.** Israelitiese ouers het oor eeue die uittogverhaal aan hulle kinders vertel, maar tydens die [Babiloniese] ballingskap het hulle behoefte aan troos gehad, en die verhale kon hiervoor op skrif gestel gewees het. ['n Eindredakteur het dit versorg.]"

**PJP**: Ook hier is dit nie nodig om verdere kommentaar te lewer nie aangesien die Skrifkritiese onderrok weereens duidelik in hierdie aanhaling uithang. Ek het reeds in ander hoofstukke gemeld dat daar historiese bewyse voor is dat die skryfkuns omtrent 1 000 jaar vóór Moses bekend was, en dat die Bybel in sy geheel en die Here self, na die geskrifte van Moses verwys. Moet ons nou elk van hierdie verwysings in die Bybel verwerp net omdat ons moderne teoloë ons 'genadiglik' van die gesag en outoriteit van die Bybel kom *'bevry'* het?

Net een verdere opmerking: **Ek wonder wat moderne skrifkritici sonder die ‘ballingskap’ sou gedoen het.** Mens kan amper sê dat die ballingskapsgedagte *aanbid* word, want dit verskaf aan teoloë ’n ontsnaproete uit die noodsaak om tog Ou Testamentiese verwysings na die NT te systap. Met ander woorde: *dit is ’n soort alibi* of allesverklarende *sleutel* wat alle dwaalsugtige verklarings v.d. Skrif akkommodeer. Hulle het geen ánder kapstok as dit nie. Ek sien hierdie as ’n *skandelike* mainier van omgaan met die Skrif – GOD se WOORD!

**Voorbeeld 5: BIP en Jesaja,** p. 964 (**prof. Gert Prinsloo,** UP).

BiP verwys na die boek Jesaja as deur nie minder nie as 3 verskillende mense geskryf, waarvan die rêrige Jesaja (dalk) die eerste

40 hoofstukke sou geskryf het. Ook hierna is reeds in 'n ander hoofstuk onder die dwalinge van die Skrifkritiek verwys. In wese: wanneer jy die werk van een Skrifkritikus gelees het, het jy almal gelees. Dieselfde woorde weerklink soos 'n eentonige wyse in 'n mens se geheue en almal, soos van Rooyen sê, kom te voorskyn met 'n simplistiese sedeprekie want dit is van alle ander gesag en deurpriemendheid beroof.

Die feit dat Christus die Jesaja-boekrol in die tempel geneem en die woorde uit Jes. 61:1,2 gelees het (kyk Luk.4: 17-19), lewer bewys dat Hy wel daardie gedeelte as uit die pen van Jesaja beskou het, anders het Hy sekerlik gesê dat dit nie so is nie. Ook Paulus, in twee plekke in een hoofstuk van Romeine 10 alleen (v.16,20) verwys na Jesaja as skrywer van die 53ste hoofstuk. Daar is vele ander. Daarby kan net in die verbygaan genoem word dat die hele Jesaja-boek onder die Dooie See-Rolle *as een geheel* gevind is. Maak sulke fondste enige verskil aan Skrifkritici? Hoegenaamd nie. Hulle ignoreer dit eenvoudig.

Buiten die ander profetiese woorde in Jesaja waarna BiP verwys, vind ons in Jesaja 40:3 die profesie van 'n wegbereider. Die gewone Skrifkritiese vertolking word weereens hier aangetref, maar ek gaan hulle verby om by Jesaja 53 uit te kom, wat sekerlik die vernaamste van almal is. Van Rooyen vra hoe die getroue Kerk hierdie profesie deur die eeue gesien het. **Hy haal dan prof. Pieter Verhoef aan waar hy in *Die Bybel met Verklarende Aantekeninge* die volgend verhelderende opsomming deurgee:**

> 'Hierdie merkwaardige "Evangelie v.d. OT", wat ongeveer 15 keer in die NT aangehaal word...vorm die hoogtepunt en in sekere sin die dieptepunt v.d. OT'se Messiasverkondiging. Nêrens in die OT word die karakter v.d. soendood van die Messias so skerp geteken nie. In 49:7 en 50:5 word die Kneg v.d. Here (sic!) voorgestel in sy...lydsaamheid en as mishandelde getuie van die waarheid; in hierdie gedeelte is sy selfverloënende lyde en sterwe egter plaasbekledend en 'n aanduiding van die weg waarin hy sy volk sou verlos en die heerlikheid sou verwerf. 'Van die bergtop waarop hierdie profesie ons bring, sien ons vanself in die land v.d. belofte v.d. nuwe verbond'."

**Op bladsy 1039 van BiP** lees ons die volgende oor Jesaja 52:13-53:12 omtrent die lyding v.d. Dienaar en die verlossing van baie, en vergelyk dit met die bostaande aanhaling van prof. Verhoef:

> "…**Dikwels word die verwysing na die lyding van 'n onskuldige direk op Christus van toepassing gemaak. Maar ook hier geld die waarskuwing dat ons nie profetiese uitsprake moet lees as toekomsvoorspelling nie.** In die eerste plek moet hierdie gedeelte gelees word binne sy eie historiese en literêre konteks. Die dienaar is hier, soos elders in Deutero-jesaja, Ballingskaps-Israel. Die wat gereed staan om uit te trek uit Babel word enersyds verseker van hulle spesiale plek in God se raadsplan (52:13-15 en 53:11b-12). Andersyds bely die ballinge dat hulle vir die eerste keer die rol van ballingskapsisrael verstaan…."

Hieroor skryf Van Rooyen: "…daar moet nie afgelei word dat die profetiese liedere [in die betrokke gedeelte in Jesaja wat op 10 plekke in die NT aangehaal word] wat die lyding van die Kneg van JAHWEH beskryf, slegs op die Messias, en geensins op Israel slaan nie…Die profetiese lied in Jesaja 49 steun hierdie vertolking duidelik: Jesaja 49:3 identifiseer Israel met die kneg, terwyl Jesaja 49:6 weer toon dat die Kneg nie *bloot* Israel is nie, *maar die Messias*, wat die messiasgelowige oorblyfsel van Israel sal herstel." [Kyk ook verder na die 2de Bylae agter in hierdie boek.]

Op sy bladsy 106 wys hy [JvR] egter op die een-oogige beskouing van BiP waar hy sê: "Let op hoe BiP die getuienis v.d. NT dat hierdie 'n Messiaanse profesie is, as gesagloos beskou, en dit bloot verklaar vanuit die histories-kritiese rekonstruksie van die vermeende godsbegrip en lewenswêreld v.d. destydse profeet en sy teikengehoor… **Indien 'n mens [*Die Bybel met Verklarende Aantekeninge* waarna hierbo verwys is] met BiP vergelyk, is die dekadensie van die nuwere studiebybel [BiP] skokkend.** Hierdie verval het oor slegs 35 jaar plaasgevind**… BiP is duidelik verregaande in sy anti-profetiese uitbanning v.d. Messias uit die OT, en is in hierdie opsig by verre die mees dekadente studiebybel in Afrikaans."**

Op bladsy 111 verwys Van Rooyen na die herhaalde erkenning van die Messiaanse karakter van Jesaja 52-53 in die NT. Hy sit dit so uiteen:

| Teks uit Jes. 52-53 | Aanhaling uit NT |
|---|---|
| Jesaja 52:15 | Rom. 15: 21 |

| | |
|---|---|
| Jesaja 53:1 | Johannes 12: 38 |
| Jesaja 53:4 | Matteus 8: 17 |
| Jesaja 53: 7-8 | Hand. 8: 32,33 |
| | Openb. 5: 6, 12, 13:8 |
| | Rom. 4: 25 |
| | Hebr. 9: 28 |
| Jesaja 53: 9 | 1 Petr. 2: 22-25 |
| Jesaja 53: 12 | Lukas 22: 37 |

Met Van Rooyen se standpunt stem ek volmondig saam. Dit verstom dat die groep teoloë wat hierdie aweregse en vernietigende interpretasies van die Skrif bly handhaaf, deur die media by herhaling en byna uitsluitlik gebruik word om moderne Skrifverwante boeke te skryf. My eie ondervinding daarvan het só gewerk: My vorige boek word deur 'n bekende uitgewer aan een van die skrywers van BiP vir oorweging voorgelê, en dit word sonder verduideliking afgekeur. My persepsie is eenvoudig dat my boek as te fundamentalisties gesien is, want hoe kan ek in 'n verligte tyd soos hierdie in 'n letterlike ses-dag skepping en 'n werklike sondvloed (o.a.) glo?

**Voorbeeld 6: BIP en Daniël** op p. 1221 (werk van **prof. Jasper Burden,** UNISA, ditto)

Dit wat Van Rooyen omtrent BiP se benadering tot Jesaja sê, is van die boek Daniël ewe waar, behalwe dat die BiP-skrywer byvoeg dat dit 'n *troosboek* is. [Vir die oningeligte: hierdie woord is een van die krukke wat Skrifkritici gebruik wanneer hulle klaarblyklik aan geen ander gepaste benaming kan dink nie. Selfs die vloedverhaal is 'n "troosboek". Verbeel jou!]

Omtrent die ontstaanstyd van die boek Daniël sê BiP op bladsy 1221 die volgende:

> "Waarskynlik het 'n samesteller lank na die tyd van Daniël die verhale oor hom en sy gesigte neergeskryf." Van Rooyen sê hierop: "Hierdie bewering is nog ietwat tentatief gestel. In die rubriek oor Apokaliptiek op bladsy 1236 word daar gesuggereer dat die boek in die tweede eeu v.C. geskryf is.

> Weldra word daar egter uitgekom met die naakte waarheid (BIP: 1354): "Die laaste boek van die OT is die boek Daniël, wat teen ongeveer 164 v.C. geskryf is."

Hierop sê Van Rooyen:

**"[Prof. Burden] beweer dus absoluut duidelik, en in volle ooreenstemming met die histories-kritiese benadering, dat die boek Daniël 'n nie-profetiese, apokaliptiese vervalsing is.** Waarom sê ons so? Alle gebeure in die boek Daniël, insluitende die ontvangs van die visioene, speel af tussen sowat 605 v.C. en 536 v.C., en voorspel gebeure wat tussen sowat 500 v.C. en 164 v.C. plaasgevind het, in besondere detail. Die profeet skryf in detail aangaande die ontheiliging van die tempel deur Antiogus IV "Epifanes," wat in 167 v.C. plaasgevind en tot 164 v.C. geduur het. Hierdie gebeure word…duidelik aangebied as 'n toekomsopenbarende profesie wat deur JAHWEH Elohim aan Daniël gegee is, eeue voordat die gebeure plaasgevind het. **Deur nou te beweer dat die boek Daniël eers in 164 v.C. geskryf is, beweer hoërkritici by implikasie dat die boek 'n vervalsing is, en geen egte profesie bevat nie** (PJP se klem).

"In hul artikels in teologiese vaktydskrifte noem hoërkritici die boek Daniël prontuit en openlik 'n " apokaliptiese vervalsing". In BiP word dit natuurlik nie reguit gestel nie, maar tersluiks aangebied sodat die niksvermoedende, goedgelowige leser nie onraad moet vermoed nie, maar die giftige aas moet sluk. *Alhoewel die siening dat Daniël 'n …vervalsing is, nêrens eksplisiet gemaak word nie, is dit bladsy-vir-bladsy implisiet aanwesig in BiP se eksegese van die boek*… "Die werkswyse om…'n profetiese boek se ontstaan te dateer ná die historiese ontvouing van die gebeure waaroor gedetailleerde profetiese detail gegee word, is duidelik sigbaar. Dié werkswyse en aanname stroop die boek gevolglik van…teologiese geldigheid" (klem = PJP).

Van Rooyen ontken nie *a priori* dat daar (moontlik) 'n eindredakteur v.d. boek was nie, maar wel dat so iemand geen toevoegings gemaak het wat die skyn van toekomsprofesie beliggaam nie, en wat ook olv. Die Heilige Gees gewerk het. Hy voeg die volgende aanhaling tot die argument by, komende uit die pen van 'n gerespekteerde teoloog, prof. J. Dwight Pentecost van die *Dallas Kweekskool* in die VSA (1985, p. 1324, Walvoord & Zuck):

“…The Lord (Jesus) himself attributed the authorship of the book to Daniel (Matt. 24:15). …The minute details included in the book could hardly have been retained accurately by oral tradition for some 400 years, as suggested by those who postulate a late date for the book…Critics suggest an early date…mainly because they reject predictive prophecy…**Such a view of course denies the power of God te reveal what He has predetermined.**”

Van Rooyen wy sy volgende aantal bladsye aan verdere aanhalings van kenners wat sonder die geringste twyfel in hul gemoed die boek Daniël in die sesde eeu v.C. plaas. Die onmiskenbare refrein wat keer op keer opduik is dat kritici vir één groot rede dit nie wil aanvaar nie, en dit is omdat hulle dit nie in hulle het om te glo dat die boek profeties van aard is nie – *dit mag eenvoudig nie!* Die god waarin hulle glo is duidelik nie die almagtige God van die Bybel wat die einde van die begin af ken nie – en dit geld ook, met leedwese, in die geval van ons eie Suid-Afrikaanse en gereformeerde BiP-skrywers. **‘n Tragedie is besig om hom hier in gereformeerde geledere af te speel, en daar is klaarblyklik niemand wat bereid is om te sê: TOT HIERTOE, nie !!** Hier volg ‘n lys van Ou Testamentiese profesieë wat deur die Heidelbergse Kategismus as Messiaans aangegee word soos deur BiP misken:

| Teks | As Messiaanse profesie in BiP erken? |
|---|---|
| Deuteronomium 18:15 | Nee |
| Psalm 45:8 | Nee |
| Psalm 110:4 | Nee |
| Jesaja 61:1 | Nee |
| Jesaja 55:4 | Nee |
| Sagaria 9:9 | Nee |

Neem nou die Naslaanuitgawe van die Ou Afrikaanse Vertaling (1957) en slaan die kruisverwysings by Luk. 24:27 na. Hierdie lys is dus in wese ‘n lys wat, volgens ons vorige geslag geestelike herders, aangaande die Messias spreek. Dit lyk so:

| Teks | Erken in BIP? | Getrou vertaal in NAV? |
|---|---|---|
| Genesis 3:15 | Nee | Vermink |
| Genesis 22:18 | Nee | Verdof |
| Numeri 21:9 | Halfhartig | N.V.T. |
| Numeri 24:17 | Nee | N.V.T. |
| Deut. 18:15,18,19 | Halfhartig | N.V.T. |
| Jesaja 7:14 | Nee | Verdof |
| Jesaja 9:5 | Nee | Ja |
| Jesaja 40:10,11 | Nee | N.V.T. |
| Jesaja 50:6 | Nee | N.V.T. |
| Jesaja 52:13-53:12 | Nee | N.V.T. |
| Jesaja 61:1 | Nee | N.V.T. |
| Jesaja 63:1-6 | Nee | N.V.T. |
| Jeremia 23:5,6 | Ja | N.V.T. |
| Esegiël 34:23 | Nee | N.V.T. |
| Esegiël 37:25 | Nee | N.V.T. |
| Daniël 9:24-27 | Nee | Verdof |
| Miga 5:1 | Nee | Verdof |
| Sagaria 9:9 | Nee | N.V.T. |
| Sagaria 11:13 | Halfhartig | N.V.T. |
| Sagaria 12:10 | Nee | Vermink |
| Sagaria 13:7 | Nee | N.V.T. |
| Maleagi 3:1 | Nee | Ja |
| Maleagi 4:2 | Nee | N.V.T. |

Van Rooyen vra: “Begin u 'n begrip vorm van die dekadente Skrif-beskouing wat van bo-af op die Kerk afgeforseer word, en ons

lidmate geestelik kan verlam? Geen ander Protestantse Bybelvertaling het hierdie uiters belangrike Messiaanse profesie so vermink soos die NAV nie—vergelyk gerus die KJV (*King James Version)* die NKJV (*New KJV),* die TAB (*The Amplified Bible),* die NIV (*New International Version*) en selfs 'n onbetroubare parafrase soos die *Living Bible.*

**Sien u wat die "jongste uitlegmetodes" is waarmee so op die agterblad van BiP gespog word? Dit is die hoërkritiese geringskatting van die gesag van die Skrif as Woord van God,** die eksegetiese verbanning van die profetiese aankondiging aangaande ons Messias, ons Saligmaker en Verlosser uit Ou-Testamentiese profesieë, en die trek van niks meer nie as allerlei vrome lewenslessies uit die vertrapte profetiese tekste ten einde die "Bybel in die praktyk te plaas"—die onmiskenbare werkwyse van die neo-ortodoksie en die demitologiseringsteologie.

**"Ons mense het nog geen benul van wat aan die gebeur is nie.** Hulle het soveel *basic trust* in "ons kerk se slim professore," dat u sal vind dat wanneer u hulle waarsku teen die misleiding in die NAV en BiP, u meermale heftige emosionele teenstand sal ontlok en as "afwykend," "stroomop" of selfs "sektaries" bestempel gaan word! (Ons kerke het 'n lang tradisie om nie lojale kritiek ter harte te neem nie, maar eerder 'n etiket van sektarisme op die kritikus te plak, en hom só te neutraliseer. Argumente word nie met feite nie, maar met die uitdeel van etikette, besleg. Moet egter nie ophou om mense te waarsku nie—in 2 Timoteus 4:2 word ons vermaan: "verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering…" (Ou Vertaling).

**PJP:** Ek sou op hierdie trant kon voortgaan om een profetiese voorspelling ná die ander aan te haal waarin BiP bykans die laaste druppel van God-geïnspireerdheid aan die ywerige en opregte bybelleser ontneem om 'n valse, uitgeholde en leuenagtige interpretasie daaraan te heg. Die betrokke skrywers verseg om die Bybel op tradisioneel-gereformeerde en Bybelse manier uit te lê. **Wanneer teoloë – wat onder die gesag van die Kerk staan - met sóveel minagting hul eie beloftes nietig verklaar, dan laat dit geen twyfel oor die pad binne ons geliefde Kerk na die afgrond van totale relativisme.**

**Historiese Probleme met BiP, deur PJP:**

Die voorafgaande taksering van die studieboek, *Bybel in Praktyk,* is hoofsaaklik tot die hantering van profetiese Skrifgedeeltes beperk. Ander interpretasies rondom historiese datumgewing sou insgelyks 'n studie op sy eie wees. In ander hoofstukke van hierdie boek word juis uitgewys dat belangrike datums wat reeds vir jare deur moderne interpreteerders skeefgetrek is, veroorsaak dat groot gedeeltes van Bybelse geskiedenis deur geleerdes totaal as historiese gebeurtenisse ontken word.

Ek noem slegs één datum wat in BiP (**prof. Wil Vosloo**) aangegee word (kyk ongenommerde bladsye voor in BiP onder die opskrif *Praktykgerigtheid)* wat veroorsaak dat latere historiese gebeurtenisse nie sinchroniseer nie, en dit is dié van die uittog uit Egipte en die latere val van Jerigo. Die ou en foutiewe kronologie waarvolgens BiP werk, gee die uittog aan as plus-minus 1250 v.C. met 'n daaropvolgende periode van *slegs 25 jaar i.p.v. die 40 jaar in die woestyn wat die Bybel aan ons voorhou. (Ek meen dat hierdie 'n blatante minagting van die Skrif verteenwoordig, want dit is 'n ontkenning van die historisiteit van die OT se gegewens. Weet ons 'skrifgeleeres' dan van beter?)*

Sodat hierdie datumgewing in sy historiese konteks geplaas kan word verwys ek eerstens na die nuut-verskene boek van Biskop Ussher se *The Annals of the World* wat in 1685 vir die eerste keer in Latyn gepubliseer is, en in 2003 in moderne Engels. Ussher plaas die Uittog in die jaar 1491 v.C. Hy kom by hierdie datum uit d.m.v. die bymekaartel van Bybelse geslagsregisters in Genesis, tesame met verwysings na die verloop van die geskiedenis soos dit in die OT daarná aangegee word. Die Intog se datum, en dus ook die val van Jerigo se mure, is dus volgens sy berekeninge 1451 v.C.( P.39).

Dr. David Rohl, die argeoloog na wie se werk ek elders verwys, gee die datum van die uittog aan as 1447 v.C., dus 'n verskil van byna 200 jaar vergeleke met BiP, en slegs 44 jaar later as Ussher se datum. Die koning in Egipte sou dan nie Rameses II wees nie, maar, uitgewerk volgens die *Nuwe Kronologie* van Rohl en John Brimson, sou dit *Amenemhat III* wees. Die vernietiging van Jerigo word gevolglik rondom 1407 v.C. geplaas.

So gesien – volgens Ussher óf Rohl - val die hele tot hiertoe omstrede geskiedenis van Josua, die tydperk van die Rigters, Dawid en Salomo alles in plek, naamlik, in die Middel-Bronstydperk (kyk: D. Rohl se *A Test of Time,* p.306).

Ten opsigte van die hele kronologie van Egipte wat deur die jare deur beide argeoloë sowel as moderne skrifverklaarders klakkeloos as gesaghebbend aanvaar is, sê Rohl:

> "How then do we know if historians have built a reliable structure for us to place Rameses II and Tutankhamun in time? The honest answer is **we take it for granted that they know what they are doing.** …more recent research has led to the belief that fundamental mistakes in the currently accepted chronology were made in the formative years of ancient world studies. **This book demonstrates that all is not well with the 'conventional' chronology and that the only solution…is to pull the whole structure down and start again, reconstructing from the foundation upwards"** (klem:PJP),( kyk: Rohl, ditto, p.9).

Naskrif: Rohl verwys in sy Inleiding van bogenoemde boek na die uitspraak van een van die erkende 'gesaghebbendes' rakende bybelse kronologie, prof. Thomas L. Thompson van die Copenhagen se Universiteit waar hy sê:

> "If we see how easy it is to challenge the historicity not only of a David or Soloman but of events in the reigns of Hezekiah or Josiah, …the very substance of any historical project that attempts to write a history of the late second- or early first millenium B.C. in Palestine on the basis of biblical and extra-biblical sources, …must appear not only dubious but wholly ludicrous."

Vir die gewone lidmaat se onthalwe: Hierdie soort uitlating is tipies van die ongebreidelde arrogansie van vandag se liberale 'kenners', en dit is op die 'fondament' van sulke uitlatings dat die meeste moderne teoloë hul beskouing oor die Bybel opbou. Watter hoop het 'n bybelstudent om ooit by die waarheid uit te kom as die begin so daaruit sien? **Dit behoort kristalhelder te wees: jou voorveronderstelling bepaal jou eindresultaat.** Met ander woorde (en ek stel dit in plat taal), jy bou op gemors, en daarom eindig jy met 'n gemors. Hoe verder Rohl met sy boek vorder, hoe meer demonstreer hy dat daar in die beoefening van die argeologie reeds vir meer as 150 jaar op valse aannames gebou is. Vandaar dat sy boek se subtitel ***The Bible from Myth to History,*** heet.

Hoe beland teoloë in die dryfsand van die bevraagtekening van die Bybel se feitelike, historiese en onfeilbare woorde? Jy beland daar-

in omdat jy vir die beoefening van jou bybelwetenskap op sogenaamde ‘gesaghebbende en wetenskap-begronde bevindinge’ bou. Anders gestel: Jy begin by feilbare, veranderende ‘wetenskap’ in plaas van Onfeilbare Woord van God. Weereens: jou voorveronderstelling bepaal jou eindproduk.

Om hierdie kort bestudering van BiP mee af te sluit haal ek Van Rooyen weereens aan soos hy na **die aansprake van BiP** wat op die agterblad van die boek verskyn, verwys:

“**Bewering:** BiP sal die Bybelleser help om sy kennis van en insig in die Woord van God te verbreed én te verdiep.

**Die waarheid:** Alhoewel daar ongetwyfeld besonder nuttige leerstof in BiP is, kan die hoërkritiese uitgangspunte en werkwyse van die eksegete die leser beroof van sy respek vir die Skrif as die geïnspireerde Woord van God, en hom leer om soos 'n demitologiseringsteoloog slegs vrome lewenslessies daaruit te trek, terwyl die letterlike lesing as 'n onbelangrike argaïese, mitologiese segswyse beskou word. BiP het inderdaad die potensiaal om die leser se geloof ernstig te verlam.

**Bewering:** “Die mees uitstaande kenmerk van BiP is veral sy praktykgerigtheid: dit dra nie bloot feitelike Bybelkennis oor nie, maar wys die Bybelleser hoe dít wat in die Bybel geskryf staan, praktyk in sy lewe van elke dag kan word.”

**Die waarheid:** Die mees uitstaande kenmerke van BiP is die implisiete miskenning van die letterlike waarheid van groot gedeeltes van die Skrif, die implisiete miskenning van die inspirasie van die Skrif, en bowenal die eksplisiete miskenning van die profetiese aankondiging van die koms en verlossingswerk van Jesus die Messias in die Ou Testament. Nadat die letterlike lesing van die Skrif verontagsaam is, bring die demitologiseringsteoloog telkens 'n vrome lewensles vir die “daaglikse Christelike lewenswandel” tevoorskyn. Dié vrome lesse van die demitologiseringsteologie verteenwoordig die sogenaamde “praktykgerigtheid” van BiP.

**Bewering:** “Die BiP is 'n wetenskaplik verantwoorde werk, saamgestel deur 'n paneel van bekende teoloë volgens die jongste Bybeluitlegmetodes…”

**Die waarheid:** BiP is “wetenskaplik verantwoord” in dié sin dat dit in ooreenstemming is met die moderne konserwatief-hoërkritiese demitologiseringsteologie, en ook 'n buiging maak in die rigting van

teïstiese ewolusionisme. Dit is miskien wetenskaplik verantwoordbaar in die lig van die heersende "korrekte" modernistiese akademiese sienings. Maar is dit verantwoord teenoor die Skepper en in ooreenstemming met Sy volmaakte wil?—sien Psalm 2:4. Die "jongste Bybeluitlegmetodes" waarmee gespog word is niks anders nie as die histories-kritiese en demitologiseringsteologiese beskouing van (hoofsaaklik) die Ou Testament. Die "paneel van bekende teoloë" verwys na 'n groep teoloë wat binne hierdie Skrifbeskoulike raamwerk opereer. Dit is opvallend dat konserwatiewe teoloë van meer behoudende kweekskole nie in die paneel teenwoordig is nie."

**My slotopmerkings oor BiP**

Elke skrifgetroue lidmaat slaan teen hierdie tyd die hande saam in aansyn van die aangehaalde gedeeltes uit BiP. Met reg sou enigeen (behalwe, klaarblyklik, ons betrokke teoloë) kon vra hoe sulke ooglopend- degraderende beskouinge van die Skrif enigsins toegelaat word. **Waar, sou ons kon vra, is die wagters op die mure wat sulke God-onterende uitlatings met alle mag dadelik diskrediteer? Of moet ons – en ek huiwer om dit te sê – moet ons aanvaar dat, omdat niemand in 'n gesagsposisie iets hieroor sê nie, ons kerkleierskap daarmee eens is?**

"**False doctrine and heresy** are even worse than schism [afskeiding]. If people separate themselves from teaching which is positively false and unscriptural, they ought to be praised rather than reproved. In such cases separation is a virtue and not a sin…The old saying must never be forgotten, 'He is the schismatic who causes the schism'…Controvery in religion is a hateful thing…But there is one thing which is even worse than controversy, and that is false doctrine, allowed, and permitted *without* protest or molestation."

Biskop J.C.Ryle: *Warning to the Churches,* p.109.

## Hoofstuk 10 DWALINGE 2 : *DIE BYBEL A – Z*

Die eerste uitgawe van hierdie boek, *Bybel A-Z* verskyn in die jaar 2003, en vanweë die uitleg en leesbaarheid in vergelyking met die moeilik-leesbare tekskommentaar van BiP, meen vele niksvermoedende gelowige mense dat daar geen ander oorweging in hul pad staan om die boek aan te koop nie. Trouens, ek het 'n sterk vermoede dat die meeste aankope nie vir die koper se gebruik self is nie, maar wel as geskenk vir iemand anders. In daardie omstandighede is die present onder die arm amper van meer belang as die vertroudheid met die inhoud.

Wanneer ek 'n boek van hierdie aard optel dan blaai ek onwillekeurig na sekere gedeeltes om te kyk wat die teologiese uitgangspunt van die skrywers daar is. Gewoonlik word sodanige veronderstellings in die inleidende paragrawe verraai. Ek sê 'verraai' want in hierdie geval was die skok gelykstaande aan dié van *Die Bybel in Praktyk.* Mense wat gesien word as 'Bybelwetenskaplike' en professor in die teologie aan een van ons teologiese fakulteite se woorde tel vir die oningeligte geweldig baie. Maar wanneer daar op totaal onwetenskaplike wyse te werk gegaan word met stellings wat indruis teen die gereformeerd-aanvaarde beskouing van die Skrif – **sonder die geringste verklaring van hoe daarby uitgekom word –** dan styg my bloeddruk en daal my respek. Sulke stellings bederf dan vir my enige en *al* die ander hoedanighede van die boek, omdat die gesag van die Bybel aangetas word sonder dat *een* woord daaroor gesê word.

**Hier volg slegs tien aanhalings** uit vele wat ek sou kon aanbied:

**A-Z 1:** Op bladsy 16 skryf **professor Jan van der Watt** (UP) soos volg: "…**Daar word dikwels gesê dat Moses [die Pentateug] geskryf het, *maar dit is nie korrek nie*"** (my klem).

Let wel: *geen* verklaring oor *hoe* tot so 'n laakbare en on-bybelse gevolgtrekking gekom word nie, nee, dit is eenvoudig 'n feit soos 'n koei, en daarmee basta! In vele ander hoofstukke word pasgenoemde aanvegbare en ongekwalifiseerde stelling blootgestel vir die leuen wat dit is. Ons moet elkeen besluit: gaan ons bereid wees om sulke onbybelse beskouings te duld, of gaan ons terugkeer na die eeue oue geloof dat die Bybel in al sy dele onfeilbaar en gesaghebbend is. In die tweede helfte van hierdie werk voorsien ek

die begronding en redes waarom ons *enigste* hoop in die histories-gereformeerde beskouing v.d. Bybel gevestig is.

**A-Z 2:** Die tweede voorbeeld vind ons op bladsy 22 (ook **prof. v.d. Watt**) waar geskrywe staan: **"Eers 200 jaar na Christus het hulle hul dinge begin neerskryf"** [dws die Nuwe Testament].

Ek kan aan geen ander rede dink waarom iemand soiets sou wou sê nie behalwe dat die akkuraatheid, en daarom betroubaarheid, van die Bybel vanweë die lang periode van mondelinge oorlewering onder verdenking staan nie. Nee – meer as slegs 'onder verdenking' – hierdie sien ek as 'n sydelingse bevestiging van moderne 'geleerdes' se oortuiging wat al klaar nie glo dát selfs die NT die onfeilbare Woord van God is nie.

Daar is verskillende ander geleerdes wat hierdie stelling totaal negeer. Dr Donald Guthrie van London, ná uiters sorgvuldige studie, plaas in sy meesterlike boek *New Testament Introduction* (1965) **die voltooide NT** voor die einde van die eerste eeu n.C.! Die ironie is: selfs *Bybel A-Z* verklaar dat al die Nuwe Terstamentiese boeke vóór die eerste eeuwending geskryf is (p.592-4).

Selfs die liberale Britse NT geleerde (wat nie van 'n konserwatiewe standpunt verdink kan word nie) John A.T. Robinson verwerp in sy boek *Redating the New Testament* (1970) wat hy noem "the tyranny of unexamined assumptions" van die Tübingenskool in Duitsland, en sê **dat die hele NT voltooi was voor die Romeine Jerusalem in die jaar 70 nC vernietig het!** En Robinson se opinie is nie 'n geïsoleerde skoot in die donker nie. Ook Albright beaam hierdie soort stelling, hoewel 10 jaar later. Hoe? vra ek, moet ons hierdie soort smokkel met feite verstaan of kondoneer?

**A-Z 3:** Bladsy 25, ook deur **prof. van der Watt:** Hy sê:

> "Daarom is daar… kleiner verskille in die 1933/53 en 1983-vertalings in Afrikaans. Laasgenoemde het manuskripte gebruik wat volgens die huidige kennis die naaste aan die oorspronklike is, terwyl die 1933-vertaling in sommige gevalle swakker tekste…gebruik het." (PJP: "*Kleiner* verskille?? 1933 'n 'swakker teks'?? )

Hierdie stelling van prof. van der Watt openbaar presies wat ek vermoed het. Die 1983 vertaling verteenwoordig die eerste wegbreek van die eeue-oue gronddokumente wat al die jare vir die vetalings van die 1933 vertaling sowel as die Hollandse Statevertaling in

gebruik was. Die 1983 grondteks is, na my mening, juis *nie* nader aan die oorspronklike nie en die vertaling as sodanig nie so getrou aan die teks as die 1933 vertaling nie. Kyk na my hoofstuk 6. Die 1983 vertaling het na my mening die deur vir vandagse liberale teoloë geopen om nóg verder van ons tradisionele interpretasie van die Bybel af te dwaal. Praat van moedswillige weglatings, wegvertalings en afwatering v.d. Bybel in Afrikaans?

Ons lidmate word as gevolg van die saamsnoer van die 1983 vertaling met hedendaagse Skrifkritiese beskouings (soos ons oral in *Bybel A-Z* aantref) eenvoudig aan (soos van Rooyen dit stel) teologiese "cowboys" uitgelewer, en lidmate wéét nie eens daarvan nie. Hulle vertrou nog steeds in ongekende naïwiteit die professore van die huidige 'fakulteite' asof hulle nog die 'kweekskole' is van weleer. Ons kerk is egter *nie* die aansteller óf betaler meer nie. Ons voorheen Christelik-georiënteerde universiteite is, lyk my, eenvoudig gekaap en in wese onder ons neuse verander.

**A-Z 4:** Die vierde voorbeeld (**ook v.d. Watt**) is op bladsy 27, die 15de kantaantekening bo-aan die bladsy. Daar staan:

> "Daar word onderskeid getref tussen die historiese Jesus en die verheerlikte Christus…Kan ons die vertellings wat tussen 30-60 jaar na sy geboorte geskryf is, die "skille" van ander se woorde afsny en uitkom by dit wat Jesus self gesê en gedoen het (dus die historiese Jesus)?"

Wat hier aangehaal is sien ek as niks anders nie as 'n blatante negering van die gesag en onfeilbaarheid van die Nuwe Testamentiese teks. Hoeveel 'skille' moet ons nou verwyder? En hoeveel van die NT se Evangelies gaan oorbly? **Presies wat hier staan is die standpunt van die sogenaamde Nuwe Hervormers!**

**A-Z 5:** Ek beweeg nou na die eerste bybelboek, **Genesis.** Hier skryf **prof. Hendrik Bosman** v.d. Stellenbosse Kweekskool soos volg op bladsy 99:

> "Die opskrifstelling van Genesis het daarna vir eeue voortgeduur en eindelik tydens en kort na die ballingskap ten einde geloop …" Op bl. 100 volg: "Die eerste skeppingsverhaal is tydens die Babiloniese ballingskap (586-539 v.C.) geskryf." Op bladsy 102 skryf hy: "Evolusie kan nie waar of vals bewys word na aanleiding van Genesis 1 nie." Op bladsy 102 verseker hy ons: **"Daar is egter geen bewyse dat daar 'n wêreldwye vloed was nie."**

Met permissie: hierdie eerste twee stellings openbaar niks anders nie as 'n totaal ongegronde voorveronderstelling. Behalwe dat die skryfkuns tot 1000 jaar vóór Moses al in gebruik was (kyk my hoofstuk 8) berus hierdie gedagtegang op 'n algemene Skrifkritiese beskouing wat vir meer as 100 jaar in omloop is en wat reeds 'n eeu gelede gediskrediteer is. Ek wil nie herhaal wat al elders in hierdie studie aangestip is nie, maar waarom moet die leser onder die indruk van die sogenaamde primitiwiteit van Moses en die Israeliete gebring word as Moses iets soos 'n duisend jaar vantevore "in al die wyshede van Egipte" geskool was?

Waarom sou God aan Moses herhaaldelik opdrag gee om "te skryf…" as hy nie eens geweet het wat dit beteken nie? Ek soek één bewys dat hierdie hele Boek vir meer as 1 000 jaar alleen mondelings oorgedra is! Ek glo dat hierdie gedagtegang gesien moet word as 'n aansluiting by die idee dat Esra saam met die sogenaamde redakteurs van die 'JEDP-teorie' verantwoordelik was vir die teboekstelling van die Pentateug se wette omdat Moses kwansuis te primitief was om sulke gevorderde wette te kon formuleer. Kyk na my hoofstuk 4 vir meer hieroor.

**Prof. Verhoef** het al 'n klompie jaar gelede dit as ondenkbaar beskou dat God sy uitverkore volk vir so lank sonder enige skiftelike getuienis sou gelaat het.

Ek beantwoord Prof. Bosman se derde stelling: Beide in die volksmond as die wetenskap, beteken "evolusie" die rigtinglose *self*-ontstaan van die skepping. Bosman dig *self* die skepping aan God toe (kyk p.101). Waarom nou sê dat die teks neutraal is t.o.v. evolusie? Beteken die presiese woorde van die Bybel dan nie wat dit sê nie? Of is Bosman besig om 'n agterdeur vir ontstaan-via-evolusie oop te hou, want die 'wetenskap' wéét nie van skepping nie?

Ek kan dink dat 'n Moslem, of 'n ateïs wat Bosman se woorde lees eenvoudig sy kop in verdwasing sal skud, want hier is 'n geleerde besig om die Boek wat hy *veronderstel* is om as ontwyfelbaar en gesagvol voor te hou, by voorbaat te diskrediteer. Óf die Bybel praat van skepping wanneer dit 'skepping' sê, of ons moet ons Bybels maar op 'n rak sit waar ons uitgediende boeke wegbêre.

Terloops, die ateïs T.H. Huxley maak die siniese opmerking rakende die betekenis van die woorde in die bybelse skeppingsverhaal in Genesis wanneer hy sê "A person who is not a Hebrew scholar can only stand aside and admire the marvelous flexibility of a lang-

uage which admits of such diverse interpretations" ( in *Lay Sermons, Addresses and Reviews*, p.225).

Ek wonder hoeveel ander mense uit ander gelowe daar is wat net nie kan begryp dat **die 'verdedigers van die Christelike Geloof' die grootste ondergrawers daarvan is, nie.** Presies hoe moet 'n mens dit begryp? Hulle vind dit seker lagwekkend! Of tragies.

**Geen tekens van vloed:** Blaai terug na die paragrawe in hierdie boek (Hfst.4) waar melding van die wêreldwye tekens van die vloed in rots en fossiele gemaak word. Bosman kan alleen so 'n stelling maak omdat hy sy ore aan evolusioniste van Stellenbosch en elders uitleen, want dan stort hulle teorie dat daar geen God is wat vergeldend optree nie, in duie. Weereens – Bosman diskrediteer ronduit die Boek wat vir hom sy botter en brood op sy tafel sit.

**A–Z 6: JESAJA.** Op bladsy 413 verraai **prof. Bosman** weereens sy onbybelse voorveronderstelling dat die boek Jesaja nie uitsluitlik deur Jesaja geskryf is nie. Maak nie saak dat Christus sélf, én Paulus na ál drie dele as die werk van Jesaja verwys nie, die wetenskap is mos 'n gesag bó Christus en Paulus. Hieroor wil ek huil.

In die vorige hoofstuk oor BiP is pasgenoemde wan-interpretasie reeds aangespreek. Maar dit eindig nie daar nie! Ek weeklaag in my binneste oor die verwerping deur Bosman van Christus in die 52ste en 53ste hoofstukke as die eindoel van hierdie majestiëuse profesie. Mag die Here hom dit vergewe, want hy dwaal en plaas homself op gevaarlike terrein. [Op slegs één plek in al die Messiaanse profesieë (p.429) noem Bosman die móóntlikheid dat die profesie miskien op Christus betrekking mag hê.] Iemand wat hierdie verklaring van Jesaja met 'n verwagting van geestelike seën sou lees, sal met 'n gevoel van verontregting en diepe teleurstelling weggaan. Na my mening is Christus daarin opnuut geminag en gekruisig!!

**NOTA:** Sodat daar ruimte vir *ander A-Z* skrywers kan wees noem ek sonder kommentaar ander bewysplase waar prof. Bosman ons gereformeerde skrifbeskouing negeer. 1) Hy saai die saad dat die aartsvaders nie ware mense was nie, maar 'n refleksie van sosiale toestande (p.110); 2) die verhaal van Josef word 'n 'sage' genoem – met ander woorde: 'n romantiese verhaal deur fantasie uitgebrei (p.121); 3) die datum v.d. uittog is nie korrek nie (p.129); 4) Levitikus, (gedeeltes van) Numeri en Deuteronomium se ontstaan ten tye v.d. omswerwing, word onder verdenking geplaas en aan die

ballingskapstydperk toegedig (soos die Dokumentêre Hipotese ons wil laat verstaan), (p.165, 188, en 211); en 5) sê Bosman bewyse bestaan *nie* dat Jerigo in die dertiende of twaalfde eeu vernietig is nie. Hierin is hy korrek, want sy eie vertrekpunt t.o.v. datums (1220v.C.) is verkeerd (kyk my vorige hoofstuk). Jerigo se datum lê tussen 1451 v.C. (Ussher) en 1407 v.C. (Rohl). Dán klop die datums met die argeologiese getuienis.

**Die probleem is dat te veel van ons moderne teoloë te veel dinge in die wetenskap sonder die *geringste* bevraagtekening aanvaar omdat 'n hele wêreldbeskouing daarop gegrond is.** Haal een stuk uit en die konstruksie tuimel inmekaar. Die *Dokumentêre Hipotese* aanvaar vooraf die valse en verwronge veronderstelling dat evolusie van die mens vanuit die diereryk, na die primitiewe, na die veelgodedom, na die monoteïsme (een God soos die Israeliete) beslis en sonder twyfel plaasgevind het. En hoekom doen hulle dit? Omdat dit die enigste ander alternatief – naamlik, 'n ware en lewende God wat óók wonderwerk kan doen, en gedoen hét – vir hulle totaal onaanvaarbaar is!

DAAROM móés die laaste bastion wat in die pad van die algehele oorwinning van die evolusie paradigma in die samelewing staan – die bybelgelowige en die bybelwetenskaplike – óórgehaal word om hul gesagsdokument (die onfeilbare Woord van Gód) se sê-so *prys te gee,* om aan die atiëstiese model die finale groen lig te gee van aller-gesaghebbendheid. [Natuurlik, wat vir die bybelwetenskaplike geld, geld ewe veel vir die fisies/natuurwetenskaplike gelowige. Met die hulp van die rééds oorgehaalde teolóóg is hy egter al kláár gepos en as "kreasionis" en "fundamentalis" gebrandmerk, en dus nietig verklaar. So: hý tel lankal nie meer nie!]

Ons het reeds onder 'die kritiek op *Die Bybel in Praktyk'* gesien dat **twee kardinale Bybelwaarhede by voorbaat móés padgee,** en dit is **wonderwerke en profesieë.** BiP het dus albei uit die 'geveg' verwyder en hulle wégverklaar – totaal úit die Bybel. My vórige hoofstuk oor die *Nuwe Afrikaanse Vertaling* (NAV) bewys dat selfs *bybel*-vertaling (miskien onwetend?) besig was om die finale oorwinning v.d. evolusieparadigma 'n enorme stoot te gee deur óók te help met die verwydering van Ou-Testamentiese profesieë. [Van buite-af gesien lyk dit amper na 'n komplot!]

**Alle dwalinge begin by die filosofie en eindig by die teologie** – die laaste bastion van buite-wêreldse gesag. Wanneer hý (die teoloog) in die kraal van die humanisties/evolusionistiese wêreldbe-

skouing van ons dag ingetrek is, bly slegs opruimingswerk oor – die geveg is verby. Hierin help ons toeloë, soos hierbo aangetoon, uitmuntend. Húl argument? Die wetenskap het mos bewys die Bybel is nie geskiedkundig en wetenskaplik betroubaar nie (vanaf Galilei se dag reeds): "Ek gaan dus my posisie van "absolute gesag en onfeilbaarheid" vir die nuwe 'gesaghebbende' van ons tyd inruil – die onfeilbare "wetenskap" ".

Prof. Bosman probeer eintlik op albei stoele sit. In die gewone gedrukte gedeeltes van *Die Bybel A-Z* gee hy 'n goeie en verantwoorde verklaring van die Skrif, maar in die blougekleurde 'kassies' en inleidende paragrawe van elke boek wat hy behandel verraai hy die mate waarin hy reeds boedel aan die valse gesag met sy valse datums oorgegee het.

**A-Z 7:** In die profesie in **Esegiël** 28 vind ons die goddelike uitspraak oor Tirus as stad wat beslis deur God se toedoen vernietig sou word. Hieraan gee **dr. Marius Nel (AGS)** heelwat aandag, maar hy gee géén aandag aan die tweede vlak van profetiese betekenis nie, naamlik dat die koning van Tirus uiteindelik na die val van Satan verwys. Behoudende bybelstudente wys op die volgende: Hy is neergewerp omdat hy hom aan God gelykstel, hy was in Eden, hy is geskape en nie gebore nie, hy was 'n gesalfde gerub voor sy val en hy was voorheen op die heilige berg van God en was volmaak. Waarom so 'n verminkte verklaring van wat sonder twyfel op die Satan betrekking het?

**A-Z 8: Daniël. Prof. Pieter Venter**, NT, UP, behandel hierdie boek. Op bladsy 491 sit Venter uiteen al die probleme wat hy met die geskiedkundige 'feite' in Daniël het – wat glo nie klop nie – en gaan op bladsy 501 voort om te verklap dat dit hoegenaamd nie Daniël was wat die boek geskryf het nie. Die boek dateer glo uit 167v.C. (en nie tussen 605v.C. en 536v.C. nie) en is deur 'n groep skrywers opgestel wat die reeds voltrekte profesieë wat in die boek uitgespel word, ingevoeg het asof dit nog moes plaasvind. M.a.w., **die boek Daniël is 'n profetiese vervalsing, en God laat** (volgens Venter) **dit in sy wysheid toe dat so 'n vervalsing in sy onfeilbare Woord opgeneem word as 'waarheid'!** Die res van prof. Venter se verklaring oor die inhoud van Daniël is uiteraard nie die moeite werd om te lees nie, want hy dig aan sy eie insigte toe 'n gesag wat bó dié van die Bybel staan. Voorwaar 'n tragiese kommentaar op die stand van sake onder ons teoloë.

**A-Z 9: Jona** (**prof. P. Venter, UP**): Op bladsy 530 lees ons om mee te begin dat " die verhaal van Jona is 'n satire. Dit spot met die Jode van die vierde eeu…" Op dieselfde bladsy word ons vertel "Jona is 'n kortverhaal – Die verhale oor Jona, Josef…,Ester en Rut is kortverhale en kom almal uit 'n latere tyd in Israel se ge-skiedenis. Alhoewel ouer tradisies daarin opgeneem is, is hulle almal as novelles geskryf en in die Bybelse tradisie opgeneem…Jona is 'n soort antiheld. Hy is die "skurk" van die verhaal wat God teenstaan…"

So, die feit dat die Jona van die Bybel die "seun van Amíttai" genoem word (Jona 1v1) dra hoegenaamd geen gewig nie, net soos 2 Konings 14:25 wat dit herhaal, en byvoeg "…die profeet, wat uit Gat-Hefer was" , ook nie ernstig opgeneem word nie. Christus se eie verwysing na Jona as mens word ook sonder seremonie van kant gemaak (Luk.11:30-32). Op die balans van daardie bladsy, tesame met die daaropvolgende twee 'wit bladsygedeeltes' gaan prof. Venter voort om die Bybelboek Jona as ware geskiedenis te verklaar asof absoluut niks gebeur het nie. Hoe móét die leser dít verklaar? Ek vind dit moeilik om my te weerhou van aantygings van skisofrenie, want ek weet nie hoe ek dit anders kan tipeer nie. Lyk ons tradisionele geloof dan so?

**A–Z 10: Sagaria (prof. P. Venter).** Enige behoudende skrifverklaarder sal dadelik die twee verwysings in Sagaria 11 (na die "30 silwerstukke" en "die grond van die pottebakker") aan die loon van Judas in die NT koppel tesame met die daaropvolgende besluit om die grond van die pottebakker daarmee te koop. Hy sal ook die verwysing in Sag. 13:7 sien as 'n verwysing na die herder in Matt.26:31, wat Christus is. Venter verskraal die uitleg van beide gedeeltes deur om geensins na Jesus se lye en sterwe te verwys nie. Hy dig beide vertellings aan die profeet self toe.

Weereens het ons hier te make met die toepassing van die voorveronderstelling dat daar geen, maar *geen* profesieë in die OT is wat enigsins na Jesus Christus verwys nie. *Selfs Christus se eie terugverwysings daarna hou vir die moderniste geen water nie.*

Ons as lidmate moet besluit of ons langer hierdie soort verskraling van die rykdom van die Bybel nog langer gaan duld. En om dan nog daaraan te dink: ***Die Bybel A-Z* ontvang die *Andrew Murray-prys*** ten spyte van sy minagting van ons gereformeerde skrifbeskouing. Dit beteken niks anders nie as dat die beoordeelaars óók dieselfde skrifbeskouing huldig, of hulle het sleg gelees. Sedert-

dien, en ten spyte van ons *Studiegroep* se prominente bevraagtekening van die boek in die *Kerkbode* van 29 Mei, 2004, word nie die skrywers deur andere oor die kole gehaal nie, maar ons as *Studiegroep* vanweë ons 'ongefundeerde' en 'liefdelose' uitlatings!

Die saak staan dus so: Niemand mag vir die mees skreiende verwerping van ons gereformeerde skrifbeskouing opkom nie, en ook mag niemand diesulkes wat hierdie verwerping voortbring, kritiseer nie**. Dít, soos ek dit sien, plaas elke behoudende lidmaat in die beskuldigdebank en die ketter word vereer. Só 'n toedrag van sake spel vir my niks anders uit nie as 'n kerk wat nie meer die *wil* het om kerk van Jesus Christus te wees.**

**DIE WAARDE VAN DIE OU TESTAMENT VOLGENS H.F. KOHLBRUGGE: DIE OU TESTAMENT AS GESAGVOLLE WOORD VAN GOD WAT CHRISTUS VERKONDIG: Dr A.H. Bogaards, GKSA,Pta.**

Kohlbrugge se doktorale tesis het in essensie gesê dat, wanneer dit by Skrifverklaring kom, *Christus alles is en die mens niks.* Verwysend na Hand.17:11 en die Bereane sê Bogaards: "In daardie Bybel, in die Skrifte, het die gelowiges van Berea dieselfde evangelie van Christus gevind as wat aan hulle deur Paulus en Silas gespreek is…as hulle Moses en die Profete nie as God se bindende Woord beskou het nie, sou hulle dit nie daarin gesoek het...[en] aan die woord v.d. apostels gehou het nie. Die apostels self het egter ook steeds na die OT terugverwys…(Hand 17:2-3): "Paulus het uit die Skrifte – die OT – gespreek en hy het die Skrifte uitgelê en hy het uit die Skrifte aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan."

"Die gelowiges van Berea [het] sekerlik nie teologie en Skrifkritiek bestudeer nie, maar hulle het soveel verstand en insig ontvang as wat nodig was om die ooreenstemming tussen hulle Bybel (Moses en die Profete)…en die evangelie v.d. apostels van Christus andersyds te herken. Daarom vind Kohlbrugge dit 'n skande vir die Christene van sy tyd dat hulle niks meer v.d. OT wil weet nie…Selfs die Jode het uit hulle Bybel geweet dat die Messias die Seun van Dawid sou wees. **Die gewone volk** het…dit uit die Skrif afgelei…**ook die Fariseërs** het dit geweet (Matt.22:42)…Daarom is dit eweneens nie snaaks dat **die kinders** by die intog van Jesus in Jerusalem uitgeroep het "Hosanne vir die Seun van Dawid!"…***Dit is diep tragies****! Oók die Jode wat Christus nie geken het of wou aanvaar nie, óók hulle het geweet en geglo dat Moses en die Profete die Messias as inhoud het,* ***maar vele teoloë in ons tyd glo dit nie.*** *Maar as die teoloë swyg, sal die klippe dit uitroep."* Kyk bydrae in *Ad Fontes*, p.15-20, 2004.

## Hoofstuk 11 DWALINGE 3: VAN ANDER NG TEOLOë

In die twee voorafgaande hoofstukke se besprekings van boeke waarvan die skrywers ons gereformeerde skrifbeskouing geweld aandoen, verskyn hul name reeds. Daar is andere wat deur hul eie of gesamentlike uitlatings die boodskap uitstuur en standpunte handhaaf wat ewe in stryd is met ons Belydenisskrifte. Die tug-metode om sodaniges tot orde te roep bestaan eenvoudig nie meer in ons kerk nie (te oordeel aan die nul-sukses wat ons Studiegroep vir Bybeldenke (Stellenbosch) met klagte wat teen kweekskooldosente- en skrywers gelê), gehad het.

Die probleem met 'n studie soos hierdie is die vraag oor wie of wat ingesluit moet word, en wat nie. Ek het honderde *Kerkbode* uitknipsels wat gaan oor besware teen afwykende teologiese uitlatings of teen teoloë self, hoofsaaklik geskryf deur mense soos di. Maartin Blignaut, Mike Smuts, Ockie Raubenheimer, Thys Nieuwoudt (dr.), Sampie van Vuuren (dr), Abrie Botha, Lourens Erasmus Lourens (dr.),Theo Dansfuss, Hendrik Heefer, Koos Adendorf (dr.), Chris Saayman (dr.), Kobus Potgieter, Danie- en John Murray, Paul du Toit, P.A.Pienaar en vele ander predikante. Getroue 'leke'-lidmate het ook van hulle laat hoor, soos prof. Jaap Kies, Gustav Bredell, en meer onlangs Gibo Gerber v.d. Suid-Kaap.

Die teiken van vele van bogenoemdes se briewe of artikels was dikwels die volgende:

- Ondeurdagte uitsprake en besluite van sinodes soos: Die Kindernagmaal, *Belhar*, homoseksualiteit, vroue-ouderlinge, outokratiese besluite ens.;
- Teoloë wat onskriftuurlike dinge kwytraak soos: Proff. Ferdinand Deist, Hendrik Bosman, Flip Theron, Isak Spangenberg, , Jimmy Loader, Hansie Wolmarans, Piet Muller, Pieter Craffert, Adrio König, Julian Müller, Fanie Snyman, en drr. Louis Jonker en Ben du Toit;
- Die tragiese stand van sake rakende die handhawing van: Skrifgesag, die tug, die legitimasie-eed, swak Bybelvertalings (NAV), vervlakking in prediking, charismatisering van dienste, weglaat van die lees v.d. Wet, verwaarlosing van ons Belydenisskrifte, die ontkenning van die maagdelike geboorte van Christus en Sy Godheid, Jona as werklike persoon, die ses-dag

skepping as histories/wetenskaplike feit, die on-Bybelse onderskrywing van evolusie en oerknal, die groeiende gebruik van kerse, ontstigtelike musiek, ens.

Daar is vele ander teoloë wat uitlatings gemaak het wat nie as liberales beskou word nie (soos proff. Willie Jonker en Flip Theron), wat verreikende gevolge gehad het, en wat die meeste lidmate en teoloë nie eens raaksien nie. In my oë het hulle op ondubbelsinnige wyse gehelp om die teologiese verval binne die NGK aan te help. Ek het reeds in vorige hoofstukke na hulle verwys.

Ek gaan egter eers baie kortliks na vier teoloë verwys wat ek, as leek binne die kerk, as belangrike aanstigters op die pad van verval sien. Hulle is die drie professore Johannes (Pienk Piet) du Plessis, Ferdinand Deist, Sakkie Spangenberg en dan dr Ben du Toit. Eersgenoemde as voorloper van nuwe wendinge, Deist as onaangekondigde en verskuilde nakomeling, Spangenberg as prominente andersdenkende en dr Ben du Toit as post-modernis.

**1. Prof. Johannes du Plessis** (1868 -1935)

Prof. Wilhelm Jordaan van die UP het by die KKNK (Kunstefees) van 2004 in sy voordrag oor du Plessis gesê dat sy ontslag uit die Stellenbosse Kweekskool "**gelei het tot 'n interpretasie-vakuum waardeur geslagte Afrikaners in die duister gehou is oor hoe die Bybel ruimer verstaan kan word in die hedendaagse konteks.**" Dit was hierdie uitlating wat my oog gevang het, want ons moderne teoloë is, na my mening, 'n spieëlbeeld van du Plessis. Hulle huldig dieselfde dwalinge rondom die wetenskap en die outeurskap van die Pentateug wat meer as 100 jaar gelede met behulp van argeologiese opgrawings gediskrediteer is. Sodanige bewyse – in die oë van die Duitse moderniste en hul nakroos hier te lande – maak geen verskil aan hul gedetermineerde vasklou aan hul veronderstelling nie, want dit is wat hulle *wíl* glo.

Du Plessis beweer onder andere:

- Dat die Skrif nie in al sy dele onfeilbaar geïnspireer is nie.
- Dat Christus by sy menswording sy Goddelike eienskappe afgelê en Hy ten opsigte van die OT onkundig was, sodat Hy geen oordeel daaroor kon fel nie. (Die Stellenbosse Kuratorium sê toe dáárop dat só 'n stelling Christus in sy onveranderlike Godheid aantas);

- Rakende die skepping dat God wel die lig, uitspansel en hemelliggame gemaak het maar die plante en diere nie direk geskape het nie maar dat hulle “uit die aarde” ge-evolueer het. Dit geld vir die mens ook (soos uit die debat blyk);
- Hy maak die stelling dat die skeppingsweergawe van Gen.1 en 2 aan twee Babiloniese verhale ontleen is en dus nie openbaring van God aan Bybelskrywers was nie;
- Hy aanvaar die datums wat Skrifkritici aan Bybelboeke toedig, dus ook die bronnesplitsing v.d. Pentateug en die veelheid van skrywers. (Volgens dr. van Rooyen (1932) het du Plessis tydens die Ring van Stellenbosch se 1929 sitting omgeswaai met die woorde dat hy : “daar en dan bereid was om aan te neem dat die stowwe waaruit die eerste vyf boeke vervaardig is wel van Moses afkomstig was.” Die rede hiervoor was dat die kritici van destyds so erg onder mekaar verskil het.)

Vir bostaande (deur my erg-geredigeerde) inligting is ek aan prof. Roelof Maré van Pretoria dank verskuldig wat later vanjaar (2005) ‘n uitgebreide artikel oor die du Plessis-saak publiseer.

**Beoordeling.** Dit is duidelik dat die elemente v.d. huidige debat almal in hierdie saak teenwoordig is en dat daar in wese “niks nuuts onder die son is nie”. Wat ook nié verskil nie, is die houding dat, sonder uitsondering, elke teoloog wat ‘n dwaalleer verkondig van sy saak absoluut oortuig is. Die feit dat sodanige teoloë hul nie meer aan ons Belydenisskrifte se Skrifinterpretasie meet nie (óf, meet en nie ‘n afwyking erken nie), en ook nie aan hul legitimasie-eed steur nie, is rede vir die opperste kommer binne ons kerk.

**2. Prof. Ferdinand Deist** (1944- 2000)

Waarom ek Ferdinand Deist enigsins noem is omdat hy deur middel van sy vars en onderhoudende styl in sy skryfwerk, asook sy klasse menige student se denke rondom die Skrif totaal verander het. Waar die gemiddelde student die Bybel se historiese gedeeltes op gesigwaarde takseer en glo, bring Deist ‘n ander beskouing gelykstaande aan die histories-kritiese na vore. In een van sy boeke, ‘*n ABC van Bybeluitleg,* vertel hy op bladsy 90 dat “ daar [is] te veel dinge wat in die Pentateug staan wat Moses onmoontlik of kwalik kon geskryf het… Na eeuelange navorsing en debatvoering staan sake vandag so dat daar redelik…aanvaar word dat die Pentateug…teen 500v.C. in sy huidige vorm [eers] gefinaliseer is.”

**Beoordeling.** Hier het ons dus weereens 'n volbloed Skrifkritiese beskouing wat die Ou Testament in die oë van Skrifgelowige studente diskrediteer. Een so 'n student, 'n besonder skrander en intelligente vrou, vertel dat sy nie gou genoeg uit sy klasse kon padgee nie anders het sy haar geloof verloor. Maar het die deursnee student die gevaarligte raakgesien? Nee, want hy klink so oortuigend. Byna ongesiens saai Deist dus mildelik die saad van twyfel, en hy her-interpreteer die Skrif op so 'n aangename wyse dat geen lid van die destydse Kuratorium hom ooit voor stok kry nie. **Hy lewer egter, na my mening, 'n sleutelbydrae tot ons huidige teologiese ineenstorting.**

Twee vername rolspelers in die verdere teologiese inploffing sien ek as prof. Sakkie Spangenberg en dr Ben du Toit. Eersgenoemde as gevolg van sy vroeëre plek in die tydlyn dmv. die publikasie van sy boek, *Perspektiewe op die Bybel* (1998), tesame met wydgepubliseerde artikels oor sy standpunt in koerante, oor die radio en TV. Die tweede, du Toit, as gevolg van die landwye opslae wat sý boek, *God? Geloof in 'n postmoderne tyd* in die jaar 2000 gemaak het. Die Nuwe Hervormers, terwille van die rekord, sou eers twee jaar daarná hul opwagting maak, en sluit Spangenberg in.

### 3. Prof. Sakkie Spangenberg

Spangenberg koppel sy uitgangspunt aan waarnemings van die Amerikaanse dosent in die geskiedenis van natuurwetenskappe, prof. Thomas Kuhn. Hý het opgemerk dat daar vir jare in die wetenskap voortgegaan word met navorsing binne 'n bepaalde raamwerk (paradigma), totdat iemand op 'n dag tevoorskyn kom met 'n revolusionêre teorie, tesame met nuwe feite, wat die vorige aanvaarde paradigma teengaan. Spangenberg argumenteer dat daar deur die jare ook in die teologie sodanige paradigmaskuiwings plaasgevind het, en steeds plaasvind.

Die (geskiedkundige) Hervorming, volgens hom, is die eerste groot paradigmaskuif wat in die Christelike Kerk plaasvind, en Luther se naam duik onwillekeurig binne daardie raamwerk op: "The reformers dethroned the Pope and enthroned the Bible"(p.7). Hieruit groei ons bekende Belydenisskrifte soos die *Nederlandse Geloofsbelydenis* (NGB), *Heidelbergse Kategismus* (HK) en *Dordtse Leerreëls.* Nou sê Spangenberg dat dáárdie belydenisse op húl verstaan v.d. Bybel teen die agtergrond van hul destydse wêreldbeeld en natuurwetenskaplike waarnemings gegrond is.

Spangenberg se tweede oorsaak vir 'n paradigmaskuif in sy argumentvoering is dat Galilei se voordrag van Kopernikus se aardskuddende bekendmaking dat die aarde óm die son draai, krap (volgens hom) die verstaan van hoe die Bybel destyds 'gelees' moes word, deurmekaar. Kommentaar is reeds hieroor gelewer.

Die derde omwenteling kom dmv. die filosofie van Decartes wat sê dat jy nét deur jou verstand tot kennis van enige waarheid kan kom, en dat géén gesagsinstansie jou sekerheid kan gee nie. Spangenberg beweer dat hiérdie 'waarheid' mense binne die veiligheid van fundamentalisme laat skuil het sonder om die uitdaging van nuwere denke te beantwoord. Die leer van die geïnspireerdheid van die Bybel as God se onfeilbare Woord was die antwoord van die Hervormers op Descartes se filosofie. Matt. 5:18 verwoord dit só: "Die hemel en die aarde sal eerder vergaan, as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is" (p.14).

Hy noem die vierde omwenteling die nuwere siening van Geskiedenis. Hy sê: "Die Bybel sou nie meer beskou word as die maatstaf aan die hand waarvan geskiedenis geskryf word nie." Die skryf v.d. geskiedenis sou voortaan van die Bybel lósgemaak word, want dit het dinge begin openbaar wat nie met Bybelse sê-so akkoord gaan nie. Die opgetekende Bybelse geskiedenis, sê hy, verskaf aan die mens van dáárdie tyd 'n boodskap van Gód, maar dit kan nie nou vir óns van toepassing wees nie!, ens., ens., ens.

Die kritiese bevraagtekening van die OT het gegaan oor die skeppingsverhaal en die Pentateug se outeur (hoofsaaklik), en die latere bestudering van die Nuwe Testament sou 'n duisternis vrae vra wat uiteindelik in die vrae wat die Skrifkritikus van ons dag stééds vra, uitmond.

Vir die res van sy boek gaan Spangenberg sonder uitsondering soos 'n getroue hond op die spoor van al die dwalinge wat ons professore in beide *Die Bybel in Praktyk* en *Die Bybel A-Z* aan die niksvermoedende leser voorhou. Een ding moet gesê word: hierdie dwaalleraars is ten minste konsekwent. Buiten vir sy heldere uiteensetting van die oorsake van die groot verskuiwings in die loop v.d. geskiedenis sê Spangenberg niks wat nie reeds gesê is nie. Die enigste verskil is: hy verkondig dit vanaf die dakke terwyl ál die ander sover genoem, dit al skrywende in boeke, die studeerkamer of klaskamer pleeg.

## Beoordeling van Spangenberg se historiese opbou

Spangenberg lê veel klem op die klaarblyklik onafwendbare gevolge van historiese gebeure wat tot paradigma verskuiwings aanleiding gee. Die verskuiwing veroorsaak deur die Hervorming – laat ons dit teenoor mekaar erken – was nié een wég van die Bybel af nie, maar een terúg ná die Bybel toe. Die leuse was mos 'die Skrif en Skrif alleen', wég van tradisie en valse leerstellings! Hier het ons dus 'n verskuiwig ná die Geopenbaarde, Godgegewe rots waarop die samelewing soos Gód dit bedoel het, gebou moés word, teenoor een wat bly neig wég van Sy weë.

Tweedens sê hy dat die Kopernikaanse rewolusie die Bybel se voorveronderstelling nietig verklaar. In my hoofstuk 4 spreek ek hierdie saak aan waar ek sê dat dit eintlik die *establishment* wetenskaplikes was wat met rooi gesigte weggeloop het, en nie die kerk nie. Húlle het die Pous oorreed om die stilstaande-son standpunt te verdedig. Protestante het lank nie meer 'n saak daarmee gehad nie, want in wese sê die Bybel niks daaroor nie. En om te beweer dat Josua se aanspreek van die son om stil te staan 'n bewys is van 'n uitgediende paradigma is mos moedswillig en kinderagtig. Praat ons nie in 2005 nog steeds van die són wat opkom nie?

Ja, daardie stuk nuwe insig van Kopernikus en Galilei hét 'n paradigmaskuif veroorsaak, maar dit had niks met sogenaamde onbuigsame Bybel-beskouings te doen gehad nie.

Spangenberg se derde paradigma wat tot die devaluasie van die Bybel sou lei was Descartes se bewering dat jy deur die rede alleen en deur geen buite-gesagsinstansie, die waarheid ontdek. Ons Protestante glo nog altyd dat die Bybel die rede hoog aanslaan, want – in Paulus se woorde – dit is julle 'rede-like' godsdiens. Petrus sê 'jy moet 'n *rede* vir jou geloof kan gee'.

Om egter te beweer dat die menslike rede die buitenste grens van kennis verteenwoordig is mos onsin. Om mee te begin: met ons rede kán ons God nie vind nie, maar kan ons ook nie weet waarvandaan die magdom inligting binne 'n enkele sel-organisme kom nie : want in één sel is daar meer inligting as die 30 bande van *Encyclopaedia Brittanica* saam!

Die vierde paradigmaskuif gaan oor die geskiedenis. Soos Spangenberg daar sê: voorheen wás die Bybel die enigste bron van geskiedskrywing – op sigself 'n baie interessante waarneming. Toe

die sekulêre mens egter wakker word om 'n slag vir homself 'n geskiedenis te begin skryf, moés hy noodwendig 'n ánder interpretasie daaraan heg as wat die Bybel aan ons voohou. Hy het hom verbeel dat hy nou die wáre geskiedenis skryf; maar die vraag móet gevra word: wat ís geskiedenis nou eintlik? Per slot van rekening: elke persoon wat 'n pen optel om die 'geskiedenis' te skryf, skryf vanuit 'n bepaalde gesigshoek. Dit gaan óf 'n humanisties ménsgesentreerde blik op die verlede weerspieël, of dit gaan poog om die doelwitte van die Skepper-God wat Hý met sý skepping wil (en gáán) bereik, weergee.

Lees maar die koerante; lees maar die magdom tydskrifte; luister en kyk na die TV – wáár, vra ek – waar figureer God in die prentjie? Nêrens; net nêrens nie. Sal dít 'n gebalanseerde vertolking van die geskiedenis wees? Hoegenaamd nie, want die Hoofrolspeler word summier verag. Ware geskiedenis?? Dit sal niks anders wees nie as 'n verminkte bespotting! Maar dit is aan hiérdie vertolking van die geskiedenis waarna ons gevra word – nee, gedwing word – om éérder te kyk vir 'n verhelderende insig in die betekenis van die lewe en toekoms.

Nee, professor Spangenberg, valse goud was nog nooit wáre goud nie. Waarom moet ons as lidmate wat aan die enige, wáre God nog vashou, ons greep op Hom los vir dít wat geen hoop of toekoms bied nie ?

***Scriptura* Artikel (1996)**

In hierdie artikel, *Biblical Studies in the New South Africa* lig Spangenberg ons in dat "the Bible is a human book". Effe later sê hy: "we shall have to teach children to realise that the Bible consists of religious literature and that this literature did not originate in a different way from any other (religious) literature. We will have to teach them that these are human interpretations." En wanneer hy later verwys na eg menslike probleme wat ons almal ervaar, sê hy dat "the Bible texts may fascilitate in this process – not because they are inspired, but because they can inspire." Sy slotgedagte in die artikel verseker dat "the secret of God cannot be formulated by one generation. Futhermore, *people use the Bible wrongly when they use it to 'crush the mystery of God with tongue and tooth into a vomit of statements and decrees'* " (my klem).

Met só 'n Skrifbeskouing behoort niemand verbaas te wees oor enigiets wat Spangenberg in die vervolg sal sê wat met ons

gereformeerde leer in stryd is nie, want, in effek, kan hy homself nie help nie. Hy het 'n pad gekies, en daardie pad se afdraand lei onafwendbaar na die totale ontkenning van énige aanspraak wat die Bybel op die gebied van beide onfeilbaarheid of gesag in ons kerk *en samelewing*, mág hê.

**4.: Dr Ben du Toit:** *"God? Geloof in 'n postmoderne tyd",* Jaar 2000, Bekleër v.d. *Parlementêre Lessenaar,* NGK:

In die voorwoord van du Toit se boek skryf Wentzel van Huysteen die volgende: "God is óf alles óf niks. Hy bestaan of bestaan nie." Aangesien hierdie boek deur die *Christelike Lektuurfonds* uitgegee is sou 'n mens darem hoop dat so 'n aanhef in die daaropvolgende bladsye die God na wie hy verwys geëer sou word, soos wat Hy verdien. Maar o wee!

Du Toit skroom nie om met die intrap op die heel eerste bladsy van sy postmodernistiese betoog sy kaarte op die tafel te sit nie – ewe asof die 'feite' wat hy daar noem, 'ware' feite is. Daar konstateer hy: "die volgende gegewens…is gegewens wat eenvoudig nie weggewens kan word nie. Dit is feite…daar [is] geen sin in om hieroor te argumenteer nie" (p.7). Hy volg dit op met ongekwalifiseerde en asembenemende syfers wat 'n mens laat steier – nie omdat hulle onbekend is nie – maar eerder omdat hulle vanuit die dampkring van evolusionistiese bespiegeling en wensdenkery gepromoveer het tot die vlak van onbetwisbare waarheid (my klem).

Waarvan praat ek? Ek praat van die 'feit' van die ouderdom van die heelal ná die 'oerknal' van sowat 15 000 miljoen jaar gelede; die ouderdom van die aarde op 4 600 miljoen jaar; *homo sapiens* van tussen 250 000 - 50 000 jaar gelede en van die mens wat "voldoende ontwikkel [het] om klipgereedskap te maak", 35 000 jaar gelede.

Hierdie verstommende versameling syfers is dié "waaroor nie geargumenteer kan word nie". Mens snak na jou asem in aansyn van sulke 'sekerhede'. Mens sou amper in 'n onbewaakte oomblik wou uitroep: "wat 'n voorreg om met iemand wat soveel wéét, te mag verkeer." Want, jy sien, du Toit  verruil die Gesag waarmee hy grootgeword het vir 'n leë wensdroom van die nuwe godsdiens van die evolusionisme. Ek sê 'godsdiens' omdat dit geen snars van wetenskaplike fundering het nie (want wetenskap,soos reeds gesê, ís wetenskap slegs omdát dit 'gemeet' kan word. Buiten dit, sê Einstein, is dit nie wetenskap nie, maar spekulasie). Dus, sónder 'n begronding in kontroleerbare feite, stap die aanhanger daarvan, of

hy dit wil erken of nie, oor na die terrein van die geloof. ‘n Alternatiewe geloof as wat hy, du Toit, mee groot geword het. ‘n Geloof ( soos die ghoeroes van die evolusiegeloof dit stel) wat beweer dat die mens en álle ánder wesens die uitsluitlike produk van rigtinglose, onbeplande miljoene der miljoene toevalle wat per ongeluk die menslike brein en oog (oa.) tot gevolg gehad het. Wat ’n asembenemende rekord?

Nou wil du Toit hê dat ons dáárdie geloofsvertrekpunt sal aanhang in ruil vir die Bybelse sê-so in Genesis 1 wat neergepen is onder inspirasie van die enigste Ooggetuie van die skepping! Ek gaan nie eens op sy naïewe tipering van plat-aarde ‘bybelgelowiges’ in nie, want dit berus op ‘n valse interpretasie van die Bybel wat ontwerp is slegs sodat die bybelgelowige so verspot moet lyk as kan.

Wat ek wél gáán sê is dat hedendaagse astroficici (sterrekundiges) tot die ongemaklike besef gekom het dat die aarde, teen hul grein in, tóg die sentrum van die heelal blyk te wees. Hulle sê dat, beginnende by die aarde die heelal soos ‘n ui is wat bestaan uit laag op laag van sterrestelsels tot in die buitenste ruimtes. Hierdie *wetenskaplike* gewaarwording krap nou du Toit se netjies-uitgewerkte skema effe deurmekaar, want die Bybelse etos gee presies so ‘n beskouing aan ons deur, al het die Bybel se klem te make met ‘sentralitiet’ rondom God se spesiale toebedeling wat betref álle soorte lewe, en die mens in die besonder. Die koms van sy Seun hierheen onderstreep sekerlik op onteenseglike wyse die sentraliteit van die aarde sover dit Gód én mens aangaan.

Watter verskil, wil ek weet, maak dit dan of ons uit ‘n postmoderne óf premoderne tydperk kom? Hoegenaamd niks. Du Toit was, verkeerdelik, onder die indruk dat ’die wetenskap’ alles verander het; maar dit hét toe nie! Trouens, dit het teen alle verwagting in kom bevéstig wat die Bybel sê, en nie anders om nie. Tot vandag-toe! Wat wel verander het was dat die mens vanweë sy sélf-gesentreerdheid en vertroue op sy eie ‘gevorderde’ denke, Gód uit die sentrum geban het om vir die nuwe troonbestyger – die menslike wetenskaps-begronde denke – plek te maak. Du Toit gee op bl.14 te kenne dat die Christelike godsdiens, saam met dié van Islam en die Jode, almal in die pre-moderne tyd hul beslag gekry het, en “daarom volg dit dat grondtekste van hierdie godsdienste ook uit hierdie tydperk kom…Vir die skrywers…was dit dus onmoontlik om die kennis te hê wat later [eers]…besklikbaar sou word.”

Ek skiem oor die daaropvolgende bladsye om by die punt uit te kom. Ek vra: watse kennis sou nou kwansuis die groot 'verskil' maak? Klaarblyklik Edwin Hubble se 'ontdekking' dat die heelal besig is om steeds uitmekaar te beweeg. Keer die proses óm, en jy arriveer by die maksimum digtheid van materie waaruit die oerknal sou ontplof het. Hiérdie is dan die 'kennis' wat skrywers in Bybelse tye nie kon hê nie. Twee bladsye later sê hy: "Ons is nog maar aan die begin van ons kennis en inligting." Twee of drie sinne later konstateer hy: "As die Godsgeloof dan uitsluitlik sou berus op 'n prewetenskaplike wêreld-en lewensbeskouing, sou die geloofwaardigheid van die kerk in die toekoms net voor nog groter en onmoontliker uitdagings te staan kom."

**Beoordeling** : du Toit se *GOD? Geloof in 'n postmoderne tyd.*

- Du Toit se probleem blyk te wees dat hy met 'n premoderne 'dokument' sit wat hoe langer hoe meer agter raak tov. sy raakpunte met die uiteindelik-ná-postmoderne mens. Hoe blý só 'n Bybel dan relevant? My reaksie hierop is soos volg:

Du Toit onderskat, degradeer en ondermyn sy 'Dokument', die Bybel. Hy stel dit gelyk aan dié van ander godsdienste en ou (bvb. Babiloniese (Gilgamesh)) geskrifte. Hy ken geen bonatuurlike, geïnspireerde karakter daaraan toe nie. In effek sê hy: Indien ek 'n buite-wêreldse gesag aan die Bybel sóu toedig, dan is ek in terme van my postmoderne wetenskaplike integriteit besig om fundamentalisties te redeneer, en dit mág nie!

Hy verhef die 'wetenskap' tot die vlak van onaantasbaarheid voorheen deur die Bybel beset. Hy blyk dus van mening te wees dat die wetenskap onfeilbaar is. Hy het nie 'n goeie ruiling gemaak nie. Ek is van mening dat sy evolusie-onderlegde adviseurs of makkers hom só oortuig het van die gesag van hul evolusionistiese ontstaansgeloof omtrent die heelal, dat hy dit bó God se Woord gaan stel het. Die geloofstak (in God en sy ses-dag skepping) waarop hy sit, saag hy aan sy verkeerde kant af, en hy beland in die poel van nimmereindigende relativisme en steeds veranderende wetenskaplike bespiegelinge. Vandag se sekerheid is môre se gediskrediteerde teorieë. (Hierdie feit word onderstreep deur Stephen Hawking se afstanddoening van sy eie 'swartkolk-teorie' verlede jaar (2004) in Juliemaand. In die artikel in die *Daily Telegraph* wat ek gelees het sê hy self "I got it wrong." (Onthou; Hawking is dié astrofisiese ghoeroe, en hy kom sê nou so 'n ding!

Kon hy nie – al was dit nou net terwille van du Toit – liefs sy mond gehou het nie?)

Hieronder verwys ek na party v.d. kenners wat du Toit aanhaal.

- **Kuhn,** in dieselfde boek waarna du Toit verwys, *The Structures of Scientific Revolutions* sê: "…***scientists can never really understand the real world or even each other."*** Hy, Kuhn, erken ook dat 'n wetenskaplike eenvoudig nie sy eie paradigmas bevraagteken nie, want hý het dit aanvaar op grond van sy meerderes vóór hom wat dit gepredik het. *Die wetenskap is dus 'n see van onsekerhede.*

Hoe rym sò 'n uitlating omtrent wetenskaplikes met die beeld van onaantasbaarheid wat die samelewing aan hulle toedig? Lees dit weer: hulle "verstaan mekaar nie eens nie!!" Maar daar is meer.

- Sir Frederick Hoyle, astrofisikus en genomineerde vir 'n Nobelprys (wat hy sou gekry het was dit nie vir sy kritiek op Darwinisme nie) het gesê: "…even when making a seemingly straightforward calculation, cosmologists [waaronder Hubble] make various assumptions that can influence their results; they must interpret their data, just as evolutionary biologists and historians do. **One should thus take with a large grain of salt *any claims* based on high precision"** (my klem).

Een laaste aanhaling komende van die **wetenskaps-filosoof Karl Popper,** in gesprek met John Horgan, wetenskapsjoernalis (soos deur my vertaal):

- "Ons weet baie min, en ons behoort beskeie te wees en nie voor te gee dat ons enigiets omtrent fundamentele vraagstukke weet nie". Hy volg net daarna met die woorde (onvertaal): "**Scientific certainty does not exist…the origin of life will *forever* remain untestable…"** (p.37 van Horgan se boek *The End of Science).* Nou toe nou!!

My vraag hier is: kry 'n onbevooroordeelde leser enigsins die idee dat ons hier met ontwyfelbare en gesaghebbende uitsprake rakende die wetenskap te make het? Beslis nie!. Die teenoorgestelde is eintlik waar. 'n Boek op my rak se titel heet: *BETRAYER OF THE TRUTH:Fraud and Deceipt in the Halls of Science* (1982) deur twee wetenskapsjoernaliste aan die *Scientific American* tydskrif verbonde, geskryf. Die wetenskap-gemesmeriseerde leser wat pasgenoemde boek sou lees is in vir 'n groot skok. Die bekende

uitdrukking “die koning het geen klere aan nie” kom onwillekeurig by my op. Maar te oordeel aan die naatlose front wat ‘die wetenskap’ na buite voorhou, sou ‘n mens nie kon dróóm dat dit eintlik voete van klei het nie. Die publiek daarbuite het geen idee dat daar agter die skerms soos kat en hond baklei en drasties van mekaar verskil word nie.

Aansien in die wêreld daarbuite kom slegs na hulle wat onvoorwaardelik die evolusietrom slaan – geen ander kry bevondsing nie. Roem wag op die een wat die ‘oudste’ menseskedel vind. (Ek moet die leser herinner aan die Piltdownskedel wat vir 150 jaar die wêreld laat juig het dat die mens tóg uit die apedom geëvolueer het, totdat *Readers Digest* dit as ‘n vervalsing (“Hoax”) blootgestel het. Teen dáárdie tyd is 500 PhD’s aan ‘navorsers’ op grond van daardie skaamtelose vervalsing, toegeken. Dit is so-te-sê ‘n uitgemaakte saak dat die vervalser niemand anders was nie as die Rooms Katolieke filosoof/evolusionis, Teilhard de Chardien wat die sintese tussen Bybel en evolusie ‘bewys’ het.)

Dit is duidelik dat du Toit van bogenoemde en vele ander, niks weet nie anders sou hy homself nooit in so ‘n mate gekompromiteer het nie. Ek sê weer: du Toit het God-geïnspireerde verklarings ingeruil vir ‘n met sonde-belaaide en feilbare paradigma. Sy hele tesis berus daarop. Ek hoef die res van sy gevolglik laakbare en on-Skriftuurlike uitlatings nie eens te beoordeel nie, want hulle staan almal (soos hy self aan die begin sê) op die ‘fondament’ van sy voorveronderstellings in hoofstuk een. Ek noem hulle egter sodat die leser wat sý boek nie gelees het nie kan weet tot watter vergrype du Toit gedaal het:

- “Hier kan geen sprake wees van gesag [van die Bybel] sonder geloof in Jesus as verlosser nie” (p.81). Geloof in Jesus ken dus gesag aan die Bybel toe – heel subjektief. Dit beteken dat die Skrif geen objektiewe waarheid self het nie. Tot op sy uiteindelike implikasie deurgetrek, is ek en my geloof self die toekenner van gesag aan die Bybel.
- Rakende die basis van die gesag v.d. Bybel stry hy: “dat ‘n mens jou nie op iets self kan beroep om hierdie iets te verifieer nie…” (p.85). Die gereformeerde gebruik om ‘Skrif-met-Skrif’ te vergelyk en te verklaar verwerp hy in die guns van ‘n vermenslikte eietydse verklaringsmetode. Du Toit verklaar dat hý beter weet as ons voorgangers deur die eeue.

- Hy verwerp die wonderwerke, die duiwel en die maagdelike geboorte van Christus, tog aanvaar hy die opstanding van Jesus Christus – nie meer omdat die Bybel dit so aan ons voorhou nie – maar omdat 'alles uit onvernietigbare energie bestaan' (p.151). Geen kommentaar nodig nie, behalwe om te sê hy beskou dít as wetenskap.
- Du Toit verseker ons dat die OT in Abraham se tyd nie aan 'n hiernamaals geglo het nie, maar dat "die ewige lewe" in wese, en alleen in jou nageslag gestalte vind (p.101) – dus, 'n soort re-inkernasie.
- Die eerste twee mense was nie Adam en Eva nie; die skepping het nie in ses dae gebeur nie; die aarde is meer as 1 000 miljoen jaar oud en die mens het nog 3 000 miljoen jaar daarná ontstaan. Sodanige voorheen-gekoesterde geloofsgoedere is "onherroeplik verander deur die opkoms van die wetenskap" (p.108).
- "Daarom, êrens in die hele geloofsgemeenskap saam met almal wat oor God dink en hulle geloof in Hom bely, lê die waarheid opgesluit, maar nie in enkele standpunt en enkelvoudige aansprake nie" (p.117). Hierdie uitlating dreig om die waarheid in die naam van 'mekaar vind' te laat eindig sonder dié 'waarheid soos geopenbaar."

My medestryder, dr. Lourens Erasmus Lourens van Welkom-Wes skryf met reg in die *Kerkbode* van 17 Augustus, 2000 oor du Toit se "inlei in 'n bodemlose dialoog wat wentel tussen vraagtekens en kommas, sal ons elke keer weer ontdek dat die postmoderne mens nie die musiek van sy eie verlossing kan komponeer nie. Ben se poging sal nie die siele laat rus nie. Alleen maar die solus Christus…"

**Prof. Pieter Verhoef se kommentaar op du Toit se boek** eggo wat alles hierbo gesê is, naamlik: "My ernstige beswaar teen die wyse waarop dr. Ben die gegewens van die Skrif onderwaardeer, is, ten eerste, dat hy nie die geldigheid van 'n deurlopende lyn in die prediking van die Skrif erken en aanvaar nie, en, ten tweede, dat hy die hermenuetiese sleutel vir die verklaring van die Skrif nie aan die Skrif self ontleen nie, maar aan die denkstrukture van die tyd." (Aangehaal uit 'n kritiese evaluasie deur prof. P.V. aan my en ons *Studiegroep vir Bybeldenke* beskikbaargestel, p.4.)

Wat het gebeur dat 'n sinodale amptenaar van die NG Kerk ál hierdie dinge kan glo én kwytraak sonder om enigsins te vrees dat hy sy pos gaan verloor nie? Wat, sou met reg gevra kon word, bly oor om nog in twyfel te trek, of word alles onder die mat ingevee omdat du Toit, in antwoord op 'n klag wat ons Studiegroep teen hom aanhangig gemaak het eenvoudig gesê het: "ek aanvaar ons Belydenisskrifte", en dáármee met alles wegkom?

Sedert die onlangse publikasie van bostaande teoloë se werke (behalwe, natuurlik, prof. du Plessis wat uit die 1930's kom), het ook enkele groeperinge onder sekere postmoderne teoloë in ons midde beland. Aandag word aan die twee wat wyd opslae gemaak het hieronder gegee.

**Die Nuwe Hervorming**

Die jongste identifiseerbare dwaling in ons kerk dra die naam hierbo genoem, juis omdat die voorstanders daarvan waarskynlik van opinie is dat dit hoog tyd geword het dat, gegewe die radikaal-veranderde samelewing waarbinne ons ons bevind, soiets op kerklike gebied eenvoudig móet plaasvind.

Die twee uitgangspunte wat ons hier aantref weerklink seker teen hierdie tyd soos 'n refrein in die ore van die leser. Soos met Du Toit hierbo, gee hulle in hul publikasie, *Die Nuwe Hervorming* te kenne dat hulle erkenning verleen aan, in die eerste plek: die Kultuurhistoriese Konteks. Dieselfde drie periodes van du Toit se boek word erken, naamlik die premoderne, moderne en postmoderne. Ek konsentreer op laasgenoemde omdat dit die kern van hul benadering beliggaam.

Ons Christelike tradisies moet op 'n ander manier tot uitdrukking kom omdat die vorige wêreldbeeld onaanvaarbaar geword het: die kernwaarhede maak nie meer sin nie. Soos verwag kan word deel hulle die heersende evolusionistiese visie op die heelal, en deel hulle die uitgangspunt dat alles wetenskaplik verantwoord moet word. Die Bybel word nie misken nie, maar hulle het dit teen die misbruik van '*verouderde teologiese konsepte en eenduidige interpretasies'.* Die essensie moet egter behou word. Gevolglik word alle vaste waarhede, asook die belydenisskrifte, bevraagteken. Die Bybel moet van sy premoderne bagasie bevry word.

Vir die verdere verklaring van hul beskouing hoef die leser slegs na Spangenberg se uitgangspunte hierbo te verwys, aangesien hy in hul publikasie presies dieselfde aanloop wat hier geleer word, uit-

eensit. Dit sluit in die miskenning dat die Christelike tradisie bo ander godsdienste te verkies is, en beaam die geloof dat die magdom bewyse vir evolusie in die fossielrekord onbetwisbaar is. Adam en Eva was ook nie die eerste mense nie, so ook was hulle nie die oorsaak van die toetrede van die sonde in die wêreld nie.

Een aspek wat hulle hier byvoeg is die volgende: Die uitspraak van Jesus in Joh.14:6 dat Hy die Weg, die Waarheid en die Lewe is, kan nie sonder inagneming van die oorspronklike historiese konteks op ons dag van toepassing wees nie, maar slegs op sy destydse toehoordes in Klein Asië. Omdat dit in die eerste persoon geskryf is, sê hy, bewys dit dat dit 'n "kreatiewe skepping van die skrywer" is. Sy leser 'val in die strik' en glo dat hy 'n ooggetuie van die gebeure was. Maar omdat sý evangeilie só anders as die ander drie evangelies is, dui dit daarop dat syne nie deur 'n ooggetuie geskryf kon gewees het nie

*Die Nuwe Hervormer*, hoewel hy hom nog binne die breë Christelike tradisie tuis voel, lees nie meer die Bybel as geopenbaarde en onfeilbare Woord van God nie, maar as 'n getuienis van ons voorgangers in die Joods-Christelike tradisie.

Prof. Hansie Wolmarans beskou die hele NT as mites. Christus se geboorte uit 'n maagd, die ontvangs van die Heilige Gees, sy hellevaart, sy opstanding en hemelvaart is per definisie almal mites. Die uitdaging is om hierdie verhale as mites te verstaan en pertinent oor die betekenis daarvan te praat ( p.212). Om voorgenoemde as geskiedkundige feite voor te stel, is om daarvan dogma te maak wat 'n onkritiese ingesteldheid vereis (p.220). En dit, terwyl die Evangelieskrywers "truuks" gebruik om 'n mens te maak verstaan dat hulle ooggetuies wás.

Volgens prof. Hennie Rossouw wat in 1974 reeds oor die 'nuwe hermeunetiek' skryf, koppel hulle hul denkrigting aan voorgangers soos Bultmann, Heidegger en ander (Kyk sy 1974 publikasie v.d. *Instituut vir die bevordering van Calvinisme* aan die PU vir CHO), en stel dan die vraag of dit teologies houdbaar is om by die verstaan en die vertolking v.d. Heilige Skrif as Woord van God, die verstaanskondisies van die sg. moderne, gesekulariseerde en ateïstiese mens tot kriterium te verhef? Die húidige leser stel homself dus as arbiter aan oor die inhoud en struktuur, terwyl hysélf óók 'nie daar was nie'. Sý voorveronderstelling word norm, terwyl die tradisionele Reformasie se uitgangspunt nog altyd was om die

Woord op ‘n relevante wyse aan hoorders oor te dra, sonder om die teks geweld aan te doen.

Dit is nie my bedoeling om in detail verder op hierdie dwaling in te gaan nie, want ek wil slegs in die breedste sin alleen dit hierby insluit. Vir ‘n uitstaande en bondige behandeling van die *Nuwe Hervormers* se standpunte, lees prof. Pieter Verhoef se pas verskene *Op Vaste Fondamente,* met die verdere onderskrif: *Kerk en dwaalleer – les van die geskiedenis (2005).*

Prof. Verhoef, nadat hy elke aspek van die leer v.d. *Nuwe Hervormers* deurgewerk het sluit by Paulus aan waar hy maan dat “Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelykvormig word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe” (Rom.12:2). ‘n Meer tydige vermaning kan ek my kwalik voorstel, want die Skrifbeskouing van die beweging onder bespreking word deur niks anders as die heersende, postmoderne en Godlose kennisbeskouing gedikteer nie. Wat gaan teen môre nog oorbly?

**Die Jesus Seminaar**

Ek het ‘n klompie jare gelede vir die eerste maal in ’n *Time* tydskrif van hierdie beweging kennis geneem en teen die tyd dat ek dít klaar gelees het, het ek gewonder of daar énigiets van die Nuwe Testament oorbly. Verantwoordelik vir hierdie vergryp is Robert Funk en John Dominic Crossan wat klaarblyklik elke twee jaar hul makkers byeenroep – seker om te kyk met hoeveel mínder van die NT hulle kan klaarkom.

Hier te lande, so lyk dit, is die funksie van hierdie groep deur die *Nuwe Hervormers* oorgeneem, want Crossan het by hulle kom besoek aflê ( jaar:2002). Ek is nie van plan om op die spesifieke van hul ‘leerstellings’ in te gaan nie. Lesers wat wel ‘n in-diepte bespreking daarvan wil lees, sê my vriend prof. Verhoef, moet Luke Timothy Johnson se boek in die hande kry: *The Real Jesus: The misguided quest for the Historical Jesus and the truth of the traditional Gospels* (1996). Die titel van die boek alleen som sy betoog perfek op!

**Uitsprake van ander SA-Teoloë wat dwalinge bevat.:**

**Prof. Johann Cook:** “…dit is duidelik dat ‘n mens nie ‘n letterlike siening v.d. Woord van God behoort na te volg nie. Dit het immers nie uit die lug geval nie. Die Bybel het op “organiese” wyse tot stand gekom.” (Prof. Johann Cook, Dept. Ou-en Naby Oosterse

Studies, Univ. Stellenbosch, in artikel in *INSIG,* April 1998, p.17.) PJP: Is die Skepping, Adam, Noag, Abraham *et al* dan nie werklike mense nie? J.C. verskil van Skrif en Belydenisskrifte.

**Dr. Louis Jonker** : Hy sê: "Dit is bevrydend wanneer 'n mens besef dat die betroubaarheid en die gesag van die Skrif nie gesetel is in die feitelike en historiese korrektheid daarvan nie, maar in die aanspraak dat dit God se Woord is in mensetaal." Verder, in 'n preek oor Noag: "Ons kan nie die geskiedenis her-konstrueer uit Noag se verhaal nie…In die verhaal is herhalings, stylverskille, die kronologie van die vloed gee probleme…die oudste deel v.d. verhaal kom uit die Koningstydperk, maar die grootste deel uit die Babiloniese ballingskap…Dit is genade dat ons nie ons geloof op die historisiteit van Noag hoef op te hang nie…" "Die Bybel is godsdienstige literatuur en is nie in die eerste plek geskiedenis nie – dit is 'n belydenis." (Geneem uit Jonker se "*Oergeskiedenis v.d. Bybel, Genesis 1-11, 'n Paar Algemene Opmerkings",* ongedateer.)

**PJP:** Die uitdrukking, soos wat beide Jonker en Spangenberg dit gebruik, naamlik "Die Bybel is God se Woord in mensetaal" is in wese niksseggend. Watter ander 'tale' is daar miskien? As hierdie uitdrukking veronderstel is om te sê dat dit dáárom feilbaar is (wat anders?), dan ontken hy die gesag wat hy veronderstel is om voor sy klas te verdedig – en nie af te kraak nie. Ook die balans van wat L.J. hier sê is vir my niks anders nie as 'n poging om die historiese gegewens v.d. Bybel van die "boodskap" te skei. Elke sin in die geskiedenis van Noag is gevolglik ónwaar as gebeurtenis, maar wel wáár as verhaal. [Dalk moet 'n mens 'n gesplete persoonlikheid hê om die twree soorte waarhede van mekaar te kan skei, en ónderskei.] Verder; *is dit nie mateloos arrogant om bostaande te verkondig asof jy die alleenreg op interpretasie het nie?* Die feit dat dit alles in skrille kontras is met ons aanvaarde gereformeerde belydenis hou klaarblyklik geen water nie. Ten laaste: *ek vind géén verskil tussen hierdie uitlatings en dié v.d. voorheen gediskrediteerde Bultmann en ander Skrifkritici nie.*

Jonker het ook verlede jaar (2004) in 'n artikel in ons tydskrif *LIG* (Maart uitg.), in antwoord op 'n vraag omtrent die opstanding van Christus gesê dat dit vir sy geloof geen saak maak of Christus opgestaan het of nie. Wat, sou mens wou weet, maak hierdie man in die kweekskool? Is dit nie 'n skande dat soiets in die openbaar gesê kan word en geen haan kraai daarna nie? En let wel: hierdie man 'leer' ons predikante van die toekoms!!!

['n Gemeentelid deel mee dat, met die aanhoor van 'n preek soos hierdie waarin gesê is die Skeppingsverhaal mite is, hy ['n professor (elders) en lidmaat] die Bybel, sy kerk, en sy godsdien verlaat het. Sy godsdiens het vir hom alle betekenis verloor.]

**Prof. Adrio König.** In 'n Ope brief van prof. Pieter Potgieter aan Prof. Adrio König sê hy: "U het u siening dat God tans nog nie in beheer van die skepping is nie, by herhaling en op baie plekke gestel: oor die radio en TV, in die kerklike en sekulêre pers, in gesprekke en voordragte…"

**Prof. Pieter Potgieter,** ten regte, in 'n aflewering van *Vuurhoutjie* in die *Kerkbode* van omtrent Oktober 1992 maan prof. König dat "ons die oorsaak [van rampe] by die mensdom se opstand en sonde teen God [moet] gaan soek." 'n Brief van ds. Kobus Potgieter van Brits eggo dieselfde standpunt en nooi prof. König om 1 Kon.18:21 te lees wat sê: "Hoe lank hou julle aan met hunk op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hom: maar as dit Baäl is, volg hom."

**PJP:** Dwarsdeur hierdie bestudering van dwaalleringe in ons kerk onder ons teoloë, raak 'n mens van één ding terdeë bewus, en dit is die onderwaardering van God in sy wese. Sy ábsolute vlekkeloosheid en heiligheid word díkwels totaal uit die oog verloor wanneer dit by sulke rampe in die samelewing kom. Die 2004 jaareinde tsunamie illustreer die probleem. *Álmal* wil weet: wáár was God!

**Dr Gary North** v.d. VSA vra nié die vraag nie. Hý vra: Hoekom moet babas jaarliks geaborteer word – dws, vermoor word ? God se gebod "jy mag nie doodslaan nie" word elke minuut van elke dag verkrag deur mense wat die lewe van 'n baba (40 mil. gevalle per jaar, wêreldwyd) in hul éie hande neem, en, terwille van die "reg v.d. vrou op haar eie liggaam" laat sy haar kind vermoor. Dít is in orde. 'n Mens kry die indruk dat die betrokke vroue hulself totaal onskuldig verklaar oor hoe hul bevrug geraak het!

Ék vréés God se oordeel oor ons verrotte samelewing. Hy belowe dit. Maar, soos die teoloog hierbo, sien ons eerder 'n tekortkoming in *God* raak as om ons eie sondige, bankrotskap te erken. Hoe gaan die wêreld reageer op Openbaring 8 wat praat van "iets soos 'n groot berg wat brand en in die see gaan val en 'n derde van alle skepe en seelewe gaan vernietig", alles vanweë die skrikwekkende verdorwenheid van die mens? Die 2004 tsunamie dááraan gemeet sal gelyk wees aan 'n kind wat in die agterplaas 'n emmer water uitgooi. Maar wag: dalk "interpreteer" een of ander teoloog die

skrifgedeelte in Openbaring slegs as "beeldspraak", want Gód sal mos nooit sóiets doen nie. Hoe kán Hy??

**Prof. Willie Jonker** . Hy Sê: " *Die gesag van die Bybel moet dus nie daarin gesoek word nie dat dit 'n onfeilbare en foutlose heilige boek is wat aan ons oor natuurkundige, historiese of ander wetenskaplike sake eksakte informasie gee nie.* Die gesag v.d. Skrif het betrekking op die doel daarvan, naamlik om ons te leer wie God is…" (Uit een van 3 artikels in *Kerkbode* van Nov./ Des. 1996.)

Ek is terdeë bewus van die 'onaantasbaarheid' van prof. Jonker in ons kerk, maar dit vrywaar hom klaarblyklik nie van uitlatings wat dwaalleringe verkondig nie. Die aanhaling hierbo verskraal die gesag v.d. Skrif, en, soos Louis Jonker , gee dit ons as lidmate en doserende personeel van ons kweekskole die reg om goed die helfte v.d. Bybel goedsmoeds weg te gooi, want méér as die helfte gaan juis oor historiese-en (in veel mindere mate) wetenkaplike sake.

Waarom sê hy sulke goed? Omdat ons "in die lig van die moderne wetenskap se bevindinge meer genuanseerd na die Skrif moet kyk" (elders in artikels). Met ander woorde: Hy dig aan die 'wetenskap' (weereens) en gewone geskiedenisskrywers méér gesag toe as aan die Bybel. Hierdie is niks minder nie as 'n skokkende uitlating vir 'n teoloog van ons kerk, hóe gerespekteerd ookal.

**Prof. Fanie Snyman,** Teologiese Fakulteit, Univ OVS

In 'n ***Kerkbode*** artikel van 21 Mei, 1999 skryf prof. Snyman:

> "…Dit is nie sonder meer duidelik wie die dienaar/kneg van die Here [in Jes 53] is nie. Jes 53 is een van 'n paar liedere…wat as die Kneg van die Here-liedere bekend is. Uit van die ander liedere is die kneg aan die een kant die volk as geheel…maar tog ook 'n indiwidu. Dit is die beste om nie tussen die twee moontlikhede te probeer kies nie, maar om eerder te sê die kneg is beide korporatief die volk v.d. Here én die indiwiduele gelowiges binne die volk….Jes 53 is dus geen direkte voorspelling van Jesus Christus se geboorte nie."

In die kommentaar op *Die Bybel in Praktyk* is reeds iets hieroor gesê. Maar ek wil aansluit by wat ds. Danie Haasbroek in die 18 Junie 1999 *Kerkbode* geskryf het in reaksie op prof. Snyman se onbybelse en ongereformeerde artikel:

> "Christus het self die Ou-Testamentiese profesie gegee-…Niemand weet beter as Jesus wat die boodskap v.d. Ou Testament is nie. Tekste uit Jes 53 word 18 keer in die NT aangehaal en elke keer dui dit sonder enige twyfel op Jesus alleen…Hoe weet ons uit Jes 53 dat dit na Christus alleen verwys? In v 11 word hierdie Kneg 'die Regverdige' genoem – tereg met 'n hoofletter soos in die Ou Vertaling…Net Jesus alleen het nie gesondig nie (v9), …net Jesus maak ander regverdig (v11), …net Hy dra ander se skuld (v11). …Moses het geensins plaasbekledend die Israeliete se sonde gedra soos prof. Snyman beweer nie…Jesus se kruisiging is die boodskap van die OT en nie 'n splinternuwe Nuwe Testamentiese inisiatief soos prof. Snyman beweer nie."

As gewone lidmaat verloor ek werklik moed (en respek) vir dié teoloë wat klaarblyklik hul bes probeer om die Bybel so gekompliseerd en ontoegangklik te maak as wat hul kan. Die boodskap van Jes 53 staar ons in die gesig, maar nee, die mees kragtelose verklaring móet eerder daaraan gegee word.

[Dit is hiérdie prof. Snyman wat by die Junie 2005 Predikanteberaad volgens *Die Burger* sou gesê het dis die *fundamentaliste* wat in ons NGK 'n groter gevaar is as enige ander dwaling. Sy argument? Hulle verklaar die Bybel sonder om die literêre of historiese konteks in ag te neem. My versoek aan hom is: kom asseblief met voorbeelde, want sulke growwe veralgemenings is nutteloos. Te oordeel aan sy *eie* verklaring van Jes.53, verklaar hy Christus – die Koning v.d. Kerk – *uit* beide die OT en die NT, en dít terwyl Hy, Christus, die spilpunt van die *hele* Bybel is. *Fundamentaliste??*

**Prof. Flip Theron.** (In sy hoedanigheid as opsteller v.d. *Algemene Sinode se Verslag oor Skrifgesag, 2002.):***"Dat die Bybel volgens moderne standaarde *nie voldoen aan die wetenskaplike eksaktheid nie, is so vanselfsprekend dat dit verbasend is dat daaroor nog debat gevoer word. Klaarblyklik maak die Bybel ook geen aanspraak op historiese eksaktheid nie…As dit sou gaan om eksakte historiese feitelikheid, kwalifiseer die Bybel klaarblyklik nie as betroubaar nie…*Sommige vorme van inspirasie in die Skrif verskil nie wesenlik van wat vandag nog steeds plaasvind wanneer die Skrif verklaar en verkondig word nie"** (my Klem).

Ek merk uit die Handelinge v.d. Algemene Sinode 2002, p.548, dat die Sinode die veslag as algemene riglyn vir ons beskouing oor die gesag v.d. Skrif **aanvaar** het. Met respek teenoor die Sinode: Ek, in my hoedanigheid as gewone lidmaat, is met stomheid geslaan oor die vermoë van sekere mense om 'n hele sinode op so 'n wyse van sy eie Gereformeerde leer te laat afsien.

**Dr. Chris Saayman** van Eendekuil het 'n uitstaande kommentaar op hierdie verslag geskryf, en ek kan my volkome daarmee identifiseer. Ons, sê hy, het 'n *teonome* Skrifbeskouing wat beteken dat die gesag v.d. Skrif slegs van God uitgaan. Die Skrif skryf aan homself hierdie gesag toe. Die hele verslag, hierteenoor, staan op 'n *outonome*, menslike grondslag. Óns sal kom sê wat daar in die Skrif is, wat as waarheid kwalifiseer!

Deurgaans merk ek die ongelooflike, kwalik bedekte arrogansie wat herhaaldelik deurskemer, asof die NGK vir die verskyning van só 'n geleerde moes wag om ons uit ons eenvoud en onkunde te kom red. Duisendmaal NEE. Ons belydenisskrifte, die Bybel sowel as ons kerk se historiese nalatenskap word byna in elke paragraaf v.d. Verslag geweld aangedoen. En dan nog om te kom sinspeel dat die gewone prediking op 'n Sondag nie wesenlik verskil van dié v.d. Skrif nie, laat my eenvoudig steier. Tereg sê Saayman: "Volgens 2 Petr. 1:19-21 en 2 Tim.3:16 was die Bybelskrywers deur die Gees "meegevoer". Die Griekse woord is *feromenoi.* Volgens Romeine 8:14 word die gelowige deur die Gees "gelei". Die Griekse woord is *agontai.* ...Die veskil is fundamenteel."

Ek verleen graag aan Chris Saayman se konklusie die laaste woord oor prof. Theron se verslag:

> "Dit is duidelik dat daar 'n grondverskuiwing binne die NGK plaasvind. Die "outonome" standpunt is besig om die "teonome" te vervang. Op hierdie manier word afskeid geneem v.d. klassiek-gereformeerde standpunt. ..dit is duidelik dat gereformeerde Skrifbeskouing al hoe meer in eensame isolasie te staan kom. Die vraag is dus of die NGK nog kan voortgaan om homself "gereformeerd" te noem. Is dit nie pure oëverblindery nie? Het hierdie kerk nie verval tot 'n bloot "algemeen-Protestantse" kerk nie?"

**Opsomming.** Dit is duidelik dat die skrif aan die muur is. Die feit dat 'n hele sinode voor so 'n God-onterende verslag swig, spreek vir my boekdele. Ek staan verslae!

Dit was 'n buitengewone ervaring om vir die afgelope drie hoofstukke met hierdie onderwerp besig te wees. Met die beplanning van hierdie boek het ek een hoofstuk in die vooruitsig gestel, maar in werklikheid is drie hoofstukke nog nie genoeg nie. Sover is geen aandag aan toeloë geskenk wat óf nog nie wyd genoeg gepubliseer het om te weet wat hulle in kweekskole leer nie, of die graad van hul afwykinge is nog nie sodanig dat dit buitengewone kommer wek nie.

Dít gesê, moet ek dit dadelik kwalifiseer, omdat énige dwaling aan die Woord van God afbreuk doen, en dit is 'n demonstrasie van die eiesinnigheid van die mens wat al meer nie met die konsep van 'n buite-gesag en onfeilbaarheid kan saamleef nie. 'n Brief in die *Kerkbode* van 2 Augustus deur dr Johan Kriel van Onrusrivier geskryf, slaan die spyker presies op sy kop wanneer hy die hele vraagstuk rondom Skrifkritiek soos volg opsom:

> Na my mening het dié literêre kritiek sy wortels in die pseudo-wetenskaplike aannames van die evolusionisme. Dit het 'n totale herinterpretasie van die Skrif tot gevolg gehad, maar meer nog, **dit het gelei tot die humanistiese aanname dat die mens self in die posisie is om waarde-oordele oor die Woord van God te maak** (en natuurlik, by implikasie, oor die *God* van die Woord).
>
> Enige debat wat dus by die gevolgtrekking van die literêre kritiek begin sonder om te kyk na die vertrekpunte daarvan, is 'n onvoltooide debat, en die kerk moet met die gevolge saamleef" (my klem).

Hiermee stem ek volmondig saam. Die probleem wat ons nóu het, is dat "die kerk" hom doof en blind hou vir die dwalinge in sy midde. Ja, daar ís geluide gemaak en artikels geskryf oor Spangenberg, Die *Nuwe Hervormers* en die *Jesus Seminaar,* maar dit is waar dit ophou. 'n Mens sou kwalik die indruk kry dat daar énige ander dwaling op die horison is. Ék weet, want ons *Studiegroep* het al in die verlede met ons moderator v.d. Algemene Sinode, dr. Coenie Burger en sy luitenante samesprekings gehou, sonder die geringste positiewe uitwerking. Die antwoord wat ons gekry het was dat hul styl nie een van konfrontasie is nie. (Vir die rekord: die gesprek het tóe gegaan oor die aanstelling van dr Ben du Toit in 'n sinodale amp terwyl hy sulke ketterse uitlatings in sy boek maak.)

Onder die neuse van ons Sinodale instansies bedryf seker 80% van huidige kweekskool dosente hul teologie in die naam van die Skrifkritiese denkrigting. Graag wil ek verkeerd bewys word. 'n Mens is ontsettend dankbaar vir sodaniges wat nog by ons Gereformeerde Belydenisskrifte staan, maar hulle is min.

**In die *Kerkbode* van 1 Feb. 2002** verskyn daar twee briewe oor hierdie agteruitgang in ons kweekskole in antwoord op, wat skrywer **dr. Sampie van Vuuren** noem, "een van die skokkendste wat ooit in die Kerbode verskyn het." Die brief waarna hy verwys gaan oor teologie-studente wat hul geloof verloor en hul kursus opskop. Van Vuuren meld verder:

> "**By die Universiteit van Pretoria** het 'n vorige dekaan v.d. Teologiese Fakulteit…by 'n verwelkomingskamp vir eerstejaar-teologiestudente gesê: **" Ons het niks met julle geestelike lewe te doen nie; ons moet julle net akademies vorm."** Hy vertel van 'n ander een wat ook aan eerstejaars gesê het**: "Julle moet weet die stories van Abraham en andere in die Ou Testament is fiksie en het nooit werklik gebeur nie."**

Dr. van Vuuren vra dat daar ondersoek na ons fakulteite gedoen moet word. Het dit ooit plaasgevind? Ek twyfel, want anders sou hierdie boek oorbodig gewees het.

GEAGTE LIDMATE VAN DIE NGK: SO KAN DIT NIE AANGAAN NIE. DIE TYD VIR DRASTIESE OPTREDE HET GEKOM. ONS HET 'N TOTAAL NUWE LEIERSKAP NODIG WAT SAL DOEN WAT ALMAL *ONDERNEEM* HET OM TE DOEN, MAAR NIE DOEN NIE. DIE ONEERLIKHEID, BEDROG, LEERSTELLIGE BANKROTSKAP EN ONDERGRAWING VAN DIE GESAG v.d. BYBEL MOET END KRY, ANDERS GAAN ONS TEN GRONDE!

Hierdie hoofstuk kon noodwendig nie almal noem wat hul aan dwalinge skuldig maak nie. Die dosyne dosente verbonde aan Bybelwetenskaps-Fakulteite (behalwe een) word nie eens hier onder bespreking gebring nie. Presies dáár is waar die gewone student ook met 'n verdraaide Skrifbeskouing sal uitkom om dit in sy/haar huis eendag te gaan voort-verkondig. Hoe wyd en hoe diep is die verval nie reeds nie, en hoe op aarde gaan die NGK ooit, maar ooit tot inkeer en besinning kom? Die onderstaande brief is 'n bevestiging van die krisis waarin ons kerk hom bevind, terwyl die kerkleierskap daarmee volhou om niks daaraan te doen nie!

Onder die honderde briewe in my besit is 'n hele aantal van prof. Verhoef. Onderstaande, reeds vier jaar gelede geskryf, openbaar die krisis waarin ons ons bevind. Binne die bestek van vier jaar het *niks* verander nie; eerder vererger. Waarom weier ons kerkleierskap om op waarskuwings van 'n senior lidmate te reageer? Dalk sal Matt.18:7 'n verskil maak wat sê: "Want dit is noodsaaklik dat daar struikelblokke kom, maar wee die mense deur wie die struikelblokke kom" (OAV, soos ook die volgende).

Paulus stel dit in krasser taal as wat ons deesdae toegelaat word om te skryf wanneer hy in Gal. 1:8 skryf: "Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees."

**BRIEF VAN PROF. PIETER VERHOEF: KERKBODE**: 18.5.2001. (Slegs geselekteerde gedeeltes.)

"Kerkhistorici het dit mis. Die Middeleeue is nie die enigste tyd wat donker was nie.Volgens ons vriende, die sogenaamde postmoderniste, was die hele tydperk vanaf die koms van Christus tot die helfte v.d. vorige eeu in die donker van teologiese onkunde gehul. Gelukkig het die daeraad eindelik aangebreek………[Volgens bogenoemde moderniste] is al die belydenisskrifte in sonde en onkunde ontvang en gebore. Ons weet nou dat daar nie absolute waarhede is nie. Die Bybel het 'n boodskap, ja, maar die historiese en kultuurhistoriese verpakking waarin dit kom is bloot menslik en daarom onbetroubaar. Die Bybel is 'n "blote produk van sy tyd". Ons moet binne die gemeenskap van die gelowiges in 'n positiewe sin "agterdogtig" wees, selfs oor die voorveronderstellings waarmee die Bybelskrywers gewerk het….

*"Die Alg. Sinode en die onderskeie Kuratoria v.d. NGKerk kan nie 'n keuse vermy nie. Hulle moet òf die belydenisgrondslag v.d. kerk verwerp om ruimte vir die huidige beskouings te skep, òf hulle moet dit handhaaf, met die toepassing van leertug waar mense hulle nie daaraan wil onderwerp nie* (my klem). Die bootjie v.d. kerk kan nie in ons vaderland stuurloos ronddobber nie.

"Ek stel dus voor dat die Algemene Sinode by sy volgende sitting begin om die afgevaardigdes te laat instem met die belydenisgrondslag van die kerk, en ook met vraag twee in die bevestigingsformuliere: "Aanvaar u die Skrifte v.d. Ou en Nuwe Testamente as die enige Woord van God en die volkome leer v.d. saligheid, en verwerp u alle leeringe wat daarmee in stryd is?" Die Kuratoria kan die vraag gerus ook aan die personeel van die teologiese inrigtings stel."

**PJP:** Van hierdie tydige waarskuwing en voorstel het net mooi niks gekom nie. Dit verg nogal 'n buitengewone soort vasberadenheid om só 'n woord aan die adres van ons kerkleierskap te veronagsaam, en dan nog om te sê: **"**80% v.d. 2005 Sinode stem saam met ons rigting" (Dr. C. Burger.)

## Hoofstuk 12 DWALING VAN 'N HALWE EVANGELIE

Bostaande opskrif sou ewe goed beskryf kon word as *die Dwaling van die Kitskerk*, en dit beskryf die deursnee Evangeliese kerk in die wêreld van ons dag. Of dit Engeland, VSA, Australië of Suid-Afrika is, maak dit weinig verskil. Met die mag en uitgebreidheid v.d. media is wat vandag in die VSA in die gemeente van 'n wêreld-bekende prediker, gesê word, hoor ons môre hier op ons kansels.

Die verspreiding van populêre sogenaamde Christelike boeke bly ook nie agter nie. Soos 'n veldbrand deurloop 'n enkele boek die hele wêreld sodat elke honger en dorstige siel dadelik met die inhoud versadig kan word totdat die hongerpyne hom of haar weer tref. Die volgende boekgolf tref jou dan soos 'n *tsunamie* en spoel tot binne elke klein leë spasie wat die vorige boek per ongeluk gelaat het. Jy móet eenvoudig op 'n geestelike *'high'* bly. Die lewe is te vinnig om self tyd vir 'n persoonlike diepgaande verhouding met die Here uit te werk, daarom werk dit deesdae so dat een of ander groot naam se ondervinding jou eie word. Jy hoef self nie deur die pyne en twyfel te worstel nie – dit is reeds deur iemand anders vír jou gedoen. Jy plak eenvoudig sy/haar stuk ervaring in jou lewensplakboek en beweeg met jou nuwe 'toerusting' na die volgende dag se *e.pos,* of iets anders wat jou weer gaan opkikker.

### Die Plaaslike Gemeente se verval in die NGK van die RSA

Of ons dit besef of nie, ons beleef in hierdie tyd – veral in Suid-Afrika – 'n revolusie van byna onmeetbare omvang. Die omvang daarvan in die RSA , glo ek, verduister (*eclipses)* díe van enige ander land, want die spoed waarteen alles hier gebeur is duiselingwekkend. Met een veeg, kan mens amper sê, is alle verwysing na God en sy Gebod uit ons staatsbestel verwyder. Daar bly nie 'n teken van oor nie. Enige denkbare praktyk in die samelewing wat selfs met die gebruik van ál jou kreatiwiteit as apartheids-gedrewe getipeer kon word is in stukkies opgekap. Name wat ons 350 jaar se geskiedenis reflekteer word teen 'n koste van miljarde rande deur die (na my mening) magtigste regering wat ons land nog ooit gesien het summier verander, want dit *reflekteer nie die samelewingssamestelling nie.*

Wanneer die mag van blote getalle op hierdie wyse toegepas word, gaan nie veel van wat vir minderhede van waarde was, oorbly nie. En nou praat ek nie van die opbou van skuldgevoel wat vir geen oomblik aan skietgegee mag word nie. Die verwarring wat dít onder

ons lidmate veroorsaak en die gevolglike ondergrawing van dit wat as waarheid beskou en aangeneem is, is onmoontlik om te meet. Die gevolge sien ons wel.

Bostaande paragrawe handel oor wat in die RSA aan die gebeur is. Dít is ongelukkig maar die helfte van die storie. Die mag van die media waarna ek reeds elders verwys, laat krimp die wêreld tot so ‘n mate dat ons daagliks ‘raak’ aan die mees God-onterende gebeurtenisse in enige plek ter wêreld. Op hierdie wyse raak gevestigde weë verlore, maniere van doen is weggevee, strukture, geloof en waardes is as uitgedien op die ashoop gegooi. Wat werklik deur dit alles plaasvind is dat geestelike waardes in die slag bly, want in ‘n kits-samelewing vervlak alles tot die onmiddellike bevrediging van drange wat bykans elke TV advertensie opdwing. Die tragedie van alles wat in hierdie en die vorige paragraaf uitgebeeld word, is dat ons dit alles ewe gelate aanvaar. Ons is sonder woede (*anger*).

Ons multikulturele samelewing skep ‘n sekulêre omgewing met ‘n kragtige **afgedwonge pluralisme,** ‘n gees van verdraagsaamheid, en die skep van *privaat* spasies waarbinne elk sy eie geloofsoortuiging en leefstyl uitleef. Professor-teoloog David Wells van die VSA verwoord op skitterende wyse hierdie wêreldwye tendens in sy boek**, *God in the Wasteland.*** Hy noem hierdie allesomvattende verskynsel *modernity.* Ek haal die kern van sy betoog hieroor aan waar hy sê:

> “Today, what is modern can be found, and found in about the same way, in both Tokyo and Caberra, New Delhi and New England, Paris and Cape Town. To stretch this far, to span the globe in this way, modernity must necessarily be culturally thin. It must be able to be present everywhere while denying ownership to anyone in particular. It can be exclusive to no one…It is everywhere but it can be localised nowhere in particular. And its thinness reduces life to cliches- the same clichés everywhere, served up with the same fast food, the same music, the same consumer impulses, the same blue jeans and T-shirts, the same movies, the same news. It is a generic culture of the television age, of asphalt [teer], advertising, uniformity, and waste. And those who feed on it, those who live by it,…stretch far and wide, and belong nowhere in particular. They are, in the deepest sense, the “homeless” of our modern world.”

In só ‘n samelewing, sê Wells, maak dit nie saak wat die loodgieter se godsdiens is nie, solank die pype ordentlik herstel word. Dan sê hy: oral waar anonimiteit toeneem, verminder aanspreeklikheid. Ek is nie my broer se wagter nie. Die burokratiese masjien maak dit byna onmoontlik om te dink dat God in só ‘n wêreld enige betekenisvolle plek het. Dit mag wees dat Hy êrens ‘n plek het, maar dit is nie hier nie. Dus, te midde van al die voordele wat die verkleining van die wêreld en die uitbreiding van die tegnologie inhou, is daar ‘n klompie stywe kostes aan verbonde. Dit het van ons oppervlakkige mense gemaak, en elkeen doen sy eie ding. Dit het belangriker geword om goed te lyk as om goed te wees. Ons het geestelike swerwers in ‘n geestelike woestyn geword.

Nou vra iemand – wat het dit alles met ons kerk te doen? Het die modernisme waarin ons daarbuite leef dan in die kerk neerslag gevind? Beslis. Want die probleem met die beoefening van die godsdiens in ons tyd is dat dit niemand aanstoot moet gee nie. Die skerp kante is verwyder, want dit word nie meer deur die passie vir God en sy waarheid gedryf nie, maar deur dit wat die breë samelewing sal akkommodeer. **As daar ‘n punt van ontmoeting tussen moderniteit en die Evangelie plaasvind, is dit nie omdat moderniteit meer teologies geword het nie, maar eerder dat die teologie meer modern geword het.**

**Prof. Wells** maak dan die volgende kardinale en betekenisvolle stelling wat ek nie genoeg kan beklemtoon nie:

> **“…at this very moment, evangelicalism has bought cultural acceptability by emptying itself of serious thought, serious theology, serious worship, and serious practice in the larger culture.** And most evangelicals appear to be completely oblivious to this sell-out or at least that the deal was a bad one…( my klem).
>
> “Modernity has been hard at work reducing evangelical faith to something that is largely private and internal…Modern evangelicalism is probably best represented today by the ubiquitous happy face, a bright smile beckoning smiles in return. There is an indefatigable sociability to this religion of civility, a perpetual friendliness, a harmlessness in the name of God. It finds dissent uncongenial, if not abhorrent. It wishes not to appear disagreeable. It veers away from intruding upon the world

> any truth that might be discomfitting…Thus it is that evangelicalism pays its social dues…
>
> **"We have to contend with the modern mind, with its complete lack of interest in truth – especially the truth of God…"** (p.27-29).

Tensy ons kerk tot die besef kom dat daar aan die eise van moderniteit op groot skaal reeds toegegee is, sal die verwarring rakende sy roeping as kerk nie opgelos kan word nie. Die prysgawe van die waarheid van God en sy onverruilbare eise vir dissipelskap wat sy Woord aan ons stel, veroorsaak dat die kerk al hoe meer onder sy lidmate, asook in die wêreld, irrelevant raak.

Net om 'n idee te gee: Ek het waarskynlik dertig jaar gelede laas 'n preek oor die hel gehoor. Wat ek wel baie van hoor is dat 'die liefde' van primêre belang is tot uitsluiting van enige verwysing na die koste van dissipelskap, die noodsaaklikheid van self-verloëning en die opneem van die kruis; dat die pad wat na die lewe lei smal is en daar min is wat dit vind; dat nie elkeen wat sê Here, Here in die koninkryk sal ingaan nie, maar hy wat die wil van die Vader doen; dat gehooraamheid beter is as offerande en vele ander.

Kategismus prediking is, met hoë uitsondering, iets van die verlede, net soos lering rakende die teologiese uiteensetting rondom die sondigheid van die sonde, ons totale verlorenheid sonder 'n daadwerklike bekering, geloof, redding, geloofsekerheid, die uitverkiesing, volharding,  die wederkoms, profesieë, die Godheid van Christus en die heiligheid van God.

Die woorde in **2 Timóteüs 4:3 en 4** kom onwillekeurig by my op wat sê: **" want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal veramel volgens hul eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels."** Dáárdie teks word deur 'n ander een voorafgegaan wat sê: "verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering."

**Vermaning en bestraffing het 'n vreemde begrip geword** – jy dóen dit eenvoudig nie, want netnou preek jy jou kerk leeg! Tog eienaardig dat dáárdie soort prediking, naamlik van vermaning ens., trek mense juis nader. Mense het dit (dringend) nodig om sulke preke te hoor. *Daarteenoor is die opinie aan die orde dat dit*

*die musiek, die harde klawerbordspel met tromme, die geamplifiseerde voorsang en die vleisbraaiklere van die aanbieders is wat die verskil maak. Dinge moet vloei, dit moet lekker wees, en wee jou wat vra dat aanbieders voor in die kerk tog beter moet aantrek.*

Dan kry 'n mens predikante wat nie te veel agting vir hul kerkraad het nie. Toe een so 'n predikant voor 'n half-dosyn kerkraadslede gedaag is om te sê waarom hy nie volgens ons kerkorde die aannemingsdiens laat verloop nie, was sy antwoord: "ek het nog altyd so gemaak en ek gaan nie nou verander nie." Toe nóg dinge genoem word wat hy verkeerd doen, was sy antwoord: "as julle my net sou prys, dan sou julle met my kon toor." Hy het by geleentheid erken dat hy nie na 40 mense (sy kerkraad) sal luister nie, maar net na die Here! Nou vra ek: met hierdie soort tirannie, hoe op aarde kan ons in ons kerke seën verwag? (Ek wil vertrou dat hierdie voorbeeld die uitsondering op die reël is.)

Dieselfde prof. David Wells se eerste boek, *No Place for Truth*: *Whatever happened to Evangelical Christianity?* som bostaande tipe situasie pragtig op. Op bladsy 170 sê hy:

> "Its essence is not right doctrine, values, and behavior; its essence is to have **freedom to have no doctrines, no values,** to be free to follow the stream of instinct that flows from the self wherever it may lead…We are replacing the categories of good and evil with the pale absolutes that arise from the media world… It is not by struggle, still less by grace, that we have eliminated the corruption from human nature of which the Reformers were so aware. We have done it… not by Christ, but by a cable hookup."

Toe Jesus van die eise van Christenskap in Johannes 6 melding maak, het baie dissipels (wat Hom toe verlaat het) Hom gehoor en toe gesê*: "Hierdie woorde is hard, wie kan daarna luister?"(*v 60). Ja, dit is hard, maar die slotsom waartoe die twaalf gekom het toe Hy húlle vra of hulle nie óók wil weggaan nie, was Petrus se antwoord hierdie gevleuelde woorde**: "Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe"** (v.68).

Dáárdie woorde bly die kruks. Daar is nêrens anders om heen te gaan nie. Die geestelike bankrot wêreld waarin ons ons bevind hét geen antwoorde nie. Die ontmande tipe teologie in die vorige hoofstukke hou ook géén hoop of toekoms in nie. Wie wil dan 'n Woord hê wat by die 'norme' van die markplein aanpas, waar die be-

oefening van homoseksualiteit, bv. nie meer sonde is nie? Hoe kan ons kerk soiets verkondig en dan sodaniges die verdoemenis inhelp sonder 'n dringende waarskuwing? Hoe kan ons toelaat dat ons teoloë uit en uit dwalinge verkondig, en dan nog toelaat dat hul onaangespreek voortgaan om hul salarisse te trek terwyl hulle lynreg teen die Bybel en ons belydenisskrifte hul gif verkondig?

Geen wonder dan dat *Rapport* van 15 Mei, 2005 van Kerkskeuring in die NGK praat! Ons kerk staan voor 'n keuse, nee, elke *lidmaat* staan voor 'n keuse. Tensy óns opstaan en sê: tot hiertoe, sal ons kerk die Nasionale Party ewenaar, of dalk verbysteek, om in net meer as 10 jaar van die aardbol af te verdwyn.

Is ons dan verbaas oor die die fragmentering van denominasies, die moontlike skeuring in ons NGK, die uitermatige groei van splinterkerke, die teologiese agteruitgang in ons kweekskole, die triomf van die terapeutiese en die toepassing van, en vertoue op, metodes uit die sakewêreld in ons kerk? Kyk hoe word 'n sinodesitting tans georganiseer. Selfs *Absabank* se deskundges se hulp word ingeroep om te organiseer (en te manipuleer?). En toe **dr. Lourens Erasmus Lourens in die *Volksblad*** teen die Hartenbos-Sinode oor die verloop van die sinode beswaar aanteken, is hy kwaai aangespreek. Die daaropvolgende predikanteberaad te Bloemfontein (22 en 23 Junie, 2005) se 'amptelike verklaring' was toe nie so 'amptelik' en eenstemmig as wat voorgegee is nie. *Rapport* van 26 Junie berig dat dr. Erasmus, saam met proff. Dolf Britz en Johann van Rensburg en verskeie ander predikante, erg ongelukkig was oor die feit dat 'n beduidende getal konferensieganges se standpunt eenvoudig verontagsaam is. Hierdie groep is van mening dat, wat sy leer en die handhawing van sy belydenisse betref, 'n Kairosoomblik in ons kerk aangebreek het. Die veelseggende opskrif van die *Rapport*-artikel was: ***NGK 'oortree 9de gebod'*** juis as gevolg van die weiering om aan hul diepe kommer gehoor te gee. Ds. Gert Oosthuizen van Secunda word aangehaal waar hy gesê het hy is "verleë omdat die 'getuienis' sonder bespreking opgestel is. Dis ondeursigtig en kunsmatig…**Dis eronies dat daar in die kerk se tyd van luister nie na ons geluister is nie, en dat ons nie kans gekry het om ons standpunt te stel nie. Dis jammer verskeie aktuele sake in die NG Kerk is gesystap."**

Met 'n gevoel van hulpeloosheid sal vele lidmate waarskynlik vra: hoe behoort ons kerk te wees? Enkele jare gelede het ek vir myself so 'n antwoord opgestel. Die slotgedeelte lees soos volg:

“**Hoe spreek ons hierdie situasie aan?** Wat doen óns wat nog aan die Bybel, soos oorspronklik as onfeilbare Woord van God gegee, vashou? Hoe kan ons die Belydenisskrifte bly handhaaf?

“Dit gaan nie hier omtrent nuwe metodes nie, en nie iets wat by die evangelie *gevoeg* moet word nie. Dit gaan ten diepste om die evangelie op eietydse wyse aan te bied. Dit word nie eietyds ge*maak* nie, maar die eietydse karakter daarvan moet *ontdek* word. Dit is die taak v.d. teoloog. Hy moet volledig op die hoogte wees van die gees van sy tyd, die strominge ken, en aktief in die wêreld van sy tyd meeleef. **Heyns** sê:

> **“Wie hom van sy tyd isoleer, isoleer hom ook van die eietydsheid van die evangelie, en wie hom van die evangelie losmaak, word deur sy tyd verslind.”**

“’n Eietydse teologie sal veel intensiewer met die Woord en die suiwerheid van sy boodskap moet worstel om nie prooi v.d. gees van ons tyd te word nie. Ek meen dit was Heyns wat in een van ons vele persoonlike gesprekke rondom die prediking gesê het dat elke predikant eintlik die Bybel saam met die dag-koerant moet lees, anders gaan hy nie by die lidmaat in die bank uitkom nie.

“Na my beskeie mening sal die teoloog in die heel eerste plek die valse voorveronderstelling van ons moderne samelewing moet kan uitwys, naamlik, die evolusieteorie en se ongefundeerde aannames oor die ontstaan van die mens en die heelal. Dit moet blootgelê word. Daar moet op die *gevolge* daarvan gewys word, maar ook hoedat dit die grondslag van byna elke lewenssfeer soos ons dit ken, geword het, en dat dit na selfvernietiging lei.

“Die teoloog en predikant sal oor menseregte moet kan preek en wys op die euwels daarvan wanneer dit van verantwoordelikheid geskei word. Hy sal moet preek oor kapitalisme in al sy gewade, en hoedat die sosialisme van ons dag ons leefruimte oorspoel.

“Hy sal moet kan wys op die uiteinde van ’n gemeenskap wat aborsie toepas, homoseksualiteit kondoneer, ‘n ontwapende bevolking bepleit, ’n “groen” toekoms voorstel, ’n samelewing sonder absolute waardes oopvlek, die opvoedkunde se ononderhandelbare voorveronderstellings vir die Christen uitwys, die bedrog in die wetenskap ondanks die onaantasbaarheid daarvan, die groei van okkultisme binne die kerke van ons dag, die valse evangelie t.o.v. tekens en wonders, die eis van getuienislewering, die werklike onfeilbaarheid v.d. Bybel verdedig en die probleme daar rondom

kan uitklaar en die argeologiese ondersteuning van die Bybel as geskiedenis verkondig.

“Maar hy moet ook uitkom by die bekendstelling van noodsaaklike leerstellings v.d. Skrif, die heiligheid van God teenoor die *anything goes* mentaliteit van ons tyd, die afbrekende aspekte van sekere musieksoorte, die norme vir ’n gesonde samelewing, ens. Francis Schaeffer het in sy boek, *The God Who is There,* gesê dat die Christen van ons tyd elke leerstelling of teorie moet toets aan die vraag: ***“Waar eindig dit indien konsekwent deurgetrek?”*** Die voorveronderstellings bepaal die eindresultaat. **Ons samelewing erken nie voorveronderstellings nie,** want alles word na aanleiding van die gegewens op die tafel alleen besluit. Mense is hoegenaamd nie van die oorsprong van die stellings bewus wat mense in die loop van ’n gesprek maak nie.

“Hierdie benadering, glo ek, sal die eietydsheid v.d. Bybel en ons Belydenisskrifte demonstreer, want daar is geen ander grondslag vir al hierdie sake nie as die Woord van die onfeilbare en almagtige God. Jesus Christus is absoluut sentraal tot die hele gesprek, want Kol.1:16 en 17 sê dat alle dinge deur hom ontstaan het, maar ook *vir* Hom. Hy hou ook alle ding in stand. Hy hou dus alles aan die lewe en, wat die heelal betref, in posisie. Joh.14:6 kry hiermee ’n bykomende betekenis (“Ek is die weg en die waarheid en die lewe…”). Hierdie feite dui op die ongeëwenaarde soewereiniteit van God in Christus. Dit is die aller-waarheid van die eeue! Hoe wonderlik om dit te mag weet en meedeel.

“Waarom bostaande bekendmaak? Die antwoord is omdat die wêreld om ons heen ’n status van onafhanklikheid van God bereik het, want, anders as vroeër, word God nie meer in die wêreld gesien nie. Hy is lank reeds uit die filosofiese beredenering gedwing, Hy figureer nie in die sakewêreld nie, die wetenskap het Hom uit ons wording uitverklaar, in die kunste – hetsy dit musiek, toneel, digkuns, die beeldende kunste of watter ander soort ookal – word sy Naam slegs as kragwoord gebesig; en soos *Time* sê rakende die onlangs-opgestelde grondwet van die Europese-Unie: **“*God did not even get a mention!”***

“Vandag se antwoorde op menslike dilemmas en probleme – selfs binne kerkverband – word vir berading, behandeling en selfbeeldopbou na die sosiaal-wetenskaplike ghoeroes verwys sonder dat die predikant eens daaraan dink om die Bybel te open, want hy self glo nie meer dat antwoorde daarin gevind kan word nie. Die akker

wat oorbly nadat die wêreld sy kleim afgesteek het is slegs die naïewe, onkundige liggelowige mens wat op 'n Sondag nog sy of haar toevlug tussen die "waarhede" soek wat die samelewing geen gebruik voor het nie, en wat die wetenskap, tegnologie en regeringsstrukture reeds tot die ashoop gerelegeer het.

"Die kleim waarna hierbo verwys word behels die ganse werklikheid daarbuite, en godsdiens word alleen as die domein van die verbeelding en fantasie gesien. Die valsheid en kortsigtigheid van hierdie beskouing kan alleen deur 'n vibrerende en aktuele Evangelie beantwoord word".

**Finale woord.** In die voorafgaande hoofstukke het ek gepoog om die spoor van verval binne die NGK te identifiseer. Hierdie is nie 'n doktorale proefskrif nie, maar 'n weergawe van hoe ek as indiwiduele lidmaat die afgelope 55 jaar beleef het. Andere sal ander aksente kon voorhou, maar ek is van mening dat die hooflyne tog ons situasie met redelike akkuraatheid illustreer**. Ek pleit dat ons na die handhawing van ons belydenisskrifte, soos dit deur die eeue deur ons kerk *geïnterpreteer* is, sal terugkeer – al drie van hulle – en die onfeilbaarheid v.d. Skrif in ere herstel.**

***Die kern van wat in effe meer as 'n halwe eeu gebeur het openbaar 'n onteenseglike disintegrering van ons gereformeerde belydenis. Nie alleen is die Bybel gedesekteer nie, maar sy gesag is byna totaal deur ons lerende korps onder ons neuse ondergrawe. Bykans niemand weet daarvan nie, want dit was 'n stadig maar sekere afwaartse beweging op die glybaan van 'n evolusionisties-humanistiese wêreldbeskouing wat die Bybel van sy geskiedkundige grondslag beroof het. Selfs ons sinodes het sonder stamp of stoot, en ten spyte van mooiklinkende besluite rondom Skrifgesag, in ons dag 'n ander inhoud daaraan gegee.***

**ARTIKEL IN DIE *KERKBODE* VAN 17 MAART, 2002**
**Prof. Piet Strauss van Bloemfontein** ( soos verkort).

" Belangrike besluit vir reformasie in die NG Kerk volg dikwels eerder op 'n meerderheidsstem wat strategies op 'n vergadering beding is, as op 'n konsensus oor gereformeerde grondoortuigings…In die NG Kerk sit ons in baie gevalle met geestelik malende skape sonder gereformeerde identiteit of tug wat deur die oorlaaide, moedelose en dikwels visielose herders krampagtig gepaai, gedryf en georganiseer word…

Sinodes moet alles regmaak. Dit wil maar nie tot ons deurdring dat die sinode nie die hele kerk is nie…[Daar is 'n] diepe ongeestelikheid en losse lewensstyl wat spore dra van sekularisasie. Om uit genade te leef…is geen rede waarom vroomheid 'n skelwoord onder ons moet word nie. Genade beteken nie dat die stryd teen die sonde oorbodig geword het nie. [Is] eredienste in NG Kerke werklik die geloofsfees van 24-uur gehoorsame Christene…of is dit besig om 'n geïsoleerde, uiterlike kultus, of by sommige, in 'n geestelike sirkus te ontaard?…."

**DIE *KERKBODE* VAN NADER BEKYK**

**PJP:** Ek het enkele maande gelede lukraak drie *Kerkbodes* geneem om te bepaal waar die klem in ons kerk se koerant eintlik val. My ondersoek lewer die volgende: Advertensies – alg.: 34%, plus kerklik: 12%. Totaal: 46%. Nuus: 19.3%; Debatte: 6.25%; Artikels: 7.25%; Briewe: 7.1%; Kinders: 1.45%, Boekbesprekings: 2%, Redaksioneel: 10.6%. **Verder**: wanneer daar in *een* uitgawe v.d. Kerkbode op sewe uit agt bladsye 'n foto van 'n lid v.d. Moderamen met sewe verskillende (soms verspotte) onderbaadjies verskyn, dan tref dit my dat sinodes en lidmate eerder getrakteer as om begelei te word tot die kennis van ons wonderlike en drie-maal-heilige God voor wie ons ons in gehoorsaamheid behoort te verneder. (My eie ondervinding van die *Kerkbode* is dat die jongste twee redakteurs vir die modernisme kant gekies het in plaas van om lidmate, tydig en ontydig na ons Belydenisskrifte terug te roep. **Die Waarheid maak vry!)**

**Die Gereformeerde kerk se Kerkblad** bevat 16% advertensies en die balans gewoonlik uitstaande artikels vir die opbou van lidmate.

## Hoofstuk 13 EKUMENIESE DWALING:DIE NGK & SARK

Wat doen die gewone lidmaat wanneer hy merk dat ons kerk by die *Suid-Afrikaanse Raad van Kerke* (SARK) aangesluit het? As hy/sy iets meer van die doelstellings en die grondbeginsels sou weet, sal hy/sy óók so breed glimlag soos ons moderator met die deurhaak van die ooreenkoms? ‘n Mens sou graag wou aanvaar dat ons kerkleierskap die moeite gedoen het om ‘n bietjie na sulke goed te kyk, maar kan ons dit deesdae verwag? Of is daar groter dinge op die spel wat veroorsaak dat sulke oorwegings van minder belang is? Ek weet nie, maar lank voordat die NGK by die SARK aangesluit het, het ek ‘n artikel daaroor geskryf wat ek hieronder herhaal.

### Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke

*“Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke* sê van homself die volgende wat as opsomming van sy doelstellings sou kon dien: “The SACC is a fellowship of churches bound together by a common loyalty to Jesus Christ, Lord and Saviour of the world, guided and empowered by the Holy Spirit, and in service and obedience to the Father and Creator of the Universe.”

“Ek meen dat die NGK, sonder om hare te kloof, hierdie doelstelling kan onderskryf. Eweneens sou ons hulle sewe beginsels kon aanvaar, waarskynlik met ‘n versigtigheid ten opsigte van punt 7 waar hulle sê: “To enter into dialogue with people of other faiths and ideologies on behalf of the member Churches with the intent to build a common understanding among them.” [Terugskouend sou ek op hierdie punt uiters versigtig wees. Kyk na Eks.23:13.]

“Verder het hulle by navraag gesê dat hulle eintlik nie oor inligting tov. hul werksaamhede beskik nie, maar dat hulle ‘n plaaslike tak is van die *Wêreld Raad van Kerke* (WRK). Wat die WRK voor staan, staan die SARK voor. ‘n Groot deel van dié liggaam se jaarverslag van 1994 word aan ‘n evaluasie van oorloggeteisterde dele van die wêreld afgestaan waar ledekerke aksies onderneem het om die nood te verlig. Daarby is in Mei 1994 ‘n vrouekonferensie gehou waar hul “feminist hermeneutics and homiletics” bespreek het. Later is ‘n nuwe internasionale liggaam gestig “to uphold the rights and dignity of migrants.”

"Buiten bogenoemde verslag van die WRK, beskik ons kerk se Inligtingsburo in Kaapstad oor een bladsy van inligting komende van die SARK oor hul eie doelstellings – en dis al! Mens wonder hoe ons kerk betrokke geraak het by 'n liggaam waaroor so min inligting beskikbaar is, en dit kan veral gesê word dat hulle (in die woorde van ds. André Strydom (Dir. van Inligting)) "nie besonder geneë was om my met inligting te help nie." My oproep aan prof. Pieter Coertzen v.d. moderatuur v.d. Algemene Sinode het slegs 'n 1992 konstitusie opgelewer, maar sonder enige werksaamhede.

"Hoewel die doelstellings van die SARK geen (groot) probleme oplewer nie, blyk dit dat die SARK een van die vernaamste promoveerders van die *Inter-Faith Movement* is. Hier werk hulle oa. saam met die *South African Catholic Bishops' Conference* (SACBC) en die *Institute for Contextual Theology* (ICT, basies Marxisties.) Hierdie drie liggame is medewerkers van die *World Conference on Religion and Peace* (WCRP) – wat Hindoes, Moslems en Jode insluit. Die mondstuk van die ICT, *Challenge,* het onder die redaksie van Father Albert Nolan 'n artikel gepubliseer onder die titel *"Cosmic Spirituality",* waarin hy sê dat bogenoemde titel verwys na **"the place where social justice, the feminist, the ecologist and the religious researcher find one another. They are, when properly understood, one and the same"** (my klem).

"By die WCRP- konferensie in 1990 het sprekers geen onderskeid getref tussen "heilige geskrifte" van, onder andere Hindoes, Moslems of die Bybel nie. Een spreker was 'n monnik v.d. Ramakrishnasentrum. Daar is verwys na "the community of faith" wat mense van alle godsdienste insluit. 'n Beroep is gedoen op Christene om met ander godsdienste saam te werk "to contribute to their understanding of oneness". By die daaropvolgende konferensie in 1992 (waar, volgens wat ek verneem, verteenwoordigers v.d. NGK bý was) het ene Martin Turkstra as "shaman" met gebed geopen . Hy blyk in kontak te wees met voorvaderlike geeste en 'geeste van lewende en dooie voorwerpe.' **Hy het op die Melkweg 'n beroep gedoen – ook op die son en maan, op ander hemelliggame, die krag in die vier windrigtings en op die vuur en water "to be present as we pray together." Daarna het hy selfs dinge soos "*lowly beetles and worms and snakes"* genooi om saam deel te hê aan hul gebed!!**

"Hierdie is die mense en liggame waarmee die SARK hom identifiseer. Die vraag is: hoort die NGK *enigsins* daar in hulle gesel-

skap? Hoe kan ons stilswyend goedkeuring verleen aan hierdie soort vergaderings waar daar gebid word tot die Enige Waaragtige God en dit wat geen god is nie? Moet ons met die modegier van tolleransie en verdraagsaamheid saamgaan en stilbly om sodoende 'n "verenigde front" te vorm in die naam v.d. Ekumene? Verder, wat die SARK spesifiek betref, is ons as kerk tevrede met die idee dat die SARK geweldige steun aan die ANC verleen? Jaarliks is tot 80% van hul begroting (wat op 'n stadium meer as R20 miljoen was) gegee aan politiek-gerigte sake as deel v.d. revolusionêre "struggle". Het die SARK hierdie soort dinge gelos, of kan ons verwag dat slegs 'n aanpassing gemaak gaan word ter ondersteuning v.d. *Nuwe Wêreldorde* wat wyd en syd verkondig word? Die absolute gelykmaking van alle godsdienste is reeds deur Aartsbiskop Desmond Tutu (vorige SARK-sekretaris) gepromoveer toe hy gesê het, "God does not only belong to Christians," en **"God is clearly not a Christian."**

"Gaan ons kerk só deur die "ekumene" in die gees van verdraagsaamheid meegevoer word dat ons totaal ophou kyk na leerstellige fundering? Gaan ons vergeet van "wat sê die Woord", en wat dit is wat Gód sal behaag en nie mense nie? Is daar dan nie ander groeperinge van Christelike kerke wat nie vra dat jy groot happe uit jou belydenisse moet maak nie?"

**Andere oor SARK/WRK:**

'n Jeuglied *Religion Red and Rotten* v.d. WRK uit hul tydskrif, *RISK* van 1971 lui: "You can blame it on the Devil…its God that I accuse-…to hell with Jehowa" (deur Henry Pike).

Volgens 'n lid v.d. SARK, Eugene Roelofse, is R4,5 miljoen deur SARK bestee "sonder oudit". Hierdie lid getuig verder van daggapype, dwelmmiddels en spuitnaalde op die perseel van 'n inrigting v.d. SARK… (Albei bydraes uit *Die Ligdraer* van 11.2.1983, deur ds D.G.Murray.

Die destydse Sekretaris Generaal v.d. SARK, Desmond Tutu: "Jesus was 'n revolusionêr, Ek is 'n revolusionêr. Elke Christen moet 'n Revolusionêr wees…Een jong man met 'n klip in sy hand kan veel meer bereik as wat ek met 'n honderd preke kan bereik." Uit die Britse *Daily Telegraph*, Nov. 1984, soos vertaal.

Ná die her-toelating v.d. NGK tot die SARK, sê dr. Coenie Burger: "Dit is wonderlik om terug te wees waar ons hoort. Ons wil deel

wees v.d. ekumeniese gemeenskap om die land se probleme te help oplos." (C.Burger, Mod., by die Alg. Sinode v.d. NGK, 2002.)

In die publikasie v.d. SARK se *Rite of Reconciliation* word die volgende gebed onder die opskrif: "Optional Rites" aangebied vir gebruik deur lidkerke:

> "As we pour out this libation, **we call upon you, our ancestors, to be present at this ceremony of reconciliation. We invite the spirits of all those who died** because they unknowingly defended a cruel political order…We ask Jesus Christ, the atonement of our sins to plead for us with the father, We invoke the Spirits of our ancestors to intercede on behalf of our new nation…We ask for the capacity to forgive and to accept forgiveness…" (klem PJP).

Die regering se *Termination of Pregnancy*- wet [B80-96] is voor enige ander kerklike instansie deur die SARK in 1996 aanvaar. [Dit wil sê: **Aborsie, óf, moord op ongebore, lewende babas**.] (Laaste 2 aanhalings uit *"Kerkeenheid en die WRK/SARK"* artikel deur Francois van Deventer, Pretoria.)

PJP:Elke kerkgenootskap het 'n maatskaplike verpligting om te doen wat hy kan in samewerking met wie-ookal. Johan Heyns het dit op 'n dag so teenoor my verwoord: Die omvang van jou samewerking is in direkte verhouding tot die saak voorhande. As dit gaan oor die bestryding van maatskaplike euwels, dan werk jy saam met elkeen wat daardie saak ondersteun. Hoe nader dit kom aan geloofsaksies, hoe nouer word die net gespan t.o.v. wie ingesluit word. Jy kan en mag nie jou belydenis in die naam van 'eenheid' kompromitteer sodat dit jou sou insluit by groepe waar bostaande SARK-tipe gebede gebid word nie.

Die WRK konferensie te Canberra in Australië, wat deur NGK-mense bygewoon is, sal lidmate se hare oorent laat staan. Daar kom 'n punt waar enige deelnemende kerk die Here verloën deur om enigsins daar teenwoordig te wees. **Ongelukkig was ons NGK teenwoordig terwyl die konferensiegangers deur die rook moes loop wat opgegaan het om die voorvadergeeste van die boorlingvolk te eer, en hul seën te vra. HOORT ONS AS NG KERK HIERBY?**

## BROKKIES VAN INTERKERKLIKE AARD

**Dr Beyers Naudé:** Die dramatiese ommekeer in die houding van die sinodes van die NGK teenoor dr. Naudé was vir my ’n barometer van die mate waarin ons kerk van sy belydenisse afgedwaal het. Vroeër was hy ’n uitgeworpene, saam met andere soos prof. B.B.Keet, prof. Ben Marais, dr. F.E. O’Brien Geldenhuys, ds. Willem Landman, my vriende ds. David Botha van die Sendingkerk en ds. A.J. van Wyk van Stellenbosch en ander wat later bygekom het. Naudé het jukskei gebreek, maar die ander nie. Hy het egter meer as dit gedoen, want hy het hom gaan skaar by mense wat in die naam van vryheid nie alleen terrorisme bedryf het nie, maar ook ondersteuning verleen het aan ’n ateïstiese wêreldbeskouing, en publikasies onder die breë vaandel van die Kommunisme/Bevrydingsteologie.

Hoe ’n predikant van gereformeerde belydenis dit kon doen was vir menige lidmaat ’n onverstaanbare vergryp wat klaarblyklik deur Naudé geregverdig is onder die spreuk: die doel heilig die middele. Geen wonder dat stemme van verbasing daaroor opgeklink het nie. Toe die wiel draai was dieselfde man ewe skielik die onbesonge held (nou ‘oom Bey’) wat met ope arms deur die Algemene Sinode te Pretoria terugverwelkom is, *sonder dat hy enige belydenis kom doen het oor sy leerstellige dwalinge.* Dit is vir party lidmate en teoloë wat op die kantlyn staan onverstaanbaar dat ons kerkleierskap in 57 jaar nog nie die eenvoudige les geleer het nie, naamlik: dat jy deur dik en dun by jou Skrifbeskouing en gepaardgaande belydenisse bly staan, al kos dit jou wat! Manteldraai was nog nooit ’n deug nie. Onverskrokke gehoorsaamheid aan God se onfeilbare Woord het nog altyd alles gekos.

## DIE RUSTENBURGSE BERAAD.

Die terugkeer van **Professor Willie Jonker** Willie ná afloop van die Rustenburgse Interkerklike konferensie waar hy Apartheid as sonde verklaar het, het onder die jonger geslag predikante in my oë aan mense-aanbidding gegrens. Op my vraag of ons NG Kerk hom *ooit* weer op so ’n teologiese dwaalweg sou kon bevind was sy ongeduldige antwoord ’n kortaf: NEE! Met permissie: ek glo dat ons tog wel midde in so ’n situasie verkeer. Mag die Here deur sy Gees ons leiers en lidmate betyds laat wakker word!

PJP: 15.06.2005

## Hoofstuk 14 DWALING IN DIE VSA: 'N OBJEKLES

Soos ek heel aan die begin in hoofstuk 1 gesê het, is Europa en Amerika ons in Suid- Afrika dekades 'vooruit' wat dwalinge betref. Daarom het die 'sieners' van húl tyd vir óns 'n spesiale betekenis. Een persoon uit hierdie korps, die wêreldbekende dr. Francis Schaeffer – heel dikwels in hierdie boek reeds aangehaal – se volgende drie boeke is vir ons van besondere belang, te wete *The Church at the End of the Twentieth Century, Escape From Reason* en *The Great Evangelical Disaster.* Ek beskou almal as "verpligte leesstof" vir die teoloog en meelewende lidmaat. (Ek herinner my dat toe ek en my vriend ds. Maartin Blignaut 'n indringende gesprek met prof. Flip Theron gevoer het oor probleme in ons kerk, hy moes erken hy weet nie van Schaeffer se werk nie.) Laasgenoemde van sy drie boeke se tesis word hieronder bespreek.

**The great Evangelical Disaster (1984).**

Schaeffer haal *Time* aan ná hul 60ste bestaansjaar onder die titel: "*The most Amazing 60 Years".* Dáárin begin hulle met die woorde, verwysend na 60 jaar vantevore: "The atom was unsplit. So were most marriages." Schaeffer is van mening dat die bymekaarbring van hierdie twee gebeure geen toeval is nie. Aan die een kant is daar 'n tegnologiese ontploffing en aan die ander 'n morele inplof-fing. Iéts het gebeur om die morele fondamente van onder ons kultuur te verwyder. "Morality," sê Schaeffer, " has itself been turned on it's head with every form of moral perversion being praised and glorified in the media and the world of entertainment."

***Time*** se artikel noem dít wat gebeur het "the spirit of freedom – not just freedom as an abstract ideal, or the sense of being free from injustice, but freedom in an absolute sense." Só pertinent is die ver-dere paragraaf in *Time* dat ek dit ook hier aanhaal:

> **"Behind most of these events lay the assumption, almost a moral imperative, that what was not free ought to be free, that limits were "intrinsically evil" and that science should go wherever it pleases in a spirit of "self-confident autonomy."** Hul eie gevolg-trekking was "**when people or ideas are unfettered, they are freed but not free"** (my klem).[Wát 'n kommen-taar op die Suid-Afrika van ons dag!!]

Die essensie van die 'vryheid' waarna hierbo verwys word, sê Schaeffer, is 'n direkte en berekende rebellie teen God en sy wet. Hy wys daarop dat die Reformasie nie alleen die Evangelie vir ons in die Weste gebring het nie, maar ook voorsien het van denkpatrone en riglyne vir die samelewing wat nie outomaties in 'n gevalle wêreld is nie. Bybelse absolutes was samelewings-absolutes. Die nuwe vryheid is nou egter 'n outonome vryheid, losgesny van alle beteueling en daar is min mense wat 'n sterk en dapper standpunt teen die wêreldgees inneem (Efes.6:12).

Waarom, vra Schaeffer, bevind ons onsself in hierdie posisie? Omdat ons die werklikheid van die magte van die duisternis van Efesiers 6 nie ernstig opneem nie. (Lees Ef.6:10,11,13-18.) Hy sê dat alleen met die wapenrusting wat hierdie skrifgedeelte eis ons enige hoop op 'n oorwinning het. En wat is die *enigste áánvalswapen* in die teks? Die Woord van God. Dán sê hy:

> **"But it must be the Bible as the Word of God in everything it teaches – in matters of salvation, but just as much as where it speaks of history and science and morality"** (my klem).

Schaeffer lê geweldig klem op die ándersheid van die Christen se totale benadering. Die wysheid van die wêreld is "dwaasheid in die oë van God" (1 Kor.3:18,19). Paulus praat hier téén die selfgenoegsame wêreldse wysheid.

Wat, vra iemand, het hierdie alles met ons onderwerp van dwaling te doen? Eintlik alles. Want die Skrifkritici is die mense wat die gesag van die Bybel ondergrawe in ruil vir die voorgenoemde outonome wysheid van die wêreld. Die finale gesag en 'realiteit' in óns dag is onpersoonlike materie gedryf deur onpersoonlike toeval = evolusie! Om hiérteen te staan, teen wil en dank, verg konfrontasie, hoewel in die gees van liefde. Maar konfrontasie móet daar wees, sê Schaeffer!

**'n Huis verdeel**

Sedert die eerste lees van hierdie boek jare gelede bly Schaeffer se volgende illustrasie in my gedagtes. Sy *L' Abrie* vesting in Switzerland waarheen jongmense van oor die wêreld gekom het om meer van die Christelike godsdiens te wete te kom, lê hoog tussen die berge. Daar is 'n spesifieke plek hoër op waar jy op 'n bergrif kan staan met een voet hierdie kant en die ander aan daardie kant van die rif self. Dit is 'n waterskeiding. Die sneeu wat

aan die noordekant smelt vind sy pad na die Rhynrivier en uiteindelik in die Noordsee. Die sneeu wat selfs téén die ander lê, maar aan die suidekant, vind sy pad na die Rhônerivier, die Geneefse meer en uiteindelik in die Middellandse see ‘n duisend vyfhonder kilometer van eersgenoemde verwyder. Daaroor sê Schaeffer:

> “The views on biblical authority often seem at first glance not to be so very far from what evangelicals, until recently, have always believed. But also, like the snow lying side by side on the ridge, the new views, when followed consistently, end up a thousand miles apart. **What seems like a minor difference at first, in the end makes all the difference in the world”** (my klem).

Om ‘n kompromie rakende die volle gesag van die Skrif aan te gaan beïnvloed (nadelig) jou hele teologie, en hoe jy lewe. Sonder ‘n sterk skrifbeskouing as fondament sal ons in die swaar tye wat voorlê nie kan bly staan nie. Hy volg dan met :

> “Unless the Bible is without error, not only when it speaks of salvation matters, but also when it speaks of history and the cosmos, we have no foundation for answering questions concerning the existence of the universe and its form and the uniqueness of man. Nor do we have any moral absolutes, or certainty of salvation, and the next generation of Christians will have nothing on which to stand.” Die volgende paragraaf se einde wys daarop dat **“All that society has today are relativistic values based upon statistical averages, or the arbitrary decisions of those who hold legal and political power”** (my klem).

Dit was ‘n sterk beskouing rakende die Skrif, as absolute waarheid, wat die vroeë kerk bestand gemaak het teen die volle mag van die Romeinse Ryk. En wat van ons dag? Ons samelewingsstrukture is op wetlike, morele en sosiale gebied van sy Christelike fondamente beroof. Maar dit eindig nie daar nie, en ek is terug by Schaeffer:

> “We must say with sadness that in some seminaries [kweekskole], institutions, and individuals who are *known* as evangelicals no longer hold to a full view of Scripture. The issue is clear. Is the Bible *true truth* and *infallible* wherever it speaks, *including where it touches history and the cosmos,* or is it only in some sense revelational where it touches religious subjects? That is the issue” (my klem).

[**PJP kommentaar hierop:** *Ek sê dit sonder die minste twyfel: Óns kerk staan vandag op hierdie pad van 'n verlore Skrifbeskouing omtrent die absolute waarheid van die Bybel. Ons sinodes maak soms die regte geluide omtrent Skrifgesag, maar dis 'n uitgeholde en pitlose gebaar na buite. Wanneer 'n kweekskool professor soos Flip Theron 'n hele sinode laat besluit dat daar minstens twintig 'foute' in die Bybel is, en verder sê dat dit nie saak maak dat die Bybel nie histories en wetenskaplik korrek en onfeilbaar is nie maar slegs die boodskap daarin, dan staan ons op die rand van die afgrond*.]

Die hart van die nuwe ortodoksheid wat ons kweekskole leer, sê Schaeffer, is dat die Bybel 'n myn is waaruit ons geestelike ervarings kan put, maar dat dit foutief is rakende geskiedenis en wetenskap. Die wetenskaplike, T.H.Huxley, vriend van Darwin, het uitgesien na die dag wanneer geloof van feite en waarheid geskei sal wees – veral t.o.v. die voor-Abrahamse geskiedenis. Dán is *geloof* van *feite en geskiedenis* lósgemaak om op die ontstuimige oseaan van relativisme ankerloos rond te dobber. Schaeffer noem hierdie soort geloof "a trip", soos met dwelmgebruik. **Jy eindig slegs met 'n 'binne-getuienis' met geen raakpunte in die werklikheid nie. Dít is waar die geveg hom vandag afspeel!**

Al hierdie staan in skrille kontras met hoe Christus die geskiedenis beskou. Vir Hom is die skepping, Adam, Abraham, Moses, Jona, die hele Jesaja (ás Jesaja, en niemand anders nie) en Daniël ware waarheid. En wie is ons om dit in die minste te betwyfel? [Tensy ons sê wat een van ons **Stellenbosse toelogie professore** 'n ruk gelede teenoor een van ons Studiegroeplede kwytgeraak het, naamlik, **dat Einstein meer as Christus geweet het toe Hy op aarde was**!]

Maar daar is 'n verdere kompliserende faktor: **misleiding.** Schaeffer verwys na die 1974 ondertekenaars van die *Lausanne Covenant* waar elkeen teenwoordig die bewoording van 'n dokument oor Skrifgesag onderteken het. Daarin staan: "We affirm the divine inspiration, truthfulness and authority of both Old and New Testament Scriptures in their entirety as the only written Word of God, without error in all that it affirms, and the only infallible rule of faith and practice." Hoe, vra Schaefer, kon iemand só 'n dokument onderteken en nog iets heel anders in die praktyk glo? Deur om, terwyl hy besig is om sy naam onderaan te skryf, onderlangs te sê "but the Bible does not affirm without error that which it teaches in

the area of history and the cosmos." Met ander woorde: jy heg in die stilligheid aan party van die woorde 'n ander betekenis as die reguit betekenis.

[Ek is van mening dat ons hier te lande taamlik baie hiervan sien – of moet ek eerder sê: hoor. Dieselfde mense wat ewe vroom en rustig in programme soos *Wat sê die Bybel* deelneem is dieselfde as hulle wat die boek, *Bybel in Praktyk* en die *Bybel A-Z* geskryf het – hulle is die kenners en daarom figureer hulle oral. Die luisteraar, tensy hy/sy skerp is, sal nooit ontdek dat 'n ander as die tradisionele betekenis aan woorde geheg word nie. Óf, die luisteraar is al só gekondisioneer dat hy/sy die skewe interpretasie wel hóór, maar, omdat dit deur óns kenners kwytgeraak word, móet dit *ipso fakto* die korrekte een wees!]

Schaeffer se verdere argument verwys na hulle wat sê: 'ja, die Bybel is onfeilbaar behalwe wanneer dit na dinge soos die huwelik en egskeiding verwys, of na homoseksualisme. Dan is die Bybel kultuur-geörienteer, en slegs waar in die tyd toe die Bybel geskryf is.' Hy noem hierdie verskynsel "existential methodology." Hy sê: "The Bible is bent to the culture instead of the Bible judging the society or culture." Wanneer iemand hom op hierdie paadjie begewe is die Bybel nie meer onfeilbaar nie. Dit sou ook nie help dat ons tog wel alles wat die Bybel sê onderskryf nie, maar ons *doen* nie wat dit van ons vra nie. Hier lê die kruks – **gehoorsaamheid!**

In die verlede, sê hy, het ons die Bybel bo alles geglo, juis omdát die voorgehoue standaarde nooit verander nie. Vandag glo ons dit dikwels *nié* meer nie, óók omdat dit nie verander nie. Tot só 'n mate het die tydsgees ons beïnvloed dat enigiets wat nié verander nie per definisie 'verouderd is en aan die verdwyn.' Hierdie benadering is 'n strik en 'n misleiding.

**Fundamentalisme.** Die veld wat Schaeffer dek kring al wyer uit. Hy gaan voort deur te verwys na die mode-benaming van mense wat by die onfeilbaarheid van die Bybel en ons Belydenisskrifte staan, naamlik, Fundamentalis. Hierdie is 'n moedswillige distorsie of verdraaiïng van die woord om 'n negatiewe veroordeling uit te spreek. [Ken ek dit nie?] Die mense na wie só verwys word is eintlik hulle wat 'glo in die fundamentele waarhede van die Skrif.' Hiermee is niks verkeerd nie. Hy vertel van die destydse publikasie in Amerika van twaalf slapbandboeke, later omskep in vier hardebande, onder die titel *The Fundamentals.* Al die groot name in konserwatiewe teologie het onder die skrywers getel. Meer as een miljoen stelle is

gratis aan mense oor die wêreld gestuur. Dit was nie lank nie of mense is deur liberales as fundamentaliste getipeer wat bly vashou aan die reguit uitsprake van die Bybel. Dit gebeur vandag ook. Dit is nie húlle wat die Bybel versnipper en deur die modder sleep wat die 'sondaars' is nie, maar wel die sogenaamde fundamentaliste.

Maar, is dit die mense wat in die fundamentele waarhede van die Skrif glo wat die probleem is, wil Schaeffer weet? Nee, sê hy. Dan sluit hy aan by wat die briljante Nuwe Testament professor van Princeton, dr. Gresham Machen, in 1923 in sy boek *Christianity and Liberalism* sê, naamlik: "…**the only honest thing for the liberal to do would be to leave the churches which were founded on Biblical truth."** Effe later sê hy: "…**the liberals achieved their <u>theft</u> of the various denominations by gaining control of the power centres of the seminaries and the beaurocracies."** [Ek kom later hierop terug, want hierdie twee uitlatings is van kardinale belang.]

**Die skeiding.** Schaeffer lewer verslag van die opbreek van denominasies in die VSA. Dié wat in die suiwerheid van leer bly glo het, het hul van die liberaliste afgeskei. Saam met laasgenoemdes was dié wat bereid was om 'n soort *pluralisme* te handhaaf en ruimte vir die liberaliste te laat. Die gevolge was nie altyd mooi nie, want woorde-gevegte het noodwendig plaasgevind. Hulle het dit moeilik gevind om beide God se liefde te demonstreer (albei kante) terwyl daar aan beginsels vasgehou is. Hulle ontdek dat *'liefde'* nié kompromie en akkommodasie is nie. Dié wat saam met die liberales gebly het, het al meer gevind dat dit moeilik is om Skrif-suiwerheid te bly handhaaf en nie stadig in 'n gees van toegeeflikheid weg te sink nie. Die kreet van 'eenheid tot elke prys' het altyd afbreek aan die behoudendes se standpunt tot gevolg gehad. Later van tyd was daar geen onderskeid te sien nie. Selfs die aanstelling van 'n konserwatiewe moderator het geen hond haaraf gemaak nie. Terwyl die ganse kerksisteem in die hande van die liberales was, was daar geen kans om die Woord in al sy suiwerheid te laat seevier nie. **[Mag hierdie vir ons 'n les wees!]**

Die opdrag aan die kerk is om die suiwerheid van leer te bly handhaaf, en dit sal dissipline kos – hoe moeilik ookal. Dit sal gebed kos. Dit vra liefde. Maar die kerk *behoort* aan hulle wat deur die genade van God aan die Skrif getrou bly. Schaeffer sê:

> "…the practice of the purity of the visible church first means discipline of those who do not take a proper position

> in regard to the teaching of Scripture." [Het ons kerk dit maar bly beoefen sou ons nie in die benarde posisie wees waarin ons ons tans bevind nie.]

Op sy bladsy 88 eindig hy met 'n verwysing na die situasie waarin die kerk in Amerika hom in 1984 bevind het. Hy sê:

> "There is the growing acceptance of higher critical methods in our colleges and seminaries. There is a growing acceptance of the neo-orthodox existential methodology. There is a growing infiltration of humanistic ideas into both theology and practice. There is a growing acceptance of pluralism and accommodation. And what has been the response of the evangelical leadership? **Overwhelmingly it has been kept silent,** to let the slide go further and further, to paper over the differences. Here again we see the great evangelical disaster – the failure of the evangelical leadership to take a stand really on anything that would stand decisively over against the relativistic slide of our culture…And now when our cul-ture is all but lost, **can we expect anything but further disaster in the form of complete moral breakdown and the rise of a new humanistic authoritarianism if we do not take a stand?"** (my klem).

Die lig wat die Reformasie in Europa gebring het word uitgedoof. Die flieks, die novelles, die kunsmuseums, die skole skreeu terwyl hulle hierdie lig vertrap. Maar die ergste is hoe die moderne teoloog ook skreeu soos hy die lig van die Reformasie vertrap. Ons gly, sê Schaeffer, meedoënloos in die rigting van 'n totaal humanistiese samelewing en 'n outoritêre onderdrukkende staat.

In Suid-Afrika het ons die voorreg gehad om tot 'n groot mate van die onmiddellike opneem van dwaling uit Europa binne die kerk beskut te wees, beide vanwee die afstande (in die verlede) sowel as die mate van natuurlike behoudendheid wat onder ons kerklui bestaan het. Ons kon, nieteenstaande, deur middel van boeke wat oorsee gepubliseer is agterkom presies wat aan die broei was, én die gevolge daarvan. Enigiemand met gesonde verstand sou op dié manier paraat kon gewees het om die eerste tekens van ooreenkomende verval plaaslik te identifiseer. *Dadelik* sou iets daaraan gedoen kon gewees het. Maar nee – dit lyk asof die wagters op die mure hul basuine weggebêre het, want niemand hou van 'n lawaai nie, en nog minder die opneem van die wapens van die geloof nie.

# DEEL 2

## ANTWOORDE OP LEER VAN DISINTEGRASIE

## OF

# DIE BYBEL SE GESAG HERWIN

## Hoofstuk 15 DIE BYBEL : UNIEK, OF EEN VAN VELE?

In kontras met my jeugjare beleef ons tans in Suid-Afrika 'n ongekende bevraagtekening van *alle gesag*, veral van godsdienstige aard. En wanneer geargumenteer word dat die gesag waarvan ons as Christene praat in Die Bybel gevestig is, dan rol die oë terwyl daar dak-toe gekyk word in moedeloosheid, ongeduld en beterweterigheid. Die binne-gesprek van so 'n teenparty volg min of meer soos volg: *"Liewe hemel man, wat op aarde gee jou die idee dat daardie outydse en uitgediende klomp geskrifte vir ons moderne tyd enige betekenis meer het? Kom by! Hoeveel dele daarvan is nie as mite bewys; hoeveel van die sogenaamde geskiedkundige 'gegewens' is foutief en het die mense daarin genoem nie eens bestaan nie; hoeveel van die 'verhale' is niks meer nie as 'n "*tall story" *– soos oor die skepping, 'n wêreldwye vloed, Jona in die vis, Christus se maagdelike geboorte én opstanding?!! Wil jy nou werklik hê dat ek my aan sulke stories moet steur? En buitendien, vele ander godsdienste se geskrifte geniet net soveel aanhang as die van die Bybel, indien nie meer nie. Ag nee wat, so 'n blinde geloof is nie vir my nie!"*

**Die mees basiese verskil tussen die Christelike geloof en enige ander is dat die ganse inhoud daarvan op historiese gebeurtenisse gegrond is,** waarvan almal in die woorde van die Bybel opgeteken staan. Die Bybel verteenwoordig dus 'n objektiewe stel historiese gegewens, gebeurtenisse en getuienisse, en verweef in elke bladsy daarvan is dit gedurig besig om sodanige

gegewens in verband te bring met die wese en karakter van die Skepper-God, wat dan uiteindelik in Christus as God in hierdie wêreld in tyd en ruimte uitmond en kulmineer. “God wat vlees geword het!” Sonder vrees vir teenspraak kan gesê word dat hierdie aanspraak voorwaar uniek is. Maar is dit waar?

My plan is om hierdie uniekheid te bewys, net soos ’n mens voor ’n hof feite verskaf om ’n saak te verdedig en reg te bewys. Ek begin my betoog noodwendig by die Bybel, want, indien dit as ‘n *on*betroubare of valse dokument bevind word, is al die res van die argument sinnelose én kragtelose bespiegeling.

**Die Uniekheid van die Bybel**

Webster, van woordeboek faam, verwysend na die betekenis van die woord ‘uniek’ het die betekenis verklaar as: 1.“One and only; single; sole. 2. Different from all others; having no like or equal.”

**Professor M. Monteiro-Williams,** vorige Boden-professor van *Sanskrit* het ná 42 jaar se bestudering van Oosterse boeke hulle in die volgende woorde met die Bybel vergelyk:

> “Pile them, if you will, on the left side of your study table; but place your own Holy Bible on the right side – all by itself, all alone – and with a wide gap between them. For …there is a gulf between it and the so-called sacred books of the East which severs the one from the other utterly, hopelessly, and forever…a veritable gulf which cannot be bridged over by any science of religious thought.” (Sydney Collet. *All About the Bible.* p.314, 315. Revell.)

Die vraag kan nou gevra word: In watter opsig is die Bybel uniek?

**Uniek in sy Kontinuïteit**

Die Bybel is oor ’n tydspan van 1,500 jaar en oor 40 geslagte heen geskryf. Dit is die werk van 40 ‘outeurs’ uit elke vlak van die samelewing insluitend konings, landbouers, filosowe, vissermanne, digters, staatsmanne, geleerdes en so meer. Moses was ’n politieke leier geskool in die wysheid en kennis van die universiteit van Egipte, Josua was ’n militêre generaal, Nehemia ’n skinker, Amos ’n herder, Salomo ’n gesiene koning, Daniël ’n eerste minister, Matteus ’n belastinggaarder, Lukas ’n dokter, Petrus ’n visserman en Paulus ’n rabbi.

Moses skryf in die wildernis (in alle waarskynlikheid met Josua as skriba – sien Eksodus 33:11, en ander bewysplase .. waar Josua saam met Moses omgegaan het), Jeremia en Paulus in 'n tronk (ook met gebruik van 'n skriba), Lukas terwyl hy gereis het, Johannes op die eiland Patmos en ander terwyl hulle oorlog gevoer het.

Die inhoud dek 'n ontsagwekkende veld, dikwels oor uiters kontroversiële onderwerpe, maar nieteenstaande vorm dit 'n besonderse geheel met een deurlopende boodskap, wat die ware 'skopus' is : **God se verlossingsplan van die mens uit sy verlore toestand van ellende en sonde.**

Ver daarvan dat die Bybel slegs in een taal geskryf was, het ons met drie tale te make:

**Hebreeus,** wat die taal was van die Ou Testament, in 2 Konings 18: 26-28 genoem die "taal van Juda", en in Jesaja 19:18 genoem die "taal van Kanaan."

**Aramees,** die volkstaal van die Naby-Oosterse lande tot die tyd van Aleksander Die Grootte (6de-4de eeu voor Christus), en

**Grieks:** die taal van die Nuwe Tesament, wat in Christus se tyd die internasionale taal was.

Aangesien die Bybel in wese die groot *Handboek* van die Christelike geloof is, is dit die moeite werd om die algemeen- geldende vereistes *vir* handboeke in daardie konteks op te noem om te kyk in welke mate die Bybel daaraan beantwoord:

'n Handboek moet : vry wees van foute (indien dit vertrou moet word) en, tensy dit slegs vir hoogs-geleerde mense bedoel was, moet dit vir die gewone leser verstaanbaar wees. Daarby, indien die teiken-lesers uit verskillende kulture kom en oor die wêreld heen versprei is – van mense met 'n swerwersbestaan tot 'n universiteits-professor – wat daarby nog geleef het oor 'n tydperk van 1 500 jaar, dan moet die handboek buitengewoon duidelik wees in sy boodskap, kragtig wees in die uitwerking op sy leser en universeel van toepassing. Die Bybel staan in hierdie opsig alleen tussen alle boeke wat nog ooit geskryf is.

### Uniek in sy Vertaling en Verspreiding

Die Bybel is een van die eerste groot boeke wat ooit vertaal is. Die Ou Testament is in die jaar 250 voor Christus in Grieks vertaal, beter bekend as die *Septuaginta* of LXX, omdat dit deur sewentig

Joodse taalkundiges te Alexandria vertaal is. Sedertdien is die Bybel in meer tale as enige ander boek ter wêreld óf vertaal, hervertaal of geparafraseer. Teen 1966 het die hele Bybel in 240 tale en dialekte die lig gesien en is een of meer hele boeke van die Bybel in 739 tale uitgegee, wat 'n totaal gee van 1 280 tale. Hierdie werk is deur 3 000 vertalers tussen 1950 en 1960 voltooi. Dit duur steeds daagliks voort.

Watter ander boek kom enigsins ná aan hierdie prestasie. Met reg sou iemand kon vra waarom enigiemand die moeite sou doen om 'n boek van meer as 1 000 bladsy op so 'n wyse en by herhaling te vertaal as dit maar net nog 'n boek sou wees wat dalk op jou rak hoort. Selfs die geharde skeptikus sal moet toegee dat sulke feite hom iets moet vertel van die universele waarde van die inhoud daarvan.

**Bybelgenootskappe** het syfers voorsien wat daarop dui dat hulle meer as 400 000 000 Bybels voor die jaar 1804 versprei het, en hierdie syfer het dramaties tot 1 330 213 815 geklim tot en met 1932. 'n Verdere 330 000 000 is tot 1966 aan hierdie totaal toegevoeg. Die jongste syfers wat ek van ons eie Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap kon bekom is dat hulle tot die jaar 2004 meer as 2,156 miljoen Bybels gedruk het, *buiten dié van ander instansies.*

Die Bybel word deur meer mense as enige ander boek wat nog ooit verskyn het, gelees. Die *Cambrifge History of the Bible* verklaar dat: “no other book has known anything approaching this constant circulation.”

**Uniek in sy Oorlewing**

Die Bybel, vergeleke met enige ander historiese dokument of geskrif, beskik oor meer afskrifte as enige tien klassieke boeke saam. En dit ten spyte van die verganklike aard van die materiaal waarop dit geskryf was. In sy boek, *History and Christianity,* skryf John Warwick Montgommery soos volg:

> “To be sceptical of the resultant text of the New Testament books is to allow of all classical antiquity to slip into obscurity, for no documents of the ancient period are as well attested bibliographically as the New Testament” (p.29).

Voeg daarby wat die bekende teoloog, Bernard Ramm gesê het, naamlik dat:

> ”Jews preserved it [the Bible] as no other has ever been preserved. They kept tabs on every letter, syllable, word and paragraph. They had special classes of men within their culture whose sole duty was to preserve and transmit these documents with practically perfect fidelity – scribes, lawyers, Masoretes. Who ever counted the letters and syllables and words of Plato or Aristotle? Cicero or Seneca?” *(Protestant Christian Evidences*, pp.230, 231).

John W. Lea, in sy boek *The Greatest Book in the World,* maak die opmerking dat die teks van William Shakespeare se werke wat maar omtrent 300 jaar gelede geskryf is, meer onsekerhede en gekorumpeerde gedeeltes bevat as die Nuwe Testament wat reeds vir byna 2 000 jaar bestaan. Met slegs tussen ’n dosyn tot twintig uitsonderings, word elke teks daarvan onder geleerdes as ‘afgehandel’ beskou. Hierteenoor is daar meer as 100 gedeeltes in elk van Shakespeare se 37 werke wat nog steeds in dispuut is (p.56).

Die Bybel beklee hierdie posisie tussen ander boeke, nie alleen as gevolg van sy lang geskiedenis en populariteit nie, maar ook as gevolg van die magdom vyande wat dit op sy boodskap verenig het. Deur die geskiedenis heen, en selfs toe dele nog aan die skryf was, het mense probeer om dit te vernietig. Mense is selfs verbrand slegs omdat hulle dit *gelees* het, terwyl andere hierdie lot beleef het omdat hulle dit gewaag het om dit uit Latyn in leesbare Engels te vertaal en te versprei – soos William Tyndale. In sekere wêrelddele word die lees daarvan nog steeds verbied.

Waarom, sou met reg gevra kon word, is dit dan so? Sekerlik nie omdat dit ’n boek is met twyfelagtige morele standaarde wat mense aanhits om teen regerings en leiers te rebelleer nie. Trouens, dit word algemeen aanvaar dat die Bybel – meer as enige ander boek – ’n buitengewone hoë peil van moraliteit deurgaans openbaar. Elke deel daarvan moedig mense aan om *lojaal* teenoor mense in gesagsposisies te wees, hoe goddeloos hul ookal mag wees. Lees maar die talle gedetaileerd voorskrifte in ’n boek soos Deuteronomium om agter te kom dat die God van *hierdie* Boek sy volk aansê om vreemdelinge en armes met sorg in te sluit. Ek vra weer: waarom dan die venyn teen die Bybel?

Na my mening is dit slegs omdat dit wel die gesagvolle Woord van die ware God *is*, wat veroorsaak dat die mens in sy hunkering na totale selfstandigheid op elke punt sy bes doen om dit te diskrediteer. Gaan terug na die gesprek tussen Eva en die Verleier. Hy

vra: "*Het* God gesê?" Ons wêreld sê 'nee'. Al meer sogenaamde teoloë sê óók 'nee', want dáárdie sê van God het kwansuis niks meer met *ons* te make nie. Selfs ons eie kweekskole sê vandag 'dis mites!'

Die histories-bekende Voltaire het die mening uitgespreek dat die Bybel binne 100 jaar ná sy leeftyd (oorlede in 1778) van die tafel afgevee sou wees en slegs as nota in die annale van die geskiedenis opgeteken sou staan. Die half komiese en ironiese van sy uitlating is dat die Geneefse Bybelgenootskap vyftig jaar ná sy dood nie net sy woonhuis as drukkery gebruik het om stapels Bybels uit te gee nie, maar ook sy eie drukpers daarvoor ingespan het. Voor sy tyd was dit Dioclesianus wat in die jaar 303 ná Christus 'n edik uitgevaardig het om Christene daarvan te weerhou om te aanbid en dat hul Bybels verbrand moes word. Nie net kerke moes afgebrand word nie, maar bybelgelowiges in hoë posisies sou hul siviele regte kwyt wees terwyl hul huishoudings hul vryheid sou verloor. Weereens, die ironie van sy edik was dat Constantyn, wat Dioclesianus opgevolg het, volgens Eusebius, vyf-en twintig jaar later opdrag gegee het dat 50 kopieë van die Bybel op staatskoste gedruk moes word.

Bostaande bewys nie dat die Bybel die Woord van God is nie, maar wel dat dit onder boeke alleen staan. *Enige persoon wat die Bybel sonder 'n grondige bestudering verwerp, demonstreer 'n jammerlike vooroordeel wat, volgens die woorde van die Bybel self, konsekwensies inhou wat nie geringskat behoort te word nie.*

**Kritiek op die Bybel het ook nie agtergebly nie.**

Toe die Franse troonbekleër die Bybel wou vernietig het 'n wysgeer aan hom gesê dat so 'n optrede nutteloos sou wees:

> "…the hammers of infidels have been pecking away at this book for ages, but the hammers are worn out, and the anvil still endures. If this book had not been the book of God, men would have destroyed it long ago. Emperors and popes, kings and priests, princes and rulers have all tried their hand at it; they die and the book still lives" (J.W. Lea, ditto, n.p. 1929).

Dr. Bernard Ramm voeg by:

> "No other book has been so chopped, knived, sifted, scrutinized and villified. What book on philosophy or religion or

> psychology…has been subject to such a mass attack as the Bible? with such venom and scepticism? with such thoroughness and erudition? upon every chapter, line and tenet?" (kyk *Protestant Christian Evidences,* pp. 232,233.)

In die eerste hoofstuk van hierdie skrywe is reeds na die tragiese versnippering van veral die Ou Testament deur teoloë van ons NG Kerk verwys, beide in boeke en in Kweekskole. Gewoonlik is dit die produk van die sogenaamde *Hoër Kritiek* wat uit die teorieë van Graf en Wellhausen voortspruit. Vele ander twyfelvrae word amper by die dag toegevoeg hoofsaaklik, soos ek dit ontleed, omdat die akademie van elke bybelwetenskaplike *eis* dat hy gedurig 'nuwe' gesigspunte sal voortbring. "*Publish or die"* is die bekende spreuk. Maar, vir elke sodanige aanval op die integriteit van die Bybel, is daar ander kenners wat dit manhaftig verdedig en met navorsingsresultate weerlê.

Hierdie proses sal voortgaan, want die geleerdheid sonder die geloof in die onwrikbaarheid van die Woord weier om gestuit te word. Dit is, per slot van rekening, nie 'n saak van *bewese* onwaarhede of tekortkominge nie, maar die uitdra van 'n voorveronderstelling *dat* die Bybel foutief is. Hierdie saak word in hoofstuk 17 verder in oënskou geneem.

**Uniek in sy leering**

**Profesie.** Watter ander boek kan met die Bybel vergelyk word rakende profetiese uitsprake, veral wanneer daar letterlik honderde bewyse is van profesieë wat bewaarheid geword het? Sekerlik is dit 'n onomstootlike bewys van outentiekheid as daar nog ooit een was! Maar, weereens, die kritici staan met 'n antwoord gereed. Hulle 'bewys' eenvoudig dat die betrokke gedeeltes ná die voorspelde datum toegevoeg is, want wonderwerke en voorspellings is mos onwetenskaplik en onhaalbaar. Daarom *moet* daar 'n ánder verklaring voor wees – en, soos altyd – word een gevind, buig of bars!

Geen ander boek uit die gryse verlede onder die son het so 'n magdom voorspellings omtrent die toekoms van koninkryke, volkere, stede, of die koms van 'n Messias soos wat die Bybel aanbied nie. Daar bestaan, byvoorbeeld, geen Islamitiese geskrifte wat die koms van Mohammed honderde jare voor sy koms voorspel het nie.

(Algemene nota: Josh Mc Dowell se uitstaande werk, *Evidence That Demands a Verdict,* Dele 1 & 2 Is boeke wat ek dikwels raadpleeg wanneer dit om sake rondom die Skrif gaan. Ek beveel dit met groot vrymoedigheid aan as 'n suiwere en betroubare bron oor die Bybel se oorsprong en inhoud. *Dit is so pas by CUM in Afrikaans beskikbaar – Mei 2005.)*

**Geskiedenis.** Vanaf 1 Samuel tot en met 2 Kronieke se laaste hoofstuk staan die geskiedenis van Israel opgeteken wat oor 'n tydperk van vyf eeue strek. Die *Cambridge Ancient History* (Vol.1, p.222) sê:

> "The Israelites certainly manifest a genius for historical construction, and the Old Testament embodies the oldest history writing extant."

Rakende hierdie geskiedenis verklaar Professor Albright, internasionaal erkende gesaghebbende argeoloog in sy essay, *The Biblical Period* die volgende soos deur my vertaal:

"Hebreeuse nasionale tradisie munt bo alle ander uit in sy heldere weergawe van familie oorspronge. In Egipte en Babilon, in Assirië en Phoenisië, in Griekeland en Rome, soek ons tevergeefs na enigiets gelykstaande. Daar bestaan niks vergelykbaar onder die Germaanse volkere se werke nie. Nóg Indië nóg Sjina kan enigiets wat daaraan gelyk is produseer nie aangesien hul vroegste historiese geskrifte uit literêre opnames bestaan met verwronge 'dinastieke' tradisies, sonder enige teken van die veewagter of landbouer agter die afgod (*demigod)* of koning waarmee hul rekords begin nie. Ook in die oudste "*Indic*" historiese geskrifte (die *Puranas*), of die vroegste historiese werke uit Griekeland is daar enige aanduiding van die feit dat beide die Indo-Aryaners en die Heleniste swerwers was wat later na hul eie en afsonderlike vestings geïmigreer het nie. Die Assiriërs onthou wel vaagweg dat hul vroegste heersers – wie se name hul onthou – tentbewoners was, maar niks omtrent enige detail van hul werke nie. Ook waarvandaan hulle gekom het is lank reeds in die vergetelheid verborge."

Hy lewer verder kommentaar op die Geslagsregisters van Genesis 10 wat hy as "*astonishingly accurate*" tipeer. Hy skryf soos volg daaroor:

> "Dit staan absoluut alleen in antieke literatuur sonder die geringste parallel, selfs onder die Grieke…Dit openbaar sul-

> ke merkwaardige 'moderne' begrippe rondom etniese en linguistiese situasies in die moderne wêreld, ten spyte van al die kompleksIteite, dat geleerdes nooit ophou om beïndruk te wees met die outeur se kennis van die onderwerp nie" ( W. F. Albright in sy *Rescent Discoveries in Bible Lands*, p. 70).

Die byna daaglikse geringskatting van die Bybel as geskiedkundig-betroubare dokument in die media en intellektuële gesprekke is aan die orde van die dag. Die gemak waarmee die Bybel se gedokumenteerde geskiedenis afgemaak word, openbaar weereens die geweldige vooroordeel wat daar onder mense heers. Dit is byna onmoontlik om met vele mense 'n gesprek in hierdie verband te voer sonder dat na jou gekyk word asof jy van jou sinne beroof is.

Dit is die tragedie van alle tragedies dat die meeste van ons huidige teoloë en sinodes daarmee help om die geskiedkundige en wetenskaplike akkuraatheid van die Bybel te ondergrawe. **Die slopers van die betroubaarheid van die Bybel is nie *buite* ons kerk nie, maar binne!**

**Geen sondelose helde**

Te oordeel aan artikels wat in glanstydskrifte te lees is oor ons moderne 'helde', is daar nie juis geraamtes in hul kaste nie. In elk geval, nie totdat hulle skielik dood neerslaan as gevolg van die noodwendige gevolge van 'n promiskue lewensstyl nie. Van alle boeke is die Bybel beslis nie so nie. Ene Lewis Chafer, verwysend hierna, raak die volgende daaroor kwyt:

**"The Bible is not such a book a man would write if he could, or could write if he would."**

Die mees onverwagte mededelings kom daarin voor – soos die sondes van vele van sy grootste helde. Moses, wat as die nederigste mens op die hele aarde beskryf is, word as gevolg van 'n enkele onnadenkende handeling die *Beloofde Land* ontsê. Sy sonde word pertinent genoem. Simson se optrede openbaar meer skete as aanprysenswaardighede. Dawid, met al sy besonderse hoedanighede en prestasies (die "man na God's hart", onthou!), vou onder die druk van sy warmbloedigheid en reël 'n 'toevallige' moord op Batseba se man om haar in die hande te kry. Petrus, nadat hy sy ontwyfelbare trou aan Jesus gesweer het verloën Hom teenoor 'n *dogtertjie* wat hul verbintenis ewe onskuldig blootstel.

En so sou ek kon voortgaan. Dwarsdeur die Bybel het 'n mens te make met hierdie soort amperse naïewe eerlikheid. Geen doekies word omgedraai nie, want dit moet gesê word soos dit is – volkome transparant!

**Uniek in sy invloed op ander skrywers en boeke**

Etlike jare gelede het 'n Engelse skrywer gesê dat, al sou alle Bybels skielik van die aardbol verdwyn, dit moontlik sou wees om bykans die volle inhoud daarvan uit aanhalings in ander boeke te versamel. 'n Besoek aan 'n stadsbiblioteek of twee sou waarskynlik voldoende wees.

Die historikus, Philip Schaff, in sy boek *The Person of Christ,* beskryf op treffende wyse die impak wat Christus op die wêreld gehad het. Sonder die Nuwe Testament sou hy egter dit ook nie kon gedoen het nie. Hy skryf:

> "This Jesus of Nazareth, without money and arms, conqoured more millions than Alexander, Caesar, Mohammed, and Napoleon; without science and learning, He shed more light on things human and divine than all philosophers and scholars combined; without the eloquence of schools, He spoke such words of life as were never spoken before or since, and produced effects which lie beyond the reach of orator or poet; without writing a single line, He set more pens in motion, and furnished themes for more sermons, orations, discussions, learned volumes, works of art, and songs of praise than the whole army of great men of ancient and modern times."

In ons dag is ons dikwels geneig om te ly aan 'n gebrek aan nadenke omtrent soveel dinge in die wêreld rondom ons, miskien juis as gevolg van die magdom beskikbare inligting via die internet en ander media. Daar is eenvoudig te min tyd om alles te lees, selfs alles wat op ons *e.pos*-skerms verskyn. Tyd vir nadenke word gevolglik byna as 'n luukse beskou. Wat hierop volg is miskien een van die aspekte rakende die Bybel wat nooit, of selde, by ons opkom. Ek verwerk en vertaal 'n uitlating van die skrywer, Bernard Ramm na wie ek reeds verwys het:

> "Vanaf die tyd van die Apostoliese Vaders wat tot 95 n.C. terug dateer, vloei daar 'n onophoudelike stroom literêre werke wat deur die Bybel geïnspireer is – Bybel-woordeboeke, Bybel-ensiklopedieë, Bybel-atlasse en boeke oor

> Bybelse geografie. Dit is maar die begin. Dan volg daar 'n ontelbare hoeveelheid teologiese werke, boeke oor godsdiens-onderrig, werke oor sending, bybelse tale, kerkgeskiedenis, biografieë van groot bybelstudente, kommentare, boeke oor godsdiensfilosofie, boeke oor geestelike groei, apologetika, kerkmusiek en so meer. Daar is 'n nimmereindigende stroom wat letterlik by die dag groter word."

Met so 'n gewig van materiaal wat deur die eeue die lig gesien het wonder 'n mens net hoe die ateïs, die Marxis, die evolusionis en die aanhanger van ander godsdienste hierdie getuienis doodleef en ignoreer. Die resep vir oorlewing is sekerlik om te maak asof 'n boek soos die Bybel nie bestaan nie. Daar is natuulik 'n prys wat daarvoor betaal word, maar dit sal eers ontdek word wanneer dit heeltemal te laat is.

**Enige *intelligente* persoon skuld dit aan homself om van die *een* boek wat meer aandag deur die eeue getrek het as enige ander, kennis te neem. Dit wil sê, *indien hy of sy 'n soeker is na die waarheid!***

En dan openbaar die Bybel nog Christus self wat deur die bladsye van die NT ondubbelsinnig verklaar word as God in die vlees. By verre die hoogste prys wat enigiemand kan bring ter wille van ander is die eie lewe. Dit het Hy op grusame wyse gedoen – vir elkeen wat sy offer tot die versoening van sondes aannee m.

**FILOSOOF C.E.M. JOAD, AAN DIE EINDE VAN SY LEWE**

"It is because…the religious view of the universe [in its Christian version] seems to me to cover more of the facts of experience than any other that I have been gradually led to embrace it…" C.E.M. Joad, filosoof, in sy boek, *The Recovery of Belief.*

**FRANCIS SCHAEFFER OOR DIE ANTWOORDE WAT DIE BYBEL AAN DIE WêRELD GEE**

"But the Bible is clear: there is a moral law of the universe. And that basic law is the character of God Himself. There is no law behind God that binds God. Rather God Himself is the law because He is not a contentless [inhoudlose] God but a God with a character. His character *is* the law of the universe. When He reveals this character to us in verbalized, propositional form, we have the commands of God for men. Thus there are absolutes and categories; the law which God has revealed and which is based upon His character is final. This is the Biblical position…For in contrast to left-wing or right-wing totalitarianism with its changing arbitrary absolutes and in contrast to modern mans relativistic chaos, the Bible's teaching alone gives moral answers to men." Francis Schaeffer, in sy boek, *Death in the City,* p.82.

**'N NEW YORKSE PROKUREUR OOR DIE BYBEL SE INVLOED**

"As ons maar net van die gesag van die Bybel ontslae kon gewees het sou die mens sy lank-gekoesterde ideaal van absolute onafhanklikheid, wat die ekwiwalent van totale wetteloosheid is, kon bereik het.

Die ideale toestand van demokrasie kan die akkuraatste as "wetteloosheid" beskryf word, want dit is duidelik dat 'n samelewing wat onder geen *ander* beperking verkeer as dié wat hy homself oplê in effek geen beperking *het* nie. Om hierdie toestand te bereik is dit die doel van die samelewing waarin ons leef om met toepaslike subtiliteit die aanval teen die gesag van Bybel daarvolgens te loods.

Die Bybel, nieteenstaande, vanwee sy aanspraak op die gewetens van die minderheid, oefen 'n magtige weerhoudende invloed op die samelewing as geheel uit. Dit is teen diesulkes wat die vyande van die waarheid met alle mag werk om hul invloed uit te wis". Phillip Mauro, 1905.

## Hoofstuk16: DIE BYBEL SE HISTORIESE BETROUBAARHEID

Op een van my boekrakke staan twee boeke deur 'n argeoloog geskryf: *A Test of Time* is die eerste waarvan die onderskrif lui, *The Bible From Myth to History.* Die tweede is: *Legend: Genesis of Civilization,* wat 'n jaar of vyf ná die eerste een verskyn het. Sy naam is dr. David Rohl, en, anders as wat verwag sou word is hy nie 'n Christen-gelowige nie.

As eersteling van 'n nuwe geslag argeoloë het Rohl die datums en tydperke van die *Konvensionele Chronologie* wat in argeologiese kringe gebruik word nie net bevraagteken nie, maar verkeerd bewys. Genoemde chronologie lê ten grondslag van die verwronge datums wat wêreldwyd tot hiertoe geglo en gehandhaaf word, wat ook veroorsaak het dat die Bybel se Ou- Testamentiese gebeure deur akademici (ons eie teoloë inkluis) as mite beskryf en beskou is. Met ander woorde: **hy het die *Bybelse Chronologie* in ere herstel, slegs omdat sy uitgebreide navorsing in Egipte en Mesopotamië dit onomstootlik as waarheid bewys.** Toe ek die eerste van hierdie boeke aan 'n Bybelwetenskaplike aan die Stellenbosse Kweekskool wys het hy geen belangstelling daarin getoon nie. My gewaarwording? : *Don't confuse me with the facts.*

Dit loon die moeite om 'n vinnige opname van die stand van sake omtrent historiese dokumente soos hulle met die Bybel vergelyk, te maak. Met behulp van Mc Dowell se werk, *Evidence That Demands a Verdict,* reeds na verwys, en prof. Robert Dick Wilson se boek, *A Scientific Investigation of the Old Testament* , verskaf ek die volgende inligting:

### Die Nuwe Testament

Daar bestaan meer as 5 300 Griekse manuskripte van die Nuwe Testament, 10 000 van die Latynse *Vulgaat,* en minstens 9 300 ander vroeë eksemplare, wat 'n totaal gee van meer as 24 000 manuskripte van die hele, of gedeeltes van, die Nuwe Testament (NT). Geen ander ou dokument kom daar naby nie. Van Homerus se *Illiad,* byvoorbeeld, is daar 643 manuskripte wat uit die 13de eeu dateer, terwyl die NT se manuskripte, wat in die laaste deel van die eerste eeu geskryf is, uit die jare tussen 250 en 300 jaar daarna, dateer. Van alle bestaande manuskripte van enige oor-sprong is dit by verre die *kleinste gaping* tussen die skryf-datum en die dokument se datum.

Neem as voorbeeld die sewe toneelstukke van **Sophokles:** daar word geglo dat die bestaande afskrifte daarvan akkuraat is, maar **die vroegste substansiële manuskrip is meer as 1 400 jaar *na* die dood van die skrywer oorgeskryf.**

Kenyon, gewese hoofbibliotekaris van die *Britse Museum* en kenner van manuskripte as sodanig, was bereid om soos volg te verklaar: "Both the authenticity and the general integrity of the books of the New Testament may be regarded as finally established."

Mc Dowell verskaf die volgende insiggewende tabel wat sy eie verhaal vertel:

| Skrywer | Wanneer geskryf | Vroegste Afskryf | Tydspan tussen-in | HOEVEEL kopieë |
|---|---|---|---|---|
| Caesar | 100-44 v.C. | 900 n.C. | 1 000 jr. | 10 |
| Plato (Tetralogieë) | 427-347 v.C. | 900 n.C. | 1 200 jr. | 20 |
| Tacitus (Annale) | 100 n.C. | 1 100 n.C. | 1 000 jr. | 20 |
| Pliny die Jonger | 61-113 n.C. | 850 n.C. | 750 jr. | 7 |
| Herodotus (Geskied) | 480-425 v.C. | 900 n.C. | 1 300 jr. | 8 |
| Sophokles | 496-406 v.C. | 1 000 n.C. | 1 400 jr. | 193 |
| Euripides | 480-406 v.C. | 1 100 n.C. | 1 500 jr. | 9 |
| Aristoteles | 384-322 v.C. | 1 100 n.C. | 1 400 jr. | 49 |
| Aristophanus | 450-385 v.C. | 900 n.C. | 1 200 jr. | 10 |

Wanneer bostaande syfers en tye met die Nuwe Testament vergelyk word *is* daar geen vergelyking nie. Die wêreldbekende teoloog,

F.F. Bruce, sê hierop: "there is no body of ancient literature in the world which enjoys such a wealth of good textual attestation as the New Testament."

Die heel beste van alle manuskripte om met die Nuwe Testament te vergelyk is Homerus *se Illiad.* Net gedeeltes van 40 reëls van die NT word nog bevraagteken (t.o.v. korrektheid in kleinighede en nie lering nie), terwyl dit van 746 reëls van die *Illiad* waar is. *Wie bevraagteken ooit die Illiad? Wie bevraagteken Caesar? Wie bevraagteken Plato? Soiets word nooit eens genoem nie.*

**Maar wie bevraagteken die Bybel?** *Wel, hieraan is daar geen einde nie. Ek weet van geen ander boek op aarde wat met soveel venyn deur mense gediskrediteer word met, dikwels, die minimum van kennis en maksimum vooroordeel nie.*

**Die Ou Testament**

Vele skeptici sal in hierdie stadium wil sê: nou is jy in verband met die OT in 'n hoek vasgeverf. Probeer daaruit kom!

Wel, tot 1947 het die oudste Hebreeuse manuskrip van die OT rondom 900 jaar n.C. gedateer. Dit het beteken dat die tydgaping tussen skryfdatum en gebeure wat beskryf word, 1 300 jaar was – soveel as die meeste sekulêre dokumente hierbo genoem. Toe volg wat beskryf kan word as een van die waardevolste ontdekkings in die geskiedenis van argeologie. Ek verwys na die toevallige ontdekking deur 'n skaapwagter van die *Dooie See Boekrolle* aan dié see se Wesoewer.

Maar eers 'n woord omtrent die **Talmudiste** wat tussen die jare 100 tot 500 n.C. geweldig baie tyd spandeer het om die Hebreeuse siviele en kanonieke wette te katalogiseer. Ene Samuel Davidson in sy insiggewende boek *Hebrew Text of the New Testament,* verwys na 17 voorvereistes waaraan elke kopieerder van manuskripte moes voldoen (p.89). Behalwe dat hy gewas moes wees, was daar voorgeskrewe kleredrag; was elke moontlike detail uitgespel van: boekrollengte, rolhoogte, aantal reëls per kolom, aantal letter per reël, breedte van spasies tussen letters of woorde, die leer waarop geskryf is moes vooraf belyn gewees het, en nie die minste nie – as hy besig was om God se naam te skryf, moes hy nie opkyk as selfs die koning hom sou aanspreek nie. Enige boekrol wat selfs in *een* opsig nie aan al die vereistes voldoen het nie is óf begrawe, opgeskeur of verbrand. Kenners is dit eens dat

*geen ander volk se manuskripte met dieselfde sorg en akkuraatheid oorgeskryf is nie.*

Tussen die talle boeke wat die *Dooie See Rolle* verteenwoordig, was daar twee kopieë van die OT boek Jesaja wat in die *Qumran*-grot 1 ontdek is. Toe kenners boekrol met boekrol vergelyk wat 1 000 jaar later gekopieër was, is ontdek dat vir 95% hulle presies dieselfde was, terwyl die verskille duidelik slegs spelling of 'n oorskryfglips verteenwoordig het. Daar was geen leerstellige verskille nie. Sir Frederick Kenyon sê dat die gebrek aan massas werklike ou dokumente is te wyt aan die feit dat, wanneer 'n nuwe afskrif gemaak word, die oue gewoonlik vernietig is - so seker was hulle oor die korrektheid van die pas voltooide een. Trouens, hulle het die jonger een as *beter* beskou, juis omdat dit nie al aan slytasie blootgestel was nie.

**Die Masoretiese Tydsvak: 500-900 n.C.**

Die Masorete wat aan die standardisasie van manuskripte gewerk het se hoofkwartiere was in Tiberias. Die produk van die redaksionele werk aan Ou Testamentiese manuskripte wat hulle verrig het staan bekend as die *Masoretiese Teks*. Hulle was vir die byvoeging van klinkers tot die oorspronklike teks verantwoordelik aangesien vroeër dokumente geen klinkers bevat het nie. Hierdie proses sou die korrekte uitspraak verseker. Vandag se Hebreeuse teks is die vrug van die werk wat deur die Masorete verrig is.

Die werksmetodes van die Masorete was van die noukeurigste denkbaar. Hulle het selfs so ver gegaan as om berekeninge te doen om die middel letter en die middelwoord van die *Pentateug* en die hele Hebreeuse Ou Testament te bepaal. Elke Bybelboek se verse, woorde en letters is noukeurig getel. Dit kan voorwaar van hulle gesê word dat *elke jota en tittel* vir hulle van die uiterste belang was. Josefus beaam dat niemand dit sou waag om selfs 'n enkele lettergreep van die teks te verander nie, want dit was God se woorde. Hulle was bereid om eerder te sterf as om hulle aan soiets skuldig te maak. Hy sê verder: "What Greek would endure as much for the same cause?…For the Greeks the [entire collection of his nations writings] are mere stories improvised according to the fancy of their authors…" (kyk Josephus, *Complete Works.* P.181). Hy vertel dat dit vir hulle geen probleem was om situasies te beskryf waar hulle self nie eens teenwoordig was nie.

Die briljante professor Robert Dick Wilson, voorheen van Princeton en medestigter van die *Westminster Theological Seminary* in die VSA was 26 Midde-Oosterse tale magtig, en het Egiptiese, Assiriese, Moabitiese en Mesopotamiese name in hul manuskripte met die Hebreeuse vertalings daarvan, vergelyk. Hy ontdek dat vir 2 300 tot 3 900 jaar die eiename van die Ou Testamentiese tydperk in die fynste besonderhede korrek vertaal is.

Hy sê verder, "that the Hebrew text should have been transmitted by copyists through so many centuries is a phenomenon unequalled in the history of literature" (Kyk sy boek, *A Scientific Investigation of the Old Testsament*, p.82). 'n Paar bladsye verder (p.85), sê hy dat, omdat die name van die [veertig Babiloniese en ander] konings almal korrek weergegee word, bevestig dit die aanname dat die NT outeur die oorspronklike dokumente onder oë gehad het, en gevolglik dat al die ander detail oor hul dade en uitinge ewe akkuraat is. Dit dek 'n tydperk van 1 600 jaar tot die jaar 400 v.C., en die merkwaardige daarvan is dat al die name in hul korrekte volgorde verskyn. Daar kan, volgens hom, geen sterker bewys van die betroubaarheid van die Ou Testamentiese geskiedenis wees as juis die versameling name van voorgenoemde konings nie.

Op bladsy 87 som Wilson die situasie op in die woorde:

> *"When we consider that there are nine distinct lines of kings in the countries mentioned, and that there are several hundred kings in all, and the length of the reigns of the kings could be determined only from the most accurate records, the chance of anyone who did not have direct access to reliable sources to get a record as exact as that preserved for us in the Hebrew Scriptures, would be so small that no mathematician on earth could calculate it."*

Dit is fassinerend om Wilson se boek te lees, want, hier is 'n man wat vir die 30 jaar (nadat hy die magdom betrokke tale van die Midde-Ooste in die vorige 15 jaar bemeester het) hom gewy het aan die lees van weergawes of oorspronklike dokumente uit al die skatte wat op tienduisende klei tablette in museums weggebêre lê. Hoe verder hy gelees en vergelyk het, hoe meer het hy bewus geword van die buitengewone akkuraatheid van die Hebreeuse teks. Hy het 100 000 aanhalings uit hierdie dokumente versamel om basiese feite te illustreer wat die akkuraatheid van die Bybel bevestig. Ek gaan in die volgende twee paragrawe slegs 'n paar

voorbeelde noem van waar Wilson die kritici, soos Julius Well-hausen en ander, aangevat en hul argumente weerlê het.

**Die Datums van Esra, Nehemia en Kronieke.**

Die kritici beweer dat hierdie drie boeke in die omgewing van 300 v.C. geskryf is. Die begronding van hul bewering is dat hulle die uitdrukking “Koning van Persië” gebruik het wat ‘onnodig en teen alle kontemporêre gebruike’ was. Wilson het toe ’n massa aanhalings en verwysings uit Babiloniese, Persiese, Susanese en Egiptiese bronne versamel wat daarop dui dat, sedert 400 v.C. tot Augustus van die jaar 14 n.C., 'dit die gebruik was om te alle tye, in alle tale en koninkryke titels soos voorgenoemde te gebruik, en dat daardie spesifieke titel deur Nabunaid van Babilonië gebruik is toe hy in 546 v.C. na koning Kores, sewe jaar *voor* die naam in die Bybel genoem is, verwys het’. Hy bewys toe verder dat ‘die gewraakte uitdrukking deur agtien verskillende skrywers agt-en dertig keer in ses verskillende tale, tussen die jare 546-en 365 v.C., gebruik is’. Soveel vir die kritici se kennis! Toe Wilson gevra is hoekom Ewald, Wellhausen, Driver en Gray sulke valse aannames gemaak het was sy antwoord dat dit duidelik is dat hulle nooit verder as uit Griekse, Hebreeuse of Aramese bronne hul inligting gesoek het nie. Dalk was hulle nie daartoe instaat om wyer as dit te lees nie omdat hulle die grondtale nie geken het nie.

**In Genesis 14** word na Abraham se ekspedisie om koning Kedor-Laomer te verslaan, verwys. (Ek stel voor dat die leser ’n Bybel gaan haal om die eerste 17 verse van die hoofstuk te lees, want behalwe vir enige ander oorwegings lees dit soos ware geskiedenis vanaf die eerste vers. Om die waarheid te sê, ek kan my kwalik ’n geskiedskrywer voorstel wat in meer (onnodige?) detail sou skryf om ’n besondere geleentheid te beskryf nie. Eintlik is die *hele* Bybel so geskryf. Mens moet die Bybel vanaf Genesis 1 op onbevange wyse begin lees om te besef hoeveel detail gegee word, veral in Ou-Testamentiese vertellings. Die punt hier is: *It rings true!)*

Die Duitse kritikus, Wellhausen het die betrokke gedeelte in Ge--nesis 14 gelees en, vir watter rede ookal, besluit om die relaas as ‘eenvoudig onmoontlik’ te bestempel. Wilson het toe bewys dat sulke ekspedisies in daardie tyd niks buitengewoons was nie en dat die name van die konings ook in die annale van die omliggende nasies opgeteken staan. **Hy vind ook dat Abraham se naam in sodanige literatuur so vroeg as 1 950 v.C. genoem word.**

Die kritici se weergawe het, sonder enige tasbare bewyse, gekonstateer dat: " 'n onbekende Joodse argeoloog (nie Moses nie), êrens tussen 900 – en 300 jaar v.C., die verhaal van Genesis 14 opgetower het as huldeblyk aan Abraham deur die name wat hy ontdek het daarin te gebruik". Hierdie kritiese omgaan met die Skrif is so tipies van enige van hul fabrikasies dat dit die moeite werd is om Wilson se woorde hier aan te haal, al is die gedeelte nogal lank:

> "Against the historical character of this narrative we have the assertion of Wellhausen and other critics of our times ( *only* about 4 000 years after the supposed expedition! ) that the expedition was "simply impossible", and that it is probable that the account may have been fabricated (or forged) by some person unknown, at some time unknown, in some way unknown, for reasons unknown. No one item of evidence in the way of time, place, logic, psychology, language, or customs, has been produced against the truthworthiness of the document. The *prima facie* evidence is supported by the circumstantial evidence. But a German professor says it is "simply impossible"; English followers echo "simply impossible," and the Americans echo again "simply impossible." **And this assertion of simply impossible is called an *"assured result of scientific criticism"!*** (kyk p.22 van sy boek hierbo genoem.)

In kontras met die verstommende akkuraatheid van die Ou – en Nuwe Testamente verwys Brian H. Edwards in sy boek, *Nothing but the Truth*, na **die geskrifte van 'n Egiptiese priester** rondom die jaar 280 v.C. Hy verskaf 140 name van konings van Egipte waavan *slegs 49 duidelik herkenbaar is* wanneer met relevante monumente se inskripsies vergelyk word. 'n Gelykwaardige voorbeeld is dié van **Ptolemeus,** die befaamde sterrekundige-geografikus van die tweede eeu n.C. Vir 13 eeue reeds is sy gevolgtrekkings op alle gebiede aanvaar, *maar die name van agtien konings van Babilon wat hy in sy werke gelys het, toon geen ooreenkoms met bestaande monumente se inskripsies nie* (kyk p.136). Ten spyte hiervan aanvaar kritici van die *Bybel* sonder huiwering dat *heidense* geskiedkundiges *altyd* korrek is wanneer van die Bybel verskil word. Tog merkwaardig!

**DIE VOORDEEL VAN DIE TWYFEL.**

Dit sou dwaas wees om te beweer dat daar nie met sekere gedeeltes van die Bybel probleme ondervind word nie. Soms kan die

kloutjie nie by die oor gebring word nie. Probleme is egter nie besware nie. Onopgeloste probleme is ook nie noodwendig foute nie. John W. Montgommery sê dat literêre kritici steeds die norm van Aristoteles moet toepas wat beteken dat die voordeel van die twyfel altyd tot voordeel van die dokument self moet wees en nie deur die kritikus toegeëien word nie.

'n Eeu gelede was daar 'n ellelange lys van probleme en vraagtekens rondom die Skrif, maar in die loop van die eeu is die meeste van hulle opgelos. Dit is nie my doel om hierdie saak nou in detail aan te spreek nie want daar bestaan boeke in Afrikaans hieroor, maar ook 'n hele aantal in Engels. Professor Verhoef hier van Stellenbosch het so 'n boek die lig laat sien, en ook dr. Willie Marais. Ek sou twee ander kon aanbeveel, naamlik: *Thy Word is Truth*, deur Edward J. Young en *The Battle for the Bible*, deur Harold Lindsell.

**DIE DOOD VAN DOGMA : PROF. ANTON VAN NIEKERK**

"Dit gaan baie moeilik wees om in ons tyd universele konsensus oor die boodskap v.d. Bybel te kry. Wie van die modernistiese mens verwag om alles wat in die Bybel staan letterlik op te neem, is om van ons te verwag om ons intellek te kruisig." So skryf prof. Van Niekerk van die Filisofie Fakulteit v.d. Stellenbosse Universiteit in sy boek wat binnekort verskyn.

Ek dink nie dat van enigiemand gevra word om sy intellek te kruisig nie – juis *eerder* om dit te gebruik. Ek vermoed dat hy *nie* na Bybelgedeeltes verwys wat almal as poeties, beeldspraak of gelykenis erken nie, maar *wel* na die Skeppingsverhaal en dergelike meer. Indien ek sy punt reg interpreteer sou ek hom wou vra: Moet asseblief nie die Bybel, téén u eie waarskuwing, té serebraal benader nie, want die intellek kan jou parte speel. Ek, as Bybelgelowige, wat in die volle historisiteit v.d. Bybel glo, dóen dit met die *volle* gebruik van my intellek, maar ek laat nié toe dat die heersende humanisties-evolusionistiese en *vals* wêreldbeeld aan my dikteer wat ek as ware geskiedenis *in* die Bybel moet beskou, en wat nie. Want dán kruisig ek my intellek! Die 'gebou' van *ortopraksie* (u woord) wat u met reg benadruk, sal óf op die 'fondament' van die dryfsand van relativisme ineenstort, of op God se histories-gegronde Woord met sy onveranderlike norme en geskiedkundige waarhede bly staan. Of word 'n intellektuele mens verplig om sy verstand bó die geïnspireerde teks te plaas? PJP '05.

## Hoofstuk 17 DIE INSPIRASIE EN ONFEILBAARHEID VAN DIE BYBEL

Jesus is op pad na die fees van die tempelwyding en die Jode konfronteer Hom in die pilaargang van Salomo en sê: "As U die die Christus is, sê dit ronduit." Maar toe Hy later in die gesprek ronduit sê "Ek en die Vader is een" het hulle klippe opgetel om Hom te stenig. Hulle sê toe dat dit nie Sy goeie werke is waaroor hulle Hom wil stenig nie, maar omdat Hy Homself aan God gelykstel (kyk Joh. 10:33). En toe Hy Hom weereens verdedig en sê: "**Is daar nie in julle wet geskrywe:** …julle is gode nie?" sou mens dink Hy verwys hier na die *wet van Moses*, maar dit was nie so nie. Hy het Ps. 82:6 aangehaal! ***Met hierdie antwoord ken Hy in effek aan die hele Ou Testament 'n gesag toe*** **wat aan die wet gelyk is, en wat die Jode self as sodanig erken het**, en dan voeg Hy die volgende woorde by: "[dat] ***die Skrif nie gebreek kan word nie"*** (v35).

Christus se verwysing na 'n oënskynlike onbenullige paar woorde in 'n deel van die Ou Testament as '*die wet wat nie verbreek kan word nie'* maak dit duidelik dat Hy **elke woord** van die Ou Testament – in al sy dele –**as gesaghebbend, en dus Goddelik geïnspireer, beskou**. Volgens die Bybel verteenwoordig die konsep van inspirasie die volkome beheer van God se Heilige Gees oor die skrywers van die Skrif. *Die gevolg hiervan is dat die Skrif Goddelike gesag en betroubaarheid besit, en dus vry van dwaling of fout.*

Die gewone beswaar teen bostaande stelling is dat dit belaglik is om die gesag van die Bybel vanuit die Bybel self te bewys. Dit is wat dr Ben du Toit in sy boek , *God? Geloof in 'n Postmoderne Tyd* (p.68,85) beweer, en waarin hy ook sê dat die aanvaarde gereformeerde standpunt "ontdaan is van enige integriteit" (nogal kras!). **Maar, indien die Bybel nie betroubaar *is* wanneer dit van homself getuig nie, *hoe kan ons verwag dat dit betroubaar moet wees wanneer dit oor enigiets anders getuig?* In wese is dit dus 'n 'alles of niks' situasie. Dit staan elkeen vry om die risiko van die verwerping van die Bybel te loop, maar dan moet eers seker gemaak word dat sodanige verwerping op 'n vaste fondament staan. Een vir een, stukkie vir stukkie, moet elke leerstelling en elke verwysing na Christus as God en verlosser van sonde *verkeerd* bewys word. Daar moet bewys word dat**

**Jesus *nie* sondeloos was nie, maar ook dat Sy kruisdood en opstanding nie gebeur het nie. Die bewyslas is ontsaglik!**

Alle ander skeppingsverhale, alle ander ontsnaproetes uit die wurggreep van ons eie sondigheid, alle ander toekomsblikke op die hiernamaals verteenwoordig maar 'n onkapabele en onoortuigende stel wensdrome wat nie met die Bybel te vergelyk is nie. Dit is waar: "die Bybel is skerper as enige tweesnydende swaard…" Daarin alleen sien ek myself vir wat ek is in aansyn van 'n heilige God en skepper wat Homself deur sy Woord en in die vlees bekend gemaak het.

**Die omvang van die Inspirasie van die Skrif**

Om 'n vervalste muntstuk of noot te kan uitken moet jy weet hoe die ware jakob daaruit sien. In die onderstaande argumentvoering kyk ons dus eers na die verslag oor Skrifinspirasie. Jammer om te moet sê: kennis in ons tyd en in ons Kerk oor wat die Skrif oor homself te sê het verkeer op 'n pateties-lae vlak.

Ons Kerk staan vandag, soos dr. Lourens Erasmus van Welkom-Wes in die *Volksblad* na afloop van die Hartenbos-sinode gesê het, *op die tweesprong.*

Geniet die Woord van God voorkeur in ons lewens en denke of sal ons – soos deesdae al meer die geval is – ons eerder na die woorde van mense wend? *Mense* verklaar deesdae die betekenis van die Bybel in plaas daarvan dat die Bybel sy eie verklaarder is, soos ons kerk vroeër gedoen het.

Die tweede brief aan Timoteus se derde hoofstuk en 16de vers sê: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid…" Dis 'n baie bekende vers, maar is daar geen ander? Ja, ons gaan terug na Deut.18:18 waar God sê*:* "'n Profeet sal Ek vir hulle verwek…en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal sê alles wat Ek Hom beveel" (OAV).

In die Ou Testament staan daar meer as 2 500 maal "en God het gesê" (of gelykstaande woorde). Mens moet voorwaar blind wees om nie agter te kom wat die bedoeling van die Bybel in hierdie verband is nie. Hier is dus sprake van die openbaring van God se denke; maar beteken dit dat die *woorde* ook geïnspireer is, en daarom onfeilbaar?

Jeremia 1:9b kom ons hier te hulp waar hy onder inspirasie sê:" *… Hiermee lê Ek my woord in jou mond."* Uit die gedeelte wat volg is dit duidelik dat Jeremia *weet* die woorde is geïnspireer. Die *spesifieke woorde* kom uit *God* se mond, en Jeremia word nie die luukse toegelaat om daarop uit te wy, óf in sy eie woorde te verwerk nie. *Presies die woorde soos gegee,* moet geuiter word. In latere gedeeltes staan daar dikwels "so spreek die Here…", en weereens is dit duidelik dat die *juiste woorde Sy* woorde is, en nie net 'n opsionele manier van sê nie. Argeologiese opgrawings getuig van die gebruik van hierdie formulering in daardie tydsgewrig waar tablette se aanhef dikwels aankondig: "So sê X of Y."

Hoe dikwels vind ons ook onder die profete die gebruik om, sonder waarskuwing, oor te gaan na skryf in die eerste persoon wanneer dit in werklikheid *God* is wat aan die woord is. Watter reg het hulle gehad om dit te doen?…tensy hulle *so* deur die Gees van God oorheers is dat die omskakeling heel natuurlik gekom het? Hier was geen misleiding nie – die profete, soos hul hoorders, was van die oorsprong van die boodskap intens bewus; ***woordeliks,*** **uit die 'mond' van God!**

Beaam Paulus nie hierdie gewaarwording wanneer hy aan die Tessalonisense skryf nie en sê: "…toe julle die woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as die woorde van mense nie, maar, soos dit werklik is, as die woord van *God*…?" (1 Tes. 2:13). Kan daar enige twyfel wees oor presies wat hier bedoel word? Is daar enige sprake hier dat God 'n 'stoomroller taktiek' gebruik het om sy woord op 'n onwillige Paulus af te dwing? Of was Paulus só deur die Heilge Gees se sê-krag oorweldig dat hy op ondubbelsinnige wyse kon sê presies wat hy hierbo gesê hét? *Ek glo dat Paulus – geen geringe intellektuele – ewe oortuig was dat God hom nie as instrument verby gegaan het nie, maar juis sy volle intellektuele potensiaal gebruik het om die woorde wat 'tevoorskyn' gekom het in waarheid te sien as komende van God!*

Uit die voorbeelde hierbo genoem volg die implikasie dat Bybelskrywers in absolute sin deur die Heilig Gees gedryf is om God se woorde van openbaring op onfeilbare, en sonder *enige* foute neer te pen, en dat dit die presiese woorde was wat God wou hê. Petrus sê in sy eerste brief (1:21) **dat "geen profesie is *ooit* deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek."** Let op die

woordjie ‘ooit’, want ooit beteken nooit! Mense se gedagtes was soos seile van ’n skip wat deur die Wind van die Gees voortgedryf is. Hulle het dit opgevang en as totaal geïnspireerd neergeskryf.

Vir my doel beeld die twee voorbeelde hierbo op afdoende wyse die algemene beginsel wat dwarsdeur die Bybel geld. Dit loon die moeite om in een jaar die hele Bybel deur te lees, slegs met die doel om hierdie kwessie van geïnspireerdheid uit te ken. Lesers wat egter ’n diepgaander diskussie oor die onderwerp verlang kan gerus die boeke, reeds genoem, naslaan.

Deur die eeue reeds aanvaar ons NGK die absolute onfeilbaarheid van die Skrif. Artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, wat minstens 450 jaar gelede geskryf is, bly nog steeds die grondslag van ons belydenis. Of moet ek (met leedwese) sê: so staan dit immers op papier! Die betrokke artikel 7 is reeds in ’n vorige hoofstuk aangehaal. Kyk gerus weer daarna.

**Die toetssteen.** Die uitsprake van elke teoloog, skrywer en predikant in ons kerk moet aan bogenoemde artikels van ons belydenisskrifte gemeet word. Indien hy (ook ‘sy’ deesdae) enige woord kwytraak wat met ons aanvaarde gereformeerde Bybel-beskouing en belydenisskrifte in botsing is, moet hy óf bedank óf sy saak d.m.v. ’n *gravamen* aan die sinode kom stel. Doen hy dit nie, en gaan hy voort met sy onbybelse uitsprake, is hy niks minder nie as ’n lafaard en oneerlike. Die tragiese van ons dag is dat, nie hulle wat vir die omverwerping van ons belydenisse staan gekasty word nie, maar wel hulle wat daarop aandring dat ons by ons belydenisse moet *bly.*

**Woordelikse inspirasie?** Ons ondersoek bring ons tot die gevolgtrekking dat daar slegs drie opsies vir die bybelleser oop is rakende die betroubaarheid van die Bybel: 1) Dat dit hoegenaamd nie betroubaar is nie, 2) dat dit slegs ten dele betroubaar is soos wanneer dit iets sê omtrent leerstellings, en so meer, en 3) dat dit in elke opsig, woordeliks, volkome betroubaar is. Die Engelse woord hiervoor is *inerrant,* en ons naaste gelyke is ‘onfeilbaar’. Ek sê met opset ‘bybelleser’, want die ‘gelowige’ in die verlede was nog altyd iemand wat elke woord geglo het. Christus koppel Deut.8:3 aan sy eie woorde wanneer Hy sê: “die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van *elke woord* wat deur die mond van God uitgaan” (Matt. 4:4). Sy bedoeling is seker duidelik genoeg, al rebelleer die moderne mens teen so ’n beperkte beskouing van die Skrif. So diepgaande is Christus se *committment* tot die

onveranderbaarheid van die Skrif dat Hy eerder die dood tegemoet gaan as dat Hy die Skrifwoorde omtrent Sy lyding sou verbreek (Matt.26:53,54).

Indien die Bybel in sy geheel 'n openbaring vanaf die Skepper-God is, dan moet dit akkuraat wees in alles wat dit sê. Ja, die Bybel is "God se Woord in mensetaal". Hoe anders? Maar party van ons teoloë gebruik hierdie uitdrukking om juis die teendeel te bewys, naamkik, dat dit eintlik mensewoorde *alleen* is. Om terug te kom na die argument: Indien die Bybel *nie* in elke opsig en elke woord die waarheid is nie, dan het ons 'n probleem. Want die Bybel is ons enigste bron van inligting oor die skepping, die val van die mens, die Drie-eenheid, die sondeversoening, die opstanding, die ewige lewe en die wederkoms! Daarsonder het ons slegs mense-opinies, soos die evolusie-geloof wat aan ons voorgehou word as ontstaanswaarheid.

Presies hier moet ons dus op ons hoede wees, want ons moenie die kar voor die perde inspan nie. Die onverruilbare uitgangspunt is dat God se woord die aller-waarheid is. Ons moet uitvind wat die *presiese* bedoeling was (dis *ware* bybelwetenskap) van elke woord in die Bybel, in die oorspronklike taal. Die enge en ware betekenis van woorde is hier van die uiterste belang. Met so 'n benadering sal ons van teorieë wat op die Skrif afgedwing word, gevrywaar wees – weereens – soos evolusie! Dus, wat die Skrif sê, *sê* dit; en wat dit *nie sê nie, sê dit nie* – klaar! Geen teoloog moet dus kom sê – soos prof. Willie Jonker in drie artikels in die Kerkbode in Desember 1996– 'dat ons in die lig van die *wetenskap* meer genuanseerd na die Bybel moet kyk' nie. Wetenskap het in elk geval niks oor skepping te sê nie, want dis voor-wetenskaplik. Onthou, wetenskap werk slegs met eksperimenteerbare en toetsbare materiaal, en niks meer nie! Wetenskap kan op die meeste vir ons help om die detail van wat die Skrif *wel* sê, beter te verstaan.

Nou goed – ek weet wat die volgende vraag gaan wees. Dit gaan 'n stelling wees gevolg deur 'n vraag, en dit is: Ons het nie meer die oorspronklike *autografa* nie. So, hoe weet ons dat wat ons wel het, betroubaar en akkuraat is?

Maar voordat hierdie vraag behandel word moet hier eers gesê word dat ons gereformeerde kerke deur die eeue almal, sonder uitsondering, in die absolute onfeilbaarheid van die Bybel geglo het. Honderd- en vyftig jaar gelede het almal (met hoë uitsonder-

ing) dit geglo, en ons eie Kerk probeer vir al wat hy kan lidmate gerusstel dat dit *steeds* so is. Maar, helaas, dit *is* nie meer so nie. Hierdie is die werklike krisis in die NGK, maar ons leierskap leef in ontkenning! Skrifgesag is ons waterskeiding!

### Hoe onfeilbaar is ons *hedendaagse* Bybelvertalings?

Onder hierdie hoof word nie bespreek waarom God toegelaat het dat die oorspronklike Skrifdokumente verlore geraak het nie want in sekere sin sou dit 'n nuttelose oefening wees. In die huidige omstandighede is dit wel nuttig om te vra: is die dokument waaroor ons *wel* beskik so ver daarvan verwyder? Geleerdes deur die eeue is van mening dat die afskrifte wat vandag in omloop is tog baie ná aan die oorspronklikes is, en dit verleen aan gelowiges groot gerusstelling. Die self-getuienis van die Bybel, soos elke gelowige dit lees, bevestig hierdie vermoede, want die Heilige Gees laat sy Woorde nie sonder die oorredingskrag wat in die aanvanklike dokumente te vind is nie.

Ek open die gesprek met 'n voorbeeld: 'n Onderwyser in Engeland skryf 'n brief aan die koningin, en, wonder bo wonders ontvang hy 'n antwoord in haar eie handskrif terug. Hy lees dit aan sy klas voor en elke kind skryf neer wat die brief 'presies' gesê het. Die onderwyser verloor sy oorspronklike en word slegs met die 'kopieë' van sy klas, gelaat. Hy sien al die spel- en ander foute maklik raak en maak die nodige regstelling om by die oorspronklike uit te kom.

In die geval van die Bybel is *dit* die taak van die ***Teks*****kritikus**. ***Skrif*****kritiek** is iets heel anders, en dit is hierdie 'heel anders' wat die probleem in vandag se kerk is, want net soos die valse voorstelling van die wetenskap, die evolusieparadigma wolf in skaapsklere is (wat Bybelse skepping negeer), **so loop Skrifkritiek uit op Skrif-vernietiging.** Hier by ons gebruik beide sodanige geleerdes die titel 'bybelwetenskaplike,' en die gewone lidmaat het nie 'n kans om te weet watter van die twee hy mee te doen het nie – behalwe in die eindresultaat. Die ongeluk is dat hy self dikwels oor te min insig beskik om die twee van mekaar te onderskei.

### Die Hebreeuse taal

Wat baie gelowige mense nie weet nie is dat die Ou Testament in sy oorspronklike taal sonder klinkers geskryf is en dat klanke wat weggelaat is met lettertekens aangedui is wat onder, bo of tussen die letters (konsonante of medeklinkers) geskryf was. Soos elders te kenne gegee het die Massorete die taak verrig om die klinkers

tot die aanvanklike teks te voeg. Dit vind plaas tussen die derde en tweede eeu *voor* Christus.

Prof. Johann Cook (kyk *Insig,* April 1998) bevestig dat ons eie 1983 Afrikaanse Bybel op 'n moderne tekspublikasie, die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* (BHS), soos deur die Duitse Bybelgenootskap uitgegee, berus. Hierdie gedrukte Hebreeuse teks is op sy beurt op die handgeskrewe *kodeks Leningradensis* geskoei wat dateer uit die jaar 1008nC (kyk ook my 6de hoofstuk).

**Waar staan ons NGK ?** Ons sinodes en teoloë probeer in ons tyd, na my mening, op twee stoele sit. Ons Sinodes probeer op twee stoele sit. Ons kweekskool teoloë probeer op twee stoele sit, en DIT is die rede waarom hierdie boek geskryf word. Ek skryf sodat ons gewone lidmate ingelig kan word omtrent die tragiese verval in ons kerk, en wanneer 'n Sinode besluite oor Skrifgesag neem wat nog vis nog vlees is, moet iemand sê: "Tot hiertoe." Dit wil ek hê moet ons gewone lidmate sê – *in hul massas!*

***Die Skopus gedagte*.** Die opsomming van die studiestuk soos deur die Algemene Sinode van 1986 goedgekeur, word onder vyf punte aangebied. Met die eerste twee is daar geen probleem mee nie. Trouens, as dit maar net daar gestop het, het ons 'n wonderlike weergawe van ons ou gereformeerde belydenis gehad. Maar, helaas, dis nie waar dit ophou nie. Soos altyd is die aanhef tot die verval die woord **"die Bybel is geen handboek vir wetenskap of geskiedenis nie…"** Wanneer ek hierdie woorde lees is ek dadelik op my hoede, want dan weet ek dat dinge wat daarop volg iets van 'n twyfelagtige aard bevat. Ek vermoed dat dit eintlik beteken dat dit "histories" en "wetenskaplik" *on*betroubaar is. (Die leser/ predikant/ dosent/ moderator moet my hierdie denkpatroon verskoon, maar sonder uitsondering is dit die waarheid. Ek probeer nie onnodig mense se uitlatings verdag te maak nie.)

Dalk moet ook hier gevra word: Watter ander godsdiens se verklaarders vertel die leser vooraf, en by voorbaat, dat *sy* heilige boek se geskiedskrywing verdag en onakkuraat is? Toemaar – ek weet – nie een nie. Maar ons *eie* geleerdes maak gekke van hulself en die hele Christelike godsdiens deur hul eie geestelike bankrotskap op bostaande manier ten toon te stel. En, ek weet, hulle is van mening dat dit verskriklik geleerd en beskeie klink. Die Moslem, b.v., dink egter dat hy as verraaier al in die pad gesteek moes gewees het. **Bid jou aan: diskrediteer jou *eie* en *enigste***

**Goddelike, gesaghebbende, onfeilbare en geïnspireerde Boek, *en jy bedank nie dadelik nie!***

Die studiestuk gaan voort met hierdie woorde: “Dit het ’n bepaalde religieuse *skopus* of doel….Die aanvaarding dat die Skrif ’n bepaalde skopus het, beteken nie die ontkenning van die betroubaarheid en waarheid van alles wat in die Heilige Skrif verkondig word nie, maar vra van ons om alles…*in verband te bring* met die doel waarvoor dit gegee is. Die Skrif is onfeilbaar omdat dit in elke opsig beantwoord aan die bedoeling van God daarmee. Dit is noodsaaklik om by die interpretasie en gebruik van die Skrif rekening te hou met sy skopus of bedoeling.” Slim voetwerk!

Ongelukkig het die 2002-Algemene Sinode se besluit ons kerk dieper in die moeras gedompel. Lees weer my en dr. Saayman se kommentaar aan die einde van die 11de hoofstuk onder prof. Theron se naam. Theron lê die woorde dat “die Bybel nie op wetenskaplike *of* historiese eksaktheid aanspraak maak nie” in die mond v.d. sinode, terwyl hy weet dat **Christus self gesê het dat selfs nie een *letterstrepie*** daarvan sal verbygaan nie totdat alles vervul is – *só eksak is dit.* Ons NGB belydenisskrif ondersteun dit in artikel sewe, reeds voorheen aangehaal.

Toe ek op 15 Junie vanjaar (2005) ná my stiltetyd opstaan word die hele storie eensklaps vir my duideklik. Elke Algemene Sinodesitting se verslag oor Skrifgesag gaan net ’n bietjie verder as die vorige om juis die gesag v.d. Skrif te ondergrawe. Beide die wetenskaplike as historiese ‘tekortkominge’ v.d. Bybel is reeds deur hulle erken en ‘goedgekeur’. Ten einde om wat te bewerkstellig?? Om aan enige en elke teoloog wat die wetenskaplike *of* historiese besonderhede in beide Testamente verwerp – soos in my hoofstukke 9-11 uitgewys –van enige tugmaatreëls te vrywaar. Agt jaar gelede het dr. Louis Jonker op hierdie manier van my klag teen hom los gekom deur hom op die sinode se *skopus-besluit* te beroep, wat hy *kon* onderskryf. In effek kan ’n teoloog omtrent *enigiets* deesdae glo èn verkondig, en die sinode kan geen vinger op hom lê nie. So sien ek as lidmaat die situasie**. Die mees vergesogte en ketterse uitlatings van teoloë het per implikasie in die laaste 9 jaar die stempel van goedkeuring ontvang. *Lidmate mag nie hierdie woorde vergeet nie!***

**DIE GENOEGSAAMHEID VAN DIE SKRIF: Prof. J.A. Heyns**

"Die Skrif is…nie genoegsaam omdat dit oor alle moontlike sake in die wêreld informasie bied nie. Dit is genoegsaam omdat dit alles bevat wat die mens vir sy saligheid nodig het (Joh.5:39; 20:31; 2 Tim.3:15). Die Skrif is genoegsaam omdat alles wat vir leer en lewenspraktyk nodig is, ook hier gevind word (2 Tim.3:16). En, **omdat die Skrif genoegsaam is, daarom mag niemand iets daaraan toevoeg of iets daaruit weglaat nie** (Deut.4:12; 12:32; Jos.1:7; Gal.1:9).

Terwyl daar dus geen ruimte is vir menslike toevoegings of weglating nie, is daar alle ruimte, nee – meer positief gestel - is die mens geróép tot bestudering van en nadenke oor die Skrif. En al kom die mens ook ná die afsluiting van die kanon met sy voortgesette omgang met die Skrif tot nuwe vergesigte en insigte, en al laat die ontplooide geskiedenis hom nuwe verbande sien, nooit ooit word nuwe stof tot die Skrif gevoeg nie. **Selfs nie die apostels sou iets anders kon leer as wat daar reeds in die Skrif geleer word nie.** Dit sou in stryd wees met die genoegsaamheid van die Skrif."

[Dit] gaan immers nie net om één aspek v.d. mens se lewe nie…dit [gaan] ook oor die mens én die wêreld, wetenskap en kuns, seksualiteit en kultuur – maar dit alles vanuit één sentrale en fundamentele perspektief : God se genesende arbeid aan die mens in die koms, lewe, dood, opstanding en wederkoms van sy Seun, Jesus Christus" (kyk bladsy 107 van sy *Inleiding tot die Dogmatiek.)*

**In die slotgedeelte van die voorafgaande hoofstuk verwys ek na dieselfde artikel 7 v.d. NGB waarna Heyns in bostaande verklaring verwys. Die meerderheid van ons kweekskool teoloë is klaarblyklik bereid om die risiko te loop van peuter aan die Bybel sowel as ons belydenisskrifte, net sodat hul nie van 'onwetenskaplikheid' deur hul akademiese eweknieë beskuldig moet word nie. Die prys hieraan verbonde kan te hoog wees, want dit kan die verskil wees tussen die ewige lewe en die ewige verderf.**

**Mag ons teoloë betyds tot besinning kom en hierdie dwaalpad bely en verlaat.** PJP 19.6.2005

## Hoofstuk 18 CHRISTUS: UNIEK, OF EEN VAN VELE?

God het vanaf dag ses van die skepping met die mens gekommunikeer. Genesis vertel hoedat God ten tye v.d. aandwindjie die mens in die tuin opgesoek en met hom gepraat het. Ná die sondeval sou Hy dikwels direk met mense praat, maar al meer deur Sy gekose mondstuk, die profeet. Hy sou noodwendig vir die teboekstelling daarvan sorg, maar dit was nog altyd sy plan om homself, nie alleen deur die gesproke en geskrewe woord te openbaar nie, maar in werklike vlees en bloed. Dán sou die mens geen vraag meer hê oor hoe God is nie, want hier is Hy dan nou in 'n menslike gestalte. Kyk na Hom en luister na Hom, en jy leer God so ken.

'Maar wag', sê die skeptikus, 'julle Christene neem alles sonder bevraagtekening aan – ek kan nie. Jy sal my moet oorreed soos wat 'n advokaat 'n saak voor 'n hof stel.'

Bostaande is die benadering van Josh McDowell in *Evidence That Demands a Verdict.* Die lidmaat wat tot op hierdie punt al die drogredenasies van Skrifkritici deurworstel het, is waarskynlik nou meer as ooit gereed om sy of haar godsdiens (vir die eerste keer?) tot in sy wortel te takseer om, soos die *Bereane* in Handelinge 17:11 gemaak het, die Skrifte te ondersoek om seker te maak 'of hierdie dinge so was'.

Die Ou- Testamentiese geskiedenis is ontsettend belangrik, maar as Christus nie God is nie (soos die meeste post-moderniste deesdae verklaar!) dan is beide die OT én die NT slegs 'n mooi bundel sedepreke. Sy Godheid is die kruks!!

**Die saak van Christus se Goddelikheid op die tafel:**

McDowell gee ons ( vol.1, p.111) agt eienskappe wat van so 'n Persoon verwag sou kon word:

1. Die omstandighede van Sy geboorte sou buitengewoon wees.
2. Hy sou sonder sonde moet wees.
3. Hy sou bo-natuurlike dinge soos wonderwerke moet kan doen.
4. Hy sou heel anders wees as die 'standaard-patroon' mens.
5. Hy sou die wonderlikste woorde ooit moes gespreek het.
6. Sy invloed in die wêreld sou universeel mense moes bevredig.

7. Hy sou die geestelike honger van mense bevredig.

8. Hy sou oor die mag van die dood moet kan heers.

**1. Sy geboorte:** Gen.3:15 se profesie oor die komende Verlosser gee te kenne dat 'die saad van die *vrou'* die kop v.d. vyand sal vermorsel, nie die saad v.d. man nie. Vervolgens verseker Jesaja ons (7:14) dat "die maagd sal swanger word en 'n seun baar". Omtrent 740 jaar daarná gee Maria as maagd aan 'n seun geboorte na wie Matteus (1:23) pertinent verwys as die vervulling van Jesaja se profesie.

Ons het dus twee wonderwerke, want om soiets 700 jaar voor die tyd te voorspel en dit gebeur presies so, spreek van 'n buitengewone persoon se geboorte. Voeg dan daarby dat Miga 5:1 *korrek* voorspel dat Hy in die stad Betlehem gebore sal word, dan glo ek dat selfs die skeptikus die omstandigheidsgetuienis as deurslaggewend sou beskou.

Lukas se verhaal, hoewel anders ingeklee, stem saam met Matteus dat 'die Heilige Gees oor Maria sou kom' sodat sy 'n Heilige sou baar 'wat genoem word Seun van God'(Luk.1:35), dat sy die verloofde van Josef was en dat hy van alles bewus was. Voor hierdie gebeurtenis – om alles te kroon – verskyn 'n engel aan Maria om haar in detail in te lig oor haar swangerskap. Sy woon egter in Nasaret (Luk 1:26), terwyl die geboorte in Betlehem moet plaasvind indien dáárdie profesie waar moet wees. In totaal is vyf getuies hier betrokke, en ek reken dat énige hof gevolglik die waaragtigheid en buitengewoonheid van Christus se geboorte sou erken.

Vir die rekord: Die vroeë kerk het in die maagdelike geboorte geglo, want die kerkvader Ignatius, leerling van die apostel Johannes, verklaar in 110 n.C.: "For our God, Jesus Christ was…conceived in the womb of Mary…by the Holy Ghost." Prof. James Orr, welbekende uit die VSA sê verder: "…we have the amplest evidence that this belief was part of the general faith of the church" (*Evidences,* p.115).

Die ongelowige Jode van Jesus se tyd het egter met alle mag verkondig dat Jesus 'die seun van 'n hoer' was, maar Originues sê daarop dat hulle eintlik verplig was om sodanige leuen te versprei, juis omdat die teenoorgestelde geloof in algemene omgang was. Dit dien gemeld te word dat die *Koran* ook na die maagdelike geboorte verwys (Hubert S. Box: *Miracles and Critics,* p.6. London, Faith Press Ltd., 1935.)

**2. Sondeloosheid:** Christus se eie woorde slaan direk tussen die oë wanneer Hy die Jode konfronteer met die woorde (Joh.8:46): *"Wie van julle oortuig My van sonde?"* Hulle kon hom nie antwoord nie. Enige ander mens ken sy eie sondes al te goed, maar Jesus – wat so ná aan die Vader geleef het, wéét nie van sondes in sy lewe nie. Deur die hele NT lees ons nêrens dat Hy ooit enige sonde of swakheid bely nie, terwyl enige en *alle* Bybelse helde se sondes juis blootgestel word.

Deur die loop van drie jaar in sy teenwoordigheid kon geen dissipel (selfs nie Judas) Hom van sondes aankla nie, want daar *was* geen sondes nie. Petrus het wel later gesê: "…deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam ***sonder* gebrek en *vlekke*loos"** (1 Petr.1:19). Johannes se eerste sendbrief beaam dat "**Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en *geen sonde is in Hom nie*"** (1Joh.3:5).

**Maar wat sê Sy vyande?**

Die heel naaste aan Hom in die kruisigingsdrama erken 'dat hierdie man niks verkeerds gedoen het nie'. Pilatus kon geen skuld in hom vind nie; die Romeinse soldaat erken dat Hy onskul-dig was, en die beste wat sy aanklaers van hom kòn sê was dat Hy homself God gemaak het – wat Hy natuurlik is! Verder het hulle gekla dat Hy mense op die Sabbat gesondgemaak het! Verbeel jou!

> Ene Thomas Wright het die sondeloosheid van Christus miskien die beste opgesom toe hy gesê het: "The Sermon on the Mount is Christ's biography. Every syllable He had already written down in deeds. The sermon merely translated His life into language"(*Evidences,*p.121).

Enige persoon wat in die minste enige twyfel omtrent Jesus se sondeloosheid het, moet homself help deur om die Johannes Evangelie sonder vooroordeel deur te lees. Die direktheid, ongekunsteldheid en krag waarmee Christus se woorde gevul is tref jou tussen die oë. Geen wonder nie dat die befaamde C.S. Lewis (sélf voorheen 'n ateïs) op 'n keer gesê het dat 'n ateïs nie versigtig genoeg kan wees met wat hy lees nie. Pasgenoemde Bybelboek is een so 'n voorbeeld.

**3. Bonatuurlike wonders:** Toe Johannes die Doper sy boodskapper na Jesus stuur om te verneem of Hy die Christus is, het Hy geantwoord: "Gaan vertel aan Johannes wat julle sien en hoor:

blindes sien weer, kreupeles loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek…" (Luk.7:22). **Wat 'n getuigskrif?**

Betreffende Sy absolute beheer oor die natuur: Hy verander water in wyn (die beste), Hy maak die woedende storm ter see stil, Hy bewerkstellig die Groot Visvangs (Joh.21:6), Hy vermenigvuldig vyf brode en twee vissies sodat 5 000 mans, plus vrouens en kinders, versadig kon word; Hy laat 'n vyeboom in 'n kwessie van ure totaal opdroog, Hy verdryf bose geeste uit mense sodat hulle normaal word, Hy voorsien geld aan 'n dissipel uit die bek van 'n vis en Hy loop waaragtig op die waters van die see van Galilea! Hoef meer gesê te word?

**Ekskuus;** Skrifkritici beweer dat – omdat wonderwerke onmoontlik is – Christus òf 'n mite is, of bogenoemde 'stories' is opgemaak om groter legitimiteit aan die Christelike godsdiens te verleen. Net jammer dat die Romeinse Keiser, Julianus in sy bitsige aanval op die Christelike godsdiens erken het dat "Jesus has now been celebrated for three hundred years; having done nothing in his lifetime worthy of fame, unless anyone thinks it a very great work to heal lame and blind people and exorcise demoniacs in the villages of Bethsaida and Bethany" (J.McD, p.125).

**4. Hy was ánders as ander mense:** Op 'n vraag van Robert Browning aan Charles Lamb oor wat hy sou doen as Christus die kamer sou binnestap, antwoord: "If Shakespeare was to come into this room we should all rise up to meet him, but if that Person was to come into it, we should all fall down and try to kiss the hem of his garment" (J.McD,p.127).

Interessant genoeg; die *Koran* in Al-Imran v.45, verwys na Jesus as "die grootste bo almal in die wêreld, sowel as in die wêreld wat kom." (PJP: 'n Vergete sin in die Moslemgeloof?)

Napoleon Bonaparte erken: "I know men and I tell you that Jesus Christ is no mere man. Between Him and every other person in the world there is no possible term of comparison. Alexander, Caesar, Charlemaigne, and I have founded empires. But upon what did we rest the creations of our genius? Upon force. Jesus Christ founded His empire upon love; and at this hour millions of men would die for Him" (uit die *Encyclopaedia of Religious Quotations.* Wetwood: Flemming H. Revell, n.d.).

Toe die anti-Christelike H.G. Wells gevra is watter persoon die grootste indruk op die geskiedenis gemaak het, was sy antwoord

dat grootheid soos aan historiese standaarde gemeet sou beteken dat "…by this test Jesus stands first." Rousseau voeg by: "Yes, if the life and death of Socrates are those of a philosopher, the life and death of Jesus Christ are those of a God" (J.McD, p.129).

**5.Hy sou die wonderlikste woorde gespreek het:** Die skrywer-teoloog Bernard Ramm, verklaar dat die Evangelies van alle boeke, statisties bereken, die meeste in die wêreld gelees word. Christus se woorde is nie 'groot' omdat dit 'n statistiese voorsprong bo aandere geniet nie. Hulle word egter meer gelees, aangehaal, is meer geliefd, word meer geglo en meer vertaal as enige ander *omdat* hulle die grootste woorde is wat nog ooit geuiter is. En waarin lê hierdie grootheid? In die suiwere, helder geestelikheid waarmee elke saak met beslistheid, gesaghebbendheid en duidelikheid aangespreek word wat in die hart van die mens pols; naamlik, Wie is God? Het Hy my lief? Wat moet ek doen om Hom te behaag? Hoe sien Hy my sonde? Hoe kan ek vergewe word? Waarheen gaan ek wanneer ek sterf? Hoe moet ek andere behandel?

Geen ander mens se woorde het die trefkrag van Jesus s'n nie, want geen ander mens kan hierdie fundamentele menslike vrae soos Jesus beantwoord nie. Hulle is die soort woorde wat ons sou verwag God sou gee, en ons wat in die Goddelikheid van Jesus glo, het geen probleem oor waarom hierdie woorde uit Sy mond gekom het nie. (B.Ramm: *Protestant Christian Evidences.* Chicago: Moody Press, 1957, p.170,171).

**6. Sy invloed sou langdurig en universeel wees:** Die befaamde historikus, Kenneth Scott Latourette skryf in die *American Historical Review* van 1949 soos volg: "As the centuries pass the evidence is accumulating that, measured by his effect on history, **Jesus is the most influential life ever lived on this planet.** That influence appears to be mounting" (p.272, sy kursiv.).

Ene G. Thomas het by geleentheid gesê: "One cannot fail to see…that, since the days of Christ, in spite of all the progress of thought, not a single new ethical idea has been given to the world" (soos deur A.M. Henter aangehaal in *The Works and Words of Jesus.* Philadelphia: Westminster Press, p15. 1950). Verdere woorde is nie nodig nie, want almal mòet hiervan weet.

**7. Hy sou die geestelike honger van mense bevredig:**

Sy eie woorde in Matt.5:6 verraai Sy missie waar Hy sê: “Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.” Johannes 7:37 bevestig dat Jesus op die laaste dag van die groot fees gaan staan en uitgeroep het: “As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!” Hy hou egter nie daar op nie: “Vrede laat Ek julle na, My vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie” (Joh.14:29); en “Ek het gekom, dat julle lewe en oorvloed kan hê” (Joh.10:10); en “Ek is die weg en die waarheid en die lewe, niemand kom na die Vader behalwe deur My nie” (Joh.14:6).

Weereens, ek sou van my huis straat-af kon stap, en binne ’n uur met dosyne mense kon praat wie se honger en dors deur Jesus Christus bevredig en geles is. Watter beter getuienis is daar oor die waarheid van die opskrif hierbo?

**8. Hy sou mag oor die dood hê:**

By hierdie vraag kom ons by die oomblik van waarheid. Soos daar vanaf dag-een ná die opstanding gepoog is om hierdie gebeurtenis weg te wens, is daar nie ruimte om voldoende te bespreek nie.

Ek sou na die span Duitse professore kon verwys wat daarop uit was om die hele lewe en dood van Christus uit die geheue van die mensdom te verwyder. Prof. Jensen van Märburg (kyk my hoofstuk 5 se prof. Linneman se herkoms) het omtrent 100 jaar gelede saam met sy makkers finaal besluit dat die NT slegs ’n legende is. Hy beweer: “This Jesus has never lived upon earth; neither has He died, because He is nothing but an Israelitish Gilgamesh” (soos deur biskop John L. Neulsen,D.D. in sy artikel aangehaal, *The Person and Work of Jesus Christ,* vol.2,*The Fundamentals*, p.282).

Deesdae dra bykans elke tydskrif en koerant artikels wat ‘op-spraakwekkende ontdekkings' publiseer wat ‘bewys’ dat ons slegs met ’n handvol (Bybel)stories sit. Dit bly merkwaardig hoeveel energie hieraan bestee word. En moenie dink dat hierdie soort denke slegs oorkant die water gesê word nie. Ons krisis is dat dit nou *hier* gesê word!

**Die teendeel.** In Henry Morris se werk, *The Bible has the Answers* skryf hy : ”The fact of His resurrection is the most important event of history and therefore, appropriately, one of the most certain facts in all history (46).

Lesers weet miskien van die ateïstiese regsgeleerde wat daarop uit was om die opstanding van Christus te weerlê. Hoe verder hy vorder, hoe meer kom hy onder die indruk van die nutteloosheid van sy onderneming, en wat begin het as 'n *aanval,* eindig toe met die boek van 'n bekeerde onder die titel, *Who Moved the Stone?* Sy naam was Frank Morison. Vyftig jaar gelede was hierdie boek 'n blitsverkoper, want hy bevestig as regsgeleerde sonder die geringste twyfel van sy kant dat Jesus se opstanding 'n histories-bewese gebeurtenis is.

Wat ek hier wil vra is: probeer as leser te vergeet dat jy ooit die Nuwe Testament gelees het, en tel dit onbevooroordeeld op en lees dit vars en sonder bagasie. Oor hierdie onderwerp sou honderde bladsye gevul kon word. Die hoeveelheid boeke, nie net oor die lewe van Jesus self nie, maar die invloed wat Hy op miljoene menselewens deur die eeue gehad het, sal totaal onmoontlik wees om te kwantifiseer. Die ironie hiervan, egter, is dat juis 'n aansienlike hoeveelheid 'bybelwetenskaplikes' hul maandtjeks in die bank sit terwyl hulle besig is om die beeld van Jesus Christus in die wêreld stelselmatig af te breek.

Ek hou die lewe, dood en opstanding van Jesus Christus as Seun van God, en *self* God, aan jou voor as ontwyfelbare waarheid. Jou en my lewe gaan, volgens die Nuwe Tesatament, in die lig van Sy offer vir jou en my sonde voor Sy regterstoel beoordeel word om te kyk wat ons dáármee gemaak het. Op daardie dag sal daar vir flou verskonings en 'wetenskaplike' uitlegte nie ruimte wees nie, want ons sal aan ons aanvaarding óf verwerping van Sy Woorde getakseer word.

**WOORDE VAN CHRISTUS UIT DIE JOHANNES EVANGELIE**

Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê (8:12). As die Seun julle vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees (8:36). ..Ek sê vir julle, as iemand my woord bewaar, sal hy die dood in die ewigheid nie sien nie (8:51). En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie (10:28). Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lew al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, salnooit sterwe tot in ewigheid nie (11:25,26). Ek het as '' lig in die wêreld gekom, sodat elkeen wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie (12:46). Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie (14:6). Wie My gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet…en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar (14:21). Vrede laat Ek julle na…(14:27a).

## Hoofstuk 19 DIE GESAG VAN DIE SKRIF VERDEDIG

Sedert die stigting van die *Studiegroep vir Bybeldenke* hier in Stellenbosch was Maartin Blignaut 'n aktiewe lid. Hy is voorwaar iemand wat as predikant deur die jare sy vinger op die pols van leerstellige sake in ons NG Kerk gehou het, en het dikwels waardevolle bydraes tot ons werksaamhede gelewer. Ook hy verkeer sterk onder die besef van die kwaadwillige uitwerking van die evolusieleer op teoloë en party lidmate van ons kerk, soos sy menigte briewe in die *Kerkbode* van getuig. Gepaard daarmee verkeer hy ewe sterk onder die besef van die noodsaaklikheid van 'n suiwer Skrifbeskouing. Eerder as om die wiel vir die tweede maal te ontdek het ek sy goedkeuring gevra om die onderstaande hoofstuk wat hy voorheen vir ons Studiegroep opgestel het hierby in te sluit.

**J.M.Blignaut aan die woord:**

Uitsprake soos die volgende word deesdae dikwels uit die mond van bekende teoloë gehoor:

"In die geleerde wêreld is daar nie eintlik meer mense wat Genesis letterlik-histories opneem nie."

Ek weet nie meer van een Ou-Testamentikus wat nog Genesis letterlik-histories interpreteer nie."

"Dit ondermyn nie noodwendig die gesag van die Skrif as 'n mens aanvaar dat al die natuurkundige en geskiedkundige feite in die Bybel nie korrek is nie."

Die vraag is of hierdie bewerings korrek is. Dr. James I.  wat professor is aan 'n Anglikaanse Teologiese fakulteit in Kanada het drie boeke oor hierdie onderwerp geskrywe. Die boeke is *Fundamentalism and the Word of God, God has Spoken* en *Beyond the Battle for the Bible*. Ek gee net een aanhaling uit *Beyond the Battle for the Bible,* bl 17:

"Biblical inerrancy and biblical authority are bound up together. Only truth can have final authority to determine belief and behaviour, and Scripture cannot have such authority further than it is true. A factually and theologically untrustworthy Bible could still impress us as a presentation of religious experience and expertise, but clearly we cannot claim that it is all God's testimony

and teaching, given to control our convictions and conduct, if we are not prepared to affirm its total truthfulness."

Dr Francis Schaeffer het verskeie boeke geskrywe waarin die kwessie van die foutloosheid of die onfeilbaarheid van die Bybel behandel word, soos *The Great Evangelical Dissaster,The Church at the End of the Twentieth Century* en ander. In *The Great Evangelical Dissaster* beskryf hy die prysgawe van geloof in die onfeilbaarheid van die Bybel as die groot waterskeiding in die evangeliese wêreld. Maw. dit is volgens hom die begin van die prysgawe van al hoe meer Bybelse feite en waardes.

Die bewering dat daar nie meer geleerdes is wat die hele Bybel as letterlik en histories waar en betroubaar aanvaar nie is ook nie waar nie. Wat hier volg is 'n uittreksel uit 'n brief wat in 1984 deur professor James Barr geskryf is, wat op daardie tyd professor was in Hebreeus aan die universiteit van Oxford. "Probably, so far as I know, there is no professor of Hebrew or Old Testament at any world-class university who does not believe that the writer(s) of Genesis 1-11 intend to convey to their readers the idea that creation took place in a series of six days which were the same as the days of 24 hours we now experience, and that Noah's flood was world-wide and extinguished all human and animal life except those in the ark (..and those that could live in the water.")

**Die Chicago Verklaring**

In 1978 het ongeveer 300 teoloë en kerkleiers in Chicago bymekaar gekom onder leiding van die *International Council on Bible Inerrancy* en 'n kort verklaring en ook 19 artikels opgestel waarin hulle onder meer die volgende verklaar:

**Art.1** "Recognition of the total truth and trustworthiness of Holy Scripture is essential to a full grasp and adequate confession of its authority".

**Art. 2** van die Short Statement lui: "Holy Scripture, being God's own Word, written by men prepared and superintended by His Spirit, is of infallible divine authority in all matters upon which it touches: it is to be believed, as God's instruction, in all that it affirms; obeyed, as God's command, in all that it requires; embraced, as God's pledge, in all that it promises."

**Art.5** "The authority of Scripture is inescapably impaired if this total divine inerrancy is in anyway limited or disregarded, or made rela-

tive to a view of truth contrary to the Bible's own; and such lapses bring serious loss to both the individual and the Church."

**Enkele van die artikels van die *Chicago Statement on Biblical Inerrancy* lui as volg:**

**Art.3** "We affirm that the written Word in its entirety is revelation given by God. We deny that the Bible is merely a witness to Revelation, or only becomes revelation in encounter, or depends on the responses of men for its validity."

**Art.6** "We deny that the inspiration of Scripture can rightly be affirmed of the whole without the parts, or of some parts but not the whole."

**Art.12** "We affirm that Scripture in its entirety is inerrant, being free from all falsehood, fraud, or deceit.

We deny that Biblical infallibility and inerrancy are limited to spiritual, religious, or redemptive themes, exclusive of assertions in the fields of history and science."

**Art.19** "We affirm that a confession of the full authority, infallibility, and inerrancy of scripture is vital to a sound understanding of the whole of the Christian faith. We further affirm that such confession should lead to increasing conformity to the image of Christ.

We deny that such confession is necessary for salvation. However, we further deny that inerrancy can be rejected without grave consequences, both to the individual and to the church."

Daar is baie teoloë wat met hierdie *Chicago Statements* verskil, maar dit bewys ten minste dat die bewering dat "daar in die geleerde wêreld nie meer mense is wat die Bybel letterlik- histories opneem nie", nie waar is nie.

Baie hedendaagse teoloë maak hierdie *Chicago Statements* af as fundamentalisties ('n woord wat oorspronklik 'n goeie betekenis gehad het maar nou 'n skelwoord geword het). Vir baie gewone gereformeerde, Calvinistiese Christene is dit in elk geval baie makliker en meer Bybels om hierdie standpunte te onderskrywe as die van moderne teoloë wat standpunte huldig soos dat die hele Bybel nie die geïnspireerde Woord van God is nie, dat daar nie mense soos Adam en Eva, Job en Jona was nie, dat daar nie 'n persoon soos die Duiwel is nie, ens.

**n Onfeilbare Bybel en Oortuigende Prediking.**

Dr. J. M. Boice van die Presbiterian Church, Philadelphia, gee in die boek *The Foundation of Biblical Authority* myns insiens 'n baie geldige ontleding van die probleem van swak preke. Hy skrywe: "The answer is that the currant decline in preaching is due, not to external causes, but to a prior decline in a belief in the Bible as the authoratative and inerrant word of God on the part of theologians, seminary professors and the ministers who are trained by them."

Boice stel dit duidelik in die hoofstuk *The Preacher and the Word of God* dat 'n prediker wat nie meer glo dat die Bybel die foutlose en gesaghebbende Woord van God is nie, net nie in staat is om met oortuiging en gesag die evangelie te verkondig nie. Hy haal ook vir dr.Martin Lloyd-Jones aan wat sê: **"I would not hesitate to put in the first position for the decline of preaching: the loss of belief in the authority of the Scriptures"** (klem PJP).

Dr. J. I. Packer sê in sy boek *God Has Spoken,* dat die twyfel, of die ontkenning, dat alles wat in die Skrif staan onder inspirasie van God geskryf is, die Protestantse kerklike lewe op verskeie maniere verswak en verarm het.

**In die eerste plek,** sê hy, het dit die prediking ondermyn. Ware prediking kan niks anders as die verkondiging van die Woord van God wees nie. Daaraan ontleen dit sy gesag en daarop baseer dit sy aanspraak om aangehoor en gelowig aanvaar te word. Die gemeente het nie behoefte aan die woorde of gedagtes van 'n mens nie. Daarvan kry hulle elke dag genoeg tot sat-wordens toe.

Maar waar daar nou deur sekere teoloë oor talryke perikope of tekste van die Bybel beweer word dat dit nie die geïnspireerde woorde van God is nie, maar bloot mededelinge van gewone mense van hulle godsdienstige ervaringe, of anders sommer mites, daar word twyfel geskep oor alles wat in die Bybel staan en dan word ware evangeliese prediking onmoontlik, want wie kan dan met gesag sê: "So sê die Here."

Is dit dan 'n wonder dat daar by groot getalle lidmate van baie kerke vandag 'n groot misnoeë en onvergenoegdheid met die hedendaagse prediking bestaan?

**In die tweede plek**, sê Packer, het die gebrek aan oortuiging dat die hele Bybel die Woord van God is, lering of onderwysing uit die Skrif belemmer. Baie predikers waag dit nie meer om enigiets uit

die Skrif as absolute waarheid te verkondig nie en baie lidmate wonder of dit die moeite werd is om die dinge uit die Skrif vir hulle kinders te leer as daar dan twyfel is oor die betroubaarheid daarvan. Ek het al selfs ‘n predikant van my gemeente hier in Somerset-Wes hoor sê: “Ek glo nie aan absolute waarheid nie.”

**In die derde plek**, sê Packer, het die onsekerheid oor óf dit wat die Bybel sê werklik goddelike gesag dra, die geloof ondermyn. Paulus sê in Rom.14:23 dat enigiets wat 'n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, sonde is. In die afwesigheid van sekerheid oor wat presies die Woord van God is, word jou geloof bygeloof, en word jy soos die Jode van wie Paulus in Rom.10:2 praat: "vol ywer vir God, maar sonder die regte kennis of insig." Baie aanbidding in kerke vandag is vaag, onseker en vreugdeloos, omdat mense nie altyd meer geleer word om hulle vertroue te stel op beloftes uit die Woord wat die betroubare woord van ons almagtige Skepper is nie.

Twyfel en onsekerheid oor God en oor ons verhouding met Hom is armsalige toerusting om mee te lewe en te sterwe, maar baie mense vandag is nooit sonder daardie twyfel nie, omdat die absolute waarheid en gesag van die Skrif vir hulle ondermyn word deur liberale teoloë, soos biskoppe en professore wat dinge sê soos: "God is dood", "God is nie vandag in beheer van alle dinge nie," of selfs minder radikale stellings soos: "Daar het nie mense soos Jona en Job gelewe nie."

**Vierdens,** sê Packer, word die lees van die Bybel deur gewone mense ontmoedig omdat teoloë die indruk skep dat baie dele van die Bybel nie gesaghebbend is vir die mens van vandag nie, en dat 'n mens al die wetenskaplike metodes van skrifuitleg, soos die histories-kritiese metode, letterkundige en taalkundige beoordeling van Bybelboeke en 'n grondige kennis van al die tegnieke van eksegese of hermeneutiek (uitlegkunde) moet bemeester om te kan vasstel watter dele van die Bybel gesaghebbend is en watter nie.

**Die vyfde** en treurigste gevolg van die moderne teologie se skeptisisme oor die Bybel, sê Packer, is dat dit die beeld van Christus vir baie gelowiges laat vervaag en later heeltemal uit sy gesigsveld laat verdwyn. Die historiese Christus word heeltemal onbereikbaar vir baie omdat baie liberale teoloë beweer dat Christus net as 'n legendariese of simboliese figuur gesien moet word.

Prof. Johan Heyns sê in sy boek *Die Evangelie in Krisis* :

"Die tipiese kenmerk van ons tyd - onder teoloë ten minste - is die voorliefde vir die reïnterpretasie van die Skrif. Ou begrippe word met nuwe inhoude gevul, en daarmee word die skyn van ortodokse interpretasie gewek. Daarom is hierdie aanslag op die hart van die Christendom subtieler en fyner, en daarom ook gevaarliker en dodeliker."

Prof. Heyns waarsku ook in sy boek *Sterwende Christendom?* dat sommige moderne teoloë godsdiens-wetenskaplikes geword het; dws. mense wat hulle besig hou met 'n besinning oor godsdiens as 'n menslike verskynsel, en nie meer teoloë is nie, dws., mense wat besig is met besinning oor God en sy openbaring aan die mens. Hy skrywe ook verder :

> "Want al is dit mense - sondige mense, wat die Bybel geskrywe het, dan is dit nogtans die Heilige Gees - van wie ons by hierdie teoloë prakties niks hoor nie - wat deur hulle gewerk het, en wel so dat wat ons in die Skrif het, as onfeilbaar en onveranderd vas staan."

Ek dink genoeg is gesê om u te oortuig dat ons beslis kan praat van 'n evangelie in krisis, en selfs van 'n sterwende Christendom. Iets moet daaraan gedoen word, maar wat?

In *Die Voorligter* van Mei 1995, is daar 'n artikel van prof. Piet Meiring, *'n Blanke Heidendom in S.A.,* waarin vertel word hoedat al meer blankes van die kerk vervreem word. Sy slotsom is dat ons met woord en daad die evangelie van Jesus Christus aan ons buurman moet verkondig. Maar hoe verkondig jy die evangelie aan mense wat nie meer glo dat die hele Skrif die goddelike geïnspireerde openbaring van God aan die mens is nie?

Maar nog erger: ***Hoe verkondig jy die Evangelie as jy self nie meer glo dat die hele Bybel die onfeilbare Woord van God is nie?*** (Einde van JMB-artikel.)

**PJP:** Byna tien jaar gelede was ons as *Studiegroep vir Bybeldenke* erg onder die indruk van die gebrekkige kennis van die Woord van God onder ons lidmate. Ons besluit toe om ***'n Verklaring oor Skrifgesag*** die lig te laat sien wat ons in die vorm van 'n pamflet versprei het. Dit volg hieronder.

**DIE STELLENBOSSE VERKLARING OOR SKRIFGESAG** soos deur Ds. M. Blignaut vir die *Studiegroep vir Bybeldenke:* opgestel.

Ons is bevrees dat in Suid Afrikaanse kerke daar al baie lidmate is wat nie meer seker is oor wat hulle glo, of wat hulle behoort te glo nie. Maar wat nog ‘n groter probleem is, is dat baie lidmate ook nie meer seker is oor wat hulle moet glo van wat in die Bybel staan nie. Hulle hoor van kansels en kateders af, dat baie van die dinge in die Bybel wat hulle nog altyd as feite en geskiedenis aanvaar het, mites of gelykenisse is. Die indruk word geskep dat mense wat die Bybel glo, soos ons ouers en voorouers dit geglo het, onkundig en naïef is. Hulle hoor soms van die kansels af, en oor die radio en televisie, dinge wat bots met wat hulle nog altyd geleer het die standpunte van hulle kerk is. Dit veroorsaak groot spanning en ongelukkigheid by baie lidmate, want hulle is oortuig dat baie predikante en teoloë van die suiwer skrifwaarheid afdwaal, en dinge sê wat strydig is met ons Geloofsbelydenisse.

Ook oor die uitleg van die Skrif is daar deesdae soveel opvattings en uitsprake dat ‘n groepie gelowiges op Stellenbosch, ná ons dikwels daaroor geséls het, besluit dat dit goed sal wees as ons ter wille van meer duidelikheid in ons kerk (en ander Gereformeerde kerke) ‘n verklaring kan opstel om oor sekere skrifwaarhede waaroor daar groot verskil van mening bestaan, meer duidelikheid te bring. (iets soos die *Chicago Statement on Biblical Inerrancy* en die *Chicago Statement on Biblical Hermeneutics* 1978). Reeds vroeër het verskeie verklaringe en belydenisse wat almal te doen het met spesifieke omstandighede of probleme binne die kerk die lig gesien, soos bv. die Barmen Teologiese Verklaring, 1934, en so onlangs soos 1996 nog weer in die *“95 Stellings oor die Toestand van die Kerk en die Samelewing in die* ‘*Jaar van Luther’ 1996”* wat deur die Kwasizabantu Predikante Konferensie aanvaar is.

Dis geensins ons bedoeling om ‘n nuwe belydenisskrif op te stel nie. Ons is doodgelukkig met ons drie belydenisskrifte, en onderskryf dit een honderd persent. Inteendeel - ons probleem is juis dat dit lyk of daar deesdae baie teoloë en predikante is wat hulle nie meer gebonde ag aan die kerk se belydenisskrifte nie! Ons wil spesifiek die kwessie of die probleem van skrifgesag aanspreek. Dit bring groot verwarring en ongelukkigheid mee as daar vir lidmate gesê word dat hulle sekere dele van die Bybel nie as letterlik of feitelik waar hoef te aanvaar nie, bv. die dele wat praat oor Adam, Noag, Job, Jona en ander. Die groot probleem is dan: wie moet uitmaak watter dele ons letterlik moet opneem en watter nie?

Daarom het ons besluit dat dit goed sal wees as ons 'n verklaring opstel oor wat ons moet glo en wat ons nie hoef te glo nie ten opsigte van die dinge waaroor daar onsekerheid is by duisende Christene vandag, omdat daar oor baie jare al deur teoloë verwarring geskep word met onskriftuurlike standpunte wat hulle verkondig.

Ons wil duidelik sê wat ons glo wat nog altyd die skrifbeskouing en standpunt van Gereformeerde kerke was en is. Hierdie verklaring moet slegs as 'n konsep dien om ander belanghebbendes aan te moedig om saam te werk aan 'n omvattende verklaring oor skrifgesag wat miskien as 'n uitbreiding of 'n byvoegsel by die *Nederlandse Geloofsbelydenis* kan dien, aangesien dit in 1561 toe die NGB opgestel is, hulle nog nie te doen gehad het met die probleem van die ondermyning van skrifgesag waarmee ons vandag te doen het nie.

Ons begin met 'n paar stellings wat ons uit die *Chicago Statements oorneem en* waarmee ons heelhartig saamstem. 'n Kommissie vir *Leer en Aktuele Sake* van 'n NG Kerk, wat hierdie stuk onder oë gehad het, het verklaar dat die *Chicago Statements* uiters kontroversieel is. Hulle het ongelukkig nie verduidelik waarom hulle so sê nie. Toe Jesus gesê het dat Hy die Seun van die Vader en een met die Vader is, was dit vir die Fariseërs ook uiters kontroversieel, maar dit was die waarheid. Toe Martin Luther sy 95 stellinge bekend gemaak het was dit beslis *baie* kontroversieel, maar niemand kon aantoon dat dit in stryd met die Bybel is nie.

1. God wat die waarheid vanself is en slegs waarheid praat, het die Heilige Skrif geïnspireer om daardeur Homself aan die verlore mensdom te openbaar in die Skrif en deur Jesus Christus ons Skepper en Verlosser.

2. Die Heilige Skrif, wat die Woord van God is, alhoewel geskrywe deur mense onder inspirasie en leiding van die Heilige Gees, spreek met goddelike en onfeilbare gesag oor alle sake wat dit aanraak. Dit moet geglo word as God se lering in alles wat dit bevestig, gehoorsaam word as God se opdrag in alles wat dit vereis, en aanvaar word as God se verbond met ons in alles wat dit belowe. (Ook die profesieë wat omtrent een derde van die Bybel uitmaak, mag ons nie verwaarloos nie.)

3. Die Heilige Gees, wat die Outeur van die Skrif is, oortuig ons van die waarheid van die Skrif en open ook ons verstand om die betekenis daarvan te verstaan.

4. Aangesien die Skrif in sy geheel deur God ingegee is, is dit sonder fout of dwaling in alles wat dit leer, nie slegs as dit praat oor God se skeppingsdade en oor sy reddende genade in menselewens nie, maar ook as dit praat oor gebeurtenisse in die wêreldgeskiedenis en die ontstaan v.d. Skrif onder die inspirasie van God.

5. Die gesag van die Skrif word onvermydelik ondermyn as die algehele onfeilbaarheid van die Skrif op enige manier beperk of ontken word. So 'n beperking van die algehele betroubaarheid van die Skrif hou ernstige nadele in vir die gelowige en vir die kerk.

6. Die Heilige Skrif is goddelik en soewerein en ontvang beslis nie sy gesag van die kerk of van tradisie of van enige ander menslike instelling of persoon, soos die Roomse Kerk beweer, nie.

7. Die Heilige Skrif in sy geheel is openbaring van God en is nie net 'n getuienis oor die openbaring nie, of word nie slegs openbaring deur die indiwiduele leser se respons op die lees v.d. Skrif nie.

8. God het mensetaal, wat ook 'n deel van sy skepping is, gebruik in sy openbaring van Homself. Ten spyte van die beperkinge van ons menslike taal en die verdorwenheid van ons natuur deur sonde, het God in sy almag in menslike taal alles aan ons geopenbaar wat vir ons nodig is om te weet.

9. Geen deel van die Skrif weerspreek 'n ander deel v.d. Skrif nie.

10. "Die hele Skrif is deur God ingegee" (2 Tim.3:16). Dit kan nie aanvaar word dat sekere dele van die Skrif geïnspireer is maar ander dele nie.

11. Alhoewel ons nie presies weet hoe die inspirasie van die Bybelskrywers gewerk het nie, ontken ons ten sterkste dat hul inspirasie afgeskaal kan word tot blote menslike insig, of tot 'n sogenaamde *heightened state of consciousness.* Buitendien is dit volgens 2 Tim.3:16 die Skrif wat ingegee of geïnspireer is en nie in die eerste plek die skrywer nie.

12. Ons glo dat God in sy inspirasie van die Bybelskrywers gebruik gemaak het van die onderskeidende persoonlikhede en skryfstyle van elke skywer <u>sonder</u> om van hulle outomate te maak.

13. Ons glo dat alhoewel hierdie inspirasie nie die skrywers alwetend gemaak het nie, dit tog gewaarborg het dat hulle woorde waar en betroubaar was, oor al die dinge waaroor hulle is om te skryf of te praat.

14. Ons glo dat die Bybel in sy geheel (in sy oorspronklike tale) foutloos is, dws. sonder enige onwaarheid, bedrog of misleiding. Ons ontken dat die foutloosheid en betroubaarheid van die Bybel tot geestelike, godsdienstige of saligmakende temas beperk is, en nie ook uitsprake op die gebied van natuurkunde en geskiedenis dek nie.

15. Ons ontken dat die betroubaarheid en foutloosheid van die Bybel gekanseleer word deur skynbare teenstrydighede in die Bybel. (Om 'n voorbeeld te noem: 'n Teks wat dikwels deur teenstaanders van die onfeilbaarheid van die Bybel genoem word is Handelinge 23:5 waar Paulus van Ananias sê: "Ek het nie geweet dat hy die hoëpriester is nie." "Hoe kon Paulus wat self 'n fariseer was nie geweet het wie die hoëpriester was nie?", vra hulle. As 'n mens Josefus, die geskiedskrywer van daardie tyd, se werke lees, dan kom jy agter dat Ananias uit sy pos as hoëpriester onthef is en iemand anders aangestel is wat kort daarna vermoor is. Ananias het vir homself toe weer die pos van hoëpriester toegeëien. Hy was dus nie op daardie stadium wettiglik die hoëpriester nie.)

By 'n deeglike ondersoek van alle sogenaamde teenstrydighede in die Bybel, het dit nog altyd geblyk dat daar geen teenstrydighede in die Bybel voorkom wat die gesag van die Skrif aantas nie. Daar is ook nog nooit iets deur die wetenskap ontdek wat bewys dat die Bybel fouteer nie. (Lees *In Defense of the Faith* van Dave Hunt, *Did God use Evolution ?* en *Questions* van prof. Werner Gitt, *God and the Scientists* of *Met Andere Ogen* van prof. Arie van den Beukel, of *Jeugd in Een Sterwende euw,* van prof. Willem Ouweneel.)

16. Die Heilige Gees oortuig mense van die waarheid van die Woord, en die Heilige Gees werk nooit apart van die Woord, of weerspreek dit nooit nie.

17. Ons glo dat aanvaarding van die hele Bybel as betroubaar en foutloos, noodsaaklik is vir die verstaan van die Christelike evangelie in sy geheel. Geloof in die onfeilbaarheid van die Bybel is nie noodsaaklik vir verlossing nie, maar dit kan ook nie verwerp word sonder ernstige gevolge vir die indiwidu en vir die kerk nie.

18. Ons glo dat die eenvoudige, menslike taal waarin sekere dele van die Skrif vir ons opgeteken en oorgelewer is geensins impliseer dat daar foute in kan voorkom nie, net so min as wat die nederige menslike gestalte waarin Jesus op aarde verskyn het impliseer dat Hy ook gesondig het.

19. Ons glo dat deur vertaling uit die oorspronklike tale, die Bybel 'n boodskap het vir mense van alle tye en alle kulture, en ons ontken dat die betekenis van sommige Bybelgedeeltes so gebon-de is aan die kultuur waaruit dit voortgekom het dat dit onverstaanbaar is vir mense van ander kulture.

20. Ons glo dat die Bybel se weergawe van gebeurtenisse, gesprekke en uitsprake, al word dit weergegee in 'n verskeidenheid van toepaslike literêre vorms, verseker ooreenstem met die historiese feite. Ons ontken dat enige gebeurtenisse, gesprekke of uitsprake wat in die Bybel opgeteken is, versinsels van die skrywer is of van die kultuur wat hy verteenwoordig.

21. Ons glo dat die Bybel 'n eenheid vorm, en dat die verskillende boeke in harmonie en ooreenstemming met mekaar is, en dat die Skrif sy eie beste verklaarder is. Daarom kan enige deel van die Bybel gebruik word om 'n ander deel se betekenis te verduidelik, of aan te vul.

22. Omdat die woorde wat hulle geskryf het vir die skrywers v.d. Bybelboeke deur God ingegee was, glo ons dat die skrywers dit nie altyd ten volle verstaan het nie, en vir die doel waarvoor God hulle gebruik het was dit ook nie nodig dat hulle dit altyd ten volle moes verstaan nie, soos bvb. waar Job van die sterrekonstelasies praat - (38:31), die Sewe-ster en Orion en hulle bande en toue (d.w.s. hulle beweging en onderlinge aantrekkingskragte.)

23. Aangesien God die oorsprong is van alle waarheid, glo ons dat alle waarheid, Bybels sowel as buitebybels, met mekaar in harmonie is, en dat die Bybel die waarheid praat as dit oor dinge praat wat te doen het met die natuur, geskiedenis of enigiets anders. Buite-bybelse kennis kan soms wel help om bybelse waarhede duideliker te maak. Buite-bybelse kennis of sg. wetenskaplike kennis kan egter nooit bewys dat die Bybel fouteer nie.

24. Ons ontken dat die gewone leser die Bybel nie kan verstaan sonder die hulp van Bybel-eksegete en verklaarders nie. Daarmee ontken ons nie die waarde van die studie van eksegete en Bybelverklaarders nie.

25. Ons glo dat die enigste soort prediking wat die goddelike openbaring en die toepassing daarvan op die lewe voldoende oordra, dié is wat getrou en suiwer die woorde van die Skrif uitlê as die Woord van God. Ons ontken dat 'n prediker enige boodskap van

God vir sy gemeente kan hê wat nie gebaseer is op ‘n teks uit die Skrif nie.

**Uit wat ons hierbo gesê het wil ons nou sekere gevolgtrekkings maak, sodat dit glashelder kan wees wat ons bedoel:**

a) Ons glo dat die Bybel die openbaring van God van Homself aan die sondige mens is, en dat dit nie mense se getuienis oor hulle ervaring van God is, soos sommige teoloë beweer nie.

b) Ons glo dat Genesis 1-11 net soos die res van die Bybel geglo moet word, soos die skrywers van die boeke bedoel het dat dit geglo moet word, met ander woorde as historiese feite waar dit as sodanig aangebied word.

C) Ons glo dat Adam en Eva werklik mense was, wat deur God as volwassenes geskape is, deur die duiwel versoek is, aan God ongehoorsaam was en so die sonde in die wêreld laat kom het waardeur ‘n verlosser uit sonde vir die mens noodsaaklik geword het.

d) Ons glo dat Noag ‘n historiese persoon was wat ‘n groot ‘skip’ gebou het en dat die hele geskiedenis van die ark en die sondvloed nie maar net ‘n fabel of ‘n mite is nie.

e) Ons glo dat Jona, die seun van Amittai, die pofeet van Gat-Hefer, ‘n historiese persoon was en dat sy wedervaringe soos in die boek Jona beskrywe word, letterlik en feitelik waar is.

f) Ons glo dat Jesus, al het Hy sy godheid tydelik afgelê terwyl Hy mens was, tog geen fout sou maak of onwaarheid sou verkondig omdat Hy oor sekere dinge onkundig was nie.

g) Ons glo dat, wie ontken dat die wonderwerke en profesieë waarvan die Bybel getuig, werklik plaasgevind het of nog sal plaasvind, van God ‘n leuenaar maak.

h) Omdat daar ,soos ons dit insien, deesdae ‘n valse gees van verdraagsaamheid en eensgesindheid geopenbaar word, soos wat byvoorbeeld geopenbaar word deur die stelling: “Ek gaan nie mense van ander gelowe kritiseer nie, want ek weet nie hoe God Hom aan hulle geopenbaar het nie”, wil ons duidelik verklaar dat God Hom net in sy Woord aan ons geopenbaar het, en enigiemand wat daar iets byvoeg of iets daarvan ontken, is ‘n *valse profeet*, en word deur die Skrif self veroordeel.

Ons glo dat ons nie net die reg het nie, maar ook die plig om te getuig dat daar net een ware God is, en dit is die God van

Abraham, Isak en Jakob, en dat daar net een saligmakende geloof is, en dit is die geloof in Jesus Christus die gekruisigde. As ons dit doen, dan doen ons dit nie uit onverdraagsaamheid of liefdeloosheid nie, maar juis uit diepe bekommernis oor mense wat verlore gaan omdat hulle valse gode dien.

November 1996

**PJP.** Mens kan beswaarlik hierdie verklaring lees sonder om v.d. direkte eenvoud en waarheid van elke stelling bewus te raak. Per slot van rekening; dit verwoord presies wat ons kerk deur die eeue geglo en verkondig het – niks minder en niks meer nie.

Die moeras van 'geleerde' alternatiewe beskouings wat in Deel 1 van hierdie boek uitgespel is moet elke gelowige met die grootste weersin vul. Tensy…tensy jy verby die vlak is van die Woord soos 'n kind te aanvaar is en 'gepromoveer' het tot die 'hoë' grond van **'ek sal besluit wat die waarheid is'.** Op dáárdie pad is daar egter geen hoop nie, want dan is jy *self* jou hoop en lê jou verwagting nie meer in die enigste buite-wêreldse geopenbaarde Waarheid nie. Nie verniet nie het Christus gesê: "*Ek* is die weg en die waarheid en die lewe, niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."

**HEYNS OOR DIE EISE v.d. KOMMUNIKASIE-AFGOD**

"*Die ontvanger* [van die Bybelse boodskap] *in sy situasie word die maatstaf.* Hy bepaal wat gegee sal word…Wat die gewer het om mee te deel, word ter wille van die ideaal van kommunikasie by die ontvanger aangepas. In wat meegedeel word, naamlik die evangelie, gaan dit dus nie om die waarheidseis nie, maar om die kommunikasie-eis. Trouens, vir hierdie teologie is wat meegedeel kan word, waarheid, en wat nie meegedeel kan word nie, is nie waarheid nie. Met ander woorde, kommunikaise *is* waarheid. Maar hierdie implikasie kan nie aanvaar word nie. Want ook die leuen kan meegedeel word…Die blote aanvaarbaarheid van 'n saak is nog geen teken of 'n bewys van sy waarheid nie. Die akkommodasie van die gewer aan die ontvanger beteken in feite dus dat **die tydgees vir hierdie teologie die maatstaf** van die evangelie en dus ook van die openbaring self geword het.Dit is nie God wat vir die mens voorskryf wat hy moet doen nie, maar die mens skryf vir God voor." In [hier]die sekularistiese teologie word die aksent van God en sy openbaring na die mens verlê en daarom is hulle dan ook in die *mens* Christus geïnteresseerd...Daarom sal met reg gevra kan word of ons hier nog werklik met teologie – besinning oor God – of met godsdienswetenskap – besinning oor godsdiens as menslike verskynsel – te doen het." (J.A.Heyns: *Sterwende Christendom?,* p.162).

## Hoofstuk 20 PROFESIE: WAARMERK VAN BYBELSE ONFEILBAARHEID EN OUTENTIEKHEID

Deur die loop van die eeue het verskeie, gewoonlik eksentrieke mense, hul uitlatings aan die wêreld as profesieë voorgehou. Party se voorspellings het groot koerantopskrifte tot gevolg gehad en mense het rondgeskarrel om hul gereed te maak vir wat gewoonlik uitgeloop het op 'n valse alarm oor die einde van alles.

In klassieke tye in Griekeland het die profeet uitdrukking aan die gedagtes van 'n Orakel gegee, dus woorde van 'buite' en nie sy eie woorde nie. Die *Encyclopaedia Brittanica* verwys na verskeies soos die blinde siener Teiresias in Sofokles se tyd. Die alombekende Delfiese Orakel se waansinnige vroue-priester is nie self as profeet bestempel nie, maar die groep Bewaarders van die tempel wat haar onsamehangende en histeriese uitlatings in verstaanbare Grieks probeer vertolk het, wel. Van die fanatiese tipe profeet het die wêreld sy deel al weg, en steeds duik hulle ook in ons tye op, soos die 'Moonies' (Jones) en ander wat deur hul charismatiese leiers sodanig gemesmeriseer is dat almal gelyktydig hulself om die lewe gebring het.

Aan ons almal is die histeriese profete van Baäl in Elia se tyd bekend, soos ook die groot klomp prefete in 2 Kronieke 18 wat teenoor Agab en Josafat geprofeteer het dat hy, Agab, ongeskonde uit die stryd sou tree, terwyl Miga - die onpopulêre , alleen-profeet – gesê het dat die Here sê hy sal sneuwel. Hy het!

In hierdie hoofstuk het ons nie met bostaande geroesmoes te doen nie. Die Bybel is die enigste godsdienstige boek wat op stelselmatige en onemosionele wyse vir ons uitspel wat die Skepper-God met sekerheid in hierdie wêreld gedoen het, en nog sal doen. Die meeste van hierdie profesieë het reeds in vervulling gegaan en kan ons dus vandag tussen die buiteblaaie van die Bybel 'n 'reis' onderneem om die spoor van God se vooruitsegginge na te gaan en te takseer. Bybelse profesieë word nie ontdek deur om obskure wiskundige formules op die teks af te dwing of toe te pas nie, want dit staan daar in alle helderheid en eenvoud uitgespel.

Ek het reeds in 'n vorige hoofstuk gesê dat Skrifkritici se voorveronderstellings hul verbied om in profesieë te glo, daarom diskrediteer hulle die Skrifgedeeltes wat dit bevat. Hulle sê dan dat sodanige gedeeltes latere toevoegings is of, dood eenvoudig, dat die boek

(soos Daniël) eers ná die gebeurtenis geskryf is. Hierdie hoofstuk het nie op Skrifkritici betrekking nie maar slegs op rasionele mense wat bereid is om 'n saak op eie meriete te beoordeel. En let wel: Skrifkritici se benadering en werksmetodes word onder die vaandel van die wetenskap gepleeg wat voorgee dat elke saak objektief en sonder vooroordeel benader word. Feite alleen gee kwansuis die deurslag, volgens die rede getakseer, en deur die sogenaamde wetenskaplike metode bepaal.

**Twee soorte Profesieë.** Terwyl beide soorte betrekking op God en sy plan met die wêreld waarin ons leef het, kan die twee tog van mekaar onderskei word. Die eerste het te make met God se oordeel oor nasies, stede, konings, beskawings en mense. Die tweede het te doen met voorspellings rakende Christus en Sy koms na die aarde én die vervulling daarvan in vlees en bloed; in tyd en ruimte.

Ons sal sien dat beide tot op die letter in vervulling gaan. Watter beter bewys kan iemand vra om te weet of hierdie Boek werklik die woorde van die Skepper-God is of nie? Enige hof ter wêreld sal op grond van die soort getuienis wat die Bybel oor homself lewer, die eindproduk as gesaghebbend en outentiek aanvaar. Die probleem is nie dat die bewyse ontbreek nie, maar dat die bewyse misken of verdraai word sodat dit iets sê wat dit nooit veronderstel was om te sê nie. Ek herinner weer aan **Einstein wat gesê het: "It is your theory which determines your result, not the facts".**

Vir die doel van hierdie hoofstuk kies ek 'n aantal voorbeelde, uit die Skrif, om my tesis te illustreer. Die toets van enige profesie is, natuurlik, of dit werklik gebeur. Anders, sê die Skrif, is dit 'n vals profesie. Verder: alle profesieë van die Ou Testament kom in die (uit Hebreeus) vertaalde Griekse *Septuaginte* voor, dus is hul almal vóór die jaar 250 v.C. neergepen. Hieronder verwys ek weer hierna.

**GOD se Oordeel oor mense en volkere**

**1. Die stad Tirus.** In die voorwoord tot prof. Peter Stoner se boek *Science Speaks,* skryf dr. Harold Hartzier soos volg:"The manuscript for *Science Speaks* has been carefully reviewed by the committee of the *American Scientific Affiliation* members and by the Executive Council...and has been found...dependable and accurate in regard to the scientific material presented. The mathematical analysis included, is based upon principles of probability which are

thoroughly sound..." Die onderstaande kommentar op die betrokke Skrifgedeelte kom uit daardie boek.

**Eségiël 26** vanaf vers drie lui soos volg: "Daarom, so sê die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Tirus! en Ek laat baie nasies teen jou optrek soos die see sy golwe laat optrek. (v.4) Hulle sal die mure van Tirus verwoes en sy torings afbreek; ja, Ek sal sy puin van hom af wegvee en hom 'n kaal rots maak. (5) Hy sal binne-in die see 'n droogmaakplek vir nette wees; want Ek het dit gesê, spreek die Here HERE; en hy sal 'n buit vir die nasies wees. (6) En sy dogters wat op die land is, sal met die swaard gedood word; en hulle sal weet dat Ek die Here is. (7) Want so sê die Here HERE: Kyk, Ek laat Nebukadrésar, die koning van Babel, die koning van die konings, van die noorde af teen Tirus kom, met perde en strydwaens en ruiters en 'n menigte en baie mense. (8) Hy sal jou dogters op die land met die swaard doodmaak en forte teen jou opstel en 'n wal teen jou opwerp en die skilddak teen jou oprig...(12) En hulle sal jou rykdom buitmaak en jou koopware roof en jou mure afbreek en jou kosbare huise omgooi; en hulle sal jou klippe en jou houte en jou puin in die water slinger...(14) Ja, Ek sal jou 'n kaal rots maak, 'n droogmaakplek van nette, sal jy wees en nooit herbou word nie...(21)...Ek sal jou 'n voorwerp van verskrikking maak, en jy sal daar nie wees nie; jy sal gesoek word, maar vir ewig nie meer gevind word nie, spreek die Here HERE."

**Vervulling.** Uit Eség. 27:3 blyk dat Tirus 'n buitengewoon belangrike stad was, met wydverspreide handelsbedrywighede. In die jaar 586 v.C. het Nebukadrésar die stad beleër. Dit het 13 jaar geduur, maar toe hy die stad in 573 v.C. inneem, vind hy dat die Fenisiërs alles van waarde na 'n eiland sowat 'n kilometer die see in verwyder het. Hy kon hulle nie agternasit nie, en het toe na Babilon teruggekeer. Vir 241 jaar het die aanlandige ontruimde stad min of meer gebly soos Nebukadrésar dit gelaat het. In die jaar 322 v.C. bereik Alexander die Grootte die eilandstad, Tirus, maar hy kon nie die stad volkome inneem nie. Hy verower toe ander kusstede met die idee om hul skepe te gebruik om Tirus totaal te vernietig, maar weereens kon hy nie daarin slaag nie. In desperaatheid bou hy 'n pad tussen die ou aanlandige stad en die eiland met gebruikmaking van al die materiaal waarvan die oorspronklike stad gebou was. Selfs die grond rondom is aangewend om die pad mee te verdig. Na sewe maande se aanvalle ter see en land verower hy die stad.

Ander stede rondom is tot so 'n mate die skrik op die lyf gejaag, dat hulle sonder weerstand hul aan Alexander oorgee.

Mense wat Tirus vandag besoek ontdek dat dit wel nooit herbou is nie. Vissermanne gebruik die kaal rots vir die droogmaak van hul nette. Die fonteine wat die destydse stad van water voorsien het, is vandag nog daar en lewer glo iets soos 45 miljoen liter daagliks, wat in die see inloop. Dit sou 'n ideale plek vir 'n stad wees, maar niemand kom so ver as om enige bouwerk aan te durf nie.

Professor Stoner meld dat die profesie sewe uitkenbare dele behels en dat al sewe oor 'n tydperk van byna 250 jaar in vervulling gegaan het. Maar ons moet die geldigheid van die profesie tot vandag bereken, wat dus 'n totale tydperk beteken van iets soos 2 300 jaar waarin die stad nie weer herbou sou word nie. Ander stede wat in puin gelê is het almal 'n oorskot opgebreekte boumateriaal wat oor die jare nooit verwyder is nie, maar geen ander stad is só kaalgestroop as om slegs uit 'n kaal rots te bestaan waarop nette uitgedroog word nie. Stoner en 5 van sy studente het 'n berekening gedoen om te bepaal wat die kans is dat al sewe voorspellings bewaarheid sou kon word. Volgens die standaardmetode van kansrekening kom dit uit op een kans in 75 miljoen.

**Samaria.** In Miga 1:6 staan daar (OAV): "Daarom sal Ek Samaria 'n puinhoop maak op die veld, 'n plek om wingerdstokke te plant; en Ek sal haar klippe in die dal laat afrol, en haar fondamente blootlê."

Die profesie bevat vyf voorspellings: 1) Samaria sal vernietig word, 2) dit sal wees soos 'n hoop op die veld word, 3) wingerde sal daar geplant word, 4) haar klippe sal teen die helling afgerol word, en 5) haar fondamente sal opgegrawe word.

In Christus se tyd, **750 jaar later** as die profesie, was Samaria nog 'n prominente stad, en word dit dikwels in die Nuwe Testament genoem. Die stad is egter sedertdien finaal vernietig, en het 'n hoop klippe geword. Gaandeweg is die 'heuwel' in moderne tye verwyder en na die kant geneem van waar die klippe teen die helling afgerol is om plek te maak vir die wingerd en tuine wat tans daar aangetref word.

Die volgende vrae kan gevra word: 1) Watter kans is daar dat die vername en goed-verskanste stad van Samaria as heuwelvesting ooit vernietig sou kon word? Kom ons sê 1 kans uit 4. 2) Watter kans dat dit as hoop klippe daar sou lê en nie weer (soos vele ander) opgebou sou word nie? Kom ons sê 1 uit 5. 3) Waarom sou

enigiemand juis dáárdie perseel gebruik om 'n wingerd aan te plant terwyl daar baie ander stukke grond in die omgewing is wat die doel sou kon gedien het? Verder, min ou stede se ondergrond was van enige landboukundige waarde. Die teendeel is gewoonlik waar, naamlik, dat huise gebou word waar dit juis vir landbou ongeskik is. Die kans hier is 1 uit 100. 4) Wat is die kans dat die klippe teen die helling afgerol sou word in plaas daarvan dat hul hergebruik word? die kans is 1 uit 10. 5) Wat is die kans dat selfs die fondamente opgegrawe sou word in plaas daarvan dat hulle net toegegooi sou word? Die kans is miskien 1 uit 2.

Indien Miga die vyf voorspellings uit menslike wysheid en insigte gemaak het, was sy kans op sukses 1 uit 4x5x100x10x2, of een uit 40 000. In enigiemand se taal, selfs in 'n dobbelaar s'n, is dit uiters onwaarskynlik, en behoort enige regdenkende en redelike mens te sê: net 'n Opperwese sou daartoe in staat wees om al vyf volgens profesie te laat gebeur.

**Jerigo.** Josua het die volk laat sweer: "Vervloek is die man voor die aangesig van die HERE wat sal opstaan om hierdie stad Jerigo op te bou: ten koste van sy eersgeborene sal hy sy fondamente lê, en ten koste van sy jonkste sal hy sy poort insit"(Jos.6:26,OAV). Ons het hier vier voorspellings: 1) Jerigo sal herbou word, 2) dit sal deur een man gebou word, 3) sy oudste seun sterf wanneer hy begin, en 4) sy jongste seun sal sterf wanneer die werk voltooi is".

**Vyf-honderd jaar** ná die vernietiging van die stad deur Josua, het koning Agab Hiël aangestel om die stad te herbou. Toe hy begin, sterf sy oudste seun, Abiram, en toe hy klaarmaak sterf sy jonkste, Sigeb (kyk 1 Kon.16: 33,34). Wat is die kans dat al vier voorspellings net so sou uitwerk? Stoner se span was van mening: 1 uit 2x10x100x100, of 1 uit 200 000!

Prof. Stoner verskaf in sy boek elf Ou-Testamentiese profesieë. Ek gee voorts slegs sy uiteensetting van die kans op vervulling langs elkeen, net soos die drie wat ek aangehaal het. Dit lees soos volg:

Tirus...........................................1 uit 7.5x10 tot die mag van 7
of 1 uit 75 000 000).

Samaria......................................1 uit 4.0 x 10 tot die mag van 4

Gad en Askelon...........................1 uit 1.2 x 10 tot die mag van 4

Jerigo..........................................1 uit 2.0 x 10 tot die mag van 4

Die Goue Poort (Jerusalem)........1 uit 10 tot die mag van 3

Sion omgeploeg...........................1 uit 10 tot die mag van 2

Jerusalem vergroot......................1 uit 8 x 10 tot die mag van 10

Palestina se verwoesting...........1 uit 2 x 10 tot die mag van 5

Moab en Ammon, oorgeneem, ...1 uit 10 tot die mag van 3
kom terug

Edom vernietig en verlaat............1 uit 10 tot die mag van 4

Babilon, nooit weer opgebou.......1 uit 5 x 10 tot die mag van 9

Om te bepaal wat die kans is dat al elf profesieë bewaarheid sou word moet hul met mekaar gemaal word, dus, een kans uit 5.76 x 10 tot die mag van 59. Party mense sou wou sê dat die kansrekeninge almal te hoog is, maar al sou dit waar wees staan dit enigiemand vry om sy eie berekeninge te maak. Nog steeds, sê Stoner, sal die uiteindelike syfer 'n verstommende komputasie verteenwoordig.

Stoner stel voor dat, gerieflikheidshalwe, die som *wel* verminder word na 5 maal 10 tot die mag van 59. Hoeveel is dit? Hierdie som, sê hy, is soveel dat dit alle perke met miljarde en miljarde oorskry. Maar, omskep elke kans in 'n R5 muntstuk en werk uit hoeveel spasie die hoop in beslag sal neem.

Die son is een miljoen-maal die grootte van die aarde, en met die korrekte hoeveelheid muntstukke sou ons 10 tot die mag van 28 silwer balle so groot soos die son kon maak. Met ander woorde: die ganse heelal sou tjok en blok vol muntstukke wees en dan sou ons nog 'n verdere 2 miljoen sulke heelalle moet fabriseer om al die muntstukke te kan vat wat eersgenoemde getal verteenwoordig. Niemand kan hom dit voorstel nie, net soos niemand hom dit kan voorstel dat al die profesieë in die Bybel per toeval sou kon gebeur nie. En bostaande elf profesieë verteenwoordig nie eens 10% van Bybelse profesieë nie!

Christus en Profesieë: Aan die Jode sê Christus:"Julle ondersoek die Skrifte....en dit is dié wat van My getuig....As julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe" (Joh. 5:39, 46).

"En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het" (Luk.24:27).

Vele ander Skrifbewyse kan voorgehou word om die honderde Ou Testamentiese voorspellings na Christus te herlei. Dink aan die geleentheid in die tempel toe Hy uit Jesaja gelees het en gesê het: "vandag is hierdie profesie in jul ore vervul." Wat 'n oomblik moes dit nie gewees het nie?

Maar, laat ons onself nie bluf nie. Vir die tradisionele gelowige sal die koppeling tussen Christus en die Ou- Testamentiese profesieë vanselfsprekend wees, maar ons leef in drasties veranderde tye. Ek beleef dikwels oomblikke in gesprekke onder Afrikaanssprekende mense waar die sin van godsdiens en die inhoud daarvan ter sprake kom. Die gemak waarmee bybelse uitsprake as slegs die opinie van een persoon beskou word - en daarom nie van toepassing nie - slaan my stom. Ons verkeer op die vaarwater van byna totale relativisme. Daar bestaan geen gevestigde, aanvaarde ankerpunte meer nie. So, wat is die nut daarvan om 'n gedeelte van 'n hoofstuk aan vervulde profesieë rondom Christus enigsins voor te hou?

Die doel daarvan is om die trompet te bly blaas rakende die aktualiteit van die Bybel as enigste gesaghebbende 'handboek' vir hede en toekoms. Wat hieronder aangebied word verteenwoordig dus die weiering om aan die gees van ons tyd waar daar geen absolute waarheid meer is nie, toe te gee. Vandag word gesê: enige godsdiens sal *'ôraait'* wees, want dit stimuleer jou en verryk jou lewe; dat dit mite mag wees maak in wese geen saak nie - dis die uitwerking van die boodskap wat eerder van belang is. En die hiernamaals?? Wel, wie het gesê daar is soiets? Ons leef vir nou, want dis al wat ons het. Buitendien, ons is die produk van evolusie en ons is almal besig om nog verder tot 'n uiteindelike, en onbekende 'is' te evolueer.

Die kardinale verskil tussen bybelse, Christelik-gereformeerde godsdiens en alle ander gelowe van wie-ookal, is dat eersgenoemde op tyd-ruimtelike gebeurtenisse gegrond is, dus, dinge wat hier op hiérdie aarde plaasgevind het, waar die Skepper van die heelal Homself deur die eeue deur Sy Woorde en mags- optredes bekendgemaak het. Hierdie is geen eteriese, ander-wêreldse geesteservaring wat dmv. dwelms of Transsendentale Meditasie opgetower word nie. Dit is ook nie *New-Age* kosmiese identifikasie met die god wat nie net in jou is nie, maar 'n god waarvan jy deel is, nie. Nee, 'n duisendmaal NEE! Dit is die onmeetlike, transsendente God van die heelal wat vlees geword en onder ons kom woon het.

Hy het nie net kom demonstreer hoe die lewe geleef moet word nie maar het ook die noodwendige straf op ons eiewilligheid en sonde op Hom kom neem sodat ons die ewige lewe kan hê.

Die feit dat byna niemand meer in die hel en verdoemenis glo nie, en dat min glo dat daar 'n lewe anderkant die graf is, doen niks aan die 'eens-en-vir-altyd' lewe van God op aarde nie. Met ander woorde: die *New-Age* en alle ander godsdienste moet almal éérs bewys dat onderstaande nie voorspel is nie en ook nie in vervulling gegaan het nie. Die risiko om dit eenvoudig te ignoreer is miskien gerieflik, maar beslis nie verantwoordelik nie. Selfs om na die kansrekening aan die einde van die hoofstuk te kyk om bewus te word van *eie* blootstelling aan die *gevolge* van verwerping v.d. feite, is voldoende rede om met aandag voort te lees.

In ons dag is daar 'geleerdes' wat beweer dat die profesieë geskryf is nadat hulle plaasgevind en hulself dus ‘vervul’ het. Dit sou beteken dat groot gedeeltes van die Ou Testament ná die koms en lewe van Christus geskryf moes gewees het. Hierdie siening skep egter probleme, want die *Septuaginta* - die vertaling uit Hebreeus na Grieks – bestaan reeds vanaf 250 jaar *vóór* Christus se koms. **Die vertaling as sodanig bevestig dat die Hebreeuse geskrifte beslis voor die Christelike era neergepen is.**

**Algemene opmerkings.** Ek gebruik hier die wetenskaplike benadering tot die onderwerp van profesieë en sal aan die einde die voorspellings op grond van waarskynlikheid takseer. Met ander woorde: daar gaan gevra word wat die waarskynlikheid is dat 'n besondere voorspelling bewaarheid sou kon word.

**1. Uit maagd gebore:** Jesaja 7:4: "Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem."

**Vervulling:** "...Maria...is swanger bevind uit die Heilige Gees....'Josef, moenie bevrees wees om Maria...by jou te neem nie...want...sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem' " (Matt. 1: 18, 24, 25).

**2. Saad van Abraham:** Genesis 22:18: (Die Engel v.d. HERE aan Abraham): "En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het."

**Vervulling:** "Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham."(Matt.1:1), en Gal.3:16 wat sê: "Nou is aan Abraham die belofte toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En

aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus."

**3. Uit Huis van Dawid:** Jer. 23:5: "...Ek sal vir Dawid 'n regverdige spruit verwek, en as Koning sal hy regeer...en geregtigheid doen in die land."

**Vervulling:** "Jesus...die seun van Dawid..." ( Luk. 3: 23,31).

**4. Gebore te Betlehem:** Miga 5:1: "En jy, Betlehem Éfrata,...uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees, en sy uitgange sal uit die voortyd wees, uit die dae van die ewigheid."

**Vervulling:** Matt.2:1. "En toe Jesus te Betlehem in Judéa gebore is..." Die skrifgeleerdes het met groot vertroue aan Herodes gesê dat die Messias uit Betlehem sou kom. Dit was 'n bekende feit onder die Jode van daardie tyd.

**5. Wonderwerke:** Jes. 45:5: "Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word..."

**Vervulling:** Matt.9:35. "En Jesus het by al die stede en dorpe rondgegaan...en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees."

**6. Sou Jerusalem op 'n donkie binnegaan:** Sag. 9:9: "Verheug jou...o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou, regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel - op 'n jong esel, die vul van 'n eselin."

**Vervulling:** "Julle (sal) 'n eselvul vind...Maak hom los en bring hom. ...en hulle lê hul klere op die vul en laat Jesus daarop sit. En terwyl Hy voortgaan, gooi hulle hul klere oop op die pad...terwyl hulle sê: Geseënd is die Koning wat kom in die Naam van die Here..." (Luk. 19:30, 35, 36, 38.)

**7. Lig vir die Nasies:** Jes. 49:6: "Ek het U gemaak tot 'n lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die "aarde."

**Vervulling:** Hand.13:47,48a. "Want so het die Here aan ons bevel gegee: Ek het U 'n lig van die nasies gemaak, sodat U tot redding sal wees tot aan die einde van die aarde."

**8. Opstanding uit die dood:** Ps. 16:10 : "want U sal my siel aan die doderyk nie oorgee nie; U sal nie toelaat dat U gunsgenoot verderwing sien nie."

**Vervulling:** "...omdat hy dit vooruit gesien het, gespreek van die opstanding van Christus, dat sy siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees ook nie verderwing gesien het nie" (Hand. 2:31).

Die volgende drie profesieë is almal in een dag vervul:

**9. Deur 'n vriend verloën:** Ps. 41:9 : "Selfs die man wat met my in vrede lewe, op wie ek vertrou het,wat my brood eet, het die hak-steen teen my opgelig."

**Vervulling:** "En dit is die name van die twaalf apostels:.....en Judas Iskáriot, die een wat Hom verraai het" (Matt. 10:4).

**10. Verkoop vir 30 silwerstukke:** Sag. 11:12: "Toe het hulle my loon afgeweeg: dertig sikkels silwer."

**Vervulling:** "Wat wil u my gee, en ek sal Hom aan u oorlewer? En hulle het vir Hom dertig silwerstukke afgeweeg." (Matt.26:15).

**11.Geld in tempel gegooi:** Sag.11:13b. "En ek het die dertig sikkels silwer geneem en dit in die huis van die Here vir die pottebakker gegooi."

**Vervulling:** "En hy het die silwerstukke in die tempel neergegooi en weggeloop en homself gaan ophang...En nadat hulle saam raad gehou het, het hulle die stuk grond van die pottebakker daarmee gekoop..." (Matt. 27:5,7).

Eintlik is daar sewe voorspellings in bostaande drie stelle van pro-fesieë en vervullings. Hulle is: 1) verloëning, 2) deur 'n vriend, 3) vir 30 silwerstukke (nie 29 nie), 4) silwer (en nie goud nie), 5) neergegooi (nie neergesit nie), 6) In die huis van die Here, en 7) geld gebruik vir potterbakker se grond.

**Maar, daar is veel meer.** Party van hulle is: dat Hy deur sy vriende verlaat is, valslik beskuldig is, stom was voor sy beskuldigers, ge-wond en verbrysel, geslaan en op gespoeg, Hy is bespot, het onder die gewig van die kruis geval, Sy hande en voete is deurboor, is met rowers gekruisig, het vir sy teenstanders gebid, is deur Sy eie mense verwerp, is sonder rede gehaat, Sy vriende het ver weg gestaan (by Sy kruisiging), mense het hul koppe geskud, hulle het Hom aangekyk, sy klere is verdeel, Hy het dors gekry, gal en asyn is aan Hom gegee, Hy roep uit, Hy gee homself aan God oor, Sy bene is nie gebreek nie, Sy sy is deurboor, donkerte het oor die land gedaal en Hy is in 'n ryk man se graf begrawe. (Vir die detail

hiervan kyk na McDowell se boek in die volgende paragraaf genoem, p.159-166.

Lesers wat daarin sou belang stel om al bostaande Ou- Testamentiese profesieë na te slaan kan gerus Josh McDowell se boek, *Evidence That Demands a Verdict* in die hande kry (p141-176). So 'n boek is van veel meer waarde as die magdom boeke wat in die onlangse verlede oor die Bybel in Afrikaans gepubliseer is, want geen Skrifkritiese interpretasies (wat die gesag en betroubaarheid van die Bybel afbreek) word hierin geduld nie.

**Opsomming.** Daar is meer as 300 profesieë oor Christus in die Ou Testament. Prof. Stoner het agt uit die getal geneem en die betreklik nuwe wetenskap van 'kansrekening' daarop toegepas. Hy bevind dat die kans dat een besondere indiwidu al agt in vervulling sou kon laat gaan, een kans is in 10 tot die mag van 17. Dit beteken een kans in 100 000 000 000 000 000.

Onthou, die verskillende profesieë is deur verskillende mense in verskillende tye voorspel, en die agt wat Stoner gekies het, het almal op een dag in vervulling gegaan. Mens sou kon sê dat Christus van hulle almal geweet het, en daarom kon Hy daarvoor sorg. Maar wanneer mens besef dat by elkeen van hulle ander mense wat Hom nie goedgesind was nie óók in elk van die betrokke gebeure 'n rol gespeel het, dan besef jy soiets is onmoontlik.

**Ons het eintlik hier te doen met 'n demonstrasie van die absolute betroubaarheid van die Bybel en die wonder van Christus se lewe, dood en opstanding. Daar is geen ander boek ter wêreld wat enige aanspraak kan maak op wat die Bybel vir homself toeëien nie.**

Indien al die profesieë oor Christus op dieselfde manier as die agt hierbo getakseer sou word, is die waarskynlikheid dat *een* persoon hul almal in vervulling kon laat gaan een kans in 10 tot die mag van 157. Vir diesulkes wat syfers nie nodig het om in die waaragtigheid van die Bybel te glo nie, wees dankbaar. Daar is egter vele wat moeilik oortuigbaar is, sodat syfers soos hierdie juis die lig uiteindelik kan laat deurbreek dat ons hier nie met mense-werk te make het nie. In die praktiese, wetenskap-gedrewe lewe daarbuite, moét dinge in terme van die maatstawwe van die markplein uitgespel word voordat dit enigsins 'n impak sal kan hê.

**Hoe groot is so 'n syfer?** Die elektron is die kleinste objek waarvan die mens tot hiertoe weet. Dit is so klein dat, indien ons 'n

klompie van hulle langs mekaar in 'n lyn van 2,5 sentimeter sou plaas, en ons dan sou begin om hulle teen 250 per minuut te tel, dit ons 19 miljoen jaar sou neem om die oefening af te handel. Om die voorbeeld nou op die getal van 10 tot die mag van 157 toe te pas: Gegee dat die heelal 6 000 000 ligjare na alle kante-toe uitstrek, en dat ons 'n bal van hierdie mikroskopiese elektrone sou kon vorm wat so groot as die ganse heelal is; sou ons dan al die elektrone daarmee opgebruik het? Die antwoord is: NEE. Ons sou skaars 'n duik in die totaal gemaak het. Daar sou minstens 500 sulke balle so groot soos die totale heelal moes wees om naby aan die ontsagwekkende hoeveelheid elektrone te kom wat 10 tot die mag van 157 verteenwoordig.

Maar om tot die probleemstelling terug te keer: Die kans dat een persoon al die profesieë hierbo genoem sou kon vervul verteenwoordig een elektron uit daardie duiselingwekkende getal. Dit wil sê: iemand sal daardie een elektron uit die totaal moet kan haal en sê: *hier* is die een. Want daardie één verteenwoordig die kans dat Christus al die OT'iese profesieë in vervulling kon laat gaan.

Hierdie oorbluffende stuk inligting moet elke mens eenvoudig tot stilswye dwing. Mens sou nou kon sê dat die kansrekeninge op te groot 'n stel syfers gegrond is, maar dit behoort duidelik te wees dat, al sou die syfer miljoen-maal verminder, dit steeds dui op 'n bo-menslike ingrype in die loop van die geskiedenis v.d. wêreld.

Stoner sê dat, al sou elk van die 300-plus voorspellings gereduseer word tot slegs 1 kans uit 4, dan sou die eindresultaat steeds neerkom op 'n onmeetlike klein kans dat Christus se koms, lewe, sterwe en opstanding blote toeval sou wees. Watter sakeman sal sy geld waag op daardie een kans in miljarde dat Christus nie ook God is en dat Hy as vlees en bloed hierheen gekom het, om te red elke mens wat Sy soenoffer aanneem. Prof. Stoner sluit sy hoofstuk af met die woorde: **"Any man who rejects Christ as the Son of God is rejecting a fact proved more absolutely than any other fact in the world"(**p.112).

Ek sluit hierdie gedeelte oor profesieë af met 'n aanhaling van Paulus uit 2 Kor.5:18-20 waar hy sê: "En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou. Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen."

Dit sou die opperste dwaasheid wees om te weier om die erns van die Bybelse boodskap in die lig van profesieë te ignoreer.

*Wetenskaplik gesproke* is daar nie eens een kans in miljarde dat die detail daarvan, soos bostaande hoofstuk demonstreer, nie waar sou wees nie. Waarom dan besig wees met die aftakeling van die Bybel soos ons deesdae al hoe meer ondervind - alles in die naam van geleerdheid, wetenskap en wyere kennis?

Hierbo is dieselfde wetenskaps-dissipline óók toegepas, maar hierdie keer, nie om die Bybel af te breek nie, maar om die ongetwyfelde gesag en onfeilbaarheid daarvan te bevestig. Mag elke leser in verwondering opnuut sy of haar Bybel met nuwe oë lees en waardeer.

**DIE EVOLUSIETEORIE EN KANSREKENING**

In sy boek, ***The FACE that Demonstrates the FARCE of Evolution,*** haal Hank Hanegraaff 'n wetenskaplike, Coppedge, aan waarin hy die woorde "The theory of evolution" aan die evolusieteorie se eie voorveronderstelling toets, naamlik, dat die hele skepping, met alles wat daarin is, die resultaat van blote toeval is.

Coppedge sê dat die woorde "The theory of Evolution" uit 23 letters en spasies tussen-in, bestaan. Indien hy daardie 23 letters en spasies in presies daardie volgorde op grondslag van toeval gerangskik moet kry, hy noodwendig met 'n "t" begin, gevolg deur 'n "h", ensovoorts. Hy het een kans in 27 (die 26 letters v.d. alfabet, plus een spasie) om die eerste letter korrek gekies te kry. Om die tweede letter, plus die res, elk op hul korrekte plek te kry, is die kans een in 27 maal daardie hoeveelheid letters en spasies (23). Met ander woorde: Jy moet 27 met homself maal tot al 23 kanse 'opgebruik' is. Dit word só uitgedruk: $27^{23}$. Dit beteken dat ons sou verwag om die vier woorde plus twee spasies, een maal in meer as agt-honderd- miljoen-triljoen-triljoen kanse reg te kry.
Vir Coppedge neem dit (natuurlik) veels te lank, daarom gebruik hy 'n super-rekenaar wat hom van 'n miljard trekkings per sekond voorsien. Maar selfs dan sal hy slegs een suksesvolle resultaat kry in 26,000,000,000,000,000 jare.
Hanegraaff sê dat, indien toeval wel die oorsaak van alle lewe in al sy kompleksiteit sou wees, dan is die voorbeeld van 23 gerangskikte letters kinderspeletjies in vergelyking met die menslike brein se letterlik-onmeetlik komplekse samestelling, waarin elk van die onontbeerlike konneksies presies in die regte volgorde moet wees. Die berekening op skrif daarvan sal die ganse heelal met syfers op papier vul (p.189).

## Hoofstuk 21 DIE BYBEL EN DIE ARGEOLOGIE

Dit is tog interessant om waar te neem hoe behep die moderne teoloog van ons dag met 'wetenskap' is. Die woord as sodanig is veronderstel om in die denke van die hoorder of leser die gedagte van 'ónfeilbaarheid' en 'gesaghebbendheid' op te tower, want die wetenskap het in ons dag daardie posisie ingeneem wat die Bybel vir eeue beklee het. Dus – 'n studie van die grondtekste van die Bybel word eenvoudig Bybel-'wetenskap', en almal is veronderstel om in effek in verwondering neer te slaan in aansyn van hierdie wonderlike en nuutgevonde sekerheid wat slegs vir uitgesoekte mense beskore is. Húlle is die mense wat die geheime van die Bybel aan ons arme gewone siele sal verklaar en opklaar. Húlle is die mense wat sal kom sê "die bedoeling van die teks is...", en in eerbied moet ons hulle sê-so sonder teëspraak gretig aanvaar.

Selfs sinodes vou onder die gesag van die bybelwetenskaplike! En dan; wanneer iemand soos ek een van hierdie bybelwetenskaplikes met een of ander uitlating wat hulle gemaak het konfronteer, is die antwoord gewoonlik: “tog snaaks dat jy dit noem – so-en-so het my gebel om te sê hoe ‘bevrydend’ my uitleg vir hom/haar was!” En net daar eindig alle teespraak.

En, soos hierbo beskryf (en met 'n tikkie sarkasme daarby) is dit soos dinge in vele gevalle tans verloop. Maar daar is 'n aspek van die wetenskap wat nie hierdie tipe 'aanbidding' soseer geniet nie, en dit is die wetenskap van die argeologie. Want sien, die argeologie het met klippe en kleitablette en potskerwe te make en bied dus 'n mate van eksaktheid wat die bybelwetenskaplike se mond seker dikwels laat water. Die kerklike publiek daarbuite sal nie wéét hoe tentatief die bybelwetenskaplike se gronde is waarop hy sy bespiegelinge baseer nie, want dit bly in die geheime binnekring verborge. Die lidmaat weet nie van die weiering van laasgenoemdes om hul te veel aan party argeologiese opgrawings te steur nie, want al te dikwels ontbloot dit hul valse veronderstellings. En dis nie lekker nie. Hoe nou gemaak? Wel, **dit is eenvoudig: jy ignoreer daardie bevindinge.**

Nie dat selfs die argeologie so absoluut sonder 'n hele klompie aannames beoefen word nie. Een ding word van die ander afgelei en dit is selfs moontlik om 'n paar spronge te maak om sekere punte bymekaar uit te bring om sodoende 'n deurlopende lyn van argumentvoer-

ing deur te voer. Maar, in die breë gesien, is die wetenskap v.d. argeologie tóg baie meer eksak. Maar, daar is uitsonderings. 'n Kenner soos J. Bright, in sy boek *Early Israel in Recent History Writing,* verwys by tye na die datumgewing van sekere opgrawings, en gee te kenne dat ouderdomme d.m.v. die ***Koolstof-14*** **metode** vasgestel is.

Hy besef klaarblyklik nie dat sodanige metode uiters spekulatief is nie, want die *voor*veronderstelling waarop die metode gegrond is, is in wese die evolusie-teorie se *uniformitarianisme.* Dáárdie groot woord beteken slegs dat die meting veronderstel dat die natuur sedert die skepping, of begin, nog nooit aan katastrofes soos die vloed onderwerp was nie, maar dat alles deur die millenia presies dieselfde gebly het soos nou. Behalwe dat so 'n uitgangspunt totaal onbewysbaar is, lewer die metode as sulks 'n wye verskeidenheid antwoorde in *elke* meting op – soveel so – dat labarotoriums dikwels van die persoon wat die 'stuk' vir meting aanstuur gevra word hoe oud hy/sy *dink* dit is. Die 'metingsresultaat' wat naaste daaraan is word dan as die 'korrekte' een aangegee. Selfs dan is dit bekend dat die metode slegs *naastenby* akkuraat is wanneer die ouderdom in die orde van 3 000 -5 000 jaar is. ( Koolstof-14 datums is gewoonlik dramaties verkeerd, veral wanneer hulle sê dat 'n kopbeen, sê, 30 000 jaar oud is. Wanneer 'n mens dit lees dan moet jy dadelik weet dat dit 'n skoot in die donker is, en dat die metode hoegenaamd nie betroubaar is nie.)

Elke jaar, byna, is daar êrens van oor die wêreld 'n opspraakwekkende aankondiging van nuwe fondste deur 'n argeoloog gemaak. Die soort wat die glanstydskrifte en koerante haal, het meesal met menslike oorskotte te make wat kwansuis die ouderdom van die mens volgens die Darwinistiese tydskaal ondersteun. Ook sodanige inligting word op so 'n absolutistiese wyse aangebied dat dit net 'n dwaas is wat sal probeer om dit in die openbaar teen te gaan. Min wetend, natuurlik, hoeveel van ook dáárdie 'sekerhede' weereens op amper romantiese 'sekerhede' gegrond is. Hier is die evolusie paradigma die sleutel. (Die voorafgaande paragraaf is eintlik tot die antropologiese en paleontologiese argeologie beperk.)

In die afgelope eeu het die wêreld 'n aantal uitstaande argeoloë opgelewer, en die name van Nelson Gleuck, John Warwick Montgommery en William F. Albright kom by 'n mens op. Laasgenoemde het per geleentheid gesê:

- "The excessive scepticism shown towards the Bible by important historical schools of the eighteenth and nineteenth centuries...has been progressively discredited. Discovery after discovery has established the accuracy of innumerable

details, and **has brought increased recognition to the value of the Bible *as a source of history"*** (*The Archaelogy of Palestine,* p.127,128). In sy *Archaeology and the Religions of Israel,* (p.176) sê hy: **"There can be no doubt that archaeology has confirmed the substantial historicity of Old Testament traditions**" (my klem).

Beide hierdie aanhalings maak positiewe melding van die **historisiteit** van die Bybel. Hoe moet mens dít verstaan in aansyn van bybelwetenskaplikes wat heeltyd die kerklike publiek maak verstaan dat die Bybel nie geskiedkundig betroubaar is nie? Ons sinodes het selfs sulke uitsprake bekragtig!

Millar Burrows van Yale in die VSA verklaar selfs:

- **"Archaeology has in many cases refuted the views of modern critics. It has shown in a number of instances that these views rest on false assumptions and unreal, artificial schemes of historical development"** (*What Mean These Stones?* p.291).

Die valse aannames waarna hy verwys is juis die soort aannames van party van die teoloë wat vandag in ons eie kweekskole sit! Merril Unger, ook 'n vooraanstaande geleerde verseker ons dat die Ou Testament ganse nuwe nasies en belangrike figure laat herleef waar daar voorheen yslike gapings in geskiedenisse bestaan het.

Albright beaam dit waar hy sê dat daar 'n groeiende respek vir die historiese belangrikheid van voorheen gediskrediteerde gedeeltes van die Ou Testament posgevat het (*From the Stone Age to Christianity,* p.81). Maar hy sê meer as dit:

- "The contents of the Pentateuch are, in general, very much older than the date at which they were finally edited; new discoveries continue to confirm the historical accuracy or the literary antiquity of detail after detail in it...**It is accordingly, sheer hypercriticism to deny the substantially Mosaic character of the Pentateuch tradition**" (in Dodd se *More New Testament Studies,* p.22) (my klem).

Josh McDowell, in sy *Evidence That Demans a Verdict,* (Vol.1 p.68) verklaar dat die voorstaanders van die *Dokumentêre Hipotese,* reeds

na verwys, in die verlede geleer het dat die periode wat in Moses se boeke weergegee is (1400v.C.) ,'n tydperk was toe die skryfkuns nog nie bekend was nie. Die 17 000 *Ebla Tablette* wat in 1968 in Noord Sirië ontdek is toon egter dat selfs 1 000 jaar vóór Moses, wette, gebruike en gebeure skriftelik in dieselfde gebied neergepen is as waar Moses en die aartsvaders gewoon het. Die *Ebla Dokumente* dateer uit die jaar 2 500v.C., en hul stad se bevolking was in die orde van 260 000 inwoners. Vele moderne taal-wetenskaplikes van ons dag onderskryf ook die Genesis 11 verwysing na die Toring van Babel en die spraakverwarring deur God bewerk, en Alfredo Trombetti, Max Mueller en ande bewys die gemeenskaplike oorsprong van alle tale in hul navorsing.

**Jerigo.** Vroeg in die 20ste eeu het *'Bybelse Argeoloë'* in alle erns begin om die verhale van die OT te probeer bewys. Hul arbeid het minder opgelewer as wat verwag is, en die nuwer geslag argeoloë het hul van voorgenoemde groep gedistansiëer deur om na hulself as *Levantynse Argeoloë* te verwys. Kathleen Kenyon van Engeland, self 'n argeoloog, was verantwoordelik vir die diskreditering van die bybelse argeoloë, juis omdat sy kwansuis bewys het dat die strata waarin die ruïnes gesoek is nie die korrekte resultate opgelewer het nie. Garstang, 'n vorige argeoloog se werk, het sy gesê, het gewys op die vroeë Bronstydperk wat glo 1 000 jaar vóór Josua se tyd plaasgevind het, en dáárin was geen teken, selfs nie van 'n stad soos Jerigo nie! Dus: geen stad - geen Josua nie!

Josua is gevolglik summier tot mite verklaar, maar ook die daaropvolgende geskiedenis van Dawid deur Salomo sou *ipso facto* óók mities wees! Wat 'n oorwinning vir die Skrifkritikus wat in elk geval glo dat alles mite is? Of, so het hulle gedink!

Die verhaal eindig egter nie daar nie. Kenyon se tydskaal van historiese gebeure is op die *Standaard Tydskaal* wat deur alle argeoloë gebruik word, gegrond. Vir wetenskaplikes van alle soorte was hierdie datums in beton gegiet, juis omdat die Egiptoloë wat dit opgestel het bo verdenking was. Maar, gelukkig lewer elke eeu een of twee mense in elke dissipline op wat weier om in die vooropgestelde vorm gegiet te word. So 'n persoon is dr. David Rohl na wie ek in vorige hooftukke verwys het. Hy was nie tevrede dat die *Standaard Kronologie* korrek was nie en gevolglik het hy sy eie ekspidisies na die hele Midde-Ooste aangepak, beginnende in Egipte. Die eerste produk van sy

grondbrekende werk was sy boek ***"A Test of Time: The Bible From Myth to History".***

David Rohl is geen gelowige nie. Niemand sou hom dus daarvan kon beskuldig dat hy besig was om 'n Nuwe Chronologie te fabriseer om die Bybel as geskiedkundig korrek te bewys nie. Maar sy delwing en navorsing in Egipte lei hom tot die onomstootlike gevolgtrekking dat die *Standaard Kronologie* met minstens 150 jaar uit pas is met die werklikheid. Indien daardie datums reggestel word val die hele geskiedenis van Israel se veldtogte met Josua en die daaropvolgende regering van Dawid en Salomo in plek, vandaar die sub-titel van sy boek: *The Bible from Myth to History.*

**Die Fees van Koning Bélsasar.** Die boek Daniël vertel in hoofstuk vyf as ware gekiedenis die verhaal v.d. groot fees wat koning Bélsasar aangebied het. In die teenwoordigheid van sy duisend maghebbers laat haal hy die goue voorwerpe wat Nebukadneser uit die tempel in Jerusalem gebuit het en drink saam met almal daaruit tot eer van die gode van goud, silwer, koper, yster, hout en klip. Die hand en die skrif teen die muur verander alles in 'n oomblik.

Maar ons geleerde Skrifkritici verseker ons dat, behalwe dat Daniël nie die boek as sodanig geskryf het nie, bostaande verhaal óók maar 'n mite is vanweë die feit dat daar nooit so 'n Babiloniese koning was nie. Die werklike koning, volgens rekord, was Nabonidus.

In 1854 word 'n klei silinder aan Sir Henry Rawlinson oorhandig wat in Ur van die Chaldeërs opgegrawe is. Daarop is geskrywe 'n gebed aan die gode vir die lang lewe en goeie gesondheid van sy seun Bélsasar. Maar was hy ooit koning? In latere tablette wat opgediep is het dit duidelik geword dat hy wel die 'kroonprins' was, maar nog steeds wou die kritici nie kop gee nie - 'Daniël' het gefouteer!

Twee en twintig jaar later kom Sir Henry op 'n kruik af gevul met 2 000 kleitablette in die Babiloniese taal, en onder hulle was die verslag van 'n inval van Kores, koning van Persië wat Nabonidus gevange geneem en vir jare aangehou het. Dit maak toe ook melding van *'die koning wat op 'n sekere nag gesterf het'*. Nabonidus het (buiten vir sy gevangenskap) die meeste van sy tyd weg van Babilonië in Noord Arabië spandeer en in sy afwesigheid het sy seun as koning oor Babilon opgetree. Vir alle praktiese doeleindes was hy koning. Dit is

tog ook interessant om daarop te let dat Daniël derde, en nie tweede nie, in rang in die koninkryk was!

**Die Wet van Moses.** Aan die begin van Eksodus 20 staan daar: "Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê.." Herhaaldelik daarna en dwarsdeur die boeke van Moses word ook gesê: "Skryf neer hierdie woorde.." Die konsep van skryf, sou mens kon sê, was hoegenaamd nie vir Moses vreemd nie. Tog is dit by herhaling deur Skrifkritici gesê dat Moses-hulle nie kon skryf nie, en daarom moes iemand anders die Pentateug heelwat later as voorheen geglo, geskryf het. **Ons professore dring steeds daarop aan dat by verre die grootste deel van hierdie boeke mondelings oorgedra is, en dít oor 'n tydperk van omtrent 1 000 jaar!**

Die groot koning, **Hammurabi** het minstens 200 jaar voor Moses se tyd in Babilon gewoon. Die wette in sy koninkryk van toepassing is op 'n klippilaar van 2,35m hoog met sorg uitgebeitel en bevat wette wat heelwat ooreenkomste met díe van Moses in Eks.21-23 toon. Daar is egter betekenisvolle verskille aangesien Moses se wette 'n heelwat hoër beskouing omtrent die waarde van lewe handhaaf. Daar is geen rede om te beweer, soos vele kritici wel doen, dat Moses se wette aan dié van Hammurabi ontleen is nie. Moses se wette het, soos die Skrif wel herhaaldelik sê, direk van Gód gekom, en die ooreenkomste kan wel toegeskryf word aan gemeenskaplike belange wat in die wêreld van hul dag gegeld het.

**Die Skryfkuns.** Vele geleerdes glo dat die skryfkuns sy ontstaan aan die Fenisiërs te danke het. Daar is ander wat glo dat hul die kuns by die Israeliete geleer het.

In die winter van 1904-5 het Sir Flinders Petrie 'n ekspedisie na die midde-Sinaïwoestyn gelei en daar afgekom op uitgrawings in die bergwand by *Maghara* en *Serabit* waar turkoois half-edelgesteentes gemyn is. Een skag loop vir 66 meter dwarsdeur 'n heuwel wat aan beide ente *akkadiese*-kennisgewings toon. In Egipte bevestig sekere inskripsies op monumente (tussen 3 000 en 1500 v.C.) dat sodanige ekspedisies op gereëlde basis na die Mídian-woestyngebied onderneem is, juis op soek na edelgesteentes. Die plek waar die myners aanbid het was by 'n tempel sowat 300m bo die omliggende grondhoogte, tussen sowat drie en vier dae se reis vanaf die kus. Die uitleg van die tempel, sowel as die oorblyfsels daar opgegrawe, toon sterk ooreenkomste met die aanbiddings-gebruike van die aarts-

vaders van die Israeliete. Hout en as is daar aangetref en beide getuig van brandoffers op groot skaal. Rondom die tempelgebied is slaapplekke uitkenbaar.

Hoewel die ekspedisies uit Egipte gekom het was die inskripsies wat deur die myners oral aangebring is nie tekenend van Egiptiese gebruike nie. Hulle het 'n alfabet gebruik wat 'n latere argeoloog, vader Butin van Harvard beskou as slegs aan Egiptiese spykerskrif verwánt en verteenwoodigend van 1800 jaar v.C. Dieselfde *Sinaï-skrif* is in twee latere opgrawings op terreine in Suid-Wes Palestina en Bet-Semes (1930) aangetref. Albright se datumgewing was 1 400 v.C., en nog latere fondste by *Lachish* openbaar 'n inskripsie soos deur dr. Langdon van Oxford vertaal as "Sy regverdigheid is my hand (of ondersteuning)". Hý beweer dat die taal soos dié van die Kaananiete is wat in die *Tel el-Amarna Briewe* aangetref word. Verdere opgrawings in die omgewing het die oortuiging laat ontstaan dat hierdie *'Sinaï alfabet'* wydverspreid in die midde-Ooste in gebruik was in die tyd toe Josua sy veldtogte geloods het. Daar word bespiegel dat die Israeliete die Sinaï-skrif in die woestyn aangeleer en saam met hulle na Palestina gebring het.

Enkele ander moontlikhede kom by 'n mens op. Moses was vir 40 jaar vóór die uittog in die woestyn by sy skoonvader Jetro. Is die tempel nie die een deur hom (Jetro, die priester: kyk Eks.3:1,2) en sy wyer familie gebruik nie? Het Moses nie toé die Sinaï-alfabet aangeleer en later op pad ten tye van die neerskryf van die Wet, ingespan nie? En wanneer die Here in Deut.27:2-8 later beveel dat die Wet duidelik op klippe geskryf moet word sodat almal dit kan lees - sou dit nie redelik wees om te verwag dat sodanige geskrifte vir die mense van die omgewing ook leesbaar sou wees nie?

Dan kan daar nog gevra word: Het die faraos nie dalk die Israelitiese slawe gedurende hul verblyf in Egipte ingespan om in groepe die delfwerk in die woestyn-myne vir hulle te doen nie? Het die Israelitiese slawe nie miskien ook van die voorgenoemde tempel op die hoogte gebruik gemaak om nog iets van hul godsdiensoefening oor te hou nie? En hier is nog 'n gedagte : toe Moses gevra het dat hulle drie dagreise ver die woestyn moet in gaan om die Here te aanbid, was dit nie dalk hierdie plek wat hy, Moses, in gedagte gehad het nie? Wanneer mens op hierdie manier na die bybelse geskiedenis kyk - tesame met 'n klein bietjie verbeelding om agtergrond inkleding rondom die soms yl hoeveelheid feite te voorsien, raak die Bybel nie

dan 'n Boek wat lewend en vibrerend is nie? Ek glo so. Die tendens, egter, is dat die Bybel op só 'n kille wetenskaplike manier ontleed word dat daar binne 'n kwessie van ses of tien- studiemaande niks van oorbly nie. Dít, glo ek, is waar ons teologiestudente vandag verkeer!

Oor bogenoemde verhaal is die laaste woord beslis nog nie geskryf nie. Soos argeoloë selfs die reeds opgegraafde tienduisende kleitablette in hul besit ontsyfer, kom daar gedurig nuwe feite aan die lig. Bybelgelowiges behoort dus nie bybelgedeeltes nou skielik te glo omdát die argeologie dit ondersteun nie. Ons glo die Bybel as die Skepper-God se onfeilbare Woord vir wat dit ís. Mens is dankbaar vir die ondersteuning van die wetenskappe, veral wanneer ander wetenskaplike 'feite' gedurig voorgehou word om die Bybel se woorde mee te weerlê. Die patroon, egter, is dat hoe meer op hierdie manier onthul word, hoe meer stem die geskiedenis met die Bybel ooreen.

**Rusplek van Noag se Ark.** Daar is waarskynlik min nalatingskappe wat met soveel ywer gesoek word as Noag se ark. Talle ekspidisies na die berg Ararat is al onderneem maar nie een is met enige mate van sukses bekroon nie. Waarom, sou mens wonder? Heelwaarskynlik omdat dit nie die plek is waar dit gestrand het nie! Die oplettende bybelleser sal weet dat die Skrif nie sê 'die berg Ararat' nie, maar die berge van Ararat, wat 'n veel groter gebied beslaan.

Onlangse argeologiese opgrawings openbaar dat Armenië die plek is waar wyn 'uitgevind' is, en Genesis sê dat Noag ná die vloed wyn gedrink het (tot sy spyt, want hy het seker geen idee van die gevolge gehad nie). Die bodem van 'n erdekruik wat in die *Miyandoabvlakte* opgegrawe is, het 'n donkerrooi oorblyfsel bevat. Dit is as 'n primitiewe wynoorskot geannaliseer, en te oordeel aan die kruik se tydperk, die oudste vonds van hierdie soort ooit (*chateau Arrata!)* Rohl is oortuig dat die ark nie gesoek moet word by Ararat nie, maar by die Armeniese *Zagros*-bergreeks waar die koninkryk van Ararat (dws *Urartu*) geleë is.

**Louis Ginsberg se *Legends of the Jews*** vertel van die wrede moord op koning Sanherib (kyk 2 Kon.19:36,37) deur sy twee seuns. Die plaaslike legendes wil dit hê dat Sanherib ten tye van sy terugkeer na Assirië van sy laaste veldtog, 'n plank as afgod aanbid het omdat dit uit Noag se ark gehaal is. Hy het glo onderneem om sy seuns aan die afgod te offer mits hy in sy toekomstige veldtogte

voorspoed sou geniet. Ongelukkig (vir hom) kom sy seuns hiervan te hore en val hom aan juis waar hy knielend voor die plank bid.

Daar is heelwat meer in hierdie verband te sê (kyk Rohl se fassinerende *Legends of Civilization,* p.146-151), maar ek volstaan met die vertelling dat in moderner tye pik (van die ark) vanuit die berg in hierdie omgewing deur reisigers gebring is. Dan ook: Josephus is van mening dat die ark op *'Mount Judi'*, naby Nisibis in die omgewing van die Van-meer gestrand het.

Ten slotte; Sir Mortimer Wheeler het eenmaal gesê: "Archaeology is not a science, it is a vendetta." Dr. David Rohl kan daarvan getuig, want sy Nuwe Kronologie wat die Bybel se datumgewing van die Ou Testament in ere herstel word met alle mag deur (party) ander teengestaan. Die Britse TV het bv. die inhoud van 'n boek van Matthew Sturgis onder die titel *It aint necessarily so,* gebeeldsend. Die titel verwys na die Bybel (natuurlik!) wat Sturgis as niks anders as 'n storie 'bewys'. Die joernalis-aanbieder, McCarthy sê daarvan "The creation of the Bible history is one of the finest examples of spin ever spun."

**David Rohl se eie TV reeks, *Pharoahs and Kings: A Biblical Quest*** wat die teendeel voorstaan, is egter in Engeland en Europa met akklamasie ontvang.

Die probleem vir die argeoloog is om die Nuwe Chronologie te aanvaar, want hy is geleer dat die Oue korrek is en daarmee basta. Dieselfde geld vir die evolusionisme. Almal word nét dit geleer, sodat wetenskaplikes wat bybelse geskiedenis (bv.) ondersteun (soos die vloed) gediskrediteer word. Die TV, die pers, tydskrifte (ook kerklike) en watter ander media ookal, weier eenvoudig om gehoor te gee aan die groeiende koor van wetenskaplikes wat hoegenaamd nie in evolusie glo nie. Satan sorg natuurlik vir sy misleidings, insluitende die *Dokumentêre Hipotese* (reeds na verwys) wat op die vlak van die teologie reeds vir meer as 100 jaar die septer swaai. Laasgenoemde hipotese is 'n spieëlbeeld van Sturgis se bankrot tesis.

Die onderstaande kommentaar het betrekking op die onderwerp wat in die volgende hoofstuk behandel word.

## KOMMENTAAR OP WERK VAN IVAN PANIN: hoofstuk 22.

In die 1934 verkorte uitgawe van Panin se werk verskyn ‘n aantal kommentare deur geleerdes oor sy werk wat in die volgende blad--sye bespreek word. Ek noem slegs een: dr H.B. Turney, en hy sê:

“The arithmography of Scripture is the death warrant of the theory of the destructive critics. The numerics worked out by (dr) Ivan Panin are fatal to the foes of verbal inspiration, and are invulnerable.”

“My own examination of the arithmology of Scripture sustains so emphatically the claims and conclusions of Ivan Panin that I take pleasure in openly commending his work, as presenting facts and evidences which no destructive critic can successfully face”.

“A sincere effort to find numerics in Homer’s Iliad proved unsuccessful; but as soon as I tried 3 John, my labors were rewarded abundantly…My investigation began, therefore, with as little to guide me as in the case of the Iliad, but the results were so perfect a scheme of numerics that I have not a shadow of doubt as to the truth of Ivan Panin’s theory.”

**Aanhalings van Panin wat voor in sy boek verskyn:**

- “In prosperity men ask too little of God. In adversity, too much.”
- “Temporal riches is obtained by acquiring, eternal by renouncing.”
- “All else owes its beauty to its coloring. Truth alone loses its beauty when colored.”
- “Many have to find truth not because it is lost, but because they are lost.”
- “In the early centuries Christianity suffered most from its avowed enemies; in the last, from its professed friends.”

## Hoofstuk 22 DIE VERBORGE NUMERIESE STRUKTUUR VAN DIE BYBEL

Gelukkig is ek nie 'n standaard teoloog nie, want sekere dinge wat ek in hierdie verhandeling uitlig val seker moeilik op die oor. Maar, daar is voordele aan verbonde om nié 'n standaard teoloog te wees nie, want dit stel my vry om op onverwagte plekke die waarheid uit te haal waar dit gewoonlik nie gesoek word nie.

Dit is gelyk aan die gelykenis van die boer wat in 'n saailand 'n skat ontdek en hy gaan en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand. Hy was met 'n doodgewone aktiwiteit besig - sy boerdery - en hy kom weg met 'n prys van onskatbare waarde. Net so vind ek in boeke buite die hoofstroom publikasies wat op almal se rakke staan, wonderlike waarhede wat die geloof vanuit 'n onverwagte oord versterk.

My benadering tot die geloof - sou mens in sekere sin kon sê - was nog altyd 'n soort wetenskaplike benadering, wat al hoe meer in ons dag begin tel. Die hele lewe daarbuite is immers op daardie soort lees geskoei, en dit wat vele se geloof laat wankel is juis die dinge - reg benader - wat die geloof kan onderskraag en uitbou.

Hierdeur wil ek hoegenaamd nie sê dat ek bereid is om 'n duimbreete aan wilde spekulasie of versteekte dwaalleringe af te staan nie. Ek staan vierkantig agter die gereformeerde Skrifbeskouing, maar probeer om nie my oë te sluit vir dinge waarvan die Kerk van Christus sowat sestig jaar gelede niks geweet het, en vandag klaarblyklik niks wil weet nie. Aan die einde van die hoofstuk kom ek hierop terug sodat die weerstand teen sekere dinge in perspektief gestel kan word.

Waarvan praat ek?

In Januarie van die jaar 1945 verskyn daar 'n boekie met die titel *The Seal of God,* uit die pen van ene F.C.Payne. Sy doel is om op grond van wetenskaplike bewyse die historiese akkuraatheid van die Bybel te ondersteun, insluitend vele argeologiese bevindinge wat uitmuntend tot sy tesis bydra. In twee van die ander hoofstukke skryf hy oor die Numeriese onderbou van die Bybel in die oorspronklike tale. Hy is nie verbaas om sodanige strukture in die bladsye van die Bybel te vind nie, want oral in die natuur vind hy dieselfde onsigbare maar onderliggende patrone en strukture.

Die skoonheid van 'n blom spreek tot ons almal, maar verborge in die mikroskopiese vesels van daardie selfde blom lê daar nog 'n vlak van skoonheid wat meer met wiskundige verhoudings te make het. Verby dít, en op 'n dieper vlak, kry ons die verdere wonder van die DNS- spiraal (in 1956 deur Watson en Kriek ontdek) waarvan die kompleksiteit ons tot stilswye dwing. Buiten die wiskundige skoonheid van die DNS-spiraal, kan die wetenskaplike nie die besef ontglip dat die fisiese, mikroskopiese spiraal eintlik draer is van 'n *verdere* vlak van wonder, naamlik inligting wat beslis teenwoordig is, maar totaal onsigbaar. Dít is die kode wat die plek en werk van elke sel met sy onderdele bepaal.

Niemand kan wetenskaplik bepaal waarvandaan daardie inligtig kom nie, maar gelowiges wéét, want die wêreld is deur die Woord van God in aansyn geroep (Joh. 1:3). Soos ek sake dan verstaan, het Christus - wat die Woord van God is - die inligting in die DNS-spiraal 'íngepraat', om dit so te stel.

Om nou na die numeriese onderbou van die Bybel terug te keer. Payne bou op die baanbrekerswerk van Ivan Panin voort, en die onderstaande voorbeelde kom eintlik uit sy omvattende studies rondom die Bybel se wiskundige voortreflikhede. Elke leser moet self oordeel of sy bevindings water hou.

**Panin kom uit Rusland,** en durf die lewe as volslae ateïs aan. Hy was 'n geniale wiskundige, maar ook 'n aktivis wat die Tzaar om die lewe wou bring. Hy is uit die land verban, gaan eers na Duitsland en daarna na die VSA, waar hy by Harvard as uitstaande literêre kritikus sterk opgang maak. Hy kom tot bekering en ontdek in sy bestudering van die Griekse NT die merkwaardige onderliggende wiskundige struktuur daarin. Tot sy dood produseer hy meer as 40 000 bladsye van syfers en berekeninge wat beide die OT sowel as die NT se bestudering verteenwoordig.

Hy begin met 'n verwysing na die getal sewe wat dikwels in die Bybel figureer. Gewoonlik dui dit op die volheid van God se doelwitte, of die voltrekking van 'n spesifieke periode. Die melaatse moet hom sewemaal in die Jordaan gaan was, en die Israeliete is beveel om sewemaal om Jerigo te loop. Die getal sewe het geen magiese krag nie, maar God werk op ordelike wyse waardeur Hy sy planne volvoer. Die Openbaringboek is geen uitsondering nie. Wat vind ons daar?

- Daar is sewe gemeentes.
- Daar is sewe geeste van God
- Sewe kandelare word genoem
- Daar is sewe sterre
- Daar is sewe seëls
- Sewe engele vervul hul roeping
- Sewe trompette word geblaas
- Daar is sewe donderslae.
- Twee-en veertig maande is ses-maal sewe
- Sewe duisend man sterf van 'n aardbewing
- Daar is sewe hoofde, sewe krone, sewe plae en sewe berge
- Sewe konings word genoem, asook 'n dier met sewe koppe.
- Daar is meer as vyftig verwysings na die getal sewe in die boek Openbaring. Sekerlik nie lukraak of toeval nie.

Jare gelede het Ivan Panin, deur middel van die pers, die beste denkers van sy tyd uitgedaag om bewys te lewer dat sy navorsing rondom bogenoemde getal sewe geen betekenis in die Bybel het nie, maar niemand het hom aangevat nie. Hy het na die simboliese patrone van sewe in die genealogiese rekords van die Ou Testament verwys, en beweer dat geen mens dit agterna sou kon 'kook' om by die gewensde getalwaarde uit te kom nie.

Maar, sê hy, dit eindig nie daar nie. Dwarsdeur die Ou Testament vind hy dieselfde patroon, en dit noop hom om te verklaar dat daar 'n onderliggende en Goddelike 'hand' oral te bespeur is.

['n Britse skrywer, dr. Colin Mitchell, publiseer in sy boek *Creationism Revisited* (p.237) 'n tabel van die name van al die aartsvaders, tesame met die numeriese getalle van die letters van hul name daarlangsaan. Wanneer al hierdie getalle bymekaargetel word, kom dit op die presiese getal van 7 000 te staan. Toeval?]

**Panin se werk is deur die *Nobel Research Foundation van Los Angeles* nagegaan.** Tov. sy bewering dat die Bybel op geen ander manier as onder Inspirasie van God geskryf kon gewees het,

bevind hulle: "So far as our investigation has proceeded, we find the evidence overwhelmingly in favour of such a statement."

Nóg Payne nóg Panin heg enige waarde aan die bestudering van numeriese waardes in die Bybel as sodanig, en wil ook nie die idee gee dat hulle daarop steun nie, want dit is per slot van rekening, slegs syfers. **Dit verskaf egter die wete dat, onderliggend aan elke woord in die Bybel daar 'n buite-menslike werking te bespeur is wat slegs aan God toeskryfbaar is, asof dit Sy 'handtekening' sou wees.** Hulle vergelyk dit met 'n blom wat iemand bestudeer. Hoe dieper die studie hom neem, hoe groter raak die bewondering vir die Skepper weens die onderliggende strukture wat hy ontdek.

Jare gelede reeds open die wetenskaplike, Sir Ambrose Flemming D.Sc. F.R.S. (wat die radio-gloeilamp ontdek het) as president die *Victoria Institute of Science* met 'n verhandeling, *Numbers in Nature and the Bible.* Hy lê klem op die deurlopende aard van getalle in die Bybel asook in die natuur. Hy kon geen ander literatuur vind wat dieselfde eienskap besit nie. Soos die Nedbank advertensie sê: Dit laat 'n mens dink!

Panin se studie, soos deur Payne aangehaal, neem ons na die geslagsregister aan die begin van Matteus, en hy behandel die eerste tafel van 14 name. **Hy wys daarop dat die letters van die Griekse taal, nes Hebreeus, elkeen 'n getalwaarde het. Op grond daarvan ontleed hy dan die teks om die onderliggende patroon te ontdek. Sy bevindinge is as volg:**

Die woordeskat van die eerste deel hierbo genoem bestaan uit 49 woorde, of 7x7. Uit die 49 woorde, begin 28 (of 4x7) met 'n klinker, en die balans (21, of 3x7) met medeklinkers (of konsonante). Die woorde bestaan uit 266 letters (weereens 38x7), waarvan 140 (20x7) klinkers is, en 126 (18x7) konsonante. So gaan hy voort met verdere ooreenkomste met sewes deurgaans herhaal.

Hy beweer dat die kans dat al hierdie blote toeval kan wees, slegs een kans is uit minstens een miljoen. Dus gaan hy verder:

Uit die 49 woorde word sewe ook op ander maniere herhaal. Twee-en veertig woorde (6x7) word in een vorm alleen gebruik. Veertien (2x7) kom eenmaal voor, en 35 (5x7) kom meer as eenmaal voor. Van die 42 (6x7) naamwoorde is 35 (5x7) eiename en die ander sewe nie. Die hoeveelheid kere dat manlike name voorkom is 56 (8x7) en die drie vroulike name bevat 14 letters, of 2x7. Slegs een

stad word genoem, Om die omvang van die merkwaardigheid van die onderliggende getalle verder toe te lig, gebruik Panin die voorbeeld van tien muntstukke, gemerk 1-10. Om hulle in die gewone volgorde uit 'n hoed te kan trek, is die kans 1 uit 10 000 000 000. Hy stel voor dat bostaande syfers dieselfde soort onwaarskynlike toeval totaal en al uitskakel.

Gedagtig aan die numeriese waarde wat elke letter van die Grieks besit, kyk Panin na die hele verhaal van Christus se geboorte in Matt. 1:18-25.

Die hoeveelheid Griekse woorde is 161 (23x7); hul numeriese waarde is 93 394 (13 342x7), die hoeveelheid woordeskat woorde gebruik is 77 (11x7), en húl numeriese waarde is 51 247 (7 321x7). Dan is daar ses woorde in Grieks wat nêrens elders gebruik is nie, en hul numeriese waarde is 5 005, of 715x7, en die woorde self het 56 letters (8x7). Hy noem dan nog 13 ander voorbeelde van getal-herhalings (wat ek nie gaan noem nie) wat presies dieselfde patroon volg (kyk *Seal of God,* p.122,123).

Ek noem graag wel die gesprek tussen Josef en die engel in dieselfde hoofstuk, en dit openbaar die volgende:

Uit die 77 woordeskat woorde in die gesprek gebruik die engel 28 (4x7), die numeriese waarde van daardie woorde is 21 042 (3 006x7), die engel gebruik 35 (5x7) woordvorms, en hulle bevat 168 letters (24x7) waarvan die numeriese waarde 19 397 (2 771x7) is. Die engel gebruik slegs 28 woordeskat woorde, en die balans is dus 49 woorde (7x7). Met die gebruikmaking van presies 35 vorms, laat dit ons met 'n oorblywende 70 (10x7).... ensovoorts.

Panin sê dat bogenoemde hoegenaamd nie die skat van sewe-voude uitput nie, maar dit verleen voldoende bewys van 'n onweer-legbare onderbou tot die hoofstuk. Maar daar is meer: Hy sê dat elke vers van elke hoofstuk van elke boek van die Bybel, dieselfde patroonmatigheid openbaar. Hy sê verder:

> "There is not a single paragraph in this Gospel that is not constructed in the same way as those already shown. It would have taken Matthew over one thousand years to construct the Gospel on these lines, even assuming it to having been possible for him to do so, which, of course, it was not, because of the many circumstances over which he had no control."

Panin skryf die oorbluffende merkwaardigheid toe aan die woorde wat ons in 2 Tim. 3:16 vind waar dit sê: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke werk volkome toegerus."

Rakende die slotgedeelte van **Markus 16:9-20** waaroor geleerdes ernstige twyfel het of dit outentiek is – sê Panin dat die onderhawige gedeelte deurspek is van 'n menigte herhalings van sewetalle, sowel as ander syferpatrone. **Hy is van mening dat enige bybelteks op hierdie manier getoets kan word om te bepaal of dit waarlik die Woorde van God is al dan nie. Toevoeginge deur oorskrywers van manuskripte sou op hierdie manier blootgestel kon word.**

**Die Ou Testament.** Net sodat niemand moet dink dat die syferpatrone tot die Nuwe Testament alleen beperk is, gaan Panin in op een van die bekendste dele van die Ou Testament, tewete, **Genesis 1:1**, wat sê: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape." Wat vind hy by nadere ondersoek in hierdie Skrifgedeelte?

- Die vers bestaan uit sewe Hebreeuse woorde wat uit 28 (4x7) letters bestaan. Daar is drie selfstandige naamwoorde (God, Hemel, Aarde), en hul numeriese waarde is 777 (11x7). Daar is een werkwoord, 'geskape', en in Hebreeus is die numeriese waarde daarvan 203 (29x7). Die eerste drie verse bevat die subjek en hulle het 14 letters (2x7). Die ander vier bevat die objek met 14 letters (2x7). Die vierde en vyfde woorde het 7 letters, en die sesde en sewende sewe letters. Die Hebreeuse woorde vir 'die hemel' en 'die aarde' het elk sewe letters.
- Hy noem ses verdere kombinasies wat hy in die vers vind, en sê dan: "Some of the world's foremost mathematicians, after studying it, have concluded that not even the cleverest man that ever lived could have devised such a sublime mathematical problem and hide it in such a simple statement, which declares the first stupendous miracle of God." (Kyk p.126,127 van *Seal of God.)* Maar die ongelooflike patroonmatigheid v.d. Bybel eindig hoegenaamd nie daar nie.

Christus en Getalwaardes. Die naam wat die engel aan Maria en Josef deurgegee het was 'Jesus'. Die Griekse getalwaarde daarvan is 888, of 111x8. Die naam Christus is 1 480, wat 185x8 is. Sy

ander naam, Verlosser se waarde is 1 408, of 176x8. Verder: Hy is die 'Here', en Here se waarde is 800, of 100x8. Maar Hy is ook die Waarheid, en dié se waarde is 64, of 8x8. Ook Sy ander naam, die Messias se waarde is 656, of 82x8. Die Seun van die Mens registreer 2 960, of 370x8. Panin wys daarop dat Jesus ook seun van Dawid is, en hý was die agste seun van Jesse. Terloops: die getal 8 wys in die Skrif op 'opstanding', of nuwe begin - soos die agt mense wat uit die ark gekom het. Alles toeval?

**Die getal 13.** Ene dr. Bullinger wys daarop dat die name van die konings wat God se weë versaak het almal veelvoude van 13 is, terwyl hulle wat God se gebod gehoorsaam het die getal 8 dra (of veelvoude daarvan). Hoe merkwaardig dat God vooruit die regte naam by die regte soort koning laat voeg het. Maar in die algemeen het 13 met sonde en rebellie te make. In Gen 10:26-30 lees ons van Joktan wie se nakomelinge 'n sondige klomp was. Hy self was die 13de in die geslag van Sem en hy het 13 seuns gehad. Die getalwaarde van sy seuns se name is 2 756, of 212x13.

Reg deur die Skrif val hierdie syfer op, soos dat draak (wat 13-maal genoem word) se waarde 975, of 75x13 is. Béliam se naam se getalwaarde is 78, of 6x13. Die woord 'vermoor' se waarde is 780, of 60x13. En dan - seker die merkwaardigste van almal - Openb. 12:9 vertel dat "die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan," en dié sin se woorde se getalwaarde in geheel is  2 197, of 13x13x13.

**Die getal 37.** Hierdie getal staan vir 'Woord van God'. Panin wys daarop dat die getalswaarde van woorde wat sleutelwaarhede verkondig, altyd bestaan uit drietalle, soos 888, 666 of 999. In die Skrif wys die getal 9,bv, op finaliteit. Die sinsnede in Genesis 1:1 -"In die begin het God" se getalwaarde is 999 (27x37). Dui dit nie dalk op numeriese wyse daarop dat dit beslis Gód is wat hemel en aarde gemaak het nie? Dink daaroor. Die grond-sleutel tot hierdie getalle is 37, dus 37x3, wat 111 gee, 37x6 gee 222, 37x9 gee 333, ensovoorts. Elk van hierdie het 'n Bybelse betekenis, waarop ek nie nou ingaan nie, behalwe om te herinner dat 'Jesus', wat 888 is, is 24x37. Kol. 1:15 se verwysing na die 'Beeld van God' se getalwaarde in Grieks is 1 369, of 37x37. Oral figureer die syfer vir die 'Woord' as onderliggend tot elke vername uitvloeisel daarvan.

En hier volg seker die mees verstommende stel syfers waaraan 'n mens kan dink: Voorheen is na die getal 8 verwys as die getal vir 'opstanding', en 37 vir 'Woord van God'. Maal hulle met mekaar, en

ons kry 296. Hierdie 296 is die grond-syfer vir elk van Jesus se name, en tussen 1 en 3000 is daar slegs 10 getalle wat herhalings is van 296, naamlik, 296, 592 (Theotes), 888 (Jesus), 1184, 1480 (Christus), 1776, 2072, 2368 (Jesus Christus), 2664 en 2960 (Seun v.d. Mens).

Elk van hierdie benaminge dra 'n kern waarheid omtrent Christus oor. Die eerste, *Theotes,* beteken 'ware God', die tweede *'ware mens'*, die derde ' *ons Paaslam',* die vierde *'Seun van die Mens'* en die vyde die klimaks, want dit staan vir die presiese getalwaarde van die woorde in Matt. 25:6b, naamlik: *"Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet."* Die kans dat hierdie byna ongelooflike stelle syfers op een mens in die geskiedenis betrekking sou kon hê, is een kans uit 750 maal 2 000 000 000.

**Die getal 153.** Om hierdie gedeelte mee af te rond kyk ons na hierdie onwaarskynlike getal. Waar kom dit in die Bybel voor?

Nêrens anders nie as in die verhaal van die groot visvangs in Joh. 21:11. Die getal word deur twee ander getalle opgemaak, naamlik 17x9. Sewentien staan vir die Uitverkorenes (sê hy), en 9 vir finaliteit. Die visvangs is 'n beeld van die finale produk van die Evangelieverkondiging deur die eeue - die groot 'visvangs'. Ons onthou seker almal dat die dissipels moes uitgaan om vissers van mense te wees - so ook ons wat glo, daarna, totdat die getal vol is.

Die Griekse woord vir visse is *Ichtheus*, en sy getalwaarde is:

1 244, of 153x8 (die voltooide kerk en opstanding gekombineer).

Om die prentjie verder uit te bou: die 'net' se getalwaarde is ook 1 244, of 153x8. Dan sê hy: "Seventeen is the Church number and if we put down all the numbers from 1-17 and add them up we get 153 as our total, and 153 vocabulary words are used in telling the story." Wie, vra hy, sou ooit kon droom dat daar in die verhale en syfers in die Bybel sulke verstommende verborge syfer-strukture gebêre sou wees? Sekerlik vertel dit ons iets van die feit dat elke woord wat daar staan absoluut geen toeval is nie. Mens staan in verwondering voor die omvang en diepte en kompleksiteit van God se Woord (om nie weg te gooi hierdie merkwaardige mens wat die aanvanklike ontdekking gemaak het nie).

Payne het Panin se werk oorgeneem en met verdere navorsing uitgebou. Daardie werk behels ander wetenskaplike ontdekkings op die gebied van biologie, soölogie, argeologie en ander. Ek het

daardie aspekte van sy boek nie aangespreek nie, want ek het reeds my eie stof daaroor versamel en in my vorige boek gepubliseer. Maar hierdie hoofstukke omtrent die numeriese onderbou van die Bybel het ek nog nêrens elders gevind nie. Ek wil my hoofstuk dus hier afsluit met Payne se slot opmerkings:

> "Some of the designs, especially in the seven's, are so far removed from co-incidence that the chances of non-design calculated by the law of chance, are from millions to one, to hundreds of 127 billion to one! Finally, it must be remembered that all *gematria* values are of the original Hebrew, or Greek, words which of course excludes any possibility of a word being altered, in translation, to fit any feature. Surely this confirms in a most marvellous way, the fact that all Scripture is Inspired, God-Breathed."
>
> **"No human mind that ever lived could devise, and effect, such a means of sealing, or stamping with seals, as it were, the whole Written Word. Only the wilfully blind can fail to recognise that the whole Bible is the Work of a Supreme Master Mind."**

As al bogenoemde syfer-verhoudings nie genoeg is nie, verskyn die aanhaling so pas aangebied op bladsy 153 van sy boek, *The Seal of God.* Merkwaardige toeval!

**Evaluasie.** Wat maak 'n mens met hierdie buitengewone openbaring van Bybelse strukture? 'n Paar jaar gelede het ek in 'n toespraak tydens 'n gereformeerde konferensie in die Noorde iets hiervan bekendgemaak, maar die stilswye was oorverdowend. Laat dit mense ongemaklik voel? Klink dit te veel na die werk van sensasiesoekers? Moontlik. Maar as gewone lidmaat wat vir 55 jaar van selfstudie elke denkbare teologiese standpunt nagelees het, kan ek hierdie mense se bevindinge nie ignoreer nie. Dalk is dit so dat ons eers hierdie era van oordrewe wetenskap-gedrewe navorsing moes bereik voordat teoloë 'n oor en oog ontwikkel vir iets wat hulle gedink het nie kan bestaan nie.

**Ek nooi dus _enige_ teoloog uit om aan my te bewys dat die inhoud van hierdie hoofstuk 'n klomp wensdenkery is.** Maar dan moet hy ook aan my bewys dat die vergesogte, onwetenskaplike en absurde resultate van die *Dokumentêre Hipotese* enige bestaansreg het. Laasgenoemde se uitwerking is om die Bybel se gesag af te breek, terwyl bostaande aanbieding ontwerp is om

respek vir en aanvaarding van die Bybel as onfeilbare Woord van God te demonstreer. Hierdie doelstelling is in lyn met ons Belydenisskrifte, terwyl genoemde Wellhausenisme die Bybel aan flarde ruk. Dit is ontwerp om mense al hoe meer aan al hoe minder van die Bybel as God se Woord te laat glo!

Aan die begin van die hoofstuk het ek belowe om na my stelling terug te keer wat gegaan het om dinge rondom die Bybel wat sekere teoloë niks van wil weet nie. Die vraag hier is: waarom wil min teoloë iets van bostaande bewyse weet? Soos ek dit verstaan is dit omdat die ganse inhoud van die hoofstuk gegrond is op die veronderstelling en aanname dat elke woord in die Bybel deur God geïnspireer is, en dat inspirasie nie tot "organiese inspirasie" beperk is nie. Die Engelse woord vir hierdie soort inspirasie is *inerrancy,* en die Afrikaans daarvoor is *onfeilbaarheid.*

Ons *Nederlandse Geloofsbelydenis* gebruik bostaande woord, en daarmee stem ek 100% saam. Maar: ons hedendaagse teoloë stem nie meer daarmee saam nie, want hulle beweer dat dit dan 'n meganiese inspirasie is,en dit mag nie! Klaarblyklik kan nie ingesien word dat God die skrywers van die Bybel hul eie persoonlikheid, woordeskat, kennis omtrent die land, die landbou, die wet en wat dies meer, só kon inspireer dat hulle nog ten volle hulself was, terwyl hulle tog elke woord neergeskryf het soos God dit wou hê nie.

Hierdie is eintlik die wonder van die Bybel: ELKE woord is die woorde wat God wou hê, anders, wat my betref, kan ons hoegenaamd nie sê dat dit in enige opsig God se Woord is nie. Dit is in wese 'n alles of niks situasie, want anders: waar trek jy die streep? Nog meer: Wie trek die streep?

**Ons NGK se Algemene Sinode het al lank gelede besluit: *"ons trek die streep, en dit gaan wees dat die Boodskap van die Skrif alleen waar is, terwyl die wetenskaplik-geskiedkundige inhoud (jammer Here!) nie waar is nie."* Dit noem ek die opperste arrogansie, en iets wat ons as lidmate nie in die kerk moet duld nie. Op hierdie wyse verskraal ons God se goddelikheid tot iets binne ons eie vermoë, want ons sal besluit wat die waarheid is.**

Seker agt jaar gelede het prof. Willie Jonker in 'n tugsaak wat ek teen 'n Stellenbosse predikant aanhangig gemaak het, gesê: "broer Pieter, jy verstaan die ding verkeerd..." Hy het ook gesê: “Ek is

ongemaklik met "inerrancy" “. Wat ek in die situasie 'verkeerd' gehad het, was dat ek gesê het daar was in die geskiedenis 'n wêreldwye vloed in die tyd van Noag! (Ook dáárdie volle verhaal (van Noag) dra die numeriese kenmerke van hierdie hoofstuk in elke sin: totaal geïnspireer- élke woord!) Sy ongemak met die woord ‘inerrancy, daarenteen, maak mý erg ongemaklik, want dit is die vertaling van ons Afrikaanse woord ‘onfeilbaarheid.’ Indien hy ‘n probleem dáármee het, het hy ‘n probleem met ons Belydenisskrifte, en indien dít so is, dan moet ek ongelukkig ‘n vraagteken agter sy teologie plaas.

## KERKLIKE EENHEID

Die insiggewende boek van dr. Iain Murray, *Evangelicalism Divided*, openbaar wat gebeur wanneer eenheid met die prysgawe van leer-suiwerheid toegepas word. Hieronder is uittreksels uit daardie boek wat, na my mening, op ons van toepassing is.

“Spiritual unity does not demand oneness in organization “ (p.289).

“Liberalism gained hold on Protestant churches because good men feared that unless concessions were made to the latest ‘scholarship’ the churches would lose their place in the modern world…participation in the ecumenical movement were promoted in the genuine hope of wider gains for the gospel and for an evangelical rennaissance…many, if not all, of these changes were brought on by ‘political’ or pragmatic thinking…More than one commentator noted how a policy which was expected to lead to so much has instead produced so little. The fundamental explaination has to do with the way in which scriptural principle had been sidelined. When that happens the church’s course is bound to be downwards (p.304,5).

“Belief in the trustworthiness of all Scripture is essential for the preservation of the Christian faith as a whole. Without verbal inspiration the church cannot sustain a dependable corporate witness…There is therefore the strongest reason why commitment to the truth of verbal inspiration has to be kept among the fundamentals of Christian and evangelical belief. To make concessions at this point has been a tragic mistake…Liberalism has had all the marks of the false prophet. It promised a great growth in light and Christian influence for the nation where it was adopted. Instead there has been spiritual desolation. This is exactly what all who believe Scripture should have expected” (p.312,313) (my klem).

# DEEL 3

## WAT MOET ONS DOEN?

### Hoofstuk 23 REFORMEER OF… DISINTEGREER?

Die pad tot op hierdie punt was lank, en dan is daar nog veel wat steeds ongesê bly. Wat nog van die skaarste aan boeke met enige diepte? Hieroor sê iemand: **Uitgewers blyk meer in *profyte* as *profete* geïnteresseerd te wees.** Die boek *The Purpose Driven Life,* byvoorbeeld, trek nou al by die 22 miljoen eksemplare, en toe verskyn 'n ander boek: *Deceived on Purpose,* wat op voorgenoemde boek kommentaar lewer, maar gesien uit die hoek van 'n *New Age-* bekeerling wat sodanige kenmerke in Warren se boek gewaar.

Ook die media bly amper onaangeraak. Het ons lidmate enige idee van die omvang van pornografie in die wêreld van ons dag? In Amerika verdwerg pornografiese films, om maar een voorbeeld te noem, die 400 'gewone' films wat die mark elke jaar tref meer as tienvoudig.

En wat nog van maatskaplike sedes van ons jongmense, veral, wat deur die druk van die samelewing stry om by Bybelse standaarde te bly? Die lys is byna eindeloos, net soos die verantwoordelikheid van ouers en kerkraadslede om die pad na 'n God-erende lewe aan te wys. Geen wonder dat die titel van 'n onlangse boek van 'n Britse skrywer heet: *Has God passed His sell-by date?*

Tien-vyftien jaar gelede kon 'n pa nog vir sy dogter sê: "Wees 'n goeie meisie", en dan weet hy dat *sy* weet wat hy bedoel. Vandag kyk die meeste (?) hul ouer met verdwasing aan met die uitdrukking wat sê "maar waarvan *praat* pa dan nou??"

Te midde van die duiselingwekkende spoed waarteen dinge rondom ons verander gaan ek probeer om darem 'n klompie dinge te noem wat elke leser kan oorweeg indien die boodskap van hierdie boek tot harte deurgedring het. Enigiemand wat hierdie pad aandurf sal noodwendig dikwels die wind van voor kry, maar dit is te wagte. Gehoorsaamheid was nog nooit sonder 'n prys nie, maar dis gehoorsames wat, volgens die Skrif, die koninkryk beërwe. Die Matteus aanhaling van "Dis nie elkeen wat vir My sê Here, Here wat sal ingaan in die koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die *wil* van die Vader *doen*," sluit aan by I Joh. 5:3 wat sê dat die liefde tot God self niks anders as gehoorsaamheid is nie.

**Wenke en moontlikhede**

1. Ek begin met die moeilikste, want niks kan sonder gebed vermag word nie. Hoe dikwels bid ons vir ons kerk, sy amptenare en ons predikante, en almal wat met die werk v.d. Here gemoeid is?

2. Hosea vertel dat "My volk sonder kennis ten gronde gaan" (4:6). As jy tot op hierdie punt gelees het, is die saak van getroue Skrifprediking vir jou belangrik. Maar sonder onderskeiding sal die gevolge sowel as die kenmerke van dwaalleringe by jou verby gaan.

3. Luister krities, en moenie soos soveel van ons lidmate blindelings bly vertrou wat jy hoor nie, "want dominee het dit mos gesê." In Handelinge 17:11 staan geskrywe dat die hoorders ondersoek ingestel het om te bepaal of die Skrif *wel* sê wat oor 'n besondere saak voorgehou is – let ook op wat *nie* gesê word nie. 'n Halwe waarheid is geen waarheid nie.

4. Hou jouself op die hoogte van wat in die kerk as geheel aan die gebeur is. Indien jy nie saamstem nie, skryf 'n brief aan die *Kerkbode* of aan die Moderamen. Gewone lidmate moet van hulle laat hoor. Kry vriende om ook sodanige briewe te onderteken. Hoe meer, hoe beter.

5. Ons sinodes, veral die Algemene Sinode, tree al hoe meer as gesentraliseerde gesag op. Doen wat my vriend Gibo Gerber van Groot Brak en 'n plaaslike komitee in die Suid-Kaap gedoen het toe die sinode in Hartenbos gesit het. Hulle het 'n versoekskrif aan die moderator oorhandig waarin hulle beswaar teen hierdie sentralisering bekend gemaak het. Die NGK is nie Rooms (?) in sy struktuur nie!

6. Gaan gesels met jou predikant indien hy in 'n preek iets sê wat die Skrif nie sê nie. (Vele is van opinie dat 'liefde' nie streng kan wees nie. Dink maar aan ouerskap.) Sê wat gesê moet word, en moenie huiwer nie.

7. Rakende bydraes aan ons kweekskole, ens. : vra jou kerkraad (lank voordat jul jaarprogram opgestel word) om aan die betrokke instansies te skryf en versoek dat elke dosent via die kuratoria moet sê of hul nog by hul legitimasie-eed en ons Drie Belydenisskrifte staan. Soos ek sake nou sien sal dit moeilik gaan om positiewe antwoorde te kry. Dring egter daarop aan, en sou dit geweier word, weerhou alle bydraes totdat 'n bevredigende antwoord verkry word**. Met respek: die huidige verval in ons kerk kom byna uitsluitlik uit hierdie oord. Indien hulle sou weier om van hul valse leer afstand te doen, staak met alle bydraes. Geld praat!**

8. Let op of die 10 Gebooie in jou kerk nog gelees word. Baie predikante lees dit nie, want hulle glo nie meer in die ses-dag skepping nie. Vra dat dit wel gelees moet word, want hoe anders gaan kinders in die gemeente hoor dat God sulke onveranderlike eise aan kindskap stel?

9.Ten opsigte van nagmaal: bedien jou predikant kinders voor die voet met die tekens, of word ouers en kinders vooraf gewaarsku? Ek is van mening dat hierdie besluit van die sinode noodlottige gevolge gaan hê. Persoonlik ondersteun ek elke predikant en kerkraad wat *weier* om kindernagmaal te bedien. Die Korintiërbrief (1 Kor.11:27 en verder) waarsku ondubbelsinnig teen die *onwaardige gebruik v.d. Nagmaal.* Is ons lidmate en predikante nie besig om 'n oordeel oor hulself te bring nie? Verder; wat bly vir die kind wat nog belydenis van geloof moet aflê oor as nagmaal nou reeds geniet mag word? Absoluut niks. Waarom aanneming dan?

10. Ontmoedig die aankoop van boeke wat dwaalleringe verkondig, al het hulle pryse ontvang. Dit is skreiend dat teoloë met spreekwoordelike moord wegkom wat boeke soos *Die Bybel in Praktyk* en *Bybel A-Z* skryf. Daar is ook ander. Let wel; nie alle bydraes daarin bevat onbybelse standpunte nie, maar hoe sal die gewone lidmaat kan onderskei? 'n Klein bietjie gif is genoeg om jou lewe te neem. Blaai eers deur hierdie soort boek en kyk hoofsaaklik na wie die skrywer sê die betrokke boek in die Bybel geskryf het. As die eerste vyf boeke in die Bybel kwansuis nie deur Moses geskryf is

nie, maak die boek toe en sit dit terug op die rak. Dit is tyd in ons kerk dat dwaling uitgewys en aangespreek word.

11. Dit staan enige lidmaat vry om enige professor, skrywer of predikant voor 'n kerkraad, ring of sinode te daag indien hy 'n valse leer sou verkondig. Daar bestaan voorgeskrewe riglyne waarvolgens opgetree moet word en dit moet altyd die doel hê om die broeder/suster terug te bring na ons aanvaarde Skrifinterpretasie. Mits alle ander pogings faal, dan kan en moet 'n klag teen sodaniges gelê word. Hoe anders gaan ons ons kerk na sy eie belydenisse terugbring. Hierdie is die één groot oorsaak vir die huidige verval in ons kerk. Die tug bestaan eenvoudig nie meer nie. Drie dinge is nodig om ware kerk van Christus te wees: Suiwer prediking, die korrekte bediening van die sakremente en die tug. In vele gemeentes, glo ek, bestaan nie een van hierdie drie meer nie. Is jou gemeente een van hulle?

12. Leer die drie Belydenisskrifte van ons kerk ken. Dit verteenwoordig 'n onuitputlike bron van lering oor haas elke saak wat van kardinale belang is. Gebruik dit in Bybelstudies en in preke. Die beloning is groot! (Dring aan op maandelikse belydenisskrif-prediking, soos voorgeskryf, maar dan moet dit op aktuele wyse aangebied word sodat die nut daarvan vir ons dag duidelik uit kom.)

13. Lees boeke van goeie gehalte. Indien jy nie weet watter boek nie, raadpleeg iemand wie se oordeel jy respekteer. Maar vra tog vooraf wat selfs dáárdie persoon se oortuigings is oor Skrifgesag. Is die Bybel vol onjuisthede, en is dit histories onbetroubaar? Is die antwoord ja, soek iemand wat sê 'nee'. Skryf ook aan ons *Studiegroep vir Bybeldenke*, Posbus 12685, Stellenbosch, 7613.

14. Bou jou geestelike lewe en kennis van die Skrif op d.m.v. beskikbare evangeliese e.pos- en internet boodskappe. Dr Chris Saayman van ons kerk in Eendekuil (Wes-Kaap) en twee ander predikante uit ander gereformeerde kerke bied maandeliks 'n e.pos aan met die adres: www.voxviva.dominee.co.za 'n Ander een is 'reformator' www@reformator.co.za wat deur behoudende predikante en lidmate van ons kerk bedryf word. Teologies-verantwoorde artikels en besprekinge verskyn hierin.

15. Juis omdat die evolusieleer (eintlik evolusiegodsdiens) elke lewensterrein oorheers (en ondergrawe), kan op 'n tydskrif soos *"Creation"* kwartaalliks ingeteken word. Die groep *Answers in Genesis* van Australië versprei dit en dit dra uitstaande weten-

skaplike artikels (wat almal kan verstaan) wat Bybelse skepping ondersteun. Die adres is: *Answers in Genesis,* Posbus 3349, Durbanville, 7551, en staan onder die leiding van dr. Johann Kruger. Dit kos R160 pj. Dit is verpligte leesstof vir wetenskaponderwysers en bou die geloof in 'n onfeilbare Bybel op.

16. Nooi mense wat die onfeilbaarheid van die Skrif ondersteun na jou gemeente, ook die wat die ateïstiese evolusieleer weerlê. Onthou: saam met die evolusieleer gaan jou geloof skipbreuk ly.

17. Probeer om die jaarlikse nasionale gereformeerdes se konferensie by te woon wat elke jaar in 'n ander provinsie gehou word. Inligting kan gekry word deur 'reformator' se webwef op te soek om vas te stel waar en wanneer sodanige konferensie gehou gaan word. Die onderwerpe gaan juis oor Skrifgesag, ens.

18. Verleen ondersteuning aan elke persoon wat in die *Kerkbode* of koerant iets kwytraak wat die gesag van die Bybel uitspel. Jy sal nie weet wat dit vir sulke mense beteken nie. Bel, of skryf aanhulle.

19. Stuur versoeke aan *Radio Kansel* waarin jy vra dat programme aangebied word wat 'n suiwere skrifbeskouing handhaaf. Daar is tans te veel kaf tussen die koring.

20. Luister na en ondersteun Christelike Radiostasies. Vra vir uitsendings rondom die gesag v.d. Skrif.

21. Weereens oor bydraes: Maak seker dat die saak waarvoor bydraes by die deur in jou gemeente ingesamel word gaan na instansies wat by ons Belydenisskrifte staan. Weerhou fondse van enige wat dit nie doen nie.

22. Kyk ook na watter uitgewer boeke uitgee wat dwaalleringe verkondig, en probeer jou boeke elders koop. Geld praat!

Daar is sekerlik veel meer wat gesê kan word, maar ek volstaan hiermee. Alleen deur te staan by dit wat ons kerk deur die eeue geleer het, vermy ons die noodlottige alternatief wat algaande op die glibberige helling van onbybelse lering afbeweeg.

Voorbeelde : Studiegroep vir Bybeldenke se optredes:

Noodwendig is 'n Studiegroep soos die een waarvan ek lid is dikwels juis met die bestryding van dwalinge gemoeid. Toe ek deur 'n jong lidmaat gevra is om na die boek, *Bybel A-Z* te kyk en goed-of af te keur, het ons as studiegroep besluit om 'n Ope Brief aan ons drie kweekskole te rig, en het ons 'n deputasie na die *Kerkbode*

gestuur om te verseker dat die brief geplaas word. Die Brief verskyn op 29 Mei verlede jaar (2004) en, soos te wagte, veroorsaak dit heelwat negatiewe reaksie, want niemand hou daarvan om as dwaalleraar uitgewys te word nie. Toe ons probeer om op die besware van die kweekskole te antwoord is ons brief nie geplaas nie. Die kerklike publiek sal nou dink dat ons nie 'n saak het nie, maar die feit is dat die *Kerkbode* ook 'n verskuilde agenda blyk te hê, wat beskerming aan kweekskooldosente bied.

Die kweekskole se antwoord in die Kerkbode het gevra dat ons die regte kanale moet gebruik om ons besware te lug i.p.v. dat ons dit via *die Kerkbode* doen. Aan die begin van Mei, 2005 hét ons toe aan elke kweekskool die onderstaande brief gestuur, tesame met vraelyste, wat elke professor moes invul oor wat hy nog van die Bybel glo:

STUDIEGROEP VIR BYBELDENKE
POSBUS 12685, STELLENBOSCH, 7613

Die Dekaan v.d. Fakulteit Teologie v.d. NG Kerk, Universiteit van Pretoria (asook Bloemfontein en Stellenbosch)

Geagte heer

ONDERSOEK NA STAND VAN SAKE : TEOLOGIESE OPLEIDING VAN NGK STUDENTE

U is waarskynlik reeds deur middel van artikels in die *Kerbode* bewus van ons bestaan as Studiegroep, en daarom sal ek voortgaan om die saak waarom dit hier gaan direk aan te spreek.

Ons as Studiegroep is 'n geruime tyd reeds besig met die verdediging van die "Geloof soos eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" (Judas 3). Dit val op dat daar al meer van 'n beweging weg van ons tradisionele NGK posisie plaasvind. Ons omskryf sodanige posisie as een wat hom verbind aan ons drie Belydenisskrifte soos dit die onfeilbaarheid van die Bybel reflekteer. Gevolglik sal dit waardeer word indien u en u dosentekorps ons behulpsaam kan wees rakende die vrae wat ons in hierdie verband het. Die eerste paar vrae is van algemene aard en daarom stel ek hulle aan u in die volgende paragraaf. Die ander is meer van 'n indiwiduele aard,

en daarom het ons 'n kort vraelys opgestel wat op die volgende bladsy uiteengesit is.

1. Sedert die Kweekskool (nou Teologiese Fakulteit) onder die Universiteit se jurisdiksie val, is daar enige beheer wat uitgeoefen word t.o.v. wat deur dosente aan studente v.d. NGK oorgedra word? Kan 'n lidmaat, kerkraad of ring nog vra of 'n dosent by ons tradisionele interpretasie van ons drie Belydenisskrifte staan, of is hy/sy nou vry om te verkondig wat hy/sy wil?

2. Speel die voorheen-verpligte ondertekening van die legitimasie-gelofte nog enige rol?

3. Word daar 'n spesifieke bedieningspatroon aan studente deurgegee of is gelegitimeerdes vry om enige van die huidige veelvuldige patrone te gebruik, afgesien van leerstellige inhoud?

4. Word die beoefening van teologiese wetenskap nog deur ons Belydenisskrifte begrens, of word dit nie meer as 'n haalbare en nodige opsie gesien nie?

As Studiegroep sal dit waardeer word indien die vrae op die volgende bladsy deur die doserende personeel met NGK verbintenisse beantwoord kan word. Wat ons van u as Kweekskool vra, vra ons ook van die ander twee kweekskole. Antwoorde mag naamloos wees. Dit sal verder waardeer word indien ons die antwoorde voor einde Mei in ontvangs kan neem sodat ons 'n akkurate beeld kan vorm van hoe ons Kerk in sy geheel deur ons kweekskole in hul groot taak om ons toekomstige predikante op te lei, bedien word. Enige ander bydrae van u kant word uiteraard verwelkom.

Die uwe,

Pieter J. Pelser, Voorsitter, 1 Mei 2005"

VRAELYS aan DOSERENDE PERSONEEL VAN DIE NGK

1. Beskou u die Bybel nog steeds as die onfeilbare ("*inerrant")*
Woord van God in al sy dele?
2. Glo en verkondig u dat Moses die Pentateug 'geskryf' het, asook dat die boeke wat hul naam dra deur die betrokke persone geskryf is? ( Josua, Daniël, Jesaja, ea.).
3. Aanvaar u die *Dokumentêre Hipotese* as moontlike, of enigste interpretasie van die OT ?

4. Is die skepping die produk van God se werk in ses gewone dae soos die Hebreeuse teks ons dit laat verstaan, of skryf u dit toe aan tydperke, of selfs evolusie?
5. Was Adam, Josef ea. werklike geskiedkundig persone, of is Genesis mities van aard?
6. Glo en leer u die maagdelike geboorte en fisiese opstanding van Christus, en dat Hy God in die vlees was, en dat dit noodsaaklik vir 'n mens is om dit te glo vir jou redding?
7. Beskou u die wetenskap as 'n onafhanklike grootheid wat sy eie gesag buite die Skrif handhaaf?"

"Dit staan u vry om meer spasie te gebruik indien nodig, maar ons soek nie ingewikkeld-beredeneerde antwoord nie. Selfs 'n ja of nee is aanvaarbaar. Besorg asseblief terug aan u dekaan sodat all antwoorde ons teen einde Mei 2005 bereik.Stuur aan: Studiegroep vir Bybeldenke, Posbus 12685, Stellenbosch, 7613"

**ANTWOORD(E) ONTVANG**

Op bostaande brief en vraelyste het ons sowat tien dae later 'n antwoord v.d. Dekaan v.d. Bloemfonteinse fakulteit ontvang. Stellenbosch het *25 dae ná die afsnydatum* 'n brief met twee sinne gestuur waarin gesê is dit word na die kuratorium verwys. Niks is van Pretoria gehoor nie, selfs nie 'n erkenning van ontvangs nie. Dalk is hulle van mening dat ons ondersoek onbelangrik is. Bloemfontein se brief is op die volgende bladsy:

Die bekommerde lidmaat moet hier sy of haar eie afleidings maak. Dit word wel waardeer dat Bloemfontein geantwoord het en dat hulle te kenne gee dat hulle self begaan is oor ons gereformeerde leer. Maar met respek: die ander fakulteite sou waarskynlik dieselfde sê, of hoe? Die weiering van Bloemfontein om die tweede vraelys aan sy dosentekorps deur te gee kan met reg op verskillende maniere vertolk word. Word dit dan aan ons oorgelaat om ons eie afledings te maak? Indien dit so is, dan moet ons oordeel uit wat ons lees waar daar te lese is. Twee (uitstaaande) artikels in my besit – dié van proff Johann van Rensburg en Dolf Brits – stel my persoonlik beslis gerus, maar die een van prof. Fanie Snyman reeds aangehaal, beslis *nie.* Maar wat van die res? Waar staan hulle?

## ANTWOORD VAN UNIV v.d. OVS: TEOLOGIESE FAKULTEIT:

(soos deur my vir die doel van publikasie oorgetik) 9.05.2005

Geagte mnr Pelser

Navraag: Teologiese Opleiding van NGK-studente

Baie dankie vir u brief.

Ek het die brief met die vise-dekaan, prof. S.A.S. Strauss, bespreek, en ons wens soos volg te antwoord:

1. As geakkrediteerde Fakulteit van die N G Kerk is dit ons erns om gereformeerde teologie te beoefen. Ons kan dus die versekering gee dat die opleiding van studente aan hierdie fakulteit met die oog op die bediening in die NG Kerk, in ooreenstemming met die drie Formuliere van Eenheid plaasvind. Oor hierdie Fakulteit se uitgesproke gehegtheid aan die gereformeerde leer hoef daar dus by niemand enige twyfel te bestaan nie. Dit staan ook duidelik in ons visie en missie: “Die Fakulteit is *gereformeerd,* evangelies en ekumenies…” (visie), en “Die visie word gerealiseer deur die bevordering van die gereformeerde teologie, wat in toepaslike en gehalte-onderrig, navorsing en samelewingsdienste uitdrukking vind” (missie).

2. Die feit dat ons Fakulteit aan ’n universiteit is, kompromitteer op geen manier die *soort teologie* wat ons doseer nie. Die NG Kerk OVS se ooreenkoms met die Universiteit is hieroor baie duidelik. Studente van watter kerk ookal weet dus by voorbaat dat hulle gereformeerde teologie by hierdie Fakulteit ontvang.

3. Die bedieningspatroon wat aan hierdie Fakulteit gedoseer word, vloei voort uit gereformeerde praktykbeginsels. Wat afgestudeerdes agterna in die bediening doen, onder insigte van watter invloed ookal, het ons geen beheer oor nie. Sou dit afwyk van hoe hulle hier geleer is, kan dit uiteraard nie op die Fakulteit se rekening geplaas word nie.

4. Egte natuurwetenskap en egte teologie behoort nie in die grond van die saak nie teenoor mekaar te staan nie. Dieselfde God wat Hom in die Skrif geopenbaar het, se “spore” is immers ook duidelik in die natuur. Maar nou weet ons dat die verhouding tussen teologie en natuurwetenskap tradisioneel nie ’n gelukkige een is nie. Dit is maar eers in die afgelope dekade of wat dat hierdie gesprek behoorlik op dreef gekom het. En natuurlik sal daar verskil van mening wees oor hoe Bybelse en natuurwetenskaplike gegewens met mekaar in verband gebrieng moet word. Hierop moet ons dus ’n oop gemoed nahou. Na ons mening bring spesifieke interpretasies en modelle hieroor nie die gereformeerde belydenis in die gedrang nie, mits die basiese belydenis van God as Skepper en Onderhouer van die skepping nie tekort gedoen word nie.

5. Ons oordeel dat bostaande antwoorde voldoende is om u in geen onsekerheid te laat oor waar hierdie Fakulteit staan ten opsigte van die gereformeerde leer nie. Oor die meer spesifieke vraelysvrae oordeel ons dat dit meer met tegniese interpretasie-aangeleenthede te make het waaroor daar baie verskil selfs onder gereformeerdes bestaan. Elkeen van daardie vrae verg eintlik ’n diskussie op sy eie. Daarom het dit nie sin om bepaalde modelle of interpretasies as ’n soort sjibbotel na die een of ander kant toe te stel wat dan tiperend van die gereformeerde siening daaroor sou wees nie. Ons gaan dus nie die vrae aan die dosente deurgee vir indiwiduele beantwoordig nie [my klem]. Ons volstaan met bostaande antwoorde.

Ons dank u vir u belangstelling in ons Fakulteit. Ons deel u erns oor die gereformeerde opleiding aan die Fakultiet Teologie en gereformeerde bediening in die NG Kerk. En ons bede is dat daar genoeg erns in die Kerk hiermee gemaak sal word om die gereformeerde leer steeds bloeiend en dinamies te hou.

Met vriendelike groete.

Die uwe

Prof. H.C. van Zyl.

**Dr. Sampie van Vuuren** het dit reg: 'n deurtastende ondersoek na die teologie van elke dosent in ons kweekskole sal geloods moet word. Dit wat prof. Verhoef oor die ondertekening van ons belydenisskrifte gesê het (soos oorspronklik bedoel) moet ook by sinodes gedoen word.

Ongetwyfeld het dit in ons kerk laat geword. Die leierskap staan voor die keuse van drastiese en deurtastende optrede, of die hele korps van eendersdenkendes in ons kweekskole en sinodale kantore moet die integriteit aan die dag lê om uit die NG Kerk te bedank sodat ons weereens kan wees wat ons op papier nog bely: 'n gereformeerde, en steeds reformerende kerk wat staan en val by ons belydenisskrifte as suiwere interpretasie van die onfeilbare Woord van God.

**RAPPORT SE ARTIKELS**

Die voorblad-banieropskrif in *Rapport* van 15 Mei (NG Kerk kan skeur) het 'n klompie mense laat regop sit, maar, te oordeel aan die uitspraak van dr. Coenie Burger, moderator van die Algemene Sinode, lyk dit nie asof hy te bekommerd is nie. Ek was by die Philadelphia-konferensie van beswaardes teenwoordig, en die onverwagse besoek en onvoorbereide toespraak van dr. Burger het nie tot my laat deurskemer dat hy van mening is dat daar te veel verkeerd is nie. Hy maak 'n fout.

Die feit dat die jongste Algemene Sinode te Hartenbos 80% saamgestem het omtrent sake op die tafel (volgens dr. Burger) vertel my meer van hoe die sinode *georganiseer* is as iets anders. **Die sake-tegnieke wat deesdae aan die orde is maak dit moontlik om te verdeel en te heers.**

Die feit dat dr. Burger by Philadelphia die noodsaaklikheid beaam het om by die Bybel en die Belydenisskrifte te staan, beteken ongelukkig vandag heeltemal niks nie! Hy moet my maar vergewe – maar dr. Ben du Toit van ons sinodale kantoor het van ons klag

teen hom losgekom toe hy sê hy onderskryf ons belydenisskrifte. Sy boek demonstreer egter, swart op wit, dat hy waarskynlik 75% daarvan *nie* glo nie! (kyk na Hoofstuk 11 van hierdie boek vir detail). Verder: jammer om te sê, broer Coenie, om te sê: 'Terug na die Bybel' beteken ook nie meer wat dit voorheen beteken hét nie. **Ek moet dan vra: Watter Bybel? Want *dit* is waar ons vandag is! Is dit die bybel van die meerderheid kweekskool professore waarvan meer as die helfte mites is? Is dit die bybel waarin Christus nie meer God is nie en waarin Hy ook nie uit die dood opgestaan het nie? Moet ek verder uitbrei? Ek wil liewer nie, want dit veroorsaak te veel pyn!**

My hartsverlange is dat my kerk na sy wortels sal terugkeer. Dat beide sy belydenisskrifte én *ware* Bybel weereens die brandpunt sal word van ons leer en lewe. Die Suid-Afrika waarin ons vandag lewe vra – nee, *eis* – alles wat die ware Bybel aanbied, maar dit lyk asof ons verstrengel geraak het in 'n proses van oppervlakkige transformasie en sosiale programme wat die bose hart van ons samelewing ongedeerd laat voorlewe, sonder die bekendmaking van God se oordeel oor die sondigheid van die sonde.

In sy boek, *The Everlasting Man,* skryf **G.K. Chesterton** (p.58) soos volg oor 'n verwante onderwerp, maar die boodskap is dieselfde: "**Touching this matter of the origin of religion, *the truth is that those who are thus trying to explain it are trying to explain it away."*** Vandag word die kern van die Bybel se boodskap wegverklaar, want die tweesnydende swaard is darem te kras vir die moderne en post-moderne mens wat aandring op sy menseregte sonder verantwoordelikhede en………..…sonder God!

## BYLAES

### 1) Brief van PJP aan Algemene Sinode 1986, 2) Prof. Johann van Rensburg oor profesieë in OT, en 3) die Belharbelydenis, deur PJP en drr. MM Nieuwoudt en MH Vorster.

### BYLAE 1: NGK moet afstand doen van apartheidsideologie:

PJPelser, Soos in Die Burger geplaas op 14.10.86 – openingsdag v.d. NGK se Alg. Sinodesitting te Kaapstad.

"Uit hoofde van my jarelange betrokkenheid by verskillende aksies v.d. NG Kerk, plaaslik sowel as landwyd, voel ek dat die tyd aangebreek het om 'n brief van hierdie aard die lig te laat sien. Die Alg. Sinode van die NGK is seker die laaste vergadering waaraan gesê hoef te word dat die tye waarin ons lewe nou, soos nooit tevore, ontsaglike eise aan ons kerk stel. My vrees is egter dat die Sinode, as hoogste beleidmakende gesag, nie die moed aan die dag sal lê om volgens onreduseerbare eise v.d. Skrif te antwoord op vrae wat ons land, en selfs die wêreld, aan ons stel nie.

"My vrees is nie ongegrond nie, want by hoeveel geleenthede in die verlede moes ek met leedwese aanskou hoe teruggedeins is van vreeslose toepassing van Gods Woord. Ongelukkig is die indruk dikwels gelaat dat ons Kerk die alleenreg op Skrifinterpretasie besit, en al sou die teoloë van *hele* wêreld anders dink, het ons steeds reg. Sela! Waarna verwys ek? Laat ek dit maar kaalkop stel.

"Die hele apartheidbeleid soos deur die Nasionale Party toegepas, was op aandrang v.d. NG Kerk. Die volgende aanhaling uit 'n parlementêre toespraak in 1950 van dr. D.F. Malan, waar hy kommentaar lewer op die besluite van die *Federale Sendingraad,* behoort my stelling toe te lig:

"…die groot belangrike saak wat hulle (die Fed. Sendingraad) beklemtoon het, is dat jy algehele apartheid moet hê. Wel, as jy algehele apartheid sou kon kry, as dit prakties uitvoerbaar sou wees, dan sou elkeen erken dat dit 'n ideale toestand is. Dit sou 'n ideale toestand wees, maar dit is nie die beleid van ons Party nie… dit is nie uitvoerbaar nie en dit help nie vir enige party om die onmoontlike te probeer verkry nie."

"In die jare daarna, en *teen* die aanvanklike beleid van die NP in, het ons Kerk op stelselmatige wyse die volle spektrum van apart-

heidsbeleid ingestel gekry. So ook Groepsgebiede, die Verbod op Gemengde Huwelike en die Ontugwet. En terwyl kerklike vergaderings (FSR- memo van 1942) aanvanklik ronduit erken het dat dit in die eerste plek gaan om selfbehoud, is dit in later jare vervolmaak tot 'n apartheidsteologie, en as sodanig is dit tot die vlak van "onaantasbaarheid" verhef. Êrens langs die pad is vergeet van 'n teks wat sê: "Hy wat sy lewe wil red, sal dit verloor…"

"Die dilemma waarin die gewone lidmaat verkeer, is groot. Ná die bewindsaanvaarding v.d. NP sien hy hoedat op stelselmatige wyse 'n beleid toegepas word wat deur vele beskou word as onchristelik. Die gewone lidmaat bevraagteken dit nie self nie, want "is die Eerste Minister dan nie self 'n Godsman wat nou in die politiek staan nie? Hoe kan dit dan verkeerd wees? En selfs my kerk ondersteun dit volmondig."

"Daar is dus twee aspekte wat die gewone lidmaat met sy onkritiese aanvaarding v.d. beleid nie raakgesien het nie. Eerstens merk hy nie dat, afgesien van alle ander Skriftuurlike oorwegings, die beleid nie voldoen aan die Bybelse eis van geregtigheid nie (*doen aan ander wat jy wil hê hulle aan jou moet doen),* en tweedens was hy nie daar teenwoordig waar hy die voortvloeiende ontworteling, diskriminasie en wegneem van regte kon gadeslaan nie. Ek bedoel: kan ons in die naam van geregtigheid meer as 3 miljoen gekleurdes sonder hul instemming verskuif teenoor 'n onbeduidende getal blankes met die verskoning dat die doel die middele heilig? Kan ons sowat 2 miljoen arrestasies oor paswet-oortredings maak, en nie die wet wat daartoe aanleiding gee, bevraagteken nie? Kan ons die finansiële veronregting van 38 swart, verskuifde boere, goedpraat terwyl op 22 van hulle se plase beduidende steenkoolreserwes gevind is, en op nog 12 gemyn is?

"Het dit nie in die laaste 18 maande tot ons deurgedring dat gebrek aan legitimiteit meer en meer magsgebruik tot gevolg het, en dat die grondliggende oorsaak van ons huidige toestand van ontoereikende strukturele akkommodasie is nie? Apartheid het nie wrywing en stremming *verminder* soos beplan nie, maar verhoog! Ons Kerk moet bereid wees om vir dit wat hy in Suid-Afrika tot stand gebring het, vader te staan. En ons sal moet leer dat een teologiese wanvoorstelling 'n ander tot gevolg het. Apartheids-teologie, wat in geen ander land ter wêreld (en deur vele in ons eie kerk) aanvaar word nie, het die *Kairos-Dokument* o.m. tot gevolg gehad, en nou huil ons!! "Wat jy saai, sal jy maai," het Iemand êrens gesê.

“Dit is merkwaardig dat ’n kerk wat op elke ander gebied v.d. teologie (of hermeunetiek dan) met soveel suiwerheid die Skrif interpreteer, op hierdie een gebied so jammerlik faal. In so ’n mate dat ek vrees dat, indien die Sinode nie met hierdie sitting erns met die vraag maak: “Wat sê die Skrif” inplaas van “wat sê die volk” nie, ons land in sy geheel die vrugte van God se toorn gaan pluk. Ek glo ons pluk dit reeds, maar die tyd vir bekering en belydenis is nog daar. Hoeveel maal in die Ou Testament moes die Here nie sy eie volk aan vyande uitlewer as gevolg van ’n vals godsdiens nie? Sien ons nie dat op hierdie gebied ons, nes die Fariseërs, volkstradisies hoër ag as God se opdrag v.d. liefde en geregtigheid nie? Dit moet ongelukkig gesê word dat al die goeie wat ons kerk deur die eeue gedoen het nie die guns van God kan verdien terwyl ons volhard om “volkse” ideale te dien nie. Daarenteen: “Selfverloëning ter wille van Christus is die hoogste vorm van selfbehoud” (GKSA 1970).

“Dit is tragies dat die Regering die voorloper moet wees v.d. afbreek van Apartheid, en nie ons Kerk nie. Dit is tragies dat ’n regse politieke party tienduisende lede van ons kerk op sleeptou neem omdat hulle deur ’n gewese predikant (is hy dan nie met gesag beklee nie?), wysgemaak is dat die NP van die Bybelse weg afwyk, terwyl presies die teenoorgestelde waar is. Goddank! Die NP het tot besinning gekom.

“Wat moet dan nog in hierdie land gebeur voordat die NGK die oordeel van die Here in ons landstoestande lees? Vra ons onself nie waarom vele swartes die Marxisme bo ons “Christelike” godsdiens kies nie?

**Beroep.** “Ek doen dus met hierdie brief ’n beroep op die Sinode, met al die erns tot my beskikking: Doen afstand van die apartheidsteologie en bely dat ons kerk aan die Regering en alle landgenote ’n selfsugtige en verdraaide lewens- en wêreldbeskouing opgedwing het.

“Net deur belydenis kan daar versoening kom. Doen dit nie; en die Sinode moet tevrede wees om “Die Kerk van die Afrikanervolk” genoem te word, en nie Kerk van Jesus Christus nie. En dan ook al hoe meer sonder dié lidmate vir wie die Woord nog bepalend is.”

**BYLAE 2: Ou Testament prááT van Messias (effe verkort). Prof. Johann van Rensburg, Faklt.Teologie OVS, in die *Kerkbode:***

“In die debat oor die Messias in die OT…wil ek die aandag op ’n paar belangrike gesigspunte vestig…Dit word in die vorm van sewe stellings aangebied:

“Ou en Nuwe- Testament moet as ’n eenheid aangebied word. Die hele Skrif is deur die Heilige Gees geadem. Dit word bevestig deur die meer as honderd aanhalings in die NT uit die OT. Die NT is op die OT afgestem; die NT is die vervulling v.d. OT. Weliswaar is daar wetenskaplikes wat hierdie uitgangangspunt nie erken nie. Die OT word volgens die beskouing bestudeer asof die NT nie bestaan nie. So ’n uitgangspunt is nie met die Belydenisskrifte en die gereformeerde tradisie versoenbaar nie.

“Wanneer Nuwe-Testamentiese interpretasies v.d. Ou-Testamentiese gedeeltes geïgnoreer word, word die gesag v.d. Skrif noodwendig aangetas. Die skrywers v.d. NT is deur die Heilige Gees geïnspireer om gedeeltes in die OT Messiaans te verstaan en op Christus te laat dui. In die begin-geskiedenis v.d. Nuwe Testamentiese kerk (sien die hele boek Handelinge) was dit die sterkste argument wat die apostels in hulle verkondiging aan die Jode kon gebruik (Hand 2:25-36, 4:10-12…) Hoe kan ons dan v.d. Heilige Gees se interpretasie v.d. betrokke Ou Testamentiese teks verskil? ’n Prominente teoloog het ’n tyd gelede verklaar: ‘Ek aanvaar nie Handelinge 8 se interpretasie (26-40) van Jesaja 53 nie.’ As ons so dapper is dat ons kans sien om selfs met die Heilige Gees te verskil, het dit ’n laat dag vir die kerk geword.

“Wie die Messiaanse karakter v.d. OT ontken, kom met die belydenisskrifte in stryd. In artikel 21 v.d. Nederlandse Geloofsbelydenis word Jesaja 53 Messiaans geïnterpreteer. Hier is nie net maar ’n Skrifverwysing nie, maar die betrokke artikel bestaan uit ’n beredenering wat op ’n bepaalde teksinterpretasie van Jesaja 53 gebasseer is. Wie die beredenering wegneem, neem dus die hart v.d. argument in die artikel weg.

“Dit is ongereformeerd om bepaalde Ou Testamentiese Skrifgedeeltes van hulle Messiaanse karakter te ontneem. Dit is ’n gereformeerde beginsel van Skrifverklaring dat die Skrif sy eie interpreteerder is. …Wat die Bybel op een plek sê, word duidelik gemaak deur wat in ander Skrifgedeeltes staan. Die Skrif verklaar homself….

“Maar is dit nie maar net ’n tradisie nie? Nee, veral wanneer jy van geloofsvaders soos Calvyn en Bavinck praat. Calvyn het nie gehui-

wer om die Messiaanse voorspelling in die OT uit te wys nie (Institusie vol. 1, boek 2, hoofstuk 6, par. 3 en 4). Bavinck bou op die argument dat die OT in die NT vervul is en voer hierdie argument konsekwent deur (Geref. Dogmatiek, Deel 1: 361-364.)

*“’n Messiaanse interpretasie hoef nie die historiese konteks te ignoreer nie…Bavinck verklaar dat die profete woorde uitgespreek en geskryf het waarvan hulle nie die volle betekenis sélf verstaan het nie. Hulle verstaan v.d. Messias kon immers nie so duidelik gewees het nie as wat ons vanuit die NT Hom in die OT terugvind nie…die betrokke gedeelte in die OT [het] ’n onmiddellike historiese konteks [gehad], maar ook ’n duidelike Messiaanse betekenis wat eers later ten volle…verstaan sou word* (my kursif.).

“Historiese kritiek en tekskritiek kan verabsoluteer word. [Beide] is daarvoor verantwoordelik dat Ou Testamentiese Skrifgedeeltes nie meer Messiaans geïnterpreteer word nie…Wanneer [hier]die metodes so normatief word dat enige ander metode van Skrifverklaring as onwetenskaplik bestempel word, is [dit] ’n tipiese modernistiese benadering. Die postmoderne kritiek (nie die postmoderne paradigma nie) se waarde is juis daarin dat die wetenskapsbeoefening van ’n verabsoluterende benadering wil bevry.

“Daar is ook wetenskaplikes wat ’n Messiaanse interpretasie van Ou-Testamentiese Skrifgedeeltes onderskryf… Professor P.A. Verhoef is ’n gesoute Ou Testamentikus, wat steeds die Messiaanse interpretasie van Jesaja 53 en ander tekste handhaaf. Sy voorwoord in die preekbundel van sy skoonvader is ’n belangrike bydrae tot hierdie debat.”

### BYLAE 3: Die *Belhar* Belydenis: PJP en ander

Dit was nie my plan om hierdie saak in hierdie verhandeling aan te roer nie, maar ek doen dit slegs ter wille van hulle wat graag sou wou weet wat ek as gewone lidmaat daaromtrent dink. Ek plaas dus ’n gedeelte van my antwoord aan *die Kerkbode* toe ek, saam met ’n hele aantal ander in Junie 1998, gevra is om my opinie oor *Belhar* skriftelik te lug. Dit lees soos volg:

“Terwyl ek begrip het vir die stryd waaruit die *Belhar*-belydenis gebore is, berus ’n deel daarvan op ’n onaanvaarbare fondament. Ek stem dus saam met die Breë Moderatuur wat in 1986 gesê het Artikel 4 bevat ‘ ’n onaanvaarbare horisontalistiese eksegese eie

aan die teologie van bevryding.' Een vals leerstelling word nie met 'n ander bestry nie.

"Die VGKSA/ASK vra dat die NGK hierdie belydenis sal aanvaar in *'gehoorsaamheid aan die Here van die kerk die pad na eenheid sal bewandel.'* Wanneer gehoorsaamheid eis dat onbybelse elemente van 'n bevrydingsteologie ingebed word in 'n ooreenkoms, dan word gehoorsaamheid ongehoorsaamheid, en saag jy die tak af waarop jy sit!

"Die feit dat *Belhar* as ononderhandelbare voorwaarde tot kerkhereniging voorgehou word, herinner my, ongelukkig, aan 'n rewolwer teen die kop. Is dit dan nie dwang nie? Hoe kan ons kerk op hierdie manier onderhandelinge aanknoop as dit nie moontlik is om saam te besin oor die inhoud van eenwording nie?

"Die VGKSA is volle lid van die SA-Raad van kerke sowel as die Wêreld Raad van Kerke waarvan die teologie beswaarlik te onderskei is van die Marxisme. Ek glo dat dit die gees van ons tyd is om, ter wille van eenheid, kernagtige leerstellings gerieflik te vergeet, of òm te buig om die nuwe universalisme te dien ('n nuwe soort verknegting), sodat die eindresultaat 'n bespotting raak.

"Net 'n laaste vraag: Is die ontstaansrede vir *Belhar* nie nou verby en afgesweer nie? Het die NGK nie voldoende bely dat apartheid sonde is nie? Waarom agterná maak asof die stryd nog voorlê? Dit laat my wonder…" (einde van PJP-bydrae).

**Dr. MM Nieuwoudt se artikel** in dieselfde *Kerkbode* laat die soeklig op 'n klompie wesenlike probleme val wat noodwendig gaan uitdop. Maar eerstens vra hy: "Wat soek ons op voetsoolvlak in ons kerk? Natuurlik 'n kerk wat in sy wese en welwese aan ons 'n geestelike tuiste bied. 'n Kerk wat ons met onverdeelde trou kan liefhê, dien en verdedig in belydenis en praktyk. Godgegewe dinge soos taal, kultuur, bedieningspatrone en totale eiesoortige menswees moet hierin 'n volkome tuiste kan vind…

"Dis net hier waar *Belhar* met sy horisontalisme faal. Hy vra in wese nie waarom die NGK 'n vierdie belydenisskrif moet aanvaar nie. Hy vra in wese na 'n nuwe kerk waarin die bestaande Familie van NG Kerke moet opgaan, 'n nuwe kerkstigting met 'n nuwe naam, met vier belydenisskrifte, 'n 'ankertaal' (a la die SABC-TV Engels, met ons taal seksioneel soos dit reeds gangbaar is by interkerklike byeenkomste?), en 'n vreemde kultuur (met optogte, ge toyi-toyi en handegeklap). Sò 'n nuwe kerk (wat sinodaal afgedwing sal moet

word) sal geen eenheidskerk wees nie, maar ’n addisionele een met verdere skeurings, hofsake en verbittering! Dis in alle opsigte onaanvaarbaar!”

Hy eindig sy artikel deur te vra wat hy sou voorstel: “Niks anders of meer as oop gemeentes na weerskante soos nou, maar onder ’n Federale/Nasionale Sinode met beperkte opdragte soos Bybelvertaling, handhaaf van standaarde vir teologiese opleiding, belydenisskrifte, ekumeniese aangeleenthede en so meer.”

**Dr Mauritz H Vorster,** in sy brief oor hereniging in die *Kerkbode* van 11.2.2005, verstrek ’n uitstekende samevatting van bogenoemde twee bydraes, en vra aan die einde of die “sigbare eenheid dan so belangrik is…” en “of dit prakties uitvoerbaar…en ’n Bybelse opdrag is?”

**Opsomming.** Soos voorheen deur Francis Schaeffer gesê: Kyk waar die konsekwente deurvoer van so ’n besluit eindig. Vriend-Thys Nieuwoudt hierbo het dit reg: op hierdie pad is daar ongekende probleme. Persoonlik sal ek nooit deel van die huidig-voorgestelde herenigde kerk wees nie. Hulle wat dit wil afdwing moet seker dan maar hul eie kerk gaan stig, want ons as behoudende lidmate sal nie ’n uitgediende ‘belydenis’ aanvaar nie. *Belhar* se tyd is verby, maar dit lyk asof die VGK-leierskap, met respek, te koppig is om dit raak te sien. Ek nooi hulle om aan my één positief-Bybelse (nie sosialistiese) bydrae uit te wys wat ons huidige belydenisskrifte nie reeds in essensie bevat nie.

**Ja, daar *is* plek vir ’n vierdie belydenis, maar dit sal een wees waarin die nuwe universele godsdiens van *evolusionisme* bestry word soos dit verdien om bestry te word, want ongesiens het dit reeds die teologie in ons kerk tot sò ’n mate ondergrawe dat dit nie meer as gereformeerd geïdentifiseer kan word nie! En…byna niemand weet dit nie!!**

Dit is reeds in vorige hoofstukke gesê, maar soms gaan dit die leser verby omdat dit nie binne sy of haar gewone denkraamwerk figureer nie, maar, omdat evolusie as waar ‘bewys’ is, is die ontstaansgeskiedenis van Genesis as mite bestempel, en, terwyl hulle met die taak van dissektering van die Ou Testament besig was, het hulle sommer besluit dat die eerste elf hoofstukke van Genesis in sy geheel ook maar ’n mite is.

***Skrifkritici*** *se vertrekpunt is natuurlik dat die mens ná sy fisiese evolusie gaandeweg geestelik óók geëvolueer het tot op die punt waar die Israeliete die monoteïsme begin aanhang het.* Die verdere verval wat hierop volg is reeds in vorige hoofstukke aangeroer, dus word dit nie herhaal nie.

**Ek sê egter weer: DIE EVOLUSIE-GODSDIENS IS DIE *WERKLIKE* ONDERGRAWER VAN ONS BYBELSE GELOOF.**

Darwinisme( evolusie) en Marxisme is nie van mekaar te onderskei nie, want Marxisme – volgens eie erkenning – *is* Darwinisme. Indien die gevolge van hierdie soort voorveronderstelling vir ons teoloë aanvaarbaar is, dan moet hulle kyk na die noodwendige gevolge van Kommunisme wat gesorg het vir die wêreldwye uitwissing van minstens 180-miljoen siele. Elke dwaling het sy grondveronderstelling! Wêreldwyd, egter, kraai geen haan hieroor nie!!

Persoonlik beskou ek die volgende ses maande as die maak-of-breek krisistydperk in ons (voorheen)-geliefde kerk. Die lidmate wat tel, loop in hul honderde weg in moedeloosheid en radeloosheid – strome van hulle. Lidmate wil weer hoor "so spreek die Here, Here" maar ons hoor al te dikwels verlepte en niksseggende preke waarvan die impak teen Maandagoggend al oorgewaai het.

Die eise van dissipelskap – wat dit *kos* – word nooit meer gehoor nie, want dit kos te veel vir die mens van ons tyd. Ons lê op die rotse van relativisme gestrand, sonder 'n redder wat 'n ferm hand na verpletterdes uitreik nie. Indien ons nie in die nabye toekoms die kragtige en onvervalste evangelie weer hoor nie, sal ons nie op die krisis-tye wat noodwendig moet kom, voorberei wees nie. Geen wonder dat die Skrif vra: "maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof [nog] op die aarde vind?" (Luk.18:8).

Teenoor alles wat in hierdie studie gesê is, bly ons as *Studiegroep* en besorgde lidmate ontsettend dankbaar vir *elke* predikant en teoloog wat steeds by ons Belydenisskrifte en Bybel bly "soos eenmaal aan die heiliges oorgelewer" (Judas 3).

Mag hierdie werk 'n bydrae tot die broodnodige leerstellige hernuwing in ons NG Kerk lei. Daarsonder het ons kerk geen toekoms nie.

## NABETRAGTING OOR BOEK SE DOELSTELLING

Hierdie nabetragting is die produk van slegs een van die vele verskynsels in die moderne samelewing wat, met die eerste oogopslag, geen rasionele grondslag het nie.

Die drukker laat weet my dat die koste om 'n boek met 320 bladsye te druk minder is as een met 310 bladsye. So 'n stelling klink met die eerste aanhoor as absolute onsin, maar wanneer jy die parameters van sy bedryf beter verstaan dan maak dit vir die eerste maal sin. Die verklaring is eintlik baie eenvoudig. 'n Boek met 320 bladsye word op 'n masjien gedruk wat 32 bladse op een groot vel druk. Die kleiner hoeveelheid veroorsaak dat hy tot drie verskillende masjiene moet gebruik, want dit het alles te make met die kapasiteit van die spesifieke drukpers. Dáárdie enkele brokkie inligting het dadelik vir my 'n lig laat opgaan, want nou verstaan ek die agtergrond van *sy* bedryf beter, en verstaan ek hoe hy by sekere antwoorde uitkom wat vir my na onsin lyk.

Wat is die punt van my redenasie?

My kennismaking met die drukker se logika het vir my twee dinge gedoen. In die eerste plek het sy mededeling die idee van 'n 'Nabetragting' by my laat posvat; en tweedens, bied dit my die kans om vanuit 'n *ander* as die gewone hoek – soos dié van die drukker– my boek se onderwerp te benader. Dus, sonder om 'n reguit-lynige nabetragting aan te bied wil ek graag die breë inhoud van die voorafgaande werk in sekere sin deurmekaar gooi om 'n effe ander perspektief daaruit voort te bring.

Sowat agt jaar gelede het 'n filisoof uit die Stellenbosse departement ten tye van 'n Leer en Aktuele Sake-byeenkoms in ons gemeente kom sê **hy glo nie in absolute waarheid nie.** Hy was besig om my 'n antwoord op 'n vraag te gee wat gegaan het oor die woorde van Christus "Ek is die weg en die waarheid en die lewe…" wat ek aangehaal het.

Dieselfde woorde het drie-vier jaar daarná uit die mond van 'n *predikant* van 'n Somerset-Wes gemeente gekom. Toe ek dít hoor het die alarmklokke vir my begin lui. Hier is 'n man wat, uit hoofde van die amp wat hy in ons kerk beklee, die *draer* van die Boodskap van Absolute Waarheid aan sy gemeentelede moet wees – die Woorde van die Ewige Lewe – en hy erken teenoor 'n gemeentelid hy glo dit self nie meer nie. Vanwee die Gods-verduistering, nie net in die filosofie-departement nie maar ook in die *hele* samelewing,

het ons in ons dag te kampe met 'n wêreld daarbuite wat geen, maar geen ankers meer het nie…behalwe…behalwe in die kerk. En nou moet ons ook dáár van 'n Gods-verduistering verneem! Ons laaste hoop het gevolglik soos mis voor die son verdwyn en loop ons (soos ek êrens in die boek sê) ons op die rotse van relativisme te pletter.

**Deel 1** van my boek eindig in effek by daardie punt. Sit vir jouself netjies aan mekaar die eerste twee hoofstukke en jy merk die **stelselmatige strewe van die mens deur die geskiedenis om hom van sy *ont*staans-en *be*staans-wortels los te maak.** Elke nuwe wending en elke nuwe bydrae *begin* by die filisofie, en *eindig* by die godsdiens waarbinne sy kringloop dan voltooi word. En vanwee die feit dat die predikers van ons dag nie SIEN wat in die markplein aan die gebeur is nie, is hulle nie vir die finale aanslag op ons geestesgoedere voorberei nie.

**Die Somerset-Wes predikant het die filosoof se lewensbeskouing aangeneem en hy leef dus in effek 'n leuen in sy gemeentewerk.** Al wat hy miskien oor het is 'n klompie niksseggende sedeprekies, maar geen absolute waarheid meer nie. As hy oor die outydse integriteit beskik het sou hy bedank het, maar die tragedie is dat hy waarskynlik nie eens weet dat hy 'n dubbele lewe lei nie, al het hy op 'n sinodale kommissie vir Leer en Aktuele Sake gedien!

Op my eie manier het ek gepoog om in die bladsye van hierdie boek ons gewone lidmate attent te maak op die stap vir stap verduistering van God wat nou tot binne ons kerk gekom het. Hoewel dit die ouer lidmaat – wat in sy of haar geloof op gesonder fondament gevestig is – nie soseer raak nie, is dit die *jonger* lidmaat (wat aan die giere van die samelewing uitgelewer is) wat *wel* geraak word. Hy of sy sal vra: maar het daardie predikant wat nie in absolute waardes meer glo nie, dalk iets beet? Hoe kan óns, per slot van rekening, kom sê dat óns die ware waarheid besit? **Hoe weet óns die Bybel is die waarheid van alle waarhede ?**

In wese gaan my hele boek hieroor hierdie vraagstuk.

Nadat alle bykomstighede wat die sekulêre wêreldbeskouing ons aanbied uitgesif is, bly daar twee groothede oor wat ons as die onreduseerbare essensie daarvan moet sien. Lees die tweede hoofstuk weer en merk hoedat die menslike rede as onafhanklike vormer van denke en lewe die plek van God geleidelik inneem.

Stelselmatig, en deur die eeue, het al minder van wat vroeër aan die werking van God toegedig is, vir Hom oorgebly. Waarom? Omdat die wetenskap intussen 'n 'natuurlike' verklaring daarvoor ontdek het. Dwarsdeur die Renaissance, die Verligting en daarna – toe die wetenskap sy ongekende opbloei beleef het – is God se rol stelselmatig gereduseer totdat Hy uiteindelik slegs 'n randverskynsel in die oë van die wetenskap was. Hy *was* nog êrens, maar nie daar waar dit saak maak nie.

Terwyl al hierdie euforiese ontdekkings aan die gang was moes die teoloog, aan *dieselfde* universiteit as die fisiese wetenskaplike, *sien* hoedat sy teologiese bydrae tot die *verstaan* v.d. wêreld soos water in die sand verdwyn. Noodwendig, as kind van sy tyd, begin hy (ongelukkig) aan sy Gesagsbron peuter om darem iets van die verlore veld te probeer herwin. Hy maak toegewings om die Bybel se ononderhandelbare uitsprake 'aanvaarbaar' te maak. Hy besluit hy offer die **wonderwerke en porfesieë** van die Bybel op, want die wetenskap maak geen voorsiening daarvoor nie.

**Ná 1859 kon die mens homself finaal as totaal van God en Sy gebod bevry beskou.** Dit was in daardie jaar wat Darwin se evolusieteorie as sogenaamde *wetenskaplike*-verklaring-van-alles sy opwagting gemaak het. Vóór 1859 was God nog daar as skepper, maar Darwin se universele antwoord op die vraag na die oorsprong en uitbou van die heelal en alle lewe op aarde, het finaal aan God sy trekpas besorg.

Die rede waarom Darwin daarin kon slaag om 'n ontstaans*geloof* aanvaar te kry, was omdat dit as *wetenskap* geposeer het. Hy het wetenskaplike antwoorde kom gee wat bybelse antwoorde as ongeldig 'bewys' het. Soos hoofstuk 3 sê: daar is egter nie eens 1% van die evolusiegeloof wat ware wetenskap *is* nie – dit is alles bedrog en bespiegelinge sonder fondasie in feite.

Tensy ons as Christene hierdie veranderde wêreldbeskouing identifiseer vir wat dit is, is ons gedoem tot 'n stelselmatige insuig in die draaikolk van 'n humanisties-sekulêre denk-en lewenspatroon. Evolusie staan vandag as aller-antwoord op alle lewe. Dit is dus onmoontlik om te glo dat God evolusie sou *gebruik* het om die mens daardeur te vorm, want evolusie is juis die troefkaart in die materialis se mondering waardeur hy God *uit* die vraag na sy ontstaan geboender het. Evolusie beteken *self*skepping, sonder God se toedoen in *enige* opsig. Hoofstuk 3 *sê* wat evolusie *is*!

Uit die voorafgaande behoort dit nou duidelik te wees hoe die wêreldwye teologiese verval net al verder uitgekring het. Hoe meer die wetenskap hom op die gebied van tegnologiese, mediese, biologiese en alle ander terreine *bewys* het, hoe verder terug het die Bybel se verklarings getree totdat dit uiteindelik slegs op die *buite*-wêreldse aanspraak kon maak. **Die hele werklikheid is aan die gesag van die wetenskap oorhandig.** Niemand het egter daarop gewys dat evolusie *nie* binne die kring van bewese wetenskaplike sekerhede hoort nie. Tot vandag-toe is nog nie EEN van sy voorveronderstellings op wetenskaplike wyse bewys nie, maar die *geheim* van die evolusie-geloof se optrede is om te bly skuil onder die vlerke van *ware* wetenskap. Op dié manier glip dit ongesiens by die deur van ontwyfelbare sekerhede in, en kom sê dan aan die wêreld dat *die Bybel* se sekerhede 'n leuen is. Die onstandvastige teoloog val vir die storie, want hy weet nie hoe mateloos onseker die uitsprake oor evolusie in werklikheid is nie, juis omdat die naatlose front binne wetenskapskringe hom die idee van solidariteit gee. Beter dus om boedel oor te gee as om in die oë van die wêreld verspot te lyk.

**Die Bybelwetenskaplike is die man wat hierdie ruiling namens die kerk maak, want hy is in al die fynere besonderhede van 'n wetenskap opgelei. *Hy* weet hoe hy akademiese respektabelheid bekom, en *hy* oorreed sinodes om van die geskiedkundige en wetenskaplike betroubaarheid v.d. Bybel afstand te doen sodat die gemeentelid, as oningeligte, nie sal besef dat sy Gesagsbron op die altaar van die sogenaamde wetenskap geoffer is nie.**

Die *Skrif*kritikus is iemand wat (anders as die *teks*kritikus) *nie* langer tevrede is om die suiwerheid van die teks alleen na te streef nie, maar om, in die lig van die troonbekleër van die menslike rede: die evolusiegeloof, die teks tot in sy fondament te bevraagteken. Hy, as mede-wetenskaplike onder hulle wat evolusie in hul *eie* dissipline onbevraagteken aanhang en kritiekloos aanvaar, begin ook deur die heining vreet, en kort voor lank is hy totaal in die denkwyse van die evolusie + rede ingesuig om ewe kritiekloos hul voorveronderstellings op die Bybel as gesagsdokument en Woord van God, af te dwing.

En watter gevolg sou *dit* hê? Dit sou beteken dat drie dinge veral voortaan op die 'skerm' van die Christelike geloof sou moes verskyn. Die eerste is dat God *nie* die hemel, die aarde en die

mens geskep het nie, maar dat alles oor miljarde jare sou ge-evolueer het. Tweedens sou dit beteken dat, omdát die mens uit 'n primitiewe ontstaans-agtergrond sou ge-evolueer het, dit nie moontlik was dat hy *al* die bekwaamhede en ontwikkelingspeil wat in Genesis melding van gemaak word, toe al kon besit het nie. Gevolglik *moes* alle sodanige verwysings summier verwerp, verander en op 'n nuwe manier verklaar word. Derdens *moes* die vloed-geskiedenis tot mite gerelegeer word, want God as oorsaak bestaan kwansuis in die eerste plek nie, maar ook dat geen sodanige katastrofe die aarde kón getref het nie, want alles (volgens die evolusie model), is reeds vir miljarde jare in 'n toestand van uniformiteit wat juis onwaarneembaar stadig evolueer. Hierdie boek se Deel 1 het met ontsteltenis meegedeel dat hierdie sprong in die duister onder vele van ons kerk se teoloë in kweekskole posgevat het en vandag verkondig word.

Vir die handhawing van die gesag van die Bybel as onfeilbaar en absoluut betroubaar was bogenoemde 'n noodlottige skuif. Dit het die pad na die afgrond in absolute sin gewaarborg. Dáárom het ek Deel 2 as die bevestiging van ons geloofsgoedere aangebied, want daar is geen ander ware waarheid nie. Die jongste eeue se verabsolutering van *die rede + evolusie* is 'n vervalsing wat sy gelyke nog nooit gesien het nie. Dit is alléén 'n plaasvervangende *geloof* in toeval + tyd, teenoor 'n verstommende manifestasie van Goddelike ontwerpkuns in die hele skepping.

Maar ek wil weer by die filosoof aansluit wat kom vertel dat daar geen absolute waarheid is nie. Waarom moet ek *hom* dan glo ás daar geen absolute waarheid is nie? Ook *sy* woorde moet dan ewe veel van 'n leuen wees! **Die konsep van waarheid *moet* sy ontstaan buite die wêreld hê, anders is alles relatief en sinneloos. Hy wat van 'buite' ons leefwêreld hierheen gekom het, het aan daardie absolute waarheid 'n gesig kom gee sodat ons kan wéét!**

# INDEKS


Albright, Prof. William Foxwell. 153, 215, 216, 274, 275, 279
Algemene Sinode,.18, 116, 124, 180, 181, 182, 196, 234, 235, 292, 295, 303, 305
apartheid, 42, 305, 310
Belhar. 5, 8, 16, 161, 305, 309, 310, 311
Birkett, Kirsten. 53
Blignaut,M. 4, 55, 61, 62, 82, 161, 201, 245, 250
Bruce,Prof. FF 138, 222
Burger, Dr. C. 182
Coenie Burger. 43, 55, 101, 124, 125, 127, 180, 197, 303, 305
Darwin, Charles. 14, 32, 45, 46, 51, 58, 63, 65, 68, 112, 204
Darwinisme. 14, 16, 18, 42, 46, 72, 116, 171, 312
Davidson, Prof John. 75, 79, 222
du Toit, Dr Ben. 2, 4, 59, 64, 87, 116, 161, 162, 164, 168, 169, 170, 171, 172, 173, 174, 183, 228, 303
Edwards, Brian. 226
Erasmus. 27, 108, 111, 113
Erasmus J.C, 4, 107, 111, 114, 120
Erasmus, Dr. Lourens. 161, 173, 190, 229
Esterhuyse, Prof. Willie. 124, 315
evolusie. 15, 16, 21, 32, 37, 38, 39, 40, 41, 42, 43, 45, 46, 47, 48, 49, 54, 58, 63, 64, 65, 66, 68, 69, 70, 72, 84, 86, 87, 92, 95, 97, 131, 134, 155, 157, 162, 170, 172, 175, 202, 232, 265, 274, 281, 301, 311, 312
Fanie Snyman.Prof. 161, 179, 301
Flip Theron, Prof. 38, 82, 161, 162, 180, 201, 204
Gould,Stephen Jay. 63, 66
Groenewald, Dr. E.P.120
Heyns, Prof. J.A. 23, 24, 25, 26, 27, 28, 29, 30, 32, 33, 34, 35, 72, 191, 198, 236, 249, 250
Horgan, John. 171, 316
Hoyle, Sir Fred. 51, 171
Huxley, 155, 204
Johnson, Prof. Phillip. 14, 37, 46, 51, 86, 176, 316
JonkerDr. Louis. 57, 161, 177, 179, 235
Jonker, Prof. Willie. 12, 13, 17, 38, 58, 124, 127, 162, 179, 232, 293
kweekskool, 17, 40, 43, 104, 131, 178, 183, 204, 234, 236, 299, 304
Linneman, Prof. Etta 98, 101, 102, 103, 104, 242
Lovell, 44
McDowell, Josh. 237, 269, 275
Mitchell, Dr. John 285, 316
Montgommery,Prof. 211, 227, 274, 316
Morison, Dr. 243
Morris, Dr. 242
Moses, 15, 22, 60, 73, 74, 76, 78, 81, 82, 83, 84, 86, 87, 89, 95, 97, 106, 119, 122, 134, 137, 140, 152, 155, 163, 180, 204, 209, 216, 226, 228, 265, 276, 278, 279, 296, 300
Murray, Andrew . 129, 161, 197, 293, 316
Naudé, Dr.Beyers. 200
Niles Etheridge, 42
Noag, 48, 55, 62, 69, 82, 177, 251, 256, 280, 293
Nuwe Hervorming. 174
O'Leary, 316
Packer, Prof. Jim. 245, 248, 249, 316
Panin. 282, 284, 285, 286, 287, 288, 289, 291
Payne. 283, 284, 286, 291, 316
Pelser. P.J. 300, 302, 316
Rohl.Dr. D. 148, 149, 157, 220, 276, 277, 280, 281, 317
Saayman, 161, 181, 235, 297
Schaeffer, Dr. F. 18, 192, 201, 202, 203, 204, 205, 206, 207, 246, 311
Schaff, Prof. P 217, 317
Simpson, Pro,. Gaylord. 40, 114, 317
skopus, 18, 38, 83, 125, 134, 210, 235
Spangenberg, Prof.S. 15, 75, 82, 161, 162, 164, 165, 166, 167, 168, 175, 177, 182
Stoner, Prof. P.49, 260, 262, 263, 264, 269, 270, 317
Verhoef, Prof. P.A. 141, 142, 155, 173, 176, 184, 227, 303, 309
vloed, 48, 62, 63, 65, 154, 156, 177, 208, 274, 280, 281, 293
Wells, Prof. David. 17, 186, 187, 189, 241, 317
Wilson, Prof. R.D. 106, 220, 224, 225, 226, 317
Wright,Prof. 239

## VERKORTE BRONNELYS


Albright, Dr. William F. 1955. *Recent discoveries in Bible Lands.* Funk & Wagnalls, NY

" 1956. *Archaeology and the Religions of Israel.* John Hopkins Univ. Press, Baltimore USA

" 1957. *From the Stone Age to Christianity.* Doubleday Anchor Books, Doubleday & Company, Inc., Garden City, New York, USA

Ankerberg, John, & John Weldon. 1998. *Darwin's Leap of Faith.* Harvest House Publishers, Eugene, Oregon 97402, USA

Ashton, John, Editor, 1999. *In Six Days; Why 50 Scientists Choose to Believe in Creation.* New Holland Publ., 80, McKenzie Str., Cape Town RSA

Blanchard, J. 2004: *Has Science Got Rid of God?* Evangelical Press, Darlington, DL3 OPH, UK

Bierle, Dr. Donald A. 1992: *Surprised by Faith.* Emerald Books, P.O. Box 635, Lynnwood, WA 98046, USA

Birkett, Kirsten. 2003. *The Myths of Science.* Matthias Press, Box 225, Kingsford, NSW 2032, Australia

Broad, Willian & Nicholas Wade. 1982. *Betrayers of the Truth. Fraud & Deceiot in the Halls of Science.* Simon & Schuster, 1230 Ave. of the Americas, N Y 10020

Bruce, Prof. F.F. 1964. *The New Testament Documents: Are They Reliable?* IVF-Press, Downers Grove, IL 60515, London, England

D' Assonville Victor, jr. & A. de Beer, Red. 2004. *Ad Fontes. Acta Theologica Suppl. 5.* Redaksiekantoor v.d. Univ. Vrystaat, Bloemfontein, OVS

Darwin, Charles. 1859. *The Origin of Species: The Superiority of the Caucasian Race,*

(Aanvanklike titel), USA World Books (1961 Edition), Chicago, USA

Davidson, Dr. Samuel. 1895. *Introduction to the Old Testament.* S. Baxter & Sons, London, England

Deist, F.E. & J.J.Burden. 1989. *'n ABC van Bybeluitleg.* Van Schaiks, Hatfield, Pretoria

DuToit, Ben. 2000*. God? Geloof in 'n Postmoderne Tyd.* CLF- Uitg., Bloemfontein, OVS

Edwards, B. H. 1993. *Nothing But The Truth,* Evang. Press, Darlington, DL1 1RQ, UK

Erasmus, Jeanette C. 2005. Skrifgesag: Manuskripte en Bybelvertaling.

Esterhuyse, Prof. Willie. 1979. *Afskeid van Apartheid.* Tafelberg uitgewers, Kaapstad

Gould, Prof. Stephen Jay. 1986. *Hens Teeth and horses Toes.* Penguin Books, Middlesex, England

Hagopian, David D. 1996 *Back to Basics: Rediscovering the Richness of the Reformed Faith.* P&R Publishing, Box 817, Phillipsburg, New Jersey 08865-0817, USA

Hanegraaff, Henk. 1997.*Christianity in Crisis:* Harvest House Publ.,Oregon 97402, USA

" 1998. *The Face that Demonstrates the Farce of Evolution.* Word Publishing, Nashville (A Thomas Nelson Company), USA

Heagle, Prof. David. *The Tabernackle in the Wilderness: Did it Exist?* The Fundamentals, vol.1, Baker Book House, Grand Rapids, USA

Heyns, Prof. J.A. 1969: *Sterwende Christendom*. Tafelberg Uitgewers, Kaapstad.

" 1977: *Die Kerk.* N.G.Kerkboekhandel 1977, Posbus 245, Pretoria

" 1992: *Inleiding tot die Dogmatiek*. N.G.Kerk Boekhandel 1988

Horgan, John. 1996. *The End of Science,* Little, Brown & Co., Brettenham House,Lancaster Place, london WC2E 7, UK

Humphreys, Dr. D. Russel. 1996. *Starlight and Time* (3rd Print.), Master Books, USA

Johnson, Prof. Phillip. *Darwin on Trial.* Inter Varsity Press, Box 1400, Downers Grove, Illinois, 60515, VSA

" *Defeating Darwinism by Opening Minds.* Ditto

" *Objections ?Sustained. Subversive Essays on Evolution…* ditto

Kennedy, Dr. James. *Skeptics Answered.* Multnomah Books, 1465 Kelly Johnson Blvd., Suite 320, Colorado Springs, CO 80920, USA

Kinghorn, Johann, Red. 1986. *Die NG Kerk en Apartheid.* Macmillan –Uitg., Bus31487, Braamfontein, 2017, Johannesburg, RSA

Lea, Prof. John W.. 1929. *The Greatest Book in the World.* Philidelphia, USA

Lindsell, Harold. 1976. *The Battle for the Bible.* Zondervan Publishing house, Grand Rapids, Michigan, 49506, VSA

Mc Dowell, Josh. *Evidence That Demands a Verdict,* vol 1. Here's Life Publ., Box 1576, San Bernardino, CA 92402, USA

Mitchell, Dr. Colin. 1999. *Creationism Revisited.* Autumn House Ltd., Alma Park, Lincs., NG31 9SL, UK

Montgommery, Prof. John Warwick. 1972. *History and Christianity.* Downers Grove, Inter-Varsity Press, London, UK

" *The Shape of the Past.* Anne Arbor, Edwards Bros., UK

Morris, Dr.Henry. 1971. *The Bible Has The Answers*. Baker Books, Grand Rapids, USA

Morrison, Frank. 1967*. Who Moved the Stone?* Faber and Faber, London, UK

Murray, I.H. 2002: *Evangelicalism Divided,* Banner of Truth Trust, 3 Murrayfield Rd., Edinburgh EH12 6EL., United Kingdom

Naudé, J.A. & C.H.J. vd Merwe.2002. *Contemporary Translation Studies and Bible Translation: A South African perspective,* Acta Theologica Supplement 2, Publications Office of the Univ. Orange Free State.

O'Leary, Denyse. 2004. *By Design or by Chance.* Augsburg Books, Minniapolis, USA

O rr, Dr. James.1907. *The Virgin Birth of Christ.* Charles Scribner's Sons, New York

Packer, Dr. Jim 1958. *Fundamentalism and the Word of God.* IVF Press, 39 Bedford Square London, WC1, UK

Payne, F.C. 1995. *The Seal of God in Creation & the Word.* E.L.E. Trust, Box 5010, Brendale Qld. 4500, Australia

Pelser, Pieter J. *Evolusie & Die Bybel: Kan Hulle Versoen Word?,* BDU Uitgewers, Posbus 12685, Stellenbosch, 7613. Faks.: 021. 8870100

Ramm, Dr. Bernard. 1954. *Protestant Christian Evidences.* Moody Press, Chicago.

Rohl, Dr. David M. 1995. *A Test of Time. The Bible from Myth to History*. Century, Random House, 20 Vauxhall Bridge Rd., London, SW1V 2SA

" " 1998. *Legends of Civilization.* ditto

" " 2002. *From Eden to Exile.* Arrow Books, ditto

Sarfati, Dr. Jonathan. 2004. *Refuting Compromise*. Master Books, USA

Schaeffer, Dr. Francis.1969. *Death in theCity.* Inter-Varsity Press, 39 Bedford Square, London WC 1B3 *EY,* England

" " 1992 (9th printing): *The Great Evangelical Disaster.* Crossway Books, Wheaton, Illinois, USA

" " 1970. *The Church at the End of the Twentieth Century*. The Norfolk Press, 19 Dracott Place, London, SW3

Schaff, Phillip. 1913. *The Person of Christ.* American Tract Society, New York, USA

Simpson, Prof. George Gaylord. 1953. *Life of the Past.* Bantam Books, Yale Univ. Press, New Haven, Connecticut, USA

Spangenberg, I. 1998. *Perspektiewe op die Bybel*. Van Schaiks, Hatfield, Pretoria

Stoner, Prof. Peter. 1963. *Science Speaks.* Moody Press, Chicago, USA

Torrey, R.A. & A.C. Dixon, 1917. *The Fundamentals,* Vol.1-4, Reprint 1980, Baker Book House Company, Grand Rapids, Michigan, USA

Ussher, Bishop James. 2003: *The Annals of the World.* English translation from Latin.Master Books, Box 726, Green Forest, AR 72638, USA

Verhoef, Prof. P. A. 2005. *Op Vaste fondament,* Stellenoord 33, Stellenbosch

Vosloo, Prof. Wil & prof. Fika v. Rensburg, Red's. 1993. *Die Bybel in Praktyk.* CUM Uitgewers, Posbus 1599, Vereeniging, 1930

Wells, David F. *God in the Wasteland: The Reality of Truth in a World of Fading Dreams,* 1994: IVF-Press, 38 de Montford Str., Leicester LEI7GP, UK

" 1993. *No Place for Truth: Or Whatever Happened to Evangelical Truth?* Ditto

Wilson, Prof. Robert Dick. 1959. *A Scientific Investigation of the Old Testament.* Moody Press, Chicago, USA

Wilson, Prof. J.D. 1917. *Did Daniel Write Daniel?* The Fundamentals, vol.1, Baker Book House, Grand Rapids, USA

Wright, Prof. George Frederick. 1917. *The Mosaic Authorship of the Pentateuch.* Vol.1, The Fundamentals, Baker Book House, Grand Rapids, USA

## PROFESSOR PIETER A. VERHOEF SE VOLLE RESENSIE

(Kyk op boek-agterblad vir die verkorte weergawe)

Die subtitel van die boek is "Die Krisis in ons Kerk in die greep van Dwaalleringe." In 23 hoofstukke word dié tema van talle kante bespreek. Na 'n oorsig oor die "Les van die geskiedenis", word die aandag op een van die fokustemas gevestig: "*Evolusie: Bron van Teologiese Verval.*" Baie van wat in die teologie gebeur, berus op die ontwikkelingsskaal van die evolusie. In 'n aantal hoofstukke word die toets van gereformeerdheid aangelê in die bespreking van teoloë se standpunt in twee publikasies oor die Bybel, van die 1983-vertaling "wat lei tot dwaling?", van "dwaling van ander teoloë in die NGK", van ons kerk se ekumeniese dwaling deur aan te sluit by die SARK, ensovoorts. Die basiese uitgangspunt van die boek is die belydenis van die Bybel as die onfeilbare en foutlose Woord van God, nie net ten opsigte van die weg tot saligheid nie, maar ook in sy betroubaarheid ten opsigte van geskiedenis en wetenskap. Profesie is die waarmerk van die Bybelse onfeilbaarheid en outentiekheid, gesteun deur die resultate van die argeologie, en verrassend bevestig deur die "verborge numeriese struktuur van die Bybel."

Mens hoef nie met alles in hierdie grondige studie saam te stem nie. Die feit is net dat dit 'n kragtige basuinstoot is om vanuit "Bybeldenke" teen geleidelike afdwaling van die gesonde leer te waarsku. Dit is van die allergrootste belang dat sinodes, teoloë, predikant én lidmate van die ryk inhoud van hierdie boek sal kennisneem. Sommige van die boek se uitgangspunte en temas moet grondig in ons gemeentes en meerdere vergaderings bespreek word. Op dié manier kan ons die krisis as gevolg van dwaalleer na alle kant toe, voorkom, en kan ons "disintegrasie" vermy.

Prof. Pieter A Verhoef